UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N ANALISE VAN DIE SOSIAAL-KULTURELE LEWE IN HOVESGROUND : 'N STEDELIKE BANTOEWOONBUURT

deur

Herman Otto MÖNNIG, M.A.

VOORGELê TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
DOKTOR IN DIE WYSBEGEERTE (D. PHIL.)
IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA.

Oktober, 1959

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# V O O R W O O R D.

Vooraf is dit nodig om te vermeld dat die gebied wat hier beskryf word en die lewensomstandighede van die inwoners nie tiperend is van toestande in Suid-Afrika nie. Inteendeel is die Unie-Regering, in samewerking met Plaaslike Owerhede, reeds vir etlike jare op daadkragtige wyse besig om die stedelike Bantoe van deeglike, goedbeplande behuising te voorsien. Met die skrywe hiervan en sedert die opname gemaak is, is die inwoners van Hovesground ook reeds hervestig in 'n derglike goedbeplande woonbuurt.

Graag spreek ek my dank uit teenoor die volgende persone wat van besondere hulp was in verband met die werk.

My Hooggeleerde Promotor, Prof. Dr. P.J. Coertze onder wie se leiding ek die voorreg gehad het om my formele opleiding in die Volkekunde te voltooi, my opregte dank vir sy hoogstaande kritiek en wenke.

Ook wil ek die Bestuurder van die Afdeling Nie-Blankesake van die Stadsraad van Pretoria. aanvanklik mnr. J.R. Brent en later mnr. S.F. Kingsley, bedank vir hulle toestemming om in die gebied te werk, en vir die waardevolle hulp wat hulle en hul personeel verleen het, en in besonder ook die Lokasie Superintendent van Bantule, mnr. J. v. R. Cloete. Mnr. H.P.H. Behrens, Skakelbeampte van die Stadsraad van Pretoria het Argiefstukke van die Raad tot my beskikking gestel.

'n Besondere woord van dank ook aan Dr. C.V. Bothma, navorsingsbeampte van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling vir vrugbare besprekings en wenke, asook mnr. J.J. du Plooy van dieselfde Departement wat die kaarte geteken het.

My dank ook aan mev. Ina Heystek, die tikster.

Sonder die behulpsaamheid en medewerking van die inwoners van Hovesground sou hierdie werk nooit geskryf kon word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Aan hulle my dank, en in besonder aan Moruti A.R. Brander wat baie moeite gedoen het, veral om vir my vertroue te wen by sy mede-inwoners.

Die Skrywer.

Pretoria
7 September, 1959.

--oOo--

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ZOELOEVROU STAMP KAFFERKORING IN TRADISIONELE STAMPBLOK.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I N H O U D.

INLEIDING. Bls.

A. KEUSE VAN ONDERWERP ........................... 1

B. METODE VAN WERK ........................... 4

C. UITGANGSPUNT IN DIE BOU VAN DIE STUDIE ........... 7

D. BESKRYWING VAN GEBIED ........................... 8

E. BEVOLKINGSAMESTELLING ........................... 15

F. HISTORIESE AGTERGROND ........................... 22

HOOFSTUK I: ONTWIKKELING VAN DIE INDIWIDU.

A. BY TRADISIONELE BANTOEGEMEENSKAPPE ................ 30

a. Swangerskap en Geboorte ..................... 30

b. Suiglingskap en Kinderjare .................. 32

c. Puberteit ................................... 33

d. Huwelik ..................................... 35

e. Dood en Begrafnis ........................... 37

B. IN HOVESGROUND.

a. Swangerskap en Geboorte ..................... 38

(i) Swangerskap ........................... 39

(ii) Geboorte .............................. 42

b. Suiglingskap en Kinderjare .................. 50

(i) Suiglingskap .......................... 50

(ii) Kinderjare ............................ 53

c. Puberteit ................................... 56

(i) Seuns ................................. 58

(ii) Meisies ............................... 60

d. Huwelik ..................................... 63

(i) Geleenthede vir Verkeer ............... 66

(ii) Buite-egtelike Kinders ................ 67

(iii) Keuse van Huweliksmaat ................ 70

(iv) Onderhandelinge en Verloofskap ......... 74

(v) Verskillende wyses van Huweliksluiting .. 79

(vi) Beëindiging van Huwelik ............... 86

e. Ouderdom, Dood en Begrafnis ................. 88

ii/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bls.

C. SAMEVATTING EN EVALUERING ...................... 94

HOOFSTUK II: SOSIALE VERKEER.

A. SOSIALE ORGANISASIE BY TRADISIONELE BANTOEGEMEENSKAPPE ........................................ 98

B. DAAGLIKSE ROETINE VAN GESIN ..................... 101

C. TAALGEBRUIK .................................... 104

D. HUISLIKE LEWE .................................. 107

E. STATUS ......................................... 109

F. GROEPSVORMING .................................. 112

G. DRANKGEBRUIK ................................... 114

H. DOBBELARY ...................................... 119

I. DAGGA .......................................... 123

J. MISDAAD ........................................ 125

K. JEUGBENDES ..................................... 126

L. GESONDHEID EN WELSYN ........................... 130

M. SAMEVATTING EN EVALUERING ....................... 135

HOOFSTUK III: RELIGIE.

A. DIE TRADISIONELE BANTOE-RELIGIE ................ 139

B. DIE KOMS VAN DIE CHRISTENDOM .................... 145

C. RELIGIE IN HOVESGROUND ......................... 149

D. SAMEVATTING EN EVALUERING ....................... 172

HOOFSTUK IV: VRYETYDSBESTEDING.

A. INLEIDING ...................................... 176

B. VRYETYDSBESTEDING ONDER TRADISIONELE BANTOEGEMEENSKAPPE ................................ 177

C. VRYETYDSBESTEDING IN HOVESGROUND ................ 180

a. Vryetydsbesteding van Kinders ............... 181

b. Vryetydsbesteding van die Jeug .............. 184

c. Vryetydsbesteding van Volwassenes ........... 188

D. SAMEVATTING EN EVALUERING ....................... 192

HOOFSTUK V: OPVOEDING.

A. OPVOEDING BY TRADISIONELE BANTOEGEMEENSKAPPE .... 194

B. DIE KOMS VAN DIE WESTERSE ONDERWYSSTELSEL ....... 197



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bls.

C. BUITE-SKOOLSE OPVOEDING IN HOVESGROUND .......... 199

D. OPVOEDING IN SKOOLVERBAND ...................... 202

E. SAMEVATTING EN EVALUERING ...................... 214

HOOFSTUK VI: EKONOMIESE LEWE.

A. EKONOMIESE LEWE VAN TRADISIONELE BANTOEGEMEENSKAPPE .................................. 218

a. Verdeling van Arbeid ...................... 218

b. Voedsel .................................. 219

c. Bedryfsvorme .

(i) Landbou ................................ 220

(ii) Veestapel .............................. 221

(iii) Jag .................................... 221

(iv) Handel ................................. 222

d. Behuising, Kleding en Gebruiksvoorwerpe ..... 222

B. KOMS VAN DIE WESTERSE EKONOMIESE STELSEL ........ 224

C. EKONOMIESE LEWE IN HOVESGROUND.

I. VERDELING VAN ARBEID.

a. Deur Geslag ............................. 228

b. Deur Ouderdom ........................... 229

c. Arbeidsverdeling ........................ 231

d. Arbeidsomset ............................ 241

II. VERSKIL IN LEWENSSTANDAARD.

a. Verskillende inkomstegroepe ............. 249

b. Behuising ............................... 264

c. Kleding ................................. 270

d. Vryetydsbesteding ....................... 272

e. Vervoer ................................. 273

f. Dieet ................................... 274

g. Uitgawe-state ........................... 288

D. SAMEVATTING EN EVALUERING ...................... 301

HOOFSTUK VII: EVALUERING VAN DIE SOSIAAL-KULTURELE LEWE IN HOVESGROUND.

A. DIE BEGRIP AKKULTURASIE.

a. Historiese Oorsig ........................ 306



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bls.

b. Verskille ten opsigte van Definisie.

(i) Funksionele Skool ...................... 311

(ii) Amerikaanse gedagterigting ............ 315

c. Verskil in Metodiek ......................... 317

(i) Verskillende Studieskemas ............. 317

(ii) Verskil ten opsigte van praktiese toepassing ........................... 319

(iii) Tipe en aard van kontaksituasies bestudeer ............................... 319

(iv) Die gebruik van historiese gegewens en benadering .......................... 321

(v) Atomistiese teenoor funksionele benadering ............................... 322

(vi) Die rol van die indiwidu en die sielkundige benadering ...................... 323

(vii) Die identifisering van die prosesse van akkulturasie ....................... 323

B. AARD EN GEVOLGE VAN DIE KULTUURKONTAK IN HOVESGROUND .

a. Die Aanraking Tussen Blank en Bantoe In Suid-Afrika ................................. 325

b. Die Aard van die Kontaksituasie in Hovesground ................................. 330

c. Die Gevolge van die Kontaksituasie op die Sosiaal-Kulturele lewe in Hovesground ..... 334

1. Die Sosiale Aspek.

(i) Die sosio-familiale sfeer .......... 335

(ii) Die sosio-politiese sfeer .......... 337

(iii) Die opvoedkundige sfeer ............ 338

2. Die Religieuse Aspek ..................... 339

3. Die Ekonomiese Aspek ..................... 340

4. Die Linguistiese Aspek ................... 341

5. Die Spel Aspek ........................... 341

C. DIE PROSESSE VAN AKKULTURASIE IN HOVESGROUND .... 341

D. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING .................. 346

BRONNELYS ......................................... 348

AANHANGSEL : KAARTE.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INLEIDING.

## A. Keuse van Onderwerp.

Met die toenemende industrialisasie en die ontwikkeling van die mynwese in die Unie van Suid-Afrika, veral in die afgelope twee dekades, het duisende Bantoe vanuit die Bantoegebiede na die Blanke stedelike gebiede getrek om daar hulle dienste as arbeiders aan te bied. Hierdie trek word duidelik aangetoon in die volgende tabel, wat die stedelike Bantoebevolking in die Unie en die Bantoebevolking van Pretoria aangee, soos verstrek deur die S.A. Buro vir Sensus en Statistiek in die verskillende sensusjare.

Sensussyfers van stedelike Bantoebevolking.

| Jaar | Unie. | Pretoria |
|---|---|---|
| 1911 | 508,142 | 38,768 |
| 1921 | 587,000 | 57,000 |
| 1936 | 1,141,642 | 88,843 |
| 1946 | 1,689,053 | 177,021 |
| 1951 | 2,328,534 | 209,849 |

Hieruit kan ons sien dat die stedelike Bantoebevolking van die Unie gedurende die 40 jaar vanaf 1911 tot 1951 vermeerder het met 458%, terwyl die Bantoebevolking van Pretoria in dieselfde tydperk vermeerder het met 540%.

Die beplanning en verskaffing van huise het nie tred gehou met die besonder snelle aanwas van die stedelike Bantoebevolking nie, en 'n geweldige behuisingsprobleem het ontstaan. Gepaard met die besonder snelle trek na die stede, moet in ag geneem word dat die tradisionele Bantoewonings nie ontwerp is vir stedelike omstandighede nie en dat die Bantoe as onopgeleide en onopgevoede arbeiders, nie self oor die vermoë beskik het om vir hulle met die, vir hulle, vreemde boumateriale van behoorlike behuising te voorsien wat by die omstandighede sou aanpas nie.

Daar is vroeg reeds deur die verskillende plaaslike owerhede besef dat die behuising vir die Bantoe-arbeiders

verskaf/

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskaf sal moet word en, inagnemende die tradisioneel Suid-Afrikaanse beleid van woonbuurte-skeiding, is, op daarvoor aangewese terreine, begin om geskikte wonings te bou. Die tempo van bou het egter nie tred gehou met die tempo van in-stroming van Bantoe na die gebiede nie en veral gedurende die afgelope wêreld-oorlog toe die Bantoebevolking van baie stede meer as verdubbel het, het die huisbou weens die on-verkrygbaarheid van boumateriaal en arbeid byna tot stil-stand gekom. 'n Bykans chaotiese toestand het ontstaan en onregmatige plakkerskampe het byna oornag rondom hierdie stede ontstaan. Daar word bereken dat Pretoria alleen omsingel is deur 50- tot 60duisend plakkers.[1)]

Gedurende die laaste paar jaar is hierdie probleem daadkragtig aangepak. Een van die eerste stappe in hierdie rigting was 'n opname, gemaak deur die Departement van Natu-rellesake in samewerking met die verskeie plaaslike owerhede gedurende 1951 tot 1952, om vas te stel wat die behuisings-behoefte in die verskillende gebiede was. Hierdie opname het getoon dat daar 'n onmiddelike tekort van 167,328 huise was en om aan die behoeftes in die volgende tien jaar te voldoen 'n verdere 185,813 huise gebou moes word, d.w.s. die totale behuisingsbenodighede was 353,000 behuisingseenhede. In Pretoria was die tekort 11,843 en die benodighede vir die volgende tien jaar 3,356 eenhede, 'n totaal dus van 15,199 huise.[2)]

Om hierdie geweldige agterstand in te haal is 'n behuisingsprogram geloods wat, gesien teenoor die betreklike klein bevolking wat die meerendeel van die finansiering moet dra, waarskynlik nêrens in die wêreld sy weerga gehad het nie.

---

1) White, G. : Bantoebehuising in Stedelike Gebiede, In Bantoe 1954, Vol.I, Nr. 7, p. 5.

2) Mocke, Wm.C. : Site and Service Schemes. The Realistic Approach towards Resolving the Bantu Housing Backlog. In Bantoe 1955, Vol. II, No. 9, p. 25.

3/ ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende 1954 maak die Departement van Naturellesake weer 'n opname wat aantoon dat in die 16 grootste stedelike gebiede van Suid-Afrika daar in die twee jaar 'n toename van 21,131 huise is.[1)] In Pretoria is vanaf Januarie 1953 tot Januarie 1957 8,922 behuisingseenhede voltooi, en die grootste gedeelte van die plakkerkampe is alreeds opgeruim.

Uit 'n beskouing van hierdie feitlike posisie sal dit vir die leser direk duidelik wees dat hieruit genoeg prikkelende probleme voortspruit om studie-projekte te verskaf aan navorsers van verskeie vakgebiede. Hier vind mens dat Bantoe-arbeiders, met hulle gesinne, van verskillende etniese groepe na die Blanke stede getrek het om arbeid te vind, waar hulle deurmekaar saamwoon in uiters swak toestande, hulleself moet handhaaf in 'n ekonomiese stelsel wat vir hulle vreemd is, en leef buite die beherende invloed van die stamverband. Dit is duidelik dat die sosiale lewe, die hele kultuur van die mense onder hierdie omstandighede moes verander.

'n Analise van die sosiaal-kulturele lewe van die inwoners van 'n stedelike Bantoegebied wat onder hierdie ongunstige omstandighede ontstaan en ontwikkel het, is die doelstelling van hierdie studie. Dit sal moontlik kan aantoon welke faktore kultuur-veranderend op die inwoners ingewerk het en welke resultate dit gehad het. Die resultate van so 'n studie mag ook by die uitvoering van die behuisings- en hervestigingsprogram wat tans uitgevoer word, vir die administrators hiervan insiggewend wees en mag struikelblokke aantoon wat in die toekoms vermy moet word, om nie weer derglike toestande te skep nie.

Die gebied wat vir hierdie studie gekies is, Hovesground, is hoofsaaklik gekies vanweë sy bereikbaarheid vir die skrywer, en omdat hy aan die gewenste vereistes voldoen, soos uit die beskrywing sal blyk, nl. dat hy hoofsaaklik onbeheerd

4/ ...

---

1) Mocké. p. 26. a.w.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bebou is deur die inwoners self.

B. Metode van Werk.

Die ondersoek vir hierdie studie het plaasgevind oor 'n tydperk van ongeveer twee jaar, vanaf 2 Mei 1955 tot 8 Februarie 1957. Gedurende hierdie periode is die gebied byna daagliks besoek, met uitsondering van Saterdae en Sondae, vanaf ongeveer kwart oor vyf in die middag tot sonsondergang, wat wissel van ongeveer 6 tot 7 uur saans. Hier is dit nodig om te verduidelik dat hierdie navorsing op 'n deeltydse basis geskied het, vandaar die rede dat die besoek aan Hovesground alleen ná kantoorure kon plaasvind. Verder dien daarop gewys te word dat dit onwenslik sou wees om die gebied gereeld saans en oor die naweke te besoek. Eerstens is 'n groot gedeelte van die inwoners op sulke tye onder die invloed van drank en deur hulle antagonistiese en uittartende houding kan mens onder sulke tye alleen die vertroue wat moeisaam opgebou word, verloor. Daar is wel by 'n paar geleenthede besoeke saans en oor die naweke afgelê, omdat dit vir 'n studie van hierdie aard essensieel is om die inwoners onder alle omstandighede te leer ken, maar sulke besoeke is so onopvallend moontlik gedoen. In Junie 1955 is ook gedurende 'n verloftydperk 'n deeglike opname van die hele gebied gemaak, waartydens ook die gewone daaglikse lewe bestudeer kon word. Later, in Januarie 1957 is ook 'n paar dae verlof geneem om toegang te kry tot die gegewens in die lêers van die Stadsraad, asook die argiefstukke.

In die aanvang van die ondersoek, soos met alle studies van die aard, was die grootste probleem om die vertroue van die inwoners te wen. Hierdie posisie is verder bemoeilik, deurdat die beoogde verskuiwing van die gebied toe net algemeen bekend geword het en die kwessie van kompensasie wat hulle vir hulle huise sou ontvang nog nie beslis was nie. Die indruk het onder die inwoners bestaan dat my navorsing in verband dáármee gestaan

5/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, onder welke omstandighede die gegewens wat hulle sou verstrek nie altyd betroubaar sou wees nie. Onder sekere elemente was daar ook 'n duidelike antagonisme te bespeur. Deur my egter in die begin toe te spits op die leiers van die gemeenskap en openhartig met hulle te praat, het ek al gou hulle hulp verkry en was hierdie struikelblok ook oorkom.

Nadat die eerste paar weke dan net gewy is aan gesels, om myself enersyds bekend te stel en vertroue te wen, en andersyds vir algemene oriëntasie, het ek toe 'n uitgebreide sensusopname van die gebied gemaak. Terselfdertyd is heelwat gegewens gekry omtrent stamverband, verwantskap, inkomste, tydperk van verblyf in Hovesground en so meer.

Nadat die algemene inligting opgeteken is, is oorgegaan tot die keuse van 'n monster. Hierdie probleem het heelwat moeilikhede opgelewer. 'n Monsterkeuse soos bv. dié van Dr. Hellmann wat haar toegespits het alleen tot persone wat geblyk het goeie informante te wees, en dan ook byna uitsluitlik vroue [1], is heeltemaal onbevredigend. Die bevolking van so 'n stedelike Bantoegebied is, soos Dr. Hellmann self aantoon [2] 'n heterogene samestelling van Bantoe van byna iedere etniese groep in Suid-Afrika, en veelal ook vanuit die Rhodesiës, Nyassaland en Portugees-Oos Afrika. Hierdie mense verskil nog verder baie in opvoeding en agtergrond. Sommige is gebore en grootgeword in die Bantoegebiede waar hulle binne die stamverband grootgeword en opgevoed is, ander is gebore in die stedelike gebiede, sommige woon al vir twintig jaar in die stad, ander vir 'n paar maande, sommige is getroud met vroue wat in die stad gebore is, ander het in die Bantoegebiede vir hulle 'n vrou gaan haal. So kan voortgegaan word om die verskille te skilder wat daar bestaan van geval tot geval, ten opsigte van faktore wat die hele

6/ ....

---

1) Hellmann, Ellen : Rooiyard. A Sociological Survey of an Urban Native Slum. 1948, p. 2.

2) Hellmann, Ellen : Methods of urban field work. In Bantu Studies. 1935, Vol. IX, pp. 186.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewenshouding en lewensuitinge van die persoon bepaal. Om net 'n monster te kies uit persone wat goeie informante is, is nie voldoende nie. Die monster moet sover moontlik verteenwoordigend wees van die gemeenskap as geheel, en alle tipes insluit.

Die metode van monsterkeuse wat vir die studie gekies is, is die s.g. „Proportional Selection" metode.[1] Met die aanvanklike sensus en algemene opname wat hierbo reeds beskryf is, is o.a. ook die gereelde inkomste van elke gesin opgeteken. Om die gesinne in twee groepe[2] in te deel is gebruik gemaak van die amptelike klassifikasie wat deur die Staat gebruik word[3] om gesinne in ekonomiese en sub-ekonomiese groppe in te deel. Om uit hierdie twee groepe nou 'n gelyke monster te kies en die monster eweredig te versprei oor die hele gebied, is vir elk van die 10 blokke en die groep losstaande huise, dus die II dele waaruit Hovesground bestaan, een gesin uit elke ekonomiese groep gekies. Dit is gedoen deur aan elke gesin 'n nommer te gee en die, soos per gewone loting uit 'n hoed te trek. Op dié wyse is gekom tot 'n monster van 22 huisgesinne.

Van hierdie huisgesinne is gegewens verkry d.m.v. die metodes wat algemeen bekend is aan die Volkekunde, nl. vraelyste, outobiografieë, gewone gesprekke, ens. Ook is 11 van

7/ ....

---

1) Beskryf in Young, P.V. : Scientific Social Surveys and Research 1939, p. 305.

2) 'n Ekonomiese indeling is gekies omdat dit seker een van die mees determinerende faktore in die lewe van die gesinne is, Hellmann bv. noem die ekonomiese stryd die „leitmotiv" van die lewe van die stedelike Bantoe. (Sien Hellmann, Ellen : a.w., 1935, p. 195) 'n Ekonomiese indeling is in iedere geval die mees bevredigende, aangesien indelings op grond van etniese groepe, of lengte van verblyf, ens. nie moontlik is nie, aangesien hierdie faktore verskil binne in die gesin self.

3) Die skeidslyn waaronder of waarbo die huurder of okkupeerder in die sub-ekonomiese of ekonomiese groep geklassifiseer word, is 'n gereelde maandelikse inkomste van £15. Sien Goewermentskennisgewing Nr. 1516 van 23 Julie 1954 waarin die uitvoering hiervan verduidelik word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gesinne, heeltemaal arbitrêr gekies, opgelei om vir 'n periode van een kalendermaand 'n uitvoerige begroting te maak van hulle inkomste en uitgawes.

C. Uitgangspunt in die Bou van die Studie.

In die voorgaande gedeelte is reeds die onderwerpskeuse en die metode van werk bepaal. Dit sal ook nodig wees om kennis te maak met die gebied wat die onderwerp van hierdie studie vorm deur middel van 'n uiterlike beskrywing van die gebied, 'n uiteensetting van die bevolkingsamestelling en 'n historiese oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die gebied.

Waar ons ons ten doel stel om die sosiaal-kulturele lewe van die inwoners van hierdie gebied te analiseer, word vereis, nie slegs 'n uiteensetting van hierdie sosiaal-kulturele lewe nie, maar ook 'n evaluering daarvan. So 'n evaluering is slegs moontlik indien rekening gehou word met die sosiaal-kulturele lewe van tradisionele Bantoegemeenskappe. Waar die uiteensetting van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground om metodologiese redes in sekere aspekte onderverdeel word, word die bespreking van elk van hierdie aspekte dan ook voorafgegaan deur 'n kort uiteensetting van die ooreenstemmende aspek in die sosiaal-kulturele lewe onder tradisionele Bantoegemeenskappe, asook, volgens die doel van die ondersoek, afgesluit deur 'n samevatting van die gegewens en 'n evaluering van die betrokke aspek teen die gestelde maatstaf.

Waar die inwoners van Hovesground nie slegs onderhewig is aan die gevolge van die aanraking met die Blanke leefwyse nie, maar ook met die doelbewuste strewe van die Blanke om die Bantoe van Suid-Afrika deelagtig te maak aan die religieuse, opvoedkundige en ekonomiese aspekte van sy sosiaal-kulturele lewe, is dit nodig om, waar toepaslik, ook in te gaan op die ontwikkeling van die aanraking tussen Blank en Bantoe op hierdie gebiede.

8/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die oog op 'n standpunt ten opsigte van metode, is dit nodig om, in die finale evaluering van die geheel van die sosiaal-kulturele lewe in Hovesground, die beskouinge van Volkekundiges betreffende die studie van kultuurkontak na te gaan. Ten slotte word dan die aard en gevolge van die kultuurkontak in Hovesground ontleed om, ingevolge die vereistes wat die Volkekunde as wetenskap stel, te kom tot 'n bepaling van die prosesse van akkulturasie, wat sal kan lei tot 'n gevolgtrekking.

D. Beskrywing van Gebied.

Hovesground is 'n stedelike Bantoegebied of, soos dit algemeen bekend staan, 'n lokasie. Vir die duidelikheid van die leser moet hier direk onderskeid gemaak word tussen 'n Bantoe stat, 'n Bantoe dorp en 'n stedelike Bantoegebied of lokasie.

'n Bantoe stat is die tradisionele verblyf van die Bantoe binne die Bantoegebiede. Die grootte, vorm samestelling en organisasie van hierdie statte verskil tussen die etniese groepe, maar basies bestaan so 'n stat uit een of meer gesinne wat hûlle tradisionele wonings op 'n bepaalde wyse saamgroepeer. Om die stat is hulle landerye en weivelde, uit die opbrengs waarvan hulle bestaan.

Bantoedorpe is woongebiede wat tans onder leiding van die Departement van Naturellesake ontwikkel.[1] Hulle is geleë binne die Bantoegebiede en sal, wanneer hulle ten volle ontwikkel het, vergelyk kan word met dorpe en stede soos hulle oor die hele wêreld en ook in Suid-Afrika in die Blanke gebiede voorkom. Die inwoners hoef geen direkte verwantskap met mekaar te vertoon nie, en hulle sal bestaan van 'n veelsoortige ekonomie.

9/ ....

1) Uitsonderinge op hierdie reël is Bantoe-woonplekke - soos Lady Selbourne digby Pretoria - wat ingevolge Art. 2(h) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet Nr. 25 van 1945) goedgekeur is, en die uitsonderlike Alexandra naby Johannesburg, wat as Bantoedorp in 'n Blanke gebied ontstaan het voordat die „Proclamation of the Townships Ordinance, 1905" op die wetboek geplaas is wat die stigting van dergelike dorpe verbied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar sal proffesionele mense wees wat beide die dorp en die distrik bedien, sakemanne, geskoolde en ongeskoolde arbeiders, ens. Die dorpe sal voldoen aan al die kwalifikasies van ander dorpe, soos 'n eie bestuursliggaam, bepaalde grense, besigheids en residensiële areas, en so meer.

Stedelike Bantoegebiede, of lokasies, is woongebiede wat uitsluitlik deur Nie-blankes bewoon word, en geleë is naby Blanke dorpe of stede, en waarvan die inwoners byna uitsluitlik hulle bestaan maak uit arbeid in die Blanke stad of dorp, wat dan ook die bestaansreg van die lokasie vorm. Die lokasie hoef nie die tuiste van die inwoners te wees nie, aangesien 'n groot gedeelte s.g. trekarbeiders is, wie hulle eintlike tuiste in die Bantoegebied of op Blanke plase het en alleen tydelik na die lokasie gekom het om hulle geldelike middele aan te vul deur hulle dienste as arbeiders te verkoop in die Blanke gebied. Die inwoners het nie 'n eie bestuursliggaam nie, en die gebied word bestuur deur die plaaslike bestuur van die stad of dorp waar dit geleë is, alhoewel daar gewoonlik 'n Raad, gekies uit die inwoners, bestaan om die plaaslike bestuur van advies te bedien.[1)]

Hovesground, die gebied wat die onderwerp vorm van ons studie, is een van die lokasies wat lê in of om Pretoria, die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika. Geleë ongeveer drie myl ten Noord-Ooste van die middestad van Pretoria, is Hovesground aan alle kante omring deur Blanke woonbuurtes, alhoewel nie een van die gebiede direk teenaan Hovesground lê nie, en hulle meestal geskei is deur natuurlike skeidslyne, soos 'n rivier en 'n bergreeks. Daar dien ook op gewys te word dat hierdie Blanke gebied om Hovesground ontwikkel het, aangesien met sy ontstaan die lokasie destyds ver buite die toenmalige stadsgebied gelê het.

10/ ....

---


1) Vergelyk Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet Nr. 25 van 1945)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TIPIESE INGANG NA PERSEEL.



STRAATTONEEL MET "ETHIOPIAN CATHOLIC CHURCH IN ZION" LINKS AGTER.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hovesground, wat met Pretoria verbind is deur 'n goeie teerpad en 'n spoorlyn, vorm deel van 'n groter lokasiekompleks wat bekend staan as Bantule. Bantule is een administratiewe gebied, en in werklikheid lê die verskillende dele van die gebied teenaan mekaar. Tog staan hulle in so 'n sterke kontras teen mekaar dat hulle as twee aparte gebiede beskryf kan word. Hoe die verskillende onderdele van hierdie lokasie ontstaan het sal later in die historiese oorsig aangedui word. Hier is dit genoeg om aan te dui dat een afdeling van die lokasie bestaan uit huise wat deur die plaaslike owerheid gebou is en deur die inwoners gehuur word, terwyl in Hovesground die standplase van die owerheid gehuur is maar die huise daarop deur hulle self gebou is.

Die eersgenoemde afdeling van Bantule bestaan uit die volgende geboue:

3 Washuise,
1 Kantoor,
1 Kliniek,
237 Tweekamerhuise,
62 Driekamerhuise,
1 Vierkamerhuis,
1 Vyfkamerhuis,
2 Seskamerhuise,
11 Kerke,
9 Winkels (waarvan sommige net 'n kamer in 'n woonhuis is.

Hovesground bestaan uit 141 persele, ieder van 50 voet X 50 voet, redelik ordelik gerangskik in 10 blokke, terwyl daar nog 'n afdeling is wat bekend staan as Hovesground Wes, wat bestaan uit 10 onordelik verspreide huise. Hierdie vorm egter 'n deel van Hovesground, soos in die historiese oorsig beskryf sal word, en is vir die doeleindes van die studie so aanvaar. Naas die huise wat op die persele voorkom, is daar ook 10 winkels in Hovesground, wat meestal 'n deel van 'n bestaande huis beslaan en 2 kerke.

Bantule word soos alle ander lokasies in Pretoria geadministreer deur die Afdeling Nie-Blankesake van die Pretoriase Stadsraad, ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet [1].

1) Wet Nr. 25 van 1945 soos gewysig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir dié doel is daar 'n Lokasie Superintendent in Bantule aangestel, wie verantwoordelik is vir die invordering van alle gelde, die goeie beheer van die gebied en die algemene welsyn van die inwoners.[1)]

Sekere dienste word deur die owerheid aan inwoners in Hovesground voorsien, nl. gereelde nagvuilverwydering, gereelde vuilgoedverwydering, straatbeligting en elektriese voorsiening in die huise self, vir dié wat daarvoor aansoek doen en betaal vir die installering van die meter, waterkrane op sekere punte in die gebied waar hulle net so veel water as wat hulle wil hê kan tap, en 'n mediese kliniek waar vry dienste aan hulle verskaf word.[2)]

Die maandelikse huur per perseel wat deur die huurder betaalbaar is, is 10/-, wat as volg opgemaak is:- 4/- huur vir die perseel, 4/- vir sanitasie, 1/- vir watervoorsiening en 1/- vir vuilgoedverwydering. Aangesien die grootste gros van die persele oorbewoon word, word deur die owerheid die installering van meer latrines vereis, en gevolglik betaal die meeste huurders ongeveer 14/- per maand, terwyl die huurders wat elektriese leiding in hulle huise het, gemiddeld 7/6 per maand daarvoor betaal. 'n „Lodger"-fooi van 1/- is ook betaalbaar.[3)]

12/ ....

---

1) Die funksie en pligte van die Lokasie Superintendent is omskryf in Art. 22 van Wet Nr. 25 van 1945, asook in die Regulasies vir die Beheer van Bantule lokasie, Nr. 561 van 12 Desember 1925.

2) Vir meer uitvoerige beskrywing, sien latere afdeling oor Gesondheid en Welsyn, Hoofstuk II.

3) Perseel-eienaars moet vir elke sub-huurder gesin, of soos dit algemeen bekend staan „lodgers", wat op hulle perseel woon, 1/- per maand aan die owerheid betaal ingevolge die Regulasies vir die Beheer van Bantule Lokasie, Nr. 561 van 12 Desember 1925.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir een finansiële jaar waarvoor dit bereken is[1] was die totale uitgawe op die administrasie, onderhoud en gesondheid van die hele Bantule £18,728, terwyl die inkomste £10,110 bedra het, wat dus 'n tekort van £8,618 meebring. Vir Hovesground is deur die owerheid bereken dat dit 'n gemiddelde tekort per perseel meegebring het van £19.7.0 of £1.12.3 per perseel per maand.

Bantule is geleë teenaan die suidekant van een van die rante van die Magaliesbergreeks, bekend as die Daspoortrantreeks. Die Munisipale huise[2] lê op die meer gelyke grond aan die voet van die bergreeks met 'n deel wat in 'n gelydelike helling oorgaan, terwyl Hovesground, wat aan die noordekant van die Munisipale huise lê, hoofsaaklik teen die berg self geleë is. Die bergreeks loop van Oos na Wes en Hovesground lê dus in dieselfde rigting in 'n smal strook teenaan die berg. Die rant sou meer duidelik beskryf kan word as 'n klipkoppie en die terrein waarop Hovesground geleë is, is dus baie klipperig, met heelwat rotse tussenin. Die strate in die lokasie wat in die rigting van die berg loop is betreklik gelyk, terwyl die strate wat van Suid na Noord loop baie styl is.

Die huise van Hovesground, wat later meer in besonderhede beskryf sal word, is 'n eienaardige mengsel van mooi baksteenhuise en die mees primitiewe krotjies saamgeflans uit los stukkies sink en sak. Die krotjies is ongelukkig baie ver in die meerderheid. Hier moet verduidelik word dat die eienaars almal onder-huurders, of soos hulle genoem word „lodgers", inneem. Vir hierdie doel word kamers in die eienaar se eie huis onder-verhuur, terwyl meestal ook aparte kamers of afskortings

13/ ....

---

1) Die finansiële jaar van 1.7.46 tot 30.6.47, soos bereken deur die Afdeling Nie-Blankesake van die Pretoriase Stadsraad.

2) Gemaklikheidshalwe sal Bantule in vervolg ingedeel word in „Hovesground" en „Munisipale huise."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die res van die perseel gebou word, om te verhuur. Hierdie toestand is ooglopend deur die plaaslike owerheid vir jare toegelaat, trouens 'n spesiale „lodger-fooi" is aan die owerheid betaalbaar, alhoewel in nie een geval die toestande eers ondersoek is nie, of die plan van die bygebou goedgekeur, soos per wet vereis word. Gevolglik is die posisie in so 'n mate uitgebuit, dat byna iedere huiseienaar etlike gesinne as onder-huurders inneem. Dit het dan daartoe gelei dat die huise van sommige eienaars, maar lank nie almal nie, aan redelike eise kan voldoen, terwyl die ander huise en aparte geboutjies vir onder-huurders slegs as uiters swak en onhigiënies beskryf kan word. Byna al die huise is vuil, donker, somber en oorvol.

In alleen een geval word daar 'n bietjie tuin gemaak, terwyl verder net hier en daar 'n ou boom staan. Origens is die inwoners van Hovesground hoegenaamd nie begaan oor die voorkoms van hulle woongebied nie.

Op iedere perseel is daar een, en in sommige gevalle twee of selfs drie latrines, almal lamlendig, van sink gebou, en werk volgens die emmer stelsel. Die emmers word iedere tweede nag verwyder. Die strate en die sogenaamde parke dien egter minstens net so veel as die latrines self vir die doel.

In die park, wat min of meer tussen Hovesground en die Munisipale huise lê, is 'n hele paar bloekombome geplant. Verder is die terrein net so gelaat, klipperig en vol rotse. Naas die doel van latrine en ashoop, waar daagliks as en ander vuilgoed weggegooi word, dien die park ook tot 'n groot mate as speelplek vir die kinders.

Die vernaamste speelplek van die kinders asook die by-mekaarkomplek vir al die inwoners is egter die strate. Van al die vuil en onhigiëniese toestande wat mens in Hovesground aantref, is die strate miskien die ergste. Vir watervoorsiening in die gebied is 'n paar krane op strategiese punte in die strate aangebring, waar die vrouens of kinders in blikke, emmers of dromme hulle watervoorraad kom haal. Gevolglik is daar 'n

14/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedurige stroom water wat langs die strate afloop. Hierin word nog ou pap en ander vuilis of afval gegooi, terwyl die hoenders, honde en katte daarin rondloop en die kinders, en selfs ouer mans, daarin urineer. Die gevolg is ou, slegte, stinkende water en wanneer mens naby hierdie krane kom, herinner beide die reuk en die voorkoms sterk aan dié van 'n varkhok.

Aan die kante van sommige van die strate is ook ashope, waar die daaglikse as en afval weggegooi word, ten spyte van die vuilgoeddromme wat deur die owerheid voorsien en gereeld leeggemaak word. Ook word hierdie „speelterrein" vir die kinders met hulle kaalvoetjies ryklik bestrooi met bottelstukke.

Sommige van die strate is so vol klippe en rotse, dat hulle totaal onbegaanbaar is, behalwe vir voetgangers. Weens die steilte van veral die strate wat teen die berg oploop, verspoel hulle gedurig na iedere reenval, wanneer alle tipes voertuie daarin vassit, wat verder weer meebring dat die nagvuilverwyderingskarre en askarre nie gedurende sulke tye die gebied kan bedien nie. Die stormwaterslote is na reens ook gedurig verstop weens die groot hoeveelhede grond wat daarin afspoel. In droë weer is die stof wat van die strate af opstyg byna onuithoudbaar en maak die huise van binne, sowel as van buite nog vuiler.

Wanneer mens Hovesground ingaan, word jy dadelik getref deur die feit dat daar so baie mense op straat is. Dit is maar selde dat hier enige motorverkeer voorkom, en gevolglik is die strate vry van gevaar. By gebrek aan enige ander plek daarvoor is al die kinders dan ook heeldag op straat, waar hulle speel, babas oppas, ens.

Dit is egter nie net die kleinkinders nie, maar ook die jongmense, en 'n groot gedeelte van die ouer geslag wat hulle tyd op die strate deurbring. Oral is daar dobbelspele aan die gang en groepies wat met mekaar staan en gesels, terwyl een of twee sokkerspele altyd in Hovesground se strate aangetref

15/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word. Die gevolg van dit alles is natuurlik 'n gedurige lawaai, wat tot laat in die nag aanhou, want selfs in die aand, met die flou straatligte aan die brand verminder die straataktiwiteite nie veel nie.

Hovesground is dus ongetwyfeld 'n agterbuurt. Alhoewel nie een van die huise ooit tot agterbuurt verklaar is nie, val byna iedere huis en sekerlik die gebied as geheel onder die bepalinge van die Slumswet[1] soos neergelê in Bylae Twee van hierdie wet. Byna iedereen van die vereistes waarvolgens 'n gebied tot agterbuurt verklaar word, word verbreek op die meeste van die persele in Hovesground.

E. Bevolkingsamestelling.

Die bevolking van Bantule, soos deur die maandverslag van die Superintendent in Desember 1956 verskaf word, is as volg:-

Bevolkingsyfer : Bantule.

| | Manlik | | Vroulik | | Totaal | Aantal families |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bo 18 | Onder 18 | Bo 18 | Onder 18 | | |
| Munisipale huise ...... | 1,000 | 786 | 978 | 830 | 3,594 | 520 |
| Hovesground .. | 957 | 551 | 818 | 712 | 3,038 | 500 |
| Totaal . | 1,957 | 1,337 | 1,796 | 1,542 | 6,632 | 1,020 |

Dit gee mens dan 'n bevolkingsdigdheid op die 393 persele van die Munisipale huise van 9.1 persone per perseel, teenoor 20.1 persone per perseel op die 151 persele van Hovesground.

My eie sensusopname, wat ook besoekers insluit, en dus die feitlike posisie op 'n gegewe tydstip aangee, gee die bevolking van Hovesground aan as 3,275, of 21.7 persone per perseel.

16/ ....

1) Wet Nr. 53 van 1934.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die geweldige oorbevolking wat uit hierdie syfers spreek sal vir die leser nog verder duidelik word na aanleiding van die volgende tabel:

Persone per perseel.

| Aantal persone per perseel. | Aantal persele | Aantal persone |
|---|---|---|
| 1 - 5 | 7 | 33 |
| 6 - 10 | 18 | 151 |
| 11 - 15 | 25 | 328 |
| 16 - 20 | 30 | 542 |
| 21 - 25 | 19 | 450 |
| 26 - 30 | 22 | 616 |
| 31 - 35 | 14 | 461 |
| 36 - 40 | 9 | 344 |
| 41 - 45 | 3 | 130 |
| 46 - 50 | 1 | 49 |
| 51 - 55 | 2 | 106 |
| 56 - 60 | - | - |
| 61 - 65 | 1 | 65 |
| | 151 | 3,275 |

Van die 3,275 inwoners is 1,705 manlik en 1,570 vroulik. Weens die nabyheid van Hovesground aan Pretoria, loseer enkellopende mans graag daar, vandaar die groter persentasie mans as vroue. Die ouderdomsverspreiding van die inwoners is as volg:

Ouderdomsverdeling.

| Ouderdoms-groep. | Manlik | % van manlike bevolking. | Vroulik | % van vroulike bevolking. | Totaal | % van Totale bevolking. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0- 9 | 324 | 19% | 439 | 28% | 763 | 23% |
| 10-19 | 443 | 20% | 204 | 13% | 647 | 20% |
| 20-29 | 222 | 13% | 267 | 17% | 489 | 15% |
| 30-39 | 290 | 17% | 314 | 20% | 604 | 19% |
| 40-49 | 188 | 11% | 157 | 10% | 345 | 10% |
| 50-59 | 153 | 9% | 79 | 5% | 232 | 7% |
| 60 + | 85 | 5% | 110 | 7% | 195 | 6% |
| | 1,705 | 100% | 1,570 | 100% | 3,275 | 100% |

Die bevolking van Hovesground is ingedeel in 'n hele aantal huur-eenhede. 'n Huur-eenheid is 'n persoon of 'n groep persone wat, of namens wie daar huur betaal word, òf aan die plaaslike owerheid, òf aan die oorspronklike huurder van die perseel. Gerieflikheidshalwe sal in die vervolg gebruik gemaak word van die woord eienaar vir die persoon wat die perseel van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die owerheid huur, en van huurders vir die onder-huurders, s.g. „lodgers", van die eienaar. Ons sal dus kan onderskei tussen eienaar-eenhede, d.w.s. huur-eenhede wat, of namens wie daar huur betaal word aan die plaaslike owerheid, en huurder-eenhede, d.w.s. huur-eenhede wat huur betaal aan die eienaar - m.a.w. onder-huurders.

Die voorkoms van die huur-eenhede, en die grootte van hierdie eenhede is as volg:

Grootte van huur-eenhede.

| Persone per eenheid. | Voorkoms. | Aantal persone. |
|---|---|---|
| 1- 5 | 391 | 1,039 |
| 6-10 | 206 | 1,570 |
| 11-15 | 31 | 380 |
| 16-20 | 12 | 201 |
| 21-25 | 1 | 22 |
| 26-30 | 1 | 29 |
| 31-35 | 1 | 34 |
| | 643 | 3,275 |

Daar is dus 643 eenhede in Hovesground met 'n gemiddelde grootte van 5.1 persone per eenheid. Hierdie eenhede is as volg in die verskillende persele versprei:

Aantal huur-eenhede per perseel.

| Aantal eenhede per perseel. | Voorkoms | Aantal eenhede |
|---|---|---|
| 1 | 16 | 16 |
| 2 | 14 | 28 |
| 3 | 24 | 72 |
| 4 | 34 | 148 |
| 5 | 24 | 120 |
| 6 | 17 | 102 |
| 7 | 6 | 42 |
| 8 | 9 | 72 |
| 9 | - | - |
| 10 | 2 | 20 |
| 11 | 1 | 11 |
| 12 | 1 | 12 |
| | | 643 |

Gemiddeld is daar dus 4.3 eenhede op iedere perseel. Die grootte van die eienaar-eenhede is as volg:

18/ ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grootte van eienaar-eenhede.

| Persone per eenheid. | Voorkoms | Aantal persone |
|---|---|---|
| 1- 5 | 36 | 122 |
| 6-10 | 63 | 494 |
| 11-15 | 18 | 227 |
| 16-20 | 8 | 137 |
| 21-25 | - | - |
| 26-30 | 1 | 29 |
| 31-35 | 1 | 34 |
| | 127 | 1,043 |

Hier vind ons dus 'n gemiddelde van 8.2 persone per eienaar-eenheid. Hier moet verduidelik word dat by 24 persele daar slegs huurders woon, aangesien die eienaars òf elders in Hovesground self, òf elders in ander Pretoriase lokasies woon.

Die grootte van die huurder-eenhede is as volg:

Grootte van huurder-eenhede.

| Aantal persone per huurder-eenheid. | Voorkoms. | Aantal persone. |
|---|---|---|
| 1- 5 | 347 | 955 |
| 6-10 | 152 | 1,057 |
| 11-15 | 12 | 134 |
| 16-20 | 4 | 64 |
| 21-25 | 1 | 22 |
| | 516 | 2,232 |

terwyl die huurder-eenhede as volg in die persele versprei is:-

Aantal huurder-eenhede per perseel.

| Aantal eenhede per perseel. | Voorkoms. | Aantal eenhede. |
|---|---|---|
| 1 | 14 | 14 |
| 2 | 30 | 60 |
| 3 | 33 | 99 |
| 4 | 29 | 116 |
| 5 | 13 | 65 |
| 6 | 8 | 48 |
| 7 | 7 | 49 |
| 8 | 3 | 24 |
| 9 | 1 | 9 |
| 10 | 2 | 20 |
| 11 | - | - |
| 12 | 1 | 12 |
| | | 516 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 10 persele kom daar geen huurder-eenhede voor nie, dus kan ons sê dat op die 141 persele waar daar huurders voorkom, daar 516 huurder-eenhede is wat saamgestel is uit 2,232 persone, of gemiddeld 3.6 huurder-eenhede per perseel, bestaande uit gemiddeld 4.3 persone wat dan 'n gemiddeld weer gee van 15.8 huurders per perseel.

Hier is dit van belang om daarop te wys hoe die samestelling is op persele waarop die eienaar nie self woon nie en wat dus uitsluitlik deur huurders bewoon word.

Op die 24 persele woon daar 617 persone wat 128 huurder-eenhede vorm. Hier woon dus gemiddeld 5.3 huurder-eenhede op 'n perseel wat bestaan uit gemiddeld 4.8 persone per eenheid, of gemiddeld 25.7 huurders per perseel.

Opsommend kan ons dan die posisie as volg weergee:-

Opsommend: Grootte en verspreiding van verskillende huur-eenhede.

| | Eienaar eenhede | Huurder eenhede | Persele uitsluitlik bewoon deur huurders | Totaal in Hovesground. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal Persele ... | 127 | 141 | 24 | 151 |
| Aantal Eenhede ... | 127 | 516 | 128 | 643 |
| Aantal Persone ... | 1,043 | 2,232 | 617 | 3,275 |
| Gemiddelde aantal persone per perseel ........... | 8.2 | 158 | 25.7 | 21.7 |
| Gemiddelde aantal persone per eenheid ........... | 8.2 | 4.3 | 4.8 | 5.1 |
| Gemiddelde aantal eenhede per perseel ........... | 1 | 3.6 | 5.3 | 4.3 |

Hieruit blyk dadelik dat die eienaar-eenhede gemiddeld (8.2 persone) aansienlik groter is as die huurder-eenhede (4.3 persone). Die rede hiervoor is eerstens dat die eienaar-eenhede min of meer permanente inwoners is, waardeur die eenheid deur die jare aangroei en vergroot, en tweedens dat die eienaars nie toelaat dat die huurder soveel afhanklikes by hulle laat bly nie, waardeur hulle inkomste uit hierdie bron

20/ ----

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aansienlik verlaag sou word.

Die samestelling van die verskillende huur-eenhede is as volg:

Samestelling van huur-eenhede.

| Samestelling van huur-eenhede. | Aantal gevalle. |
|---|---|
| I. Biologiese gesin met variasies. | |
| a. Man + Vrou ........................ | 54 |
| b. Tipe I.a. + kinders ................ | 190 |
| c. Tipe I.b. + afhanklikes ........... | 32 |
| d. Tipe I.c. + afhanklikes se kinders . | 33 |
| II. Biologiese gesin met kinders en kleinkinders met variasies. | |
| a. Man + Vrou + kinders + onegte kleinkinders ........................ | 70 |
| b. Man + Vrou + ongetroude kinders + getroude kinders met eggenotes en kinders ........................ | 37 |
| c. Tipe II.b. + onegte kleinkinders ... | 25 |
| III. Gebroke biologiese gesin. | |
| a. Man + kinders ..................... | 15 |
| b. Tipe III.a. + onegte kleinkinders .. | 6 |
| c. Vrou + kinders .................... | 16 |
| d. Tipe III.c. + onegte kleinkinders .. | 6 |
| e. Tipe III.c. + getroude kinders + eggenotes en kinders ............... | 20 |
| IV. Enkellopende mans ..................... | 121 |
| V. Engellopende vroue ..................... | 10 |
| VI. Ander ................................ | 8 |
| | 643 |

Groep VI sluit in 'n man met 2 vroue en hulle kinders, broers en susters wat bymekaar woon, ens. Die afhanklikes onder I.c. en I.d. is sorgbehoewende ouers, neefs of niggies, en in een geval 'n aagenome kind.

By nadere ondersoek blyk duidelik dat die huur-eenhede, en veral die eienaar-eenhede, nie aan die gewone sosiaal-ekonomiese vereistes van 'n gesin kan voldoen nie. In baie gevalle betaal die s.g. afhanklikes van die eienaars aan hulle huur, maar dit word nie aangegee nie, ten einde die maandelikse

21 / .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„lodger-fooi" vry te spring. Ook is daar groepe binne hierdie eenhede wat ekonomies onafhanklik van die res van die eenheid leef, en ook geen nadere sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar aanvaar nie as die normale bande van verwantskap, wat onderhou word afgesien van inwoning.

Ons sal 'n huisgesin definieër as bestaande uit een of meer persone wat onderlinge bindende sosiaal-huishoudelike verpligtinge aanvaar en, weens hulle verhouding tot mekaar, onderling ekonomies afhanklik is. 'n Huisgesin moet onderskei word van 'n vrywillige ekonomiese eenheid, wat ontstaan wanneer twee of meer persone om redes van gemak hulle ekonomiese middele saamspan. Die lede van 'n huisgesin is altyd verwante, en behalwe in die gevalle waar die eenhede uit enkellopendes bestaan, ontstaan 'n huisgesin gewoonlik om die kern van 'n biologiese gesin, bestaande uit 'n man en vrou, met of sonder kinders. Binne 'n huisgesin, word een persoon altyd erken as die hoof. Die hoof kan òf manlik òf vroulik wees en die ouderdom is wisselend, asook die biologiese verhouding tussen die hoof en die res van die huisgesin, wat heeltemaal afhang van die samestelling van die huisgesin. Die hoof hoef ook nie noodwendig die broodwinner te wees nie.

Op grond van hierdie afbakening sal ons die aantal en grootte van die gesinne in Hovesground as volg indeel:

Aantal en Grootte van Gesinne.

| Aantal persone per gesin. | Aantal gesinne. | Aantal persone. |
|---|---|---|
| 1 | 131 | 131 |
| 2 | 73 | 146 |
| 3 | 90 | 270 |
| 4 | 96 | 384 |
| 5 | 101 | 505 |
| 6 | 78 | 468 |
| 7 | 59 | 413 |
| 8 | 34 | 272 |
| 9 | 25 | 225 |
| 10 | 13 | 130 |
| 11 | 7 | 77 |
| 12 | 5 | 60 |
| 13 | 4 | 52 |
| 14 | 2 | 28 |
| 15 | 3 | 45 |
| 16 | 1 | 16 |
| 17 | 2 | 34 |
| 18 | - | - |
| 19 | 1 | 19 |
| | 725 | 3,275 |

1094356

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## F. Historiese agtergrond.

Aanvanklik met die stigting van Pretoria in 1855, is geen voorsiening gemaak vir 'n aparte Bantoe woonbuurt nie, en het die bediendes hoofsaaklik in buitekamers of bediendekamers gewoon op die persele waar hulle gewerk het. So het selfs hele families by hulle werkgewers gewoon en hulle kinders is ook daar gehou. Weens die stadige groei van Pretoria in die beginjare, en die klein Bantoebevolking, het hierdie posisie geen sorg gebaar nie.

Die Regering het egter later besluit om 'n aparte woonbuurt vir die Bantoe op te rig en in Augustus 1888 het die Landmeter G. Greeff 'n stuk grond wes van die Skoolplaas, waar die huidige sanitêre werke is, opgemeet in 67 erwe. Op hierdie erwe het die eerste lokasie in Pretoria, Marabastad, sy ontstaan gehad.[1)]

Pretoria het egter later 'n sneller ontwikkeling gehad, en veral gedurende die Anglo-Boere oorlog van 1899-1902 het Bantoe in aansienlike getalle na die stad gestroom. Marabastad het heel gou geblyk onvoldoende te wees en weens gebrek aan enige ander vorm van huisvesting, het Hovesground teen die einde van die oorlogsjare as 'n plakkerkamp ontstaan.

Hovesground verleen sy naam aan 'n sekere Van Hove, wat 'n meule gehad het naby die driffie in die hoofpad wat net onderkant die lokasie deurloop. Die driffie het later bekend geword as Van Hove se drif. Op verskeie plekke in die Notules van die Gesondheidskomitee van die Pretoriase Stadsraad, in die jare tussen 1902 en 1905, word melding gemaak van Van Hoves Drif, asook van die plakkerskamp wat daar ontstaan het. Volgens die bekende politiek van die tyd is die naam later ver-Engels en het die drif bekend geword as Hoves Drift, en in die Notule van die Gesondheidskomitee word op 31 Julie 1913 vir die eerste

23/ .....

---

1) Hierdie gegewens is verkry uit Peacock, Robert : Die Geskiedenis van Pretoria, 1855 - 1902, 1955.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



keer van die plakkerskamp gepraat as Hovesground.

Wanneer die eerste persone hulle hier kom vestig het is nie heeltemaal duidelik nie.[1] Die eerste vermelding wat in die Notule van die Gesondheidskomitee gemaak word is 'n besluit van die Komitee, geneem op 18 Desember 1903, dat die Stadsgeneesheer opgedra word om te „report on the district North East of Hoves Drift, outside the Municipal boundaries." Hieruit, en veral ook uit die verslag van die Stadsgeneesheer, blyk dit duidelik dat die gebied reeds 'n geruime tyd voor die datum moes bestaan het. Die reaksie van die Komitee op die gevraagde verslag toon dat reeds vanaf die beginjare die toestande in hierdie gebied vir die owerhede sorgwekkend was. Op 13 Desember 1905 besluit die Gesondheidskomitee

> „That it be brought to the notice of the General Purposes Committee that whereas the Government are promulgating regulations for the control of the suburbs outside the Municipal Boundaries, the Council are faced with a condition of affairs on the very borders of the town which is a menace to the health of the residents of Pretoria, i.e. at Van Hove's Drift where an insanitary area has been erected by the squatting of persons in such numbers as to practically constitute a small township. The Council having no control over this area, the Health Committee urge that the Government be pressed to expedite the transfer of the town lands in order that the evils existing at Van Hove's Drift may be dealt with."

Uit die getuienis van die ouer inwoners, en veral van Moruti R. Brander, 'n seun van een van die oorspronklike kopers, is die stuk grond waarop Hovesground staan, te koop aangebied aan die Bantoe deur die eienaar, 'n mnr. Henry Marais.

24/ .....

---

1) Vir hierdie afdeling is hoofsaaklik staat gemaak op die getuienis van ou inwoners, terwyl ook die Argiefstukke van die Pretoriase Stadsraad nagegaan is, vernaamlik die Notules van die Gesondheidskomitee en die latere Nie-Blankesake komitee, asook die betrokke lêers van die Nie-Blankesake Afdeling van die Stadsraad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is bekend dat hierdie grond voorheen aan die stigter van Pretoria, M.W. Pretorius behoort het, maar hy het dit aan die Stadsraad geskenk, wat op hulle beurt weer van die gebiede buite hulle grense verkoop het. Op dié wyse het die gebied waarskynlik die besit geword van mnr. Marais.

Die Bantoe plakkers op Hovesground, asook 'n aantal inwoners van die s.g. ou Marabastad, het toe die „Pretoria Native Land Syndicate" gevorm, met J.P. van Wijk as President. Sewe lede, o.a. van Wijk, Mapelong, Brander en Seroadi het toe namens al die ander Bantoe-lede die koopbrief onderteken en die stuk grond van Marais gekoop teen 'n bedrag van £3,500.

Aan iedere aandeelhouer is 'n stuk grond toegesê, waarop hy sy huis gebou het, en die Bestuur het gereeld van iedere aandeelhouer sy maandelikse bydrae ingesamel[1] om sodoende die afbetalings op die koopsom te maak. Daar het egter spoedig onderlinge struwelinge onder die aandeelhouers van die Sindikaat ontstaan, wat beweer het dat nie al die geld aan mnr. Marais betaal is nie. Dit het later daartoe gelei dat die afbetalings nie volgehou is nie. Die ouer inwoners beweer dat ongeveer £2,500 reeds afbetaal is toe die koop uiteindelik weens kontrakbreuk gekanselleer is.

Hierna het mnr. Marais die stuk grond toe aan die Stadsraad verkoop. Die Nuwe Lokasie gedeelte van Bantule was toe reeds in aanbou gewees, en Hovesground is hierby ingelyf. Die hele gebied is opnuut opgemeet, en erwe en strate is uitgelê, maar sovêr moontlik is daar nie aan die bestaande posisie verander nie. Die huise wat reeds gestaan het, is net so gelaat en staan vandag nog so. Die paar erwe in die Oostelike gedeelte van Hovesground wat toe nog oop was, is verhuur aan nuwe families wat daar volgens spesifikasies hulle eie huise gebou het.

25/ .....

---

1) 'n Ou, gedrukte kwitansievorm, met die naam van die Sindikaat en ander besonderhede daarop is aan my getoon, wat die korrektheid van die gegewens in 'n groot mate staaf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die erwe in die westelike gedeelte het die Owerheid nooit te huur aangebied nie, alhoewel die paar bestaande huise daar gelaat is, wat vandag die s.g. Hovesground Wes vorm.

Ingevolge Administrateurskennisgewing Nr. 21 van 1913, gepubliseer in die amptelike Provinsiale Koerant van 25 Julie 1913 is die Munisipale grense gewysig om in te sluit:

> „Dat gedeelte van de plaats Daspoort, alias Les Marais Nr. 192, Distrikt Pretoria, groot 33 morgen 125 vierkante roeden, aangegeven op kaart, inspectie No. 140/90, opgemaakt door Landmeter Servaas de Kock, in Januarie 1890."

Na aanleiding hiervan, aangesien dié gebied, Hovesground, nou onder hulle beheer geval het, besluit die Gesondheidskomitee om die Stadsingenieur op te dra om in die gebied die nodige sanitêre en vuilgoedverwyderingsdienste in te stel vanaf 1 Augustus 1913.

Hierdie besluit is egter nie uitgevoer nie. In die Notule van 'n vergadering van die Komitee gehou op 9 Maart 1920, lees ons dat die inwoners van Hovesground kla dat alhoewel hulle vir vuilgoedverwydering betaal, hierdie diens nooit uitgevoer is nie. Uit die verklaring wat op die vergadering hiervoor gegee is, blyk dat instruksies gegee was aan die betrokke afdeling vir die uitvoering van hierdie essensiële diens, maar dat dit nooit gedoen is nie omdat daar indertyd geen paaie gemaak is nie. Die komitee het toe besluit dat begin moet word met vuilgoedverwydering op 27 Maart 1920.

Gedurende die eerste 20 jaar van die bestaan van die woongebied, is alle vuilgoed en as gevolglik op hope in die strate en die „park" van Hovesground gegooi, en die hope is vandag nog daar. Terloops is daar ook in die Notules geen vermelding dat die inwoners terugbetaal sou word vir al hierdie jare wat hulle vir 'n onuitgevoerde diens moes betaal nie.

Intussen is die Nuwe Lokasie gedeelte opgerig, hoofsaaklik met die doel om die inwoners van Marabastad daarheen te verskuif. Vir hierdie doel was die Nuwe Lokasie natuurlik veels te klein, en is later besluit om 'n ander lokasie, Atteridgeville,

26/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die Westekant van Pretoria op te rig om die inwoners van Marabastad te huisves. Op 15 Oktober 1923 het die Gesondheidskomitee die hele lokasie bestaande uit Hovesground en die Nuwe Lokasie amptelik Bantule genoem en hierdie hele lokasiekompleks is finaal omskryf in Administrateurskennisgewing Nr. 561 van 1925.

Weens die uiters swak toestande wat daar in Hovesground geheers het, was dit onvermydelik dat klagtes na die Stadsraad begin kom het. So het daar bv. op 23 Mei 1921 'n ernstige klagte oor die gedrag van die inwoners voor die Gesondheidskomitee gedien. Hieroor het die Superintendent van die Lokasie in 'n verslag gesê dat vanuit die hele Pretoria gebied Bantoe na Hovesground stroom om daar te kan bier drink, wat in groot hoeveelhede hier gebrou word.

Die stroom van klagtes het min of meer sy klimaks bereik in 'n ernstige beroep wat die Belastingbetalersvereniging van Pretoria Wes aan die Raad gerig het:

> „The meeting of ratepayers and residents of Pretoria West strongly protest to further expenditure of municipal funds on locations in Pretoria West and urge the Town Council to make arrangements for the entire and early removal of all native locations and settlements outside the town boundaries."

Hierdie klagtes het reeds aan die Raad getoon dat hierdie lokasie binne in die Blanke stadsgebied nie wenslik is nie, en dat veral Hovesground, ook hoofsaaklik vir die beswil van die inwoners, nie so kon bly nie. Daar is egter geen besluite geneem in verband met die toekoms van die lokasie nie, en hierdie gebrek aan beleid sou in die toekomsjare daartoe lei dat die Stadsraad nie baie geld wou bestee aan enige verbeterings nie. Hovesground het as agterbuurt ontstaan en agterbuurt sou hy bly.

Hierdie ongewenste posisie het so voortgeduur en in 1942 stel die Departement van Naturellesake 'n ondersoek in na die lokasie posisie in Pretoria. In die verslag, die s.g. Heald-verslag, word duidelik gestel dat

27/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„In regard to the Bantule location, it was admitted that this area has been neglected for some time past and has not received its fair share of expenditure on maintenance and development works. The reason for this appears to be the absence of any defined policy regarding the future of this area."1)

Die verslag spreek hom in besonder uit teen die posisie in Hovesground en Marabastad, en daar word o.a. sterk aanbeveel dat (a) 600 ekstra huise dadelik in Atteridgeville gebou word om die hervestiging van die inwoners van Marabastad te voltooi en ook om die inwoners van Hovesground te hervestig, en (b) dat die Stadsraad spoedig sy beleid i.v.m. Bantule moet formuleer, en (c) dat verbeteringe in Bantule aangebring word indien die gebied as lokasie behou gaan word.2)

Ongelukkig het hierdie gesonde voorstelle geen indruk gemaak op die Stadsraad nie, en het die beleidlose houding van „Ons weet nie wat om te doen nie, dus doen ons maar niks nie" nog voortgeduur.

Verslag op verslag het van verskeie kante na die Stadsraad gekom om te dui op die haglike posisie. So skryf die Superintendent van Bantule bv. in Maart 1945 as volg:-

„1. Stands and Houses. The general state of cleanliness and of sanitation in Bantule location leaves very much to be desired. On the whole houses in the portion entirely held by the City Council (New Location and Municipal Houses) are better cared for than houses and stands in the Native Village part of Bantule.

„2. Sanitation. The sanitary position and general appearance of Hovesground can only be described as appalling. The open spaces adjoining this village have become filthy nests bestrewn with excretions of all kinds. Weeds thrive on such spaces, giving shelter and cover to filth discharged thereon. As long as no effective action can be taken to ensure more latrines on stands in Hove's Ground, better facilities to relieve the sanitary position in this portion of Bantule cannot be effected.

28/ .....

---

1) Heald, C.A.: Report on an inspection of the Pretoria Urban Area carried out during the period 28th September 1942, to 1st October 1942, Ongepubliseerde, Departementele Verslag, p. 1.

2) Ibid. p. 18.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„3. Dirty Water. Dirty water (and beer) is thrown out on premises or turned out in the streets resulting in mud and dirt ideal for the breeding of mosquitoes and other pests. These doings are a direct outcome of the improper and insufficient means of leading away dirty water and other household dirt.

„4. Accumulation of filth. The accumulation of other filth and rubbish on stands has been caused by the insufficient means of disposing of such filth and rubbish, as no proper bin or other suitable receptacle has been supplied by the City Council for the disposal thereof.

„5. Public Parks. The open spaces set open for communal purposes within the location have also become dumping grounds for refuse instead of being utilised as parks or playgrounds.

„6. Streets. Streets are in a deplorable state in the upper part of the location: some streets have not been made so that occupiers of houses in such streets have to go through the premises of their neighbours living alongside more suitable streets."

In die maande wat volg, het etlike verslae sonder enige merkbare uitwerking gevolg, sodat die Superintendent in November skryf:

„Since my first report on the appalling conditions obtaining in Hovesground, 8 months have elapsed and notwithstanding resolution upon resolution adopted by the City Council, the disconcerting conditions the inhabitants in this location have to suffer, continue to exist."

Uiteindelik, op 2 November 1945, besluit die Nie-Blankesake komitee van die Pretoriase Stadsraad dat die inwoners van Hovesground na Atteridgeville verskuif moet word wanneer die hervestiging van die Marabastad lokasie-inwoners voltooi is. Dit sou egter nog jare neem en mens sou byna kon sê dat hierdie besluit tot die nadeel van Hovesground gestrek het. Toe daar eers finaal besluit is op die verwydering van Hovesground, was die Raad eers ongewillig om enige verbeteringe in die gebied aan te bring en indien moontlik het Hovesground nog verder agteruitgegaan.

Die behuisingsprogram in Atteridgeville het baie stadig gevorder en later heeltemaal tot stilstand gekom, en daarmee ook die hervestiging van Marabastad en Hovesground. Hierdie posisie het dan ook vir jare so gesloer.

29/ -----

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uiteindelik met die bewindsaanvaarding van 'n nuwe Regering in Suid-Afrika in 1948 het 'n meer dinamiese beleid op die gebied van Naturelle-administrasie gekom, en een van die eerste probleme wat aangepak is, was die Bantoebehuisingsprobleem. Op 4 Desember 1951 is 'n beplanningskomitee vir Pretoria aangestel, wat op 'n streeksbasis die hele Bantoebehuising van Pretoria en omgewing moes beplan. Aan die einde van Maart 1952 het die verslag van die komitee, bekend as die Nel-verslag[1)], verskyn, en op grond van die aanbevelings hierin vervat, het die Minister van Naturellesake op 19 Augustus 1952 sy beleid i.v.m. Pretoria en omgewing aangekondig.

Hierop het die huisbou program baie vinnig gevorder en veral ook as gevolg van die s.g. erf-en-diensskema, waarvolgens alle essensiële dienste op uitgemete persele verskaf word waar die okkupeerder dan sy eie, goedgekeurde, huis kan bou, en die beskikbaarstelling van behuisingsfondse deur die Sentrale Regering, is tientalle huise daagliks gebou. Gedurende Maart 1955 is die hervestiging van die inwoners van Marabastad dan ook voltooi, en Hovesground kon aan die beurt kom.

---

1) Verslag van die Komitee insake Streeksbeplanning van Woongebiede vir Naturelle in Pretoria en omgewing, 1952. Ongepubliseerde Verslag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K I.

## ONTWIKKELING VAN DIE INDIWIDU.

### A. By Tradisionele Bantoegemeenskappe.

By alle Bantoestamme word 'n biologiese en kulturele onderverdeling in groepe aangetref. Eerstens is daar 'n skeiding tussen die twee geslagte, asook 'n verdere onderverdeling volgens ouderdomsgroepe. Die skeiding volgens geslag is natuurlik biologies bepaal, maar word ook verder kultureel erken deur die verhoudinge tussen die twee groepe te reel. Die skeiding in ouderdomsgroepe word gedeeltelik biologies en gedeeltelik kultureel bepaal asook kultureel erken. Belangrike seremonies gaan gepaard by die oorgang van een ouderdomsgroep of lewensstadium op 'n ander en is vir iedere indiwidu van die belangrikste gebeurtenisse in sy of haar lewe. Die belangrikste oorgangstadia wat by alle Bantoestamme kultureel erken word, is die volgende: geboorte; bereiking van puberteit; die huwelik en die dood. Gewoonlik gaan iedere oorgangstadium gepaard met 'n drieledige seremonie of reeks seremonies, naamlik 'n afskeid van die oue, 'n voorbereiding vir die nuwe en ten slotte 'n inlywing in die nuwe lewensstadium.

#### a. Swangerskap en Geboorte.

By alle Bantoe is die voortbring van kinders 'n fundamentele vereiste wat aan die huwelik gestel word. Om hierdie rede begeer iedere Bantoevrou om geboorte te skenk kort na haar huwelik. Indien sy nie swanger word nie, sal sy 'n toordokter raadpleeg.[1] Wanneer 'n vrou swanger word, spreek dit dus vanself dat sy met groot respek behandel word, en ook spesiale voorsorg getref word ter beveiliging van haarself en die ongebore

31/ ----

1) Krige , E.J. : The Social System of the Zulus. 1936, p. 61; Hunter, Monica : Reaction to Conquest. 1936, p. 146; Stayt, H.A. : The BaVenda. 1931, p. 83; Harries, C.L. : The Laws and Customs of the BaPedi and Cognate Tribes of the Transvaal. 1929, p. 24.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kind. Allerlei voorskrifte en taboes moet dus gedurende hierdie periode nagekom word.[1] Gewoonlik gaan vroue voort met die normale dagtaak tot kort voor die geboorte.

Geboorte vind altyd plaas in 'n hut wat spesiaal vir die doel afgesonder word. By die Ngoeni, Venda en Tsonga vind die geboorte plaas in die stat van die man, terwyl by die Sotho, vernaamlik 'n eerste geboorte, dit in die stat van die moeder se eie mense plaasvind.[2] Tydens die geboorte, asook vir 'n tydlank daarna, word die moeder en kind in die hut afgesonder. Geen mans of onrein persone mag die hut betree nie en gewoonlik word net die moeder en skoon-moeder van die vrou toegelaat, asook 'n paar ou vroue wat nie self meer kan kinders baar nie, en wat optree as vroedvroue.[3] Soms word 'n toordokter bygeroep wanneer die bevalling lank duur of daar komplikasies intree.[4]

Onmiddelik na geboorte word die naelstring met 'n skerp voorwerp afgesny. Groot voorsorg word met die nageboorte getref. Dit word sorgvuldig begrawe, binne of net buite die hut sodat niemand dit in die hande kan kry nie.[5] Die naelstring word dan ook op 'n besondere wyse, gewoonlik met as, en/of kruie behandel, sodat dit spoedig opdroog en afval. Wanneer die naelstring afval, word dit saam met die nageboorte begrawe. Onmiddelik na geboorte word die kindjie gewoonlik gewas en ook dikwels versterkende medisyne gegee. By die Zoeloe word die kind in die rook van brandende kragmedisyne gehou, en ook word medisyne in

32/ .....

---

1) Krige, E.J. a.w., p.62; Hunter, M. a.w., p. 147; Stayt, H.A. a.w., p. 85; Walk, L. : Die ersten Lebensjahre des Kindes in Südafrika. In Anthropos Vol. XXIII, Nrs. 1 en 2, 1928, p. 42.

2) Junod, H.A.: The Life of a South African Tribe. Vol. I. 1927, p.36; Stayt, H.A. a.w., p. 85; Krige, E.J. a.w., p. 64; Hunter, M. a.w., p. 150; Fourie, H.C.M.: Amandebele van Fene Mahlangu en Hun Religieus - Sociaal Leven. 1921, p. 120.

3) Junod, H.A. a.w. Vol. I, p. 37; Stayt, H.A. a.w., p. 86; Krige, E.J. a.w., p. 64; Hunter, M. a.w., p. 150; Fourie, H.C.M. a.w., p. 120; Walk, L. a.w., p. 47; Ashton, H. : The Basuto, 1952, p. 29.

4) Stayt, H.A. a.w., p. 86.

5) Junod, H.A., a.w., Vol. I. p. 38; Stayt, H.A. a.w., p. 86; Krige, E.J. a.w., p. 65; Hunter, M. a.w., p. 151; Fourie, H.C.M. a.w., p. 120.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



klein snytjies in die kind se liggaam ingevryf.[1]

Die moeder en kindjie bly gewoonlik in afsondering totdat sekere seremonies nagekom is. Gedurende hierdie periode is die moeder, en ook veral die kindjie vatbaar vir allerlei kwade invloede en moet spesiaal beskerm word. Die periode van afsondering word gewoonlik beëindig wanneer die naelstring afgeval het. Hierna volg daar 'n besondere seremonie waartydens die kindjie opgeneem word in die gemeenskap en die moeder toegelaat word om weer tot die samelewing toe te tree. Tydens hierdie seremonie ontvang die kind op feestelike wyse sy naam, waardeur hy dan ook aan die gemeenskap bekendgestel word.[2] By die Ndebele geskied die naamgewing gewoonlik egter eers ongeveer sewe maande na die geboorte.[3]

b. Suigelingskap en Kinderjare.

Bantoekinders word gewoonlik na twee of drie jaar gesoog, of anders voor die geboorte van 'n volgende kind.[4] Gedurende hierdie periode is die kind intiem aan die moeder verbonde. Langsamerhand begin die kind egter meer selfstandig word, en saam met ander kinders van sy of haar ouderdomsgroep lewe. Die kinders voer 'n sorgelose spelende bestaan. Van jongsaf word kinders egter geleer om hulle spel 'n opvoedkundige karakter te gee, wat hoofsaaklik daarin bestaan om hulle ouers na te boots. Namate die kinders ouer word, word dan ook van hulle verwag om van die take van hulle geslag waar te neem. Dogters moet hulle moeders help in die lande, water haal en vuurmaak. Seuns moet help met die oppas en versorging van die vee. Die Venda het die gebruik dat jong kinders 'n miniatuur statjie - mahundwani - bou, waarin die normale lewe en dagtaak van hulle ouers nageboots word.[5]

33/ .....

1) Krige, E.J. a.w., p. 66.

2) Junod, H.A. a.w., Vol. I, p. 38; Stayt, H.A. a.w., p. 89; Krige, E.J. a.w., p. 69; Hunter, M. a.w., p. 155; Ashton, H. a.w., p. 32.

3) Fourie, H.C.M. a.w., p. 121.

4) Junod, H.A. a.w., Vol. I. p. 60; Stayt, H.A. a.w., p. 94; Krige, E.J. a.w., p. 73; Hunter, M. a.w., p. 158; Fourie, H.C.M. a.w., p. 123.

5) Stayt, H.A. a.w., p. 99 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By die Zoeloe, Swazi en sommige ander Ngoeni-stamme, asook by die Ndebele, word 'n belangrike seremonie, die deurboring van die oorbel, aangetref wat ook 'n oorgangstadium is, en gepaard gaan met die gewone kenmerke van afsondering, voorbereiding en weeropname.[1)]

c. Puberteit.

Die tekens van rypwording by die bereiking van puberteit is die eerste biologiese aanduiding van toetrede tot volwassenheid, en is dan ook die geleentheid vir die opname van die indiwidu as volwaardige lid van die gemeenskap. Aangesien die proses van rypwording geleidelik geskied is die opname nie altyd gebonde aan 'n presiese tyd nie, alhoewel fisiese rypwording by die meeste Bantoestamme die deurslaggewende faktor is. Waar groepsinisiasie plaasvind, is dit gewoonlik kinders van dieselfde ouderdomsgroep wat die plegtigheid bywoon. Aangesien die jeugdiges na afloop van die seremonies as volwassenes in die gemeenskap ingelyf is, die reg verkry het om 'n huwelik aan te gaan en met ander volwassenes mede-verantwoordelikheid in die stamsake moet aanvaar, is dit begryplik dat hierdie inlywingseremonies as van besondere belang by alle Bantoegemeenskappe beskou word. By die meeste stamme word dan ook uitgebreide seremonies aangetref ter afskeid van die jeugjare, voorbereiding vir en inlywing in die nuwe volwasse lewe.

Weens die uitgebreide aard van die seremonies en die groot verskille wat betref die vorm daarvan tussen die verskillende Bantoestamme, kan die inisiasieseremonies hier slegs in hooftrekke behandel word, sover dit nodig is om die geaardheid en grondliggende betekenis daarvan te begryp.

i) Seuns. By die Sotho, die Tsonga en die Ndebele neem die inisiasie die vorm aan van 'n volkskool[2)] deurdat die sere-

34/ .....

1) Krige, E.J. a.w., p.81 e.v.; Fourie, H.C.M. a.w., p. 122.

2) Eiselen, W.M.: Stamskole in Suid-Afrika. 1929, p. 30; Junod, H.A. a.w., Vol. I. p. 75; Fourie, H.C.M. a.w., p. 125, Ashton, H., a.w., p. 46.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



monie deur die stamhoof gereël word en alle kandidate van die stam saamgetrek word. Die Venda en Xhosa het ook groepsinisiasie[1], maar dit dra nie so 'n volkskarakter nie. Die Zoeloe het slegs indiwiduele inisiasie wat ook meer 'n gesinskarakter dra[2]. By alle Bantoe is dit gebruiklik dat die seuns simbolies afskeid neem van die ou lewe deur afstand te doen van hulle ou klere, asook deur hulle hare af te skeer. By die Sotho, die Tsonga, die Xhosa en die Venda word besnydenis ook toegepas. By die Venda is die besnydenisskool egter 'n meer onlangse toevoeging. Vroeër het hulle slegs die Thondo-skool gehad, wat voortdurend gefungeer het en deur seuns van jongsaf gereeld bygewoon is[3]. Ook het die Zoeloe vroeër 'n besnydenis-seremonie gehad, wat egter deur Tsjaka om militêre redes afgeskaf is.

Alle inisiasieskole is geheim en die kandidate moet dus afgesonder word. Waar groepsinisiasie gebruiklik is, word 'n spesiale stamskool vir die doel gebou wat later afgebrand word. Tydens die periode van afsondering ontvang die kandidate formele onderrig in stamsake, die stamwette en -tradisies, geslagsake en ander aangeleenthede wat op mans betrekking het. Groeps-inisiante moet met 'n spesiale geheim-taal praat as teken van die besondere posisie waarin hulle verkeer. Ook moet hulle gehardheidstoetse deurstaan.

Aan die einde van die inisiasie periode volg die inlywingseremonies wat gewoonlik uit danse en feeste bestaan, en ook ontvang die kandidate nuwe klere en 'n nuwe naam.

ii) Meisies. Die inisiasie van meisies is minder belangrik as dié van seuns, omdat vroue nie regspersoonlikhede is en daarom nie so 'n deeglike kennis van die stamwette hoef te dra nie, en ook omdat hulle nie aan oorloë deelneem nie, en nie as soldate

35/ .....

---

1) Stayt, H.A. a.w., p. 101; Bruwer, J. : Die Bantoe van Suid-Afrika. 1956, p. 102.
2) Krige, E.J. a.w., p. 88.
3) Stayt, H.A. a.w., P. 101.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgelei hoef te word nie. By die Zoeloe, Xhosa en Tsonga is inisiasie vir meisies indiwidueel, terwyl daar by die Sotho en Venda ook groeps-inisiasie vir meisies is.[1)]

Ook hier is die inisiasie geheim en is daar dus 'n afsonderingsperiode. Ook word van die ou lewe afskeid geneem deur afstand te doen van die ou klere en die hare te skeer. Tydens die afsonderingsperiode ontvang die kandidate onderrig in sake wat vir vroue van belang is, en vernaamlik ook oor geslagsake en hulle gedrag teenoor mans. Aan die einde van die afsonderingsperiode is daar ook inlywingseremonies en feeste. By die Venda word ook 'n gesamentlike seremonie gevind waaraan beide die jongmans en meisies deelneem.[2)]

d. Huwelik

Sodra die jongman of jongvrou die betrokke inisiasie-seremonies van haar stam deurgemaak het wat haar as volwasse lid ingelyf het, is hy of sy geregtig om 'n huwelik aan te gaan.

Die huwelik onder die Bantoe is nie slegs 'n aangeleentheid tussen twee persone nie, maar is 'n verbintenis waarby twee gesinne, en selfs meer uitgebreid twee verwantskapsgroepe, betrokke is.[3)] Deur die huwelik verlaat 'n dogter die stat van haar gesin en vestig haar in die stat van haar man se gesin om vir hulle verdere verwante in die lewe te bring, en plaas dus dadelik twee verwantskapsgroepe in 'n besondere verhouding tot mekaar. Die basiese vereiste van die huwelik is dan ook die voortbring van kinders.

By alle Bantoehuwelike is daar twee belangrike faktore wat 'n rol speel. Eerstens is daar geen willekeurige keuse van huweliksmaat nie. Daar is bepaalde voorskrifte wat die keuse

36/ .....

1) Krige, E.J. a.w., p.100; Bruwer, J. a.w., p.103; Eiselen, W.M. a.w., p.41; Stayt, H.A. a.w., p.106, Ashton, H. a.w., p. 57.

2) Stayt, H.A. a.w., p.111.

3) Junod, H.A. a.w. Vol I, p.106; Stayt, H.A. a.w., p.144; Krige, E.J. a.w., p.120; Hunter, M. a.w., p.187; Fourie, H.C.M. a.w., p. 105; Coertz, P.J.: Die Huwelik by die Bakoni Tydskr. vir Hed. Rom. Holl. Reg. Vol.6, Nr. 4, 1942, p.296.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 'n huweliksmaat beïnvloed. Tweedens word die ooreenkoms getref tussen twee familiegroepe en gaan gepaard met die oordrag van sekere roerende goedere deur die man en sy verwante aan die verwante van die bruid. Voorts moet daar op gewys word dat poligamie by alle Bantoe toegelaat word, en selfs as wenslik beskou word.

By die Sotho, die Venda en die Ndebele, geld die voorkeurhuwelik dat 'n jongman moet trou met die dogter van sy moeder se broer.[1] Ook word huwelike tussen 'n man en sy vader se suster se dogter toegelaat. Veral by die Sotho geld hierdie reëls as van groot belang en indien 'n jongman met sy moedersbroer se dogter trou, word sy outomaties sy hoofvrou, al het hy reeds tevore met 'n ander vrou getrou. Sekere huwelike is egter vir hom verbode, byvoorbeeld 'n huwelik met sy moeder se suster of sy broer se dogter. By die Tsonga en die meeste Ngoeni-stamme val die klem nie soseer op 'n besondere voorkeur-huwelik nie, maar veral op die strenge verbodsbepaling op 'n huwelik tussen persone wat aan dieselfde verwantskapsgroep behoort. Persone wat dieselfde patriliniêre sibbenaam dra is vir mekaar broers en susters en mag dus nie trou nie. Onder die Zoeloe is ook 'n huwelik met iemand wat verwant is deur enigeen van die linies van die vier grootouers, streng verbode.[2]

Die verlowing en huweliksonderhandelinge is tussen die verskillende Bantoestamme dikwels baie uiteenlopend. Basies kom dit egter daarop neer dat huweliksonderhandelinge aangeknoop word, gewoonlik deur die familie van die man maar soms ook deur die vrou se familie. Tydens hierdie onderhandelinge word allerlei gebruike nagekom en geskenke tussen die onderhandelende groepe oorhandig ten einde die verhouding te verstewig. Ten slotte

37/ .....

---

1) Bruwer, J. a.w., p. 73; Fourie, H.C.M. a.w., p.105, Coertze, P.J. a.w., p.300; Ashton, H. a.w., p. 63; Coertze, P.J. : Die sluiting van 'n Huwelik by die Ba Moletse. Tydskr. vir Hed. Rom. Holl. Reg., Vol. 6, Nr. 4, 1939, p.267.

2) Krige, E.J. a.w., p. 23 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sal ooreengekom word oor die roerende goedere wat oorhandig moet word. Hierdie goedere, bekend onder die Zoeloe as lobolo[1] en by die Sotho as bogadi[2], bestaan hoofsaaklik uit beeste asook bokke en hoenders en selfs skoffelpikke. Dit dien as herstelling van die ewewig deur die familie van die vrou te vergoed vir hulle verlies van 'n vrou wat vir hulle kinders kan baar, en hulle weer in die vermoë plaas om 'n plaasvervangende vrou vir hulle familie te trou.

Die werklike voltrekking van die huwelik is eintlik net die finalisering van die lang prosedure wat reeds met die onderhandelings begin het. By sommige stamme is die seremonies en feeste meer uitgebreid as by ander. In wese kom al die seremonies egter neer op 'n afskeid van die stat van die vrou asook van haar maagdelike jongmeisieskap, 'n periode van afsondering en voorbereiding en ten slotte 'n feestelike verwelkoming by die stat van die bruidegom wat dan ook die inlywing in die nuwe lewe simboliseer. In werklikheid egter is die huwelik nog nie voltrek alvorens 'n eerste kind gebore is nie.[3]

e. Dood en Begrafnis.

Die gebruike verbonde aan die dood en begrafnis onder die Bantoe dui duidelik daarop dat die dood nie die einde van die lewe is nie, en neem die begrafnis die vorm aan van 'n seremonie van oorgang van een aardse lewensfase op 'n super-naturalistiese nuwe lewensfase.

Sodra dood intree, word deur die vroulike familielede luid geween en ook word die tyding uitgestuur. Dit is algemene gebruik om die oorledene te was en met sekere medisyne te reinig, aleer hy voorberei word vir die graf. Mans word meestal in 'n

38/ .....

1) Ibid. p. 120.

2) Harries, C.L. a.w. p.2 e.v.

3) Vergelyk: Junod, H.A., a.w., Vol. I. p.109 e.v.; Stayt, H.A. a.w., p.147 e.v.; Krige, E.J. a.w., p.134 e.v.; Hunter, M. a.w., p.193 e.v.; Fourie, H.C.M. a.w., p.113 e.v.; Harries, C.L. a.w., p.1 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beesvel toegedraai, terwyl vroue in 'n kombers of mat gewikkel word. Die afgestorwene word in 'n graf begrawe tesame met sekere persoonlike besittings en voorwerpe wat hom op sy weg moet vergesel, soos wapens, verskeie soorte saad, ens.

Na die begrafnis volg daar 'n reinigingseremonie vir almal wat daarby betrokke was, asook 'n periode van rou vir die direkte verwante van die afgestorwene.[1]

## B. In Hovesground.

### a. Swangerskap en Geboorte.

In Hovesground is 67% van die geboortes buite-egtelik. Inderdaad het byna iedere meisie een of twee kinders voordat sy trou. Hierdie toestand is so algemeen dat 'n jongmeisie wat geen kinders het nie moeilik sal trou omdat sy dan as onvrugbaar beskou word.[2] Hierdie toestand het 'n algehele verandering meegebring wat betref die beskouing ten opsigte van kindergeboorte.

Onder tradisionele Bantoegemeenskappe het groot gesinne aan beide die vader en die moeder heelwat aansien verleen, en was die geboorte van 'n kind 'n baie groot en belangrike gebeurtenis.[3] In Hovesground waar die huwelik nie meer essensieel is vir kindergeboorte nie, en kinders ook nie vir die huwelik nie, is die geboorte van 'n kind nie meer so 'n veelgesogte gebeurtenis nie. Hierby moet ook nog die allesbelangrike ekonomiese oorweginge gereken word. Onder tradisionele toestande was kinders vir hulle ouers 'n aansienlike ekonomiese bate, terwyl jong kinders in Hovesground vandag 'n taamlike geldelike las op

39/ .....

1) Vergelyk: Junod, H.A. a.w., Vol. I, p.113 e.v.; Stayt, H.A. a.w., p.161, e.v.; Krige, E.J. a.w., p.159 e.v.; Hunter, M. a.w. p.227, e.v.; Fourie, H.C.M. a.w., p.141 e.v.; Ashton, H. a.w., p.107.

2) Sien ook Krige, E.J.: Changing Conditions in Marital Relations and Parental duties among Urbanized Natives. In Africa Vol.IX No.1. p.4. Vir 'n verdere uiteensetting sien latere afdeling oor die huwelik.

3) Sien bv. Krige, E.J.: Individual Development. In Schapera, I: The Bantu Speaking Tribes of South Africa. p.95, asook die voorgaande bespreking.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle ouers plaas. Soos later gesien sal word, het die ekonomie van die gesin sodanig verander dat daar nie van seuns of dogters verwag word om enige bydrae te lewer nie, soos hulle in die verlede, hoofsaaklik as ekstra arbeidskragte, gedoen het, terwyl die moontlikheid van 'n bruidskat te kry vir dogters ook vandag baie twyfelagtig geword het. Om hierdie redes is groot gesinne by beide mans en vroue vandag nie baie gewensd nie.

Wanneer aan ouers gevra word waarom hulle kinders gekry het, is die antwoord gewoonlik: „Hulle sal vir ons sorg wanneer ons oud geword het." Van die ouer-kind verhoudinge wat nog streng nagevolg word is dié van ouersorg seker die belangrikste en blyk dit in Hovesground die vernaamste motief vir die verwekking van kinders te wees.

Wat die beskouing betref aangaande die ideale aantal kinders per gesin, is daar 'n aanmerklike verskil tussen mans en vroue. Vroue wil die aantal algemeen beperk tot een of twee, terwyl by mans 'n meer „skouerophalende" houding in die verband bestaan, vir hulle maak dit nie baie saak nie, maar gewoonlik verkies hulle minstens twee. Van die 877 vroue in Hovesground wat kinders het, het hulle gemiddeld 1.6 kinders per persoon of 1,418 kinders.

Onder tradisionele toestande was daar by getroudes geen begeerte om geboortes te beperk nie, alleenlik om die korrekte tydperke te laat verloop tussen geboortes. In Hovesground blyk daar 'n steeds groeiende begeerte te wees om meer te weet van verskeie metodes van geboortebeperking en veral die vroue het heelwat kennis van moderne metodes en bespreek dit onderling met mekaar.

i) Swangerskap.

Die eerste tekens van swangerskap is afwesigheid van menstruasie of mislikheid. Gewoonlik word die toestand aangedui as „sy is siek met 'n kind." Dit is egter vir die vroue nie iets waarvoor hulle skaam is of wat hulle probeer wegsteek nie,

40/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



behalwe soms by 'n eerste geboorte. Hulle is heeltemaal openlik daaroor en dit word selfs voor kinders bespreek.

Die houding teenoor die swangerskap hang heeltemaal af van die verhouding van die vrou teenoor die vader van die kind. Indien sy ongetroud is en daar nie 'n erkende verhouding tussen haar en die man bestaan nie, sal die vrou, of meisie, deur middel van 'n tussenganger, 'n vriend of familielid, haar vader in kennis stel. Hy sal haar dan roep en in die teenwoordigheid van haar broers en ander manlike verwante vir haar uitvra om vas te stel wie die man is en hoe en wanneer hulle mekaar ontmoet het, en al die besonderhede oor die geval vasstel. Die vader en die ouer broers van die dogter, tesame met 'n tussenganger sal dan die familie van die man gaan opsoek en onderhandelinge met hulle aanknoop.[1)]

Waar die verwagtende moeder getroud is, of 'n vaste kêrel het wat by haar woon of by wie sy woon, sal sy, indien die inwoning patrilokaal is, vir haar skoonmoeder van die swangerskap verwittig en indien die inwoning matrilokaal is sal sy vir 'n suster van haar moeder en in sommige gevalle vir haar moedersbroer in kennis stel. Hierdie persone sal op hulle beurt vir haar moeder en vir haar man vertel. Indien, soos baie die geval is, die man en vrou alleen in Hovesground woon en albei se ouers nog op die platteland, dan sal 'n boodskapper op 'n geleë tyd met die nuus gestuur word.

Sodra almal met die gebeurtenis bekend gestel is, sal in die geval van 'n eerste geboorte die skoonmoeder of anders 'n vroulike familielid of vriendin van die moeder die verwagtende moeder kom inlig aangaande die geboorte en swangerskap. Baie vroue gaan ook na die kliniek in Bantule waar hulle ondersoek word en adviseer word aangaande hulle swangerskap.

Vroue wat werk of wasgoed doen, hou gewoonlik daarmee aan tot in die sesde of sewende maand van swangerskap. Hulle gaan gewoon aan met hulle lewe, en sal nie skroom om enige swaar

41/ ......

1) 'n Verdere bespreking van die onderhandelinge sal gegee word in die afdeling oor die huwelik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werk te doen nie wat ook help om „die lende en senings los te maak." Baie vroue dra gedurende hulle swangerskap sekere amulette om hulle te beskerm en om gevare af te weer. Gedurende die swangerskap word alle voorgeskrewe voorsorgmaatreëls noukeurig nagevolg om vir beide die moeder en die kind goeie gesondheid te besorg en om 'n maklike bevalling te verseker. Indien 'n verwagtende moeder ongesteld voel, sal sy soms na die kliniek gaan, maar die oorgrote meerderheid vertrou in derglike gevalle op die plaaslike toordokters om die oorsaak vas te stel en te genees.

Oor die algemeen mag vroue gedurende swangerskap eet wat hulle wil, en weens die besondere toestand waarin hulle verkeer, word daar in dié tyd aan al hul grille en giere toegegee. Een betreklik wydverspreide voedseltaboe in die tyd is egter die eet van pampoen wat die foetus „slymerig sou maak en sonder vorm." Oor die wyse van voorbereiding en eet bestaan daar ook geen besondere restriksies nie, behalwe by die BaVenda, wat nog die reël onderhou dat 'n vrou veral gedurende die laaste maande van swangerskap, staande moet eet.[1)]

Groot voorsorg word getref dat die vrou gedurende swangerskap nie moet skrik of iets afgrysliks sien nie, wat anders 'n effek op die kind sou hê en hom 'n bang kind sou maak. Om dié rede mag sy nie meer na bioskope of na 'n sirkus gaan nie en ook nie na groot feeste nie, selfs hospitale moet vermy word. Sy moet ook soveel moontlik probeer vermy om na diere en kreupel mense te kyk anders sou die kind ook so kon lyk. Ook na groot dinge, soos groot bome of groot geboue, moet sy nie kyk nie, anders word die kind te groot en die bevalling baie bemoeilik. 'n Geloof wat deur alle vroue baie streng nagevolg word, is dat hulle in swangerskap alles met knope moet vermy, anders sal die kind verstrik raak en nie kan afkom nie. Om dié rede sal geen

42/ .....

1) Vgl. Stayt, H.A.: a.w., p.85.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verwagtende vrou enige brei- of vlegwerk doen nie, terwyl sy ook geen klere dra wat geknoop hoef te word nie. Om dieselfde rede sal die mans van die vroue, veral gedurende die laaste paar weke voor die bevalling, ook probeer om knope te vermy. Hulle sal nie meer 'n das of boordjie, lyfbande of kruisbande dra nie en knoop ook nie hul skoenveters nie.

Geslagsverkeer tussen die man en vrou gaan normaal voort tot ongeveer die sesde maand van die swangerskap, en in sommige gevalle tot baie na aan die bevalling, omdat sommige inwoners glo dat die semen van die man "help om die kind te bou." Geen besondere voorsorg word dan getref om die foetus te beskerm nie. In veel gevalle word heel lakoniek ook bygevoeg dat 'n man geen vryasies of gemeenskap mag hê met ander vroue terwyl sy eie vrou swanger is nie!

Beide mans en vroue verkies dat die kinders, en veral die eersgeborenes, seuns moet wees. Sommige mans beweer dat hulle deur die diepte waarop hulle die semen in die vrou inplant, kan reël of die kind 'n seun of 'n dogter sal wees. Kruiedokters verkoop ook medisyne wat die vrou inneem voor gemeenskap en ook nadat swangerskap ingetree het, wat dan 'n seun sal verseker.

ii) Geboorte.

Groot verskeidenheid heers ten opsigte van die plek waar die vrou heen gaan vir die geboorte. Van die 36 bevallings waarvan ek kennis gedra het, het 8 of 16.6% na verpleeginrigtings gegaan vir die bevalling, 9 of 25% het na die platteland gegaan, en 19 of 58.4% van die bevallings het in Bantule plaasgevind.

Die 8 vroue wat na verpleeginrigtings gegaan het, een waarvan 'n eerste geboorte was, het almal direk van hul huise daarheen gegaan met die begin van die kraampyne. Van hulle het 3 by hul eie ouers gebly en daarvandaan na die verpleeginrigting gegaan, terwyl 4 van die orige 5 se moeders by hulle kom bly het 'n paar weke voor die bevalling. Van die 9 vroue wat na die tuisgebiede gegaan het vir die bevalling, het 6 vir die geboorte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van 'n eerste kind gegaan na die huis van hul eie ouers, een het vir die geboorte van 'n tweede kind na haar moeder gegaan, een het vir die geboorte van haar eerste kind na haar skoonouers gegaan omdat hulle nie ver van Pretoria af woon nie, en een is vir die geboorte van 'n tweede kind na 'n familielid op 'n nabygeleë plaas, omdat die koste verbonde aan 'n geboorte daar minder sou wees. Van die 19 geboortes wat in Hovesground plaasgevind het, was 7 die geboorte van 'n eerste kind. Hiervan het 5 vroue by hul ouers gewoon, waar die geboorte plaasgevind het en die ander 2 het 'n paar weke voor die geboorte by hul ouers elders in Hovesground gaan woon vir die bevalling. Van die orige 12 het 4 by hul ouers gebly, waar die geboorte plaasgevind het, 3 het na hul ouerhuise elders in Hovesground en Bantule gegaan vir die geboorte en van die 5 wie se geboortes by hul eie huise plaasgevind het, het een se moeder na haar gekom vir die bevalling.

Die groot verskil in gebruik val hier dadelik op. Tog is daar egter sekere sterk ooreenkomste, veral dat die moeder van die vrou in 83.3% van die gevalle teenwoordig of byderhand was tydens die bevalling en die laaste weke van swangerskap. In 58.4% van die gevalle het die bevalling in die ouerhuis of vanuit die ouerhuis van die vrou plaasgevind en in 24.9% het die moeder na die dogter gegaan vir die bevalling, terwyl in die geval van eerste geboortes al die geboortes in of vanuit die huis van die ouers van die vrou plaasgevind het, behalwe in een geval, waar die verwagtende vrou na haar skoonouers se huis gegaan het, omdat dié veel nader was aan Pretoria en die koste van vervoer dus baie laer was.

Van die 36 bevallings het 8, soos reeds gesien, in verpleeginrigtings plaasgevind. Die 9 vroue wat na die platteland gegaan het, is almal bygestaan deur plaaslike vroedvroue (onopgeleid, maar vroue met ondervinding van geboortes) en verwante. Die 19 bevallings wat in Hovesground plaasgevind het, is waargeneem in 11 gevalle deur geregistreerde vroedvroue, byge-

44/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staan deur verwante, in 7 gevalle deur onopgeleide plaaslike vroedvroue bygestaan deur verwante en in 1 geval het twee vroue uit die omliggende distrik gekom wat baie ervaring met geboortes het en is ook bygestaan deur verwante.

Dit wil hieruit voorkom of die sosiale orde geen bepaalde gedragspatroon daargestel het nie. Tog loop daar deur hierdie verskeidenheid van gebruike, wat hoofsaaklik meegebring is deur omstandigheidsfaktore, een draad of vormpatroon en is daar sekere gedragskodes waarvan nooit afgewyk sal word nie.

In veel gevalle gaan die jongmans platteland toe om daar te trou, en dan is dit die gebruik dat die vrou daar bly by die kraal van haar ouers tot na die geboorte van die eerste en selfs die tweede kind. Die man gaan af en toe besoek aflê en geboortes word daar waargeneem soos die gebruik van die stam of die omgewing voorskryf. Dit is nie vir ons nodig om sulke geboortes hier te beskryf nie.

In gevalle waar die man en vrou beide in Hovesground woon, is die normale gedragspatroon by geboortes as volg:- In die geval van 'n eerste geboorte sal die vrou, indien haar ouers buite die stadsgebied woon, ongeveer twee maande voor die bevalling na haar ouers gaan waar die geboorte sal plaasvind. Indien die ouers van die vrou in Hovesground of 'n ander lokasie om Pretoria woon, bly sy, indien inwoning matrilokaal is, wat by 77% van die eerste geboortes nog die geval is, by haar ouerhuis vir die bevalling, of as sy elders woon sal sy gewoonlik 'n week of twee voor die bevalling na haar ouerhuis gaan. Vanaf die tweede bevalling bly die vrou gewoonlik by haar eie huis, maar in veel gevalle sal haar moeder dan nog na haar toe kom vir die bevalling.

Kort nadat die verwagtende vrou by haar ouerhuis gekom het, of anders kort voor die geboorte, sal 'n toordokter gewoonlik ingeroep word om die dolosse te gooi ten einde te bepaal hoe die kind lê, en of die bevalling moeilik sal wees. Selfs in

45/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevalle waar die bevalling in 'n verpleeginrigting waargeneem word, word vooraf nie nagelaat om die toordokter te raadpleeg nie. Inderdaad, in een geval waar hy voorspel het dat die geboorte moeilik sal wees, het die familie besluit om die vrou na 'n hospitaal te stuur vir die geboorte, waar sy verseker sou wees van die allerbeste behandeling.

Kort voor die bevalling sal die vrou self die kamer waar die geboorte moet plaasvind, voorsien van 'n nuwe misvloer of andersins sal die vloer gepoleer word om hom skoon te kry, aangesien die bevalling altyd op die vloer plaasvind, en nooit in die bed nie. In gevalle waar die vrou en haar gesin net een kamer bewoon en die bevalling daar moet plaasvind, en indien daar nie gereël kan word, soos gewoonlik in die gevalle gedoen word dat die man, en indien daar is, die kinders elders gaan woon tydens die bevalling nie, sal die vrou dan een deel van die kamer afsonder en 'n skerm daarom bou, sodat sy as't ware 'n afgesonderde kraamkamer binne die woonkamer maak.

Die vrou hou aan met haar gewone werksaamhede en pligte totdat die eerste kraampyne begin. Waar sy by Blankes in die stad werk, sal sy gewoonlik, op hulle versoek, ongeveer 'n maand voor die bevalling ophou met werk. Andersins maak die verwagting geen inbreuk op haar pligte nie, selfs tot op die laaste ure toe. Sodra die eerste tekens van die kraamproses begin, sal die vrou, indien sy na 'n inrigting gaan, saam met haar moeder daarheen gaan, gewoonlik per huurmotor. Alhoewel hierdie gevalle al hoe meer begin plaasvind[1] omdat 'n steeds groeiende persentasie van die bevolking die waarde van die groter mate van higiëne en wetenskaplike kennis begin waardeer, beskou die oorgrote meerderheid van die inwoners dié gebruik met 'n groot mate van skeptisisme en word daar heelwat skinderpraatjies ver-

46/ .....

1) Vgl. die groeiende aantal gevalle met Hellman, Ellen a.w., 1948, p.55; Hunter, Monica a.w., p.472; Levin, Ruth : Marriage in Langa Native Location 1947, p.79.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tel oor vroue wat na inrigtings gegaan het en toegelaat het dat mans teenwoordig is by die bevalling.

Waar die bevalling tuis plaasvind, word die vrou gewoonlik bygestaan deur òf 'n geregistreerde vroedvrou en verwante, of stamgenote, òf bloot deur vroue wat ondervinding het van geboortes, gehelp deur verwante. Sodra die kraamproses begin, gaan die vrou na die voorbereide kraamkamer, en trek haarself heeltemaal uit. Haar klere word deur die vroedvroue uit die kamer uitgeneem, en spesiale voorsorg word getref dat daar niks in die kamer hang nie, omdat dit 'n vertraagde bevalling sou bewerkstellig. Alle klere wat in die kamer hang word verwyder, asook alle prente aan die mure en die vroedvroue sal spesiaal kyk dat daar geen spinnerakke in die kamer is nie. Hierna sal die vroedvrou 'n riet oor die ingang van die deur plaas. Dit dien as teken dat geen mans en vroue wat onrein is, d.w.s. almal behalwe jongmeisies en ou vroue wat nie meer kinders kan baar nie, in die kamer mag kom voordat die riet verwyder word nie. Veral verwagtende vroue, vroue wat menstrueer of onlangs gemeenskap met 'n man gehad het, mag nie naby die kamer kom nie, aangesien hulle teenwoordigheid baie skadelik kan wees vir beide die vrou en die kind. Indien 'n verwagtende vrou in dieselfde huis woon, veral gedurende die laaste 4 maande van swangerskap, sal sy die huis moet verlaat tydens die bevalling.

Wanneer die water afkom en dit stadig vloei, sal dit 'n teken wees van 'n vertraagde geboorte en sal 'n toordokter dan soms ingeroep word. As die water egter vinnig vloei, sal dit 'n teken wees dat die kind gou sal kom en sal almal verheug wees.

Geboortes vind altyd op die grond plaas, terwyl die vrou blootgestel word aan 'n aansienlike en waarskynlik baie pynlike mate van manipulasie. Soms word 'n koord om die buik gebind en stelselmatig stywer getrek. Daar word beweer dat die vader vooraf op hierdie koord sal urineer sodat die knoop wat met hom gemaak word nie die geboorte sal belemmer nie. Die vrou word gewoonlik water gegee om te drink en, indien die geboorte lank

47/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duur, word sy die sop wat gekook is van sekere wortelsoorte ingegee, wat skynbaar dieselfde uitwerking het as 'n purgeermiddel. Indien moeilikheid ondervind word met die geboorte, word dan gewoonlik 'n geregistreerde vroedvrou ingeroep, of selfs 'n medikus. In sommige gevalle sal 'n toordokter ingeroep word, wat dan allerlei kruie en drankies het wat bedien word.

Wanneer die kind gebore word, word die naelstring met 'n skêr afgesny op die lengte vanaf die nael tot die knie, of somtyds op die breedte van 'n hand. In sommige gevalle word die naelstring afgebind en soms word dit behandel met as of roet om die afval daarvan te bespoedig. Direk na geboorte word die kind in louwarm water afgewas. Hierdie water word in die aand sorgvuldig in die spruit afgegooi, omdat dit vol van die bloed van geboorte is en dus taboe, en sodat die honde dit nie kan oplek nie. Die nageboorte word sorgvuldig deur 'n ou vrou van aansienlike status, of soms deur die vroedvrou in koerantpapier toegevou en ook in 'n hemp van die vader. Dit word dan in dieselfde nag agter die huis of hut begrawe, 3 tot 4 voet diep sodat die honde of towenaars dit nie kan kry nie. Soms word dit in die wal van die spruit begrawe sodat dit later wegspoel.

Die vader, wie onder geen omstandighede vir die moeder mag sien nie, word dan van die geboorte van die kind vertel, of dit 'n seun of 'n dogter is, hoe die kind lyk en of dit na hom lyk. Soms word baie noukeurig deur die vroedvrou opgelet wat die eerste reaksies van die kind is na geboorte en volgens hierdie tekens word die vader dan vertel wat die geaardheid van die kind gaan wees, of die kind buierig, bang of goedgeaard gaan wees, ens. Die vader laat dan aan die moeder sy dankbaarheid weet oor die geboorte en dat albei nog gesond is. Somtyds besluit die vader by die geleentheid reeds op die naam van die kind, en laat die moeder dié ook weet.

Die afsondering van die vrou duur voort tot minstens die naelstring afgeval het. Die gewone tyd van afsondering is 10

48/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dae maar dit wissel en duur soms tot drie maande. Gedurende hierdie afsonderingstyd bly die moeder en die kind in die kraamkamer, en mag alleen die vroue sien wat gehelp het tydens die bevalling. Sy mag die kamer uitvee en haar en die kind se klere was, maar verder doen sy nie veel nie.

Op die dag na die geboorte is dit gebruiklik vir vroulike verwante en vroulike stamgenote en bure van haar eie ouderdomsgroep om elk 'n blik met water te gaan tap en voor die deur van die kraamkamer te plaas. Hulle word dan deur 'n verwante van die moeder, gewoonlik haar eie moeder, bedank wat dan die water inbring. Die jong moeder was dan haar hele lyf en die kind met hierdie water wat dan dien as 'n reinigingseremonie. In sommige gevalle word die vader hierna toegelaat om die kind te sien, wat deur een van die helpers deur die venster gehou word. In sulke gevalle word egter groot voorsorg geneem dat die vader eers sy hande en gesig was en heeltemaal „afkoel" van die dag se werk. Hy sal gewoonlik eers die baba gewys word nadag hy 'n hele ruk al tuis is en nadat hy geëet het.

Groot sorg word ook getref dat die naelstring nie in die verkeerde hande kom as dit afgeval het nie. Dieselfde vrou wat die nageboorte begrawe het sal, sodra die naelstring afgeval het, dit ook op 'n geheime plek begrawe of soms sal sy dit in die latrine weggooi. Gewoonlik word hierna die periode van afsondering beïndig. Hierna volg 'n seremonie waarvan die betekenis nie heeltemaal duidelik is nie. Sommige skrywers noem dit <u>naamgewingseremonies</u>[1], ander <u>voorstellingseremonies</u>[2], en ook soms <u>inlywingseremonies</u>[3].

In die geval van 24 van die 36 geboortes, d.w.s. 66% het die ouers, direk na die periode van afsondering, 'n fees

49/ .....

---

1) Sien Fourie, H.C.M. a.w., p.120; Junod, H.A. a.w., Vol.I, p. 38, Hunter, Monica: a.w., p. 474.

2) Sien Levin, Ruth a.w., p. 79. Hellmann Ellen a.w. in <u>Schapera</u> p.414.

3) Sien Hellmann, Ellen: a.w., 1948, p.61. Hellmann gebruik beide „coming out" en „aggregation ceremony."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gereël, waarop beide die kind en die moeder vir die eerste keer tevoorskyn gekom het, en waarop ook aan die kind 'n naam gegee is. Terselfdertyd het die gaste geskenke aan die kind gegee as bewys dat hulle hom erken en is die kind ook aan die wêreld voorgestel deur hom die son, bome ens. te wys. Die fees het dus die eienskappe van bekendstelling, naamgewing en inlywing. In die orige 12 gevalle, 33%, waar die ouers almal Christene was, het dieselfde fees eers 'n paar maande later plaasgevind, waar dit gekombineer is met die doop, en in werklikheid daarna plaasgevind het. Die kind was by die geleentheid dus al reeds bekend aan die gemeenskap, en die fees het hier plaasgevind na, of moontlik ter erkenning van, die naamgewing en het net die eienskappe van inlywing in en aanvaarding deur die gemeenskap gehad, Dit wil voorkom asof hierdie fees primêr 'n inlywing van 'n nuwe lid in die gemeenskap is en dat die voorstelling van dié lid aan die gemeenskap en die naamgewing waardeur die lid aan die gemeenskap bekend sal wees, sekondêre bykomstighede van die fees is.


Gewoonlik word vir die fees 'n bok of 'n skaap geslag[1] deur die ouers van die kind, asook bier gebrou. Alle familielede, stamlede en vriende word dan na die fees uitgenooi. Hulle sal dan op die bepaalde dag bymekaarkom in die huis, maar in 'n ander kamer as waar die geboorte plaasgevind het. 'n Verwante wat 'n baie vooraanstaande lid van die gemeenskap is, sal dan die kind indra en vir hom die son, die lig, die bome, die spruit en alle belangrike natuurvoorwerpe wys, terwyl hy bv. sê: „Daar is die son, hy is jou maat." Hierna sal een van die ouer familielede die stamname en familiename op 'n singende wyse opsê, soveel as wat hy ken. Hierna sal die naam van die kind aan die teenwoordige gaste bekendgemaak word deur die vader. Soms sal die naam 'n sekere gebeurtenis ten tyde van die geboorte in her-

50/ .....

1) Gewoonlik word diere buite die stad geslag en die vleis dan ingebring, aangesien die slag van diere in die lokasie verbode is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TSONGA-VROUE IN HUIDIGE STAMDRAG
BESIG MET DIE DAGTAAK.



STRAATTONEEL.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



innering roep. Indien dit gereen het, sal 'n dogter bv. Mapula heet of as die stamhoof besoek afgelê het sal 'n seun Kgosi genoem word. Anders word die naam van 'n voorouer of 'n stamhoof aan die kind gegee. Hierna sal die teenwoordiges almal 'n klein geskenkie aan die kind oorhandig. In navolging van Blanke gebruik sal gewoonlik 'n kledingstukkie gegee word. Hierna word dan fees gehou, bier gedrink, vleis geëet en gedans. Die kind is nou lid van die gemeenskap en erken deur die gemeenskap.

b. Suigelingskap en Kinderjare.

i) Suigelingskap.

Gedurende die suiglingsperiode word die kind uitsluitlik deur die moeder opgepas. Vir die eerste maand tot ses weke word die kind styf toegedraai in lappe en lê ongeveer die heeldag op 'n kombers op die grond, terwyl die moeder gedurende die tyd gewoonlik in die nabyheid bly. Van higiëne is daar nie veel sprake nie en moeders steur hulle blykbaar nie aan vlieë wat gedurig op die kind se gesig sit nie. Wanneer die kind skree, word dit opgetel en gevoed. Daar bestaan geen bepaalde voedingstye nie, en suiglinge word gevoed wanneer hulle daarvoor vra. Ook dien die borsvoeding as 'n „trooster" om die kind aan die slaap te sus wanneer dit te lastig word. Wanneer die moeder nie self haar kind kan voed nie, gebruik hulle bottels en gee die kinders koeimelk. In sommige gevalle word die voeding aangevul met 'n bekende babavoedsel wat vryelik in die Bantoe koerante en tydskrifte adverteer word.

Sommige moeders gaan gereeld met hulle babas na die kliniek waar die vordering van die kind nagegaan word en die moeder verder adviseer word. Die oorgrote meerderheid van Hovesground se moeders raadpleeg egter die toordokter. Gewoonlik word die toordokter kort na die inwydingseremonie ingeroep en maak hy 'n amulet vir die kind wat om die nek gedra word. Met normale kindersiektes weet die moeders of hulle verwante gewoon-

51/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik wat om te doen en het hulle hele series van rate wat toegepas word. Vir kinkhoes en gereelde maagpyne word die toordokter egter ingeroep vir sy „diagnose" van die oorsaak en vir medisyne.

Gedurende die eerste paar weke na die geboorte van die kind mag niemand die kind sien voordat hy of sy „afgekoel" het nie, en alle moontlike kwade invloede van buite verdwyn het. Gewoonlik bestaan dit daarin dat hulle eers in 'n ander kamer sal sit en met tee of bier bedien word, waarna hulle dan die baba mag kom besigtig.

Na die eerste weke verby is, begin die moeder die kind saam met haar ronddra. Alleen in twee gevalle in Hovesground het moeders gebruik gemaak van 'n egte „thari" wat deur die moedersbroer gemaak is van 'n bokvel. Gewoonlik dra vrouens hulle kinders net op die heup rond en sit die kind dan oral waar hulle kom op die grond op 'n kombers neer. Vroue wat werk of wasgoed inneem sal nou weer met hulle normale verpligtinge begin. Hulle neem dan die babas oral met hulle saam. In sulke gevalle maak vrouens gewoonlik gebruik van 'n tjali of 'n kombers om die kind op hul rug te dra.

Moeders in Hovesground het nog nie die Blanke gebruik aangeleer om vir hul kinders luiers aan te trek nie. Die gevolg hiervan is dat die kombers waarin die kind rondgedra word of waarop dit lê en slaap, baie gereeld gewas moet word. Bantoe moeders probeer ook nie baie om hul babas sindelike gewoontes aan te leer nie. Hulle probeer die kinders leer om nie hul moeders te bevuil wanneer hulle gedra word nie en in sommige gevalle word pogings aangewend om die kinders te leer om 'n potjie te gebruik. Wanneer babas jonk is, dra hulle geen klere nie, sodat hierdie ook nie vuilgemaak kan word nie.

Wanneer die kind ongeveer 4 maande oud is, word sy dieët aangevul met 'n baie slap mieliepap. Hierdie word op die tradisionele Bantoewyse aan die kind gevoed deur die bakkie met



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pap onder die kind se mond te hou en dan vee die moeder dit met haar twee voorvingers in die baba se mond in. Daar word natuurlik baie pap om die kind se mond gemors asook op die lyfie, wat dan nie opgevee word nie en grootliks meehelp om aan die babas so 'n vuil voorkoms te gee.

Die moeders in Hovesground aanvaar skynbaar hul babas as 'n natuurlike gebeurtenis en mens sien weinig tekens van blydskap of trots oor babas. Dit is uiters seldsaam om 'n moeder met haar baba te sien speel en lag of om die baba te streel. Die lewe van die moeder gaan na die eerste paar weke normaalweg voort en die baba maak weinig inbreuk daarop. Moeders hou almal van rustige babas wat hulle nie veel las gee nie. Gewoonlik laat moeders dan ook nie toe dat hulle kinders rondkruip nie. Sodra hulle die kruip stadium bereik word hulle maar gedurig gedra omdat dit dan vir die moeder makliker is as om gedurig te moet kyk waar haar kind is.

Moeders is ook nie enigsins besorgd oor die ontwikkeling van hul babas nie. Geen besondere moeite word gedoen om die babas te leer loop of praat nie. Normaalweg neem hulle aan dat 'n kind sal leer loop na 'n jaar en sal begin praat na twee jaar. Soms neem moeders hulle babas se hande en hou hulle regop om hulle te laat loop, maar meestal sorg die ouer broertjies en sussies hiervoor. In navolging van Blanke gewoonte, sien mens soms dat moeders hul babas wil leer om „tatta" en „hallo" te sê.

Soos reeds gesê, dra klein kinders geen klere nie. Soms probeer moeders hul kinders mooi te maak met 'n string krale om die lende en dogtertjies dra nog verder armbande of krale om die enkels. Shangana-Tsonga en Venda vroue is oor die algemeen nog baie getrou aan die tradisionele drag en trek hul kinders ook ooreenkomstig aan. Sodra kinders begin loop, word dogters gewoonlik 'n ou rokkie aangetrek en seuntjies 'n hempie, met niks onderaan nie, omdat hulle nog geen sindelikheid geleer het nie.

53/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wanneer hulle begin loop, word 'n baba bedags aan die sorg van 'n ouer broertjie of sustertjie toevertrou. Hulle gaan dan heeldag saam met die broer of suster waar hulle speel en word net af en toe huistoe gebring om gevoed te word. Gewoonlik sien mens dan ook waar ouer kinders in die straat speel, hul jonger broertjies en sussies langsaan sit en toekyk. Van hierdie ouderdom af is die grootste gedeelte van die kind se opvoeding in die hande van die ouer broers en susters en hulle maats, en word die babas dan letterlik op straat groot.

Daar bestaan geen vaste tydperk waarop babas deur hul moeders gespeen word nie. Normaalweg hou moeders aan om hul kinders borsvoeding te gee tot ongeveer 18 maande. Sommige moeders voed hul kinders tot daar nie meer melk is nie, terwyl ander hul kinders heelwat vroeër soog. Dit begin al hoe meer algemeen word dat moeders die voeding 'n las begin vind wat inbreuk doen op hul werk en soms ook op hul sosiale lewe en dus soog hulle hul kinders veel vroeër. Die geloof dat dit nadelig vir 'n baba sou wees as 'n nuwe een verwag word voordat die eerste gesoog is bestaan nog, maar omstandighede maak dit vir baie moeilik om dit te onderhou en is die periodes tussen geboortes van babas baie meer oneweredig versprei as wat onder tradisionele omstandighede aangetref is. Gewoonlik word 'n baba dadelik gespeen wanneer 'n nuwe verwag word. Normaalweg smeer moeders alwynsap aan hul borste wanneer hulle die baba soog, terwyl sommige vroue sekere kruie by die kos van die kind voeg, wat hom 'n weersin sal gee in borsvoeding.

ii) <u>Kinderjare</u>.

Wanneer mens in Hovesground inkom, is een van die vroeë indrukke die groot groepe jong kinders wat op straat speel. Hierdie is dan ook die klein wêreld van die kinders waar hulle hul dae deurbring. Die park in Hovesground is so klipperig dat kinders selde daar speel, terwyl die veld rondom Hovesground ook rotsagtig is en begroei met lang, digte gras en bossies en

54/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders selde daarheen gaan. Daar is natuurlik maar net 'n paar erwe waar kinders op kan speel, aangesien die grootste hoeveelheid byna heeltemaal volgebou is. Daar is vir die kinders dus geen ander keuse as om op straat te speel nie.

Vandat kinders begin loop, word hulle aan die sorg van 'n ouer kind oorgelaat en gaan saam met hul jong oppassertjies waar dié met hul maatjies gaan speel. Onder jong kinders is daar geen geslagskeiding merkbaar in hul speletjies nie. Die jong kinders speel wegkruipertjie, stoei, boks, bou huise van klippies, spring tou, hardloop resies, speel 'n tipe „hop scotch", bou vir hulle karretjies van draad en improviseer verder allerlei speletjies. Soms begin hulle met 'n bal speel. Van 'n ouderdom van ongeveer 5 jaar begin kinders sokker speel, wat hulle dan dag in dag uit vir ure aanmekaar speel. Op hierdie ouderdom word sekere huislike pligte van die dogters verwag. Hulle moet help om die huise uit te vee, water te haal en hul moeders by te staan in die huislike pligte. Seuns leef 'n onbesorgde en onbekommerde lewe sonder enige verpligting. Dit bring mee dat seuns en dogters vanself geskei word en vanaf hierdie ouderdom begin mens 'n skeiding van die geslagte te bemerk.

Dit is gewoonlik ook op hierdie ouderdom dat mens 'n begin van bendevorming sien onder die seuns. In hul spel tree een of ander leier na vore wat hul spele begin organiseer en die ander te beveel. Hulle speletjies begin meer georganiseerd te raak. Die seuns sal met as strepe oor die pad gooi om 'n behoorlike sokkerveld te maak en die leier van die groepie deel hulle in twee spannetjies in. Later sal hul selfs 'n ander groepie uitdaag om teen hulle te speel.

Verder speel die kinders maar soos ander kinders dwarsdeur die wêreld met 'n vuur en energie wat deurspek is met argumente. Soms sal 'n paar dogters uitgenooi word om saam te speel, maar gewoonlik bly die seuns nou 'n eksklusiewe groep.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar steek waarskynlik meer goed as kwaad in hierdie groepsvorming, aangesien dit eienskappe van leierskap, samehorigheid ens. onder die kinders aanmoedig, alhoewel die groepe ook saamspan om kattekwaad te doen en dit geen ongewone gesig is om seuntjies van 5 tot 6 jaar bymekaar te sien sit en rook nie.

Wat seuns betref het die informele opleiding van die seun in die take van sy vader, versorging van vee, jag ens. heeltemaal verdwyn, aangesien die vader 'n arbeider in die stad is. In die geval van dogters egter, word van hulle verwag om die take van 'n vrou te leer. Hierdie sluit nie die landbou in nie, wat onder tradisionele omstandighede 'n groot deel van die vrou se tyd in beslag geneem het, maar alleen die huishouding, met die gevolg dat daar vir die dogters nie veel te doen is nie. Tog is hulle lewe nie so onbesorgd as dié van die seuns nie. Die inwoners van Hovesground staan soggens baie moeg op om die arbeiders betyds weg te kry en van jong dogters word verwag om vanaf ongeveer half-vyf tot vyfuur in die oggend op te staan om hul moeders te help vuurmaak, die huis uit te vee, water te haal en kos te kook. In gevalle waar daar geen dogters is nie, moet seuns gaan water haal, maar dit is al taak wat hulle het. Alhoewel hulle dus spaartyd het, het die dogters deur die dag heelwat te doen. Om dié rede is dogters dan ook gewoonlik baie blyer om skooltoe te gaan as seuns, omdat hulle dan 'n deel van die verpligtinge kan vryspring.

Die kleredrag van kinders in Hovesground is baie power en dat baie meer van hulle nie allerlei kwale ten prooi val nie, is 'n wonder. Tot ongeveer 'n jaar dra kinders geen klere nie en tot ongeveer hul derde jaar dra seuns net 'n hempie en dogters net 'n rokkie. Totdat hulle skoolgaan dra hulle geen skoene of kouse nie, terwyl die res van hul klere duidelike tekens gee dat hulle van een kind oorgaan op die ander tot hulle byna afval. Dit is soms pateties om die kindertjies in die winter te sien in verflenterde onderhempies en geskeurde broekies met geen trui of iets anders aan nie, terwyl hul ouers soms

56/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baie goedgekleed daar uitsien. Op skole word 'n beter kleredrag van kinders vereis, en vanaf hierdie ouderdom is die Bantoe van Hovesground redelik goedgekleed.

Sodra kinders begin skoolgaan, gewoonlik vanaf hul sewende jaar, word hul dag heelwat voller en hul verpligtinge meer. Naas die skool word van hulle verwag om aan die sport en ander na-uurse aktiwiteite deel te neem asook om hul huiswerk te doen. Met uitsondering van die dissipline wat hul op skool leer en waaraan hulle onderhorig moet wees, lewe die kinders van Hovesground en veral die seuns, 'n baie vrye lewe en kan hulle min of meer doen wat hulle wil. Hulle ouers oefen baie min dissipline oor hulle uit en steur hulle nie veel aan die opvoeding van hulle kinders nie. Dit is geen ongewone gesig om saans om 10 tot 11 uur nog groot groepe kinders van onder 10 jaar op straat te sien nie. Dit is dan ook nie verbasend dat die jong jeuggroepe al gou verander in jeugbendes nie.

c. Puberteit.

Die oorgang van jeug tot rypheid en volwassenheid was by die Bantoe altyd 'n baie belangrike oorgansfase wat gekenmerk is deur seremonies van afskeid, voorbereiding en inlywing. By die meeste Bantoestamme was hierdie ook 'n geleentheid, veral by die seuns, om die stam saam te snoer om die sentrale gesag en die jeug as eenheid in diens van die gemeenskap in te lyf. Vandaar dan ook die benaming van stamskool. Vir die Bantoe in die stad is dit vandag nie moontlik om stamskole te reël nie[1)] en behalwe in gevalle waar die jeugdiges na die platteland gestuur word is daar, waar daar enige vorm van inisiasie is, alleen indiwiduele inisiasie en is dit bloot 'n familie geleentheid.

Uit ons monstergroep van 96 persone sal die volgende tabel aantoon welke vorm van inisiasie hulle deurgemaak het:

57/ .....

1) Sedert hierdie verslag geskryf is, is suksesvolle stamskole deur 'n paar stamgroepe in Pretoriase Bantoewoonbuurtes gehou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vorm van inisiasie deur indiwidue in monstergroep deurgemaak.

A. Manlik.

| Ouderdoms-groep. | Geen inisiasie. | % van totaal. | Besny deur medikus | % van totaal | Indiwiduele inisiasie in Hovesground. | % van totaal | Groepsinisiasie in platteland. | % van totaal | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-12 | 17 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 17 |
| 12-25 | 6 | 40 | 3 | 20 | 2 | 13.3 | 4 | 16.6 | 15 |
| 25-40 | 2 | 22.2 | 1 | 11.1 | 3 | 33.3 | 3 | 33.3 | 9 |
| 40 - | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 100 | 6 |
| | 25 | 53.1 | 4 | 8.5 | 5 | 10.8 | 13 | 27.6 | 47 |

B. Vroulik.

| Ouderdoms groep. | Geen inisiasie. | % van totaal. | Indiwiduele inisiasie in Hovesground. | % van totaal. | Groepsinisiasie in platteland. | % van totaal. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-12 | 19 | 86.3 | 3 | 13.7 | 0 | 0 | 22 |
| 12-25 | 1 | 9 | 8 | 72.8 | 2 | 18.2 | 11 |
| 25-40 | 0 | 0 | 8 | 100 | 0 | 0 | 8 |
| 40 - | 0 | 0 | 2 | 25 | 6 | 75 | 8 |
| | 20. | 41.7 | 21 | 41.9 | 8 | 16.4 | 49 |

Uit die tabel val dit direk op dat 27% van die mans bo 12 jaar geen inisiasie deurgemaak het nie, terwyl net een geval, of 3.7% van die vroue bo 12 nie geïnisieer is nie. Dit is dus duidelik dat die inisiasie by mans minder voorkom as by vroue, wat moontlik kan beteken dat inisiasie onder mans vandag minder belangrik is as by vroue. Die verklaring hiervoor is waarskynlik dat aangesien die idee van 'n stamskool grootliks verdwyn het, die seremonie nou bloot daar is as erkenning van die fisiese verandering en dié, altans uiterlik, by die meisie veel groter en belangriker is as by seuns. Ook is moeders, alhoewel heeltemaal futiel, baie bekommerd daaroor dat hul dogters voor 'n huwelik swanger kan raak en tree geslagsonderrig by die inisiasie van meisies heeltemaal na vore.

58/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



i) Seuns.

Die doel van inisiasie by seuns is in Hovesground nie meer so duidelik nie. Dit is seker dat besnydenis by verre die belangrikste, en soms selfs die enigste element in die hele proses is. Dit het nie veel verband met die fisiese ontwikkeling van die jong seun nie. Soos ons in die tabel sien, is nie een seun van 12 jaar of onder geïnisieer nie. Gewoonlik blyk dit dat waar daar 'n inisiasie is, dit om en by die 15de jaar plaasvind. Dit kan dus ook nie meer 'n puberteitsseremonie genoem word nie, aangesien die rypwording van die seuns gewoonlik tussen die 11de en die 13de jaar plaasvind.

Onder die groep 12 tot 25 jaar, m.a.w. die huidige jeug van Hovesground, tref ons 16.6% van die jongmans aan wat na die tuisgebiede gegaan het vir groepsinisiasie, die egte stamskool. Wanneer ons hierdie gevalle ondersoek, vind ons dat hulle almal onlangse intrekkers in Hovesground verteenwoordig, waar die seun òf geïnisieer is voor hy stad toe gekom het òf deur sy ouers teruggestuur is na die gebied waar hulle vandaan kom. In een geval het die ouers hul seun vir 'n paar jaar na die platteland gestuur omdat hulle wou hê dat hy later met 'n vrou van die gebiede moes trou, omdat hulle „nog nie so ‚los' is soos die jong meisies van die stad nie."

Hierteenoor sien ons dat 40% van die jongmans van hierdie groep glad nie geïnisieer is nie, terwyl 20% net deur medici besny is. Hiervan het een seun, wat nie 'n vader het nie, aan my vertel dat hy dit uit eie beweging laat doen het omdat die mans met hom gespot het omdat hy onbesnede was. Inderdaad is hierdie rede nie ongegrond nie. Ons sien dat 77.7% van die mans van 25 tot 40 jaar een of ander vorm van inisiasie deurgemaak het, terwyl al die mans bokant 40 jaar deur die stamskool gegaan het. Voor hulle moet 'n onbesnedene heelwat spot verduur en word heeltemaal nie as 'n man erken nie. In die lig hiervan, blyk dit eienaardig dat soveel jongmans geen inisiasie

59/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deurgemaak het nie. By nadere ondersoek blyk egter dat in al die gevalle in die 12 tot 25 groep waar jongmans nie geïnisieer is nie, of deur medici besny is, hulle seuns is van moeders waarvoor geen lobolo, bruidskat, betaal is nie. Volgens Bantoereg, is kinders die „kinders van die beeste" dus sou die jongmans eintlik nie bestaan vir die gemeenskap nie. In die seremonie van indiwiduele, of familie inisiasie, speel die man wat die lobolo betaal het naas die inisiant die hoofrol en waar hy ontbreek, is so 'n seremonie nie moontlik nie.[1)]

Hieruit kan ons aflei dat, alhoewel so 'n groot persentasie, 60%, van die jongmanne geen inisiasie deurgemaak het nie of bloot 'n mediese operasie ondergaan het, dit die gevolg is van 'n ongewenste, dog algemene toestand. Die grootste gros van die inwoners van Hovesground beskou dit nog, alhoewel hulle dit nie direk sal erken nie, as gewens dat 'n jongman deur 'n behoorlike stamskool behoort te gaan. Beskou ons die posisie van die besnede jongmanne, wat nie na 'n stamskool gegaan het nie, kan ons nie anders nie as om af te lei dat dit hier hoofsaaklik gaan om die skyn te wek van 'n inisiasie. In 58% van hierdie gevalle het ons slegs te doen met 'n operasie, onder verdowing uitgevoer deur 'n medikus. Daar is geen toetsing van uithouvermoë, strafverduring of mannekrag nie. Daar word alleenlik 'n eienskap van jeug verwyder wat dan hoogstens die kenmerk van 'n seremonie van afskeid van die ou status kan hê, en hoegenaamd geen voorbereiding of inlywing in die nuwe status nie.

Die familie inisiasie geskied as volg: Op 'n gegewe datum (ek kon nie vasstel hoe dié bepaal word nie, alhoewel dit nog altyd in die winter geskied) sal die seun vroeg in die oggend in 'n kamer van die huis afgesonder word waar hy al sy klere sal uittrek, wat dan deur sy vader verbrand word[2)] en so sal hy

60/ .....

---

1) In een geval het die moedersbroer, malome van so 'n seun opgetree, maar dit moet as uitsonderlik beskou word.

2) Weens ekonomiese moeilikhede, sal die klere baiemaal aan jonger kinders gegee word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dan die hele dag alleen deurbring. Gedurende die aand sal sy vader, 'n toordokter en 'n paar ouer manlike verwante in die kamer ingaan en dan skeer die vader sy hare af. Hierna sal die toordokter die operasie uitvoer, gewoonlik met 'n mes waarin 'n paar kepe gemaak is (soms 'n broodmes). Blykbaar maak dit nie saak of die seun enige tekens van pyn gee nie en die operasie gaan gepaard met aansienlike gillery. Hierna word die seun in 'n kombers toegewikkel en bly hy in afsondering vir 'n paar dae totdat die wond genees is. Intussen sal sy vader en besnede vriende van die inisiant vir hom kuier en sy kos bring, maar geen ander persone word toegelaat nie. Wanneer die wond genees het, sal die vader vir die seun 'n nuwe stel klere bring om aan te trek. Vooraf word hy deur sy vader geslagsonderrig gegee wat, aangesien 'n seun van die ouderdom geen onderrig nodig het nie, hoofsaaklik daarin bestaan dat die vader hom waarsku dat hy nie, wanneer hy met meisies verkeer, hulle moet impregneer en „in die moeilikheid" bring nie. Hierna word die seun se afsondering beëindig, wat gevier word met 'n fees waarna alle vriende en familie uitgenooi is en waarop vleis gebraai word, bier gedrink en gedans word.

Hierdie seremonie het al die eienskappe van afskeid, voorbereiding en inlywing, alhoewel die inlywingseremonie meer lyk na 'n fees om die einde van die periode van afsondering te vier as na 'n inlywingsfees, aangesien jong kinders ook daaraan mag deelneem. Die hoofelemente van die seremonie was duidelik dié van afskeid van jeugdige eienskappe, en veral die besnydenis.

ii) <u>Meisies</u>.

In ons tabel sien ons dat alleen een geval van 'n meisie bo die ouderdom van 12 is wat nie inisiasie deurgemaak het nie en hierdie geval was van 'n meisie wat nog nie die tekens van rypwording ondervind het nie en sekerlik in die toekoms 'n inisiasie sal deurmaak. Dit is dus duidelik dat in die geval van meisies almal vandag nog 'n inisiasie deurmaak by

61/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bereiking van puberteit. Hier, in teenstelling met die geval by seuns, het ons dus nog te doen met 'n puberteitsseremonie.

Dit is verder ook duidelik dat indiwiduele, of familie inisiasie in verreweg die meeste gevalle die gebruiklike vorm is. Inderdaad weet ek nie van een geval waar meisies na die platteland gestuur was vir groepsinisiasie nie[1] en dié wat wel so 'n vorm van inisiasie deurgemaak het, is geïnisieer voordat hulle in Hovesground kom woon het.

Die tradisionele inisiasie van meisies is baie makliker aanpasbaar by stedelike omstandighede as dié van seuns en gekoppel met die groter fisiese verandering en die feit dat sy nou kinders kan baar, is waarskynlik die rede waarom inisiasie by meisies vandag van soveel meer belang is as by seuns.

Die volgende is 'n beskrywing van die normale verloop van die inisiasie: Sodra die meisie vir die eerste maal bemerk dat menstruasie ingetree het, sal sy die volgende dag nie uit haar slaapkamer tevoorskyn kom nie. Wanneer haar moeder dan later kom verneem waar sy bly, sal sy haar van die gebeurtenis vertel. Gewoonlik is meisies vooraf deur hul moeders hiervan verwittig, sodat hulle nie te veel sal skrik nie. Die moeder sal die dogter dan dadelik reghelp. Indien daar nog ander mense in dieselfde kamer slaap, sal die moeder al hul besittings na buite dra, sodat hulle nie weer kan inkom nie, want vanaf daardie oomblik begin vir die jongmeisie haar periode van afsondering. Indien die grootmoeder aan moederskant van die meisie in Hovesground of elders in die nabyheid woon, sal sy geroep word en sal vir die periode van afsondering haar intrek by die meisie neem. Indien dit nie moontlik is nie, sal 'n ouer suster of tante ingeroep word.

62/ .....

---

1) In twee gevalle is Venda-meisies na hul tuisgebied gestuur vir die Domba-dans, maar in albei gevalle nadat hulle reeds in Hovesground indiwidueel inisiasie deurgemaak het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die meisie mag onder geen omstandighede die kamer verlaat voordat die menstruasie opgehou vloei het nie en daarna mag sy slegs na donker effens na buite gaan, vergesel van die persoon wat haar bystaan. Verder word die meisie deur hierdie persoon en deur haar moeder gereeld onderrig oor haar huislike pligte, haar gedrag teenoor haar ouers en ander mense en veral oor haar gedrag teenoor mans en geslagsake. Die hele periode van afsondering kan byna as 'n „seks-kursus" beskryf word. Benewens haar moeder en die helper sal ander ouer vroue en ook haar vriendinne wat reeds geïnisieer is, gereeld vir haar besoek, behalwe vroue wat menstrueer, swanger is, of onlangs geslagsgemeenskap gehad het, wat nie naby haar mag kom nie. Hierdie ander vroue sal ook gereeld vir haar allerlei advies oor geslagsake gee en veral vir haar vertel hoe om omgang met mans te hê sonder om swanger te word.

In sommige gevalle word die gesig van die meisie gedurende hierdie tyd met wit klei besmeer, maar in die meeste gevalle word hul gesigte vandag ingesmeer met 'n sekere pommade wat, as dit nie alles ingevryf word nie, ook die vel wit maak en ook, volgens die adverteerders die bykomstige doel dien dat dit op herhaalde gebruik die natuurlike gelaatskleur ligter sal maak. Gewoonlik sal omstandighede dit vandag nie toelaat dat die afsondering vir meer as 10 dae tot 2 weke duur nie, veral omdat die meisies nog op skool is. Hulle sal dan uit die kamer uitkom, maar die gesig sal nog wit bly sodat die mans en „onrein" vroue sal weet om hulle te vermy. Gewoonlik sien mens sulke meisies twee twee op straat stap, sodat hulle darem geselskap het en gaan hulle dan saam skooltoe. Wanneer die skoolure verby is en hulle ander verpligtinge afgehandel is, moet hulle weer na die kamer van afsondering gaan. Hierdie toestand duur dan vir ongeveer twee tot drie maande so voort.

Met die beïndiging van die afsondering, word hulle hare afgeskeer en moet hulle nuwe klere aantrek. Die ou klere word

63/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dan gewoonlik vir 'n jonger suster gegee, of verbrand. Hierna word dan fees gevier. Die familie van die meisie sal vooraf 'n klomp bier brou en sal 'n skaap of bok slag, of andersins vleis gaan koop. Alle vriende en familie word dan uitgenooi, behalwe swanger vrouens en jong kinders, wat nie teenwoordig mag wees nie. Wanneer die meisie dan tevoorskyn kom in haar nuwe klere, word sy deur al die gaste 'n klein geskenkie gegee, gewoonlik maar 'n pennie of 'n trippens. Daarna word daar gewoon feesgevier.

In die geval van meisies het ons dus werklik te doen met die drie stadia van oorgang van een lewensfase na 'n ander. Afskeid van die oue - afstand doen van ou klere en hare, voorbereiding vir die nuwe - geslagsonderrig en afsondering en wit gesig in die oorgangsfase, en verwelkoming in die nuwe fase soos gesimboliseer deur die oorhandiging van geskenke en die fees.

d. <u>Huwelik</u>.

By die Bantoe het die huwelik in hooftrekke altyd dieselfde funksies vervul as by ander gemeenskappe. Dit het 'n erkende verhouding daargestel tussen 'n man en 'n vrou waaronder gereel is hulle seksuele verhouding, die verantwoordelikheid en sorg teenoor die kinders wat uit die huwelik voortkom, die kinders 'n bepaalde posisie in 'n verwantskapsisteem gegee is en die reëls van erfreg bepaal is. Die huweliksinstelling is dan ook deur die Bantoe gerespekteer en was altyd 'n belangrike faktor in die instandhouding van die Bantoekultuur as sodanig.

In Hovesground het daar egter 'n algehele verandering ten opsigte van hierdie belangrike instelling plaasgevind. Die huwelik, soos vroeër deur die Bantoe geken, is nie meer 'n noodsaaklike element vir die bevrediging van die seksuele lewe tussen 'n man en 'n vrou nie, ook nie eers meer vir die verkryging van kinders nie. Daar bestaan ook nie een vorm van huwe-

64/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liksluiting wat deur alle lede van die gemeenskap erken word nie. Binne een etniese groep en selfs onder geloofsgenote bestaan daar 'n verskeidenheid van huweliksseremonies.

Dit is dus goed te begrype dat 'n algehele verandering van houding teenoor die huwelik ontwikkel het. Soos reeds vroër vermeld is dit die algemene toestand dat 'n jong vrou twee of meer kinders het voordat sy trou. Wanneer navraag by die inwoners gedoen word oor hierdie toestand, is die gewone skouerophalende antwoord: „Die kinders was stout gewees. Hulle is almal vandag so." Hierdie toestand word dan heel prosaïes aanvaar en niemand ontstel hom veel daaroor nie. Op die oog af blyk dit dat daar in Hovesground 'n toestand van algehele promiskuïteit heers, en dat alle sedes oorboord gegooi is. Inderdaad is dit by 'n hele aantal inwoners die geval en maak hulle misbruik van die heersende toestande deur bv. 'n vrou in die tuisgebied te trou volgens Bantoegebruik en in die stad 'n vrou te neem sonder dat die vroue van mekaar weet. By nadere ondersoek blyk egter dat daar tog 'n groot mate van reëlmaat bestaan in die reëling van die verhouding tussen die geslagte en dat die skynbare ordeloosheid van die verhoudings slegs 'n gevolg is van die veranderde omstandighede waarby die stads-Bantoe homself en sy kultuur moet aanpas. Dit sal moontlik insiggewend wees om op hier die stadium eers die feitlike posisie voor oë te neem soos dit hom voordoen in ons monstergroep van 22 huisgesinne. Hierdie bestaan uit 196 persone - 94 vroulik en 102 manlik. Die volgende tabelle gee die aantal mans en vroue per ouderdom aan wat getroud is.

Huwelikstaat van mans en vroue volgens ouderdom.

A. Mans.

| Ouderdoms-groep. | Aantal. | Aantal getroud. | Persentasie. |
|---|---|---|---|
| 0-15 | 19 | 0 | 0.0 |
| 16-20 | 13 | 2 | 15.3 |
| 21-25 | 11 | 2 | 18.1 |
| 26-30 | 9 | 4 | 33.3 |
| 31-35 | 10 | 6 | 60.0 |
| 36-40 | 11 | 9 | 81.8 |
| 41-45 | 8 | 8 | 100.0 |
| 46 - | 21 | 19 | 90.5 |
| Totaal. | 102 | 50 | 49.0 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Vroue.

| Ouderdoms-groep | Aantal | Aantal getroud | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 0-15 | 26 | 0 | 0.0 |
| 16-20 | 10 | 1 | 10.0 |
| 21-25 | 7 | 1 | 14.3 |
| 26-30 | 10 | 4 | 40.0 |
| 31-35 | 9 | 5 | 55.5 |
| 36-40 | 6 | 4 | 66.6 |
| 41-45 | 7 | 6 | 85.6 |
| 46 - | 19 | 16 | 84.2 |
| Totaal ... | 94 | 37 | 39.4 |

Hierdie tabelle is egter nie 'n korrekte weergawe van die geslagsreëling van ons gemeenskap nie. Die volgende tabel toon aan, die aantal ongetroude vroue wat kinders het, 'n erkende verhouding met 'n man het of weduwees is.

Weduwees en ongetroude vroue met buite-egtelike verhoudinge.

| Ouderdoms-groep | Persone | Aantal gevalle | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 0-15 | 26 | 3 | 11.5 |
| 16-20 | 9 | 4 | 44.4 |
| 21-25 | 6 | 4 | 66.6 |
| 26-30 | 6 | 6 | 100.0 |
| 31-35 | 4 | 3 | 75.0 |
| 36-40 | 2 | 2 | 100.0 |
| 41-45 | 1 | 1 | 100.0 |
| 46 - | 3 | 3 | 100.0 |
| Totaal .. | 57 | 26 | 45.6 |

As ons hierdie laaste syfers in aanmerking neem, vind ons dat 67% van die vroue in ons monstergroep een of ander definitiewe verhouding met 'n man het of gehad het. Van die vroue bo 15 jaar, val 88.2% in hierdie groep. Alhoewel dieselfde tipe gegewe nie so maklik verkrygbaar is van al die mans in ons groep nie, kan met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat die posisie by die mans hoofsaaklik sou ooreenstem met dié van die vroue. Ons kan dus konstateer dat byna alle volwassenes vroeër of later een of ander erkende verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag aangaan, wat in die meeste gevalle lei tot 'n huwelik.

66/ ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die proses van kultuurverandering wat in Hovesground plaasvind, het 'n algemene ontwrigting in die lewenswyse van die inwoners meegebring wat veral merkbaar is by die huwelik. Tog sien ons dat byna alle inwoners vroeër of later in 'n huwelik betrek raak. Alleen die wyse waarop die huwelik plaasvind, waarby ingesluit word die hofmakery, „verloofskap" en die huwelikseremonie self, het 'n algehele verandering ondergaan.

1) Geleenthede vir verkeer.

In die tradisionele Bantoegemeenskap is daar vir jongmense van die twee geslagte nie veel geleentheid om saam te verkeer en ander lede van die teenoorgestelde geslag te ontmoet nie. Kinders van beide geslagte moes van jongsaf praktiese opleiding in hul toekomstige pligte ontvang, wat meegebring het dat hulle byna voltyds, apart van mekaar, besig was. Geleenthede om met jongmense van die teenoorgestelde geslag te verkeer was dus min.

In Hovesground is die toestand vandag heel anders. Van jongsaf is jong kinders vandag gedurig onbeheerd saam op straat. Daar is duidelike tekens, alhoewel gegewens hieroor moeilik bekombaar is, dat kinders vanaf 'n ouderdom van 6 tot 7 jaar reeds seksuele kontak gehad het en dit is dan ook heel algemeen dat seuns by bereiking van puberteit deur hulle ouers gemaan word om nie meer meisies te impregneer nie. Moeders is altyd, tevergeefs, bekommerd dat hulle dogters kinders sal hê voordat hulle trou en dit blyk die algemene houding van die inwoners te wees dat hulle nie omgee dat jongmense geslagsomgang met mekaar het nie, solang die dogters nie voor hulle tyd swanger word nie.

Geleenthede vir jongmense om mekaar te ontmoet is onbeperk. Op straat kan hulle mekaar te enige tyd vind of anders kan hulle mekaar ontmoet by winkels, by die bioskoop, by danse, sportbyeenkomste en tal van ander geleenthede waarheen hulle saam kan gaan of waar hulle mekaar ontmoet. Inderdaad verkeer

67/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jongmense vanaf 12 tot 15 jaar dan ook so veel moontlik in mekaar se geselskap en probeer iedere jong seun om byna elke aand 'n „date" te hê. Vir die meeste jongmans lewer dit geen probleem nie, aangesien die meisies maar te gewillig is en dit vandag vir 'n jongmeisie 'n teken van prestige is om baie ge-„date" te word. Wanneer daar dan een of ander funksie in die ontspanningsaal gereël is, probeer alle jongmense daarheen gaan.

Wanneer 'n jongman 'n meisie 'n paar keer „ge-date" het, verwag hy dat sy aan al sy wense sal voldoen en gewoonlik sal sy dan ook aan hom toegee. Op die wyse kan gekonstateer word dat min of meer alle jongmense gereelde geslagsgemeenskap ondervind.

ii) Onegte kinders.

Voor-huwelikse geslagsgemeenskap is in Hovesground vandag heel algemeen en dit word heeltemaal as feit aanvaar dat alle jongmense gereeld gemeenskap sal ervaar. Waar in die tuisgebiede nog heelwat klem gelê word op maagdelikheid as 'n vereiste by ongetroude meisies, is ouers in Hovesground vandag egter net begaan daaroor dat hulle dogters nie voor hulle tyd swanger sal word nie.

Die volgende tabel toon aan hoeveel ongetroude vroue, per ouderdom, in ons monstergroep kinders het, wat duidelik toon dat alle pogings van moeders om toe te sien dat hulle ongetroude dogters nie swanger sal word nie, by voorbaat tot mislukking gedoem is.

Aantal ongehude moeders volgens ouderdom.

| Ouderdomsgroep. | Aantal ongetroude vroue. | Aantal gevalle | Persentasie van ongetroude vroue | Persentasie van alle vroue |
|---|---|---|---|---|
| 0-15 | 26 | 3 | 11.5 | 11.5 |
| 16-20 | 9 | 4 | 44.4 | 40.0 |
| 21-25 | 6 | 4 | 66.6 | 57.3 |
| 26-30 | 6 | 6 | 100.0 | 60.0 |
| 31-35 | 4 | 2 | 50.0 | 22.2 |
| 36-40 | 2 | 1 | 50.0 | 16.6 |
| 41-45 | 1 | 1 | 100.0 | 14.3 |
| 46 - | 3 | 0 | 0.0 | 0.0 |
| Totaal .. | 57 | 21 | 37.0 | 22.3 |

68/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierby moet nog gevoeg word twee weduwees wat lank na die dood van hulle mans nog kinders gebaar het. Dit sal dan beteken dat 24.4 persent van alle vroue kinders het wat buite-egtelik gebore word. Dit gee ons egter nog lank nie die volledige prentjie nie. Soos reeds vermeld[1] het byna alle vroue een of meer kinders voordat hulle trou. Van die 37 getroude vroue in ons monster-groep erken 21 dat hulle kinders gehad het voordat hulle getrou het.

Waar, soos ons later sal sien, getrouheid van getroudes verwag word, kan ons konkludeer dat voor-huwelikse vryheid toegelaat word. Die enigste uitsondering is dat gesê word dat 'n meisie wat geredelik met enige man slaap, na sy getroud is ook nog so sal leef. By hierdie losheid is daar egter een voorbehoud, nl. dat daar van 'n jongdogter verwag word om geen kinders te hê voor haar tyd nie.

Uit die feitlike toestand kan ons sien dat hierdie voorbehoud in die reël gebreek word en dat ongeveer alle jongvroue kinders het voor hul huwelik. Die vraag ontstaan dan waarom die ouers so begaan is oor 'n toestand wat tog onvermydelik sal kom. 'n Effens nadere ondersoek van die posisie toon egter dat waar ongetroude vroue kinders het, hulle in die reël 'n vaste verhouding met 'n man het, wat dan later ook op 'n huwelik uitloop. Oor kinders wat uit derglike verhoudinge gebore word, verontrus niemand hom nie en word dit as 'n „voorstadium" van die huwelik beskou.

Die volgende tabel toon aan hoeveel van die ongehude moeders, per ouderdom, erkende verhoudinge met 'n man het.

69/ .....

---

1) Sien afdeling „Swangerskap en geboorte."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aantal ongehude moeders met erkende verhoudinge.

| Ouderdoms-groep. | Aantal ongehude moeders. | Aantal met erkende verhoudinge | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 0-15 | 3 | 1 | 33.3 |
| 16-20 | 4 | 2 | 50.0 |
| 21-25 | 4 | 3 | 75.0 |
| 26-30 | 6 | 6 | 100.0 |
| 31-35 | 2 | 2 | 100.0 |
| 36-40 | 1 | 0 | 0.0 |
| 41-45 | 1 | 1 | 100.0 |
| 46 - | 0 | 0 | - |
| Totaal .. | 21 | 15 | 71.4% |

Van die 21 vroue wat erken het dat hulle kinders gehad het voordat hulle getroud is, het 6 een kind elk gehad voor hulle huwelik, 11 het twee kinders elk en 4 het drie kinders elk gehad voor hul huwelik. Wanneer ons die gemiddelde gesinsgrootte in aanmerking neem, kan ons konkludeer dat die meeste kinders gebore word voordat hul moeders trou. Feit is dan ook dat 67% van alle kindergeboortes in Hovesground buite-egtelik is.

Tot dusver kon ons vasstel dat vroeër of later byna alle volwassenes in 'n huwelik betrokke raak, maar egter eers nadat die vrou een of meer kinders gehad het. Hierdie toestand word deur die inwoners aanvaar as die normale verloop van die geslagsreëling. Van die 21 ongehude moeders in ons monstergroep, het die vaders van die kinders in 14 gevalle reeds voor die geboorte van die kind huweliksverhoudinge met die ouers van die vrou aangeknoop en het die twee partye ooreengekom sodat daar reeds 'n erkende verhouding bestaan het. In 4 gevalle is onderhandelinge begin na die geboorte van die kind. In 3 gevalle het die vaders die vrou in die steek gelaat toe sy swanger geraak het. By een van die gevalle het die vrou egter reeds daarna weer 'n erkende verhouding met 'n ander man aangeknoop.

Ons kan dus met veiligheid aflei dat die geboorte van die eerste en selfs meer kinders 'n voorstadium van die huwelik is en binne die huwelikspatroon val. Dit sal moontlik

70/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duideliker word wanneer ons die keuse van die huweliksmaat nagaan.

iii) Keuse van huweliksmaat.

Huwelik is in Hovesground nie 'n verbintenis van vrye keuse nie. Daar is sekere reëls waaraan voldoen moet word met betrekking tot die keuse van 'n huweliksmaat waaraan streng vasgehou word en normaalweg sal 'n jong meisie nie eers 'n skadelose vryasie met 'n jongman aanknoop nie, tensy hy 'n moontlike huweliksmaat is.

Huwelik binne die stamverband is by alle stamme in die verlede streng nagevolg en is dit net by kapteinshuise dat om politieke redes soms buite die stamverband getrou is. In Hovesground word dit nog as die ideale toestand beskou en veral die ouer garde kyk neer op jongmense wat buite hul stamverband getrou het. Die geslag wat in Hovesground grootgeword het, dink ook dat dit beter is om in die stamverband te trou, maar aangesien dit in die stad vandag nie altyd moontlik is nie, laat hulle die reël nie in hulle pad staan nie en kom gemengde huwelike meer voor. Die Venda en Shangaan inwoners skyn in die meeste opsigte die mees stamvaste stamme te wees en dit word nog algemeen by hulle aangetref dat jongmans na die tuisgebiede gaan om daar 'n vrou te haal. Die Ndebele gaan ook nog baie na die tuisgebied, maar by hulle is die geval effens anders aangesien hul woongebiede rondom Pretoria lê en dit by hulle dus nie so 'n groot opoffering verg nie.

Die volgende tabel toon aan die stamverband van die 50 getroude mans in ons monstergroep en die etniese groep waarin hulle getrou het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Stamverband van mans teenoor stamverband van eggenotes.

| | Aantal mans | N. sotho | Ndebele | Tswana | Shangaan | Venda | S. sotho | Zoeloe. | Xhosa | Buitelandse Naturelle. | Kleurlinge. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N. Sotho . | 17 | 13 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | - | - |
| Ndebele . | 8 | 1 | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Tswana ... | 6 | 1 | - | 4 | - | - | 1 | - | - | - | - |
| Shangaan . | 5 | - | - | - | 4 | 1 | - | - | - | - | - |
| Venda ... | 4 | - | - | - | - | 4 | - | - | - | - | - |
| S. Sotho .. | 3 | - | - | 1 | - | - | 2 | - | - | - | - |
| Zoeloe .. | 3 | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 | - | - |
| Xhosa ... | 2 | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - |
| Buitelandse Naturelle. | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - |
| Kleurlinge. | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 50 | 16 | 10 | 5 | 5 | 5 | 3 | 3 | 3 | 0 | 0 |

Uit die monstergroep het 12, of 24% van die getroude mans dus buite hulle etniese groep getrou en 76% binne hul eie stamverband. Waar omstandighede dit toelaat, kan ons dus aflei, sal die inwoners gewoonlik binne die stamverband trou.

Verdere reëls in verband met huwelikskeuse wissel baie van stam tot stam en is in sommige gevalle direk die teenoorge-

72/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelde van mekaar. So hou die Xhosa nog taamlik sterk aan die verbod om binne dieselfde klan te trou, terwyl by die Sotho dit presies andersom is. Oor die algemeen skyn dit dat daar 'n mate van verslapping is in die houding t.o.v. die voorkeur huwelike, terwyl die verbode huwelike nog streng vermy word.

By die Noord-Sotho, verreweg die grootste groep in Hovesground, is daar sover my bekend, geen enkele geval waar 'n man getrou het met die dogter van 'n ouer broer van sy vader of met die dogter van sy moeder se suster nie. Hierdie is by die Noord-Sotho verbode huwelike en is onder die Noord-Sotho van Hovesground vandag nog verbode huwelike. Geen jongman, of jongdogter sal ooit verkeer of bioskoop toe gaan of dans met so 'n persoon met wie hy of sy nie mag trou nie. Die Ndebele sal ook nooit trou met 'n persoon wat dieselfde <u>isibongo</u> het nie.

Die kruis neef-niggie voorkeur huwelik, die huwelik van 'n jongman met sy moedersbroer se dogter, word egter selde in Hovesground aangetref, veral omdat die omstandighede meestal meebring dat die voorkeur-eggenoot in die tuisgebied of 'n ander stad woon.

Ons kan dus konkludeer dat, sover moontlik, die inwoners van Hovesground hulle nog baie deur die gebruiklike reëls laat lei by die keuse van 'n huweliksmaat. Omstandighede laat meestal nie toe dat die jongvrou, wat volgens gewoonte-reg by voorkeur sy huweliksmaat sou wees, vir iedere jongman in Hovesground beskikbaar is nie. Daarom is die keuse van huweliksmaat in Hovesground wyer as wat bv. in die tuisgebiede aangetref sou word. Hierdie omstandigheid bring egter nie mee dat binne die terrein van verbode huwelike gesoek hoef te word nie en daarom vind ons dat derglike huwelike nog streng vermy word in Hovesground.

Die rol wat die ouers, en die familie speel by die keuse van 'n huweliksmaat is nog baie sterker, in Hovesground altans,

73/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as wat deur die meeste skrywers wat oor stedelike Bantoe geskryf het, waargeneem is.[1] Die rede hiervoor is klaarblyklik omdat 'n man afhanklik is van sy familie om hom te help met die bohadi of lobola, alhoewel die dogters hulle ook nog onderwerp aan die wense van hul ouers. Een geval is my selfs vertel waar 'n vader geweier het om te onderhandel met die vader van sy dogter se onegte kind.

Gewoonlik kom die inisiatief van die jongman en indien die jongvrou bereid is, sal hulle altwee apart hulle ouers raadpleeg, en dit gebeur selde, indien dit 'n toelaatbare huwelik is, dat die ouers beswaar sal maak en onderhandelinge sal dan aangeknoop word. Indien die een of ander ouerpaar - in praktyk die vaders - beswaar maak, sal die jongmense moeilik teen hulle wense handel. In die praktyk kom dit baie selde voor dat ouers nie instem nie, maar die jongmans en jongvroue is versigtig om geen voorstelle te maak wat hulle weet teen die wense van hulle ouers kan wees nie.

Heelwat moeilikheid word in dié verband ondervind waar die ouers elders, gewoonlik in die tuisgebied, woon. Soms gebeur dit in derglike gevalle dat 'n man en vrou eenvoudig gaan saamwoon sonder om hul ouers daarvan te verwittig, of hulle trou in 'n kerk sonder enige oordrag van lobolo. Dit is egter die uitsondering en meestal sal hulle aan hul ouers skryf om toestemming te vra. Soms, indien moontlik, gebeur dit dan dat die ouers 'n familielid na Hovesground sal stuur om self te kom kyk of die man of vrou geskik is, of anders sal hulle bloot per brief weer hul instemming betuig.

Dit gebeur uiters selde dat ouers in Hovesground die inisiatief neem om vir hul dogter of seun reëlings te tref vir 'n eggenoot. Meer dikwels gebeur dit egter waar die ouers nog in

74/ ....

1) Vgl. Levin, Ruth. a.w., p.11; Hellmann, Ellen. a.w., 1948, p.83; Hunter, Monica. a.w., p.477.e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die tuisgebied woon en sal hulle byvoorbeeld vir 'n seun laat weet dat sy moedersbroer se dogter nou groot is en hy moet haar kom haal. Ook gebeur dit dikwels dat 'n jongman wat tydelik in die stad kom werk het om genoeg geld bymekaar te maak vir lobolo, vir sy ouers laat weet dat hy byna gereed is en dat hulle vir hom 'n vrou moet soek. Hy verlaat hom dan origens op hulle keuse.

iv) Onderhandelinge en verloofskap.

Na 'n tydperk van jeugjare waarin talle losse verhoudings met die teenoorgestelde geslag bestaan het, sal jongmeisies gewoonlik by hul 17de of 18de jaar en jongmans van ongeveer 20 tot 22 jaar meer ernstig begin soek na 'n huweliksmaat. Die ouderdom het weinig te doen met die puberteitsjare en blyk meer in navolging van die Blanke gebruik te wees. Jongmans en meisies begin dan meer ernstige verhoudinge aan te knoop. Gewoonlik ontmoet hulle mekaar by 'n dans of by die bioskoop en begin dan gereeld vir mekaar te sien en saam na partye en danse te gaan. Uit derglike verhoudinge word dikwels kinders gebore en dit gebeur dan in heelwat gevalle dat die jongman die moeder in die steek laat. Soms sal die ouers van die jong moeder dan die saak by die Naturellekommissaris aanhangig maak en onderhoudskoste van die jongman eis. Gewoonlik egter word die toestand bloot so aanvaar. Die feit dat 'n jong vrou een of meer kinders het, skrik nie ander jongmans af nie en haar kanse op 'n huwelik bly skynbaar ewegoed as voorheen.

In die reël egter, sal onderhandelinge aangeknoop word sodra 'n kind gebore word, of selfs daarvoor. Wanneer 'n jong vrou swanger raak voordat onderhandelinge aangeknoop is, sal haar vader, soos reeds verduidelik[1)], probeer vasstel wie die vader van die kind is en daarna sal hy met sy groep die betrokke jongman gaan opsoek, en aan hom vertel dat hy „hulle huis geskend het".

75/ .....

1) Sien afdeling „Swangerskap".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gewoonlik, indien hy bereid is om met die verwagtende moeder te trou, sal die jongman geredelik sy verantwoordelikheid erken. Die groep van die vader van die verwagtende moeder sal dan gerusgestel wees dat die „kind uit hul huis 'n vader het", en sal dan terugkeer. Soms sal die verantwoordelike jongman 'n klein geskenk aan die moeder van sy toekomstige vrou stuur om haar te troos. Die saak sal dan so gelaat word tot na die geboorte van die kind. 'n Boodskapper word dan gestuur om die vader in kennis te stel dat sy kind gebore is. Hy sal dan klere vir die kind, en kos en medisyne aan die jong moeder stuur om sy aanspreeklikheid te erken. Gewoonlik word hy ook verantwoordelik gehou vir enige onkoste met die geboorte aangegaan. Na verloop van 'n paar dae sal die jongman deur middel van sy familie of vriende op die gebruiklike wyse onderhandelinge aanknoop met die familie van die vrou.

Normaalweg word die onderhandelinge deur die familie van die jongman aangeknoop. Wanneer 'n jongman en meisie besluit het om te trou, sal die jongman sy familie bymekaarkry en hulle van sy voorneme vertel. Indien moontlik sal sy vader, sy broers, sy vader se broers en susters en soms ook sy moeder en haar broers bymekaargeroep word. Indien hulle bereidwilligheid verklaar om hom met die huwelik te help, sal gesamentlik besluit word hoeveel <u>lobolo</u> hulle kan bydra. Dan word besluit wie die onderhandelinge sal gaan aanknoop. Meestal sal die vader van die jongman self gaan, vergesel van een of twee van die ouer broers van die jongman. Indien hulle nie in Hovesground woon nie, sal 'n ander manlike familielid aan vaderskant en 'n paar vriende van die jongman na die vader van die aanstaande bruid gaan.

Daar word ook by die geleentheid op 'n dag besluit waarop die besoek afgelê sal word sodat die jongman deur middel van die meisie haar familie in kennis kan stel wanneer hulle sy familiegroep te wagte kan wees. Die familie van die vrou sal dan 'n tussenganger aanstel, aangesien daar nooit direk onderhandel

76/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nie. Om die onderhandeline aan die vrou se kant waar te neem is gewoonlik net haar vader en haar broers teenwoordig en indien, wat nogal dikwels gebeur, die lobolo wat vir haar verkry sal word reeds as waarborg gegee is om vir haar broer 'n vrou te kry, sal die man aan wie die lobolo toekom dan ook teenwoordig wees om sy belange te behartig.

Wanneer die party van die man by die huis aankom, sal hulle in die voorkamer van die huis, of in die erf, of in die lapa, wat dic omstandighede ook mag wees, ingenooi word deur die tussenganger. Die party van die vrou sal nie daar teenwoordig wees nie. Nadat hulle bier aangebied is deur die tussenganger, sal hulle eers die pulamlomo of kgomo ya molomo aanbied, die mondbees, en is bedoel om die mond oop te maak vir die onderhandelinge. Dit is gebruiklik om altyd die onderhandelinge met hierdie geskenk te open alhoewel dit nie onder die lobolo bygereken word nie. Hier moet daar ook verduidelik word dat alhoewel daar nog altyd in terme van beeste gepraat word, die lobolo vandag meestal in geld betaal word en algemeen aanvaar word dat vir iedere bees wat genoem word, daarmee £5 bedoel word. So word dan instede van 'n mondbees, £5 oorhandig om die onderhandelinge te open.

Die tussenganger sal dan die pulamlomo na die vader van die vrou neem, waarop dié dan te kenne sal gee dat hy nou bereid is om te onderhandel. Hy sal die tussenganger dan opdrag gee om aan die party van die man te gaan vertel van die besondere eienskappe van sy dogter. Sy het so 'n hoë skoolopleiding geniet, haar familie is verwant aan 'n sekere stamhoof, sy is 'n goeie werker, ens. Daarna sal die vader van die vrou die aantal beeste stel wat hy wil hê. Hy sit natuurlik heelwat hoër in as wat hy uiteindelik wil hê. Die transaksie is 'n hele spel tussen die partye en die party van die man sal die „prys" met uitroepe van verontwaardiging ontvang. Na die besondere eienskappe van die jongman wat hulle verteenwoordig breedvoerig uit te lê, sal hulle

77/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na beraadslaging 'n aanbod maak wat ongeveer 'n kwart is van wat die party van die vrou aanvanklik voorgestel het. Na lang onderhandelinge en wik en weeg, sal die een party mettertyd sy aanbod laat styg en die ander sy vraag laat daal totdat hulle op die lobolo kan ooreenkom. Gewoonlik word die onderhandelinge in 'n middag afgehandel, maar soms duur dit etlike dae en selfs weke voordat hulle kan ooreenkom.

Sodra die party van die jongman 'n aanbod maak wat vir die familie van die vrou aanvaarbaar is, sal die vroue in die huis almal met 'n skrille geskree hul blydskap te kenne gee wat vir die jongman se groep ook die teken is dat hul aanbod aanvaar is. Daar sal dan fees gevier word. Bier, vleis en pap sal vir die besoekende groep aangebied word. Nog sal die twee partye nie vir mekaar sien nie en die tussenganger bedien die besoekende groep met alles. Kort voordat hulle terugkeer huistoe, slag die vader van die vrou 'n skaap, of anders het hy vooraf 'n klomp vleis by 'n slagter gekoop en dan gaan hy vir die eerste keer na die party van die jongman en hy bied vir hulle elk 'n stuk vleis aan as teken dat hy hulle aanbod aanvaar. Hierop kan die groep huistoe vertrek met die goeie tyding, waarop hulle daar weer fees vier en die vleis wat hulle ontvang het braai en saam met die hele familie en die vriende van die jongman eet.

Die grootte van die lobolo varieer vanaf ongeveer 6 tot 20 beeste, m.a.w. £30 tot £100. Faktore wat die grootte van die lobolo beïnvloed is o.a. die status van die vader, die opvoedkundige peil van die vader, die opvoedkundige peil van die dogter, haar uiterlik, haar gewildheid, haar sosiale posisie, haar vermoë as kok. Die hoogste lobolo waarvan ek bewus is wat ooit in Hovesground betaal is, was vir 'n jongvrou wat in die Bantoepers beskryf is as 'n „socialite and beauty", sy was die wenner van 'n skoonheidskompetisie, 'n verpleegster en die dogter van 'n handelaar en lid van die Adviserende raad.

Kort nadat die onderhandelinge afgehandel is, sal die jongman nog £5 aan die vader van sy bestemde vrou stuur. Dit

78/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verteenwoordig die kgomo ya motsoko of snuifbees, wat beskou word as die verlowingsbees of die bees wat die transaksie beklink. Met die uitsondering van 'n paar gevalle waar die volle lobolo vooraf geëis word, word die jongman nou toegelaat om by sy vrou te kom woon en leef hulle verder as man en vrou saam. Uiterlik is daar tussen hulle en getroudes geen verskil nie, behalwe dat inwoning matrilokaal is totdat hulle finaal trou. Wanneer hulle gevra word of hulle getroud is, antwoord hulle gewoonlik ontkennend of hulle sê hulle is „met die Sotho getrou", 'n uitdrukking wat selfs deur Zoeloe en ander etniese groepe gebruik word, maar nie aandui dat hulle volgens Naturellegewoontereg getroud is nie.

Hierdie verhouding kan vir enige tydperk van jare duur en het duidelik 'n swak uitwerking op die beskouing omtrent die huwelik. In heelwat gevalle word dit as onnodig beskou om dan nog te trou en bly die verhouding so voortbestaan. Gewoonlik sal so 'n paar ook nie trou voordat die verhouding bekragtig is met een of meer kinders nie. Die ongewenste toedrag van sake word meegebring deur die feit dat, alhoewel lobolo nog in byna alle gevalle vereis word, hierdie stap nie meer sy natuurlike gevolg in 'n Naturellegewoonteregtelike huwelik het nie. Maar 14% van die huwelike in Hovesground is volgens Naturellegewoontereg gesluit en die meeste hiervan is persone wat getroud is voordat hulle na die stad gekom het. Verreweg die meeste inwoners wil òf 'n kerklike òf 'n siviele huwelik sluit. Aangesien die meeste vaders vrees dat hulle die lobolo wat hulle toekom mag misloop, vereis hulle dat dit eers volopbetaal word voordat hulle dogters mag trou. Ook wil die meeste huweliksgroepe deesdae die huwelik volgens Blanke wyse fier, wat 'n baie groot onkoste meebring. Totdat die lobolo betaal is en die belanghebbende partye genoeg geld gespaar het vir 'n huwelik, duur gewoonlik etlike jare. Die gevolg is dus dat die huwelik bevestig word nadat sy vernaamste funksies reeds vir etlike jare vervul is.

79/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



v) Verskillende Wyses van Huweliksluiting.

Die volgende tabelle toon aan die wyses van huweliksluiting volgens persentasie, waarmee die huwelik van die getroudes in ons monstergroep gesluit is.

Wyses van huweliksluiting volgens persentasie.

A. Mans.

| Huweliksvorm | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Bantoegewoontereg | 7 | 14 |
| Kerklik ......... | 2 | 4 |
| Kerklik + lobolo. | 32 | 64 |
| Siviel .......... | - | - |
| Siviel + lobolo . | 9 | 18 |
| Totaal ........ | 50 | 100 |

B. Vroue

| Huweliksvorm. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Bantoegewoontereg | 4 | 10.8 |
| Kerklik ......... | 2 | 5.4 |
| Kerklik + lobolo. | 25 | 67.6 |
| Siviel .......... | - | - |
| Siviel + lobolo . | 6 | 16.2 |
| Totaal ....... | 37 | 100.0 |

Soos gesien kan word, is die persentasie huwelike volgens Bantoegewoontereg baie laag. Inderdaad is hulle ook almal elders aangegaan, meestal in die tuisgebiede. Die meerendeel van die gevalle is huwelikspare wat eers nadat hulle in hul tuisgebied getroud is na Hovesground gekom het. Dit gebeur egter dat bestaande inwoners van Hovesground volgens Bantoegewoontereg trou, meestal van die Tsonga of Venda, en soms Ndebele etniese groepe, maar dan gaan hulle almal in die Bantoegebiede trou. Sover vasgestel kon word, het daar in minstens die afgelope 5 jaar geen gewoonteregtelike huwelikseremonie plaasgevind

80/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Hovesground nie. Soos reeds gemeld is dit gebruiklik in Hovesground om lobolo oor te dra, maar geen derglike verbintenisse word met 'n gewoonteregtelike seremonie bekragtig en alhoewel hulle soms beweer hulle is „met die Sotho getrou" word hulle nie as getroud beskou nie en sulke pare sal ook altyd verklaar dat hulle nog later „regtig gaan trou."

Wat ook dikwels gebeur is dat mans in die tuisgebied volgens Bantoegewoontereg trou en daarna alleen Hovesground toe kom en dan daar weer 'n siviele of kerklike huwelik aangaan. Wetlik[1)] beteken dit dan dat die eerste, die gewoonteregtelike huwelik, dan ontbind is, aangesien die siviele of kerklike huwelik alleen monogaam kan wees. Om hierdie rede is dit baie moeilik om die presiese omvang van hierdie toestand vas te stel, maar algemeen word deur die inwoners self aanvaar dat dit dikwels gebeur. Daar is slegs een geval in Hovesground waar 'n man met twee vroue volgens Bantoegewoontereg getrou het, en wat altwee by hom woon.

Verreweg die meer algemene vorm van huweliksluiting is die kerklike huwelik. Aangesien die meerderheid van die inwoners van Hovesground gekersten is, spreek dit byna vanself dat hulle meestal in die kerk sal trou. Die kerk huwelik word deur die inwoners beskou as 'n geleentheid om hul status en rykdom te vertoon. Hoe groter die huwelik van die bruidspaar, hoe beter en dit is nie ongewoon vir die twee groepe om vir jare te spaar vir die feestelikhede nie. Die onkoste verbonde aan die huwelik is soms geweldig hoog in verhouding tot die inkomste van die gesinne wat daarvoor moet betaal en wissel vanaf ongeveer £30 tot soveel as £150. As essensieël word beskou 'n trourok vir die bruid, 'n nuwe pak of soms 'n gehuurde swaelstertpak vir die bruidegom, uitrustings vir die res van die bruidsgroep, trouring, ruiker, een of meer huurmotors en dan al die eet en drink-

81/ .....

1) Naturelle Administrasiewet, 1927 (Wet Nr. 38 van 1927.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goed vir die feestelikhede. Die onkoste aangegaan by 'n tipiese Hovesground troue was as volg (by benadering):

A. Uitgawes waarvoor bruid se familie verantwoordelik was.

| | |
|---|---|
| Bruid se trourok ............................ | £ 7.10.0 |
| Ander rok vir bruid ........................ | 3.15.0 |
| Bykomstighede (handskoene, sluier, skoene ens) | 6.17.6 |
| Bruidsmeisie se rok ......................... | 6.15.0 |
| Bykomstighede vir bruidsmeisie .............. | 3.18.0 |
| Blommemeisie se rok ......................... | 2.11.0 |
| Bykomstighede vir blommemeisie .............. | 1. 7.0 |
| Eetware ..................................... | 24. 0.0 |
| | £56.13.6 |

B. Uitgawes waarvoor bruidegom se familie verantwoordelik was.

| | |
|---|---|
| Bruidegom se pak (gehuur) ................... | £ 2. 0.0 |
| Bykomstighede vir bruidegom ................. | 2.15.0 |
| Strooijonker se pak (gehuur) ................ | 2. 0.0 |
| Ruikers ..................................... | 2.12.6 |
| Trouring .................................... | 4. 0.0 |
| Kerkfooie ................................... | 1. 2.6 |
| Fotos ....................................... | 5. 0.0 |
| Huur van saal ............................... | 1. 0.0 |
| Uitnodigingskaartjies ....................... | 5.10.0 |
| Orkes ....................................... | 2.10.0 |
| Huurmotors .................................. | 2. 0.0 |
| Geskenke vir bruid en bruidsmeisie .......... | 1.16.0 |
| Bruidsuitrusting (lakens, slope en komberse). | 21. 0.0 |
| | £53. 6.0 |

TOTAAL .......£109.19.6

Dit is duidelik dat hierdie groot bedrae moeilik bekombaar is vir die verantwoordelike groepe en lank nie almal kan soveel bekostig nie, maar dit is tog verbasend hoeveel jare lank sommige families moeisaam alle moontlike spaargeld opsysit terwille van die vertoon wat hulle met die huwelik van 'n seun of dogter kan maak. Die onkoste wat op die lys aangegee is, is nog lank nie al die uitgawes wat gemaak word nie, aangesien vriende en familie van ver af kom om die huwelik by te woon en te help met die voorbereidinge en vir minstens 'n week lank onthaal moet word.

'n Tipiese uitnodigingskaartjie is die volgende:-

82/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LLEWELLYN - LAURA

Mti and Fatman
request the pleasure of your company
at the marriage of their eldest son

LLEWELLYN

to

LAURA

eldest daughter of Mr. and Mrs. Fatman
in the
Methodist Church

Saturday 15th December 1956
at 11 a.m.
Refreshments: 42 Soloman Street.

Reception: 3 p.m.
Salvation Army Hall,
Monday, 17th December.

R. S. V. P.
42 Solomon Street,
Bantule.

Pretoria.

- oOo -

Die patroon van die huweliks seremonie varieër van geval tot geval en persoonlike smaak speel 'n baie groot rol. Dit hang natuurlik tot 'n baie groot mate af van wat die families kan bekostig.

Soos uit die onkoste-lys en die troukaartjie blyk, is die huwelik, alhoewel baie meer 'n indiwiduele saak as wat die geval by die tradisionele huwelik was, tog nog 'n saak van albei die families. Albei families dra ongeveer eweveel by tot die koste van die seremonie, en soos blyk uit die uitnodigingskaartjie, nooi die twee ouerpare gesamentlik die gaste uit, hulle is dus albei gashere. Verder verskyn die naam van die bruidegom eerste as teken dat hy tog, ten spyte van die nabootsing van blanke vorm, die belangrikste deelgenoot van die verbintenis sal wees.

Die patroon van die huweliksseremonie varieer van geval tot geval waar persoonlike smaak 'n baie groot rol kan speel. Die hele vorm wat die feestelikhede aaneem hang natuurlik baie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



af van die geldelike vermoë van die twee families en skynbaar ook van die lengte van hul verhouding. Egpare wat al vir baie jare saamwoon en 'n hele paar kinders het, is minder geneig om die aandag op hulle te probeer trek as egpare wat maar 'n kort verbintenis het, alhoewel die lengte van die verhouding voordat hulle trou gewoonlik definitiewe verband hou met die rykdom van die families.

'n Normale huweliksseremonie is min of meer as volg:

Op die dag dat die gebooie vir die eerste maal in die kerk gelees sal word, word die man en die vrou van mekaar geskei en word die vrou in 'n aparte kamer afgesonder. Die man sal by sy familie bly, of gaan woon. Gedurende die tydperk tot by die uiteindelike huweliksbetrekking, mag die bruidspaar mekaar gladnie sien nie en die bruid bly in haar huis. Sy behoort gedurende die tyd stil en beskeie voor te kom.

Nadat die gebooie vir die eerste maal gelees is, word die amptelike uitnodiginge uitgestuur. Somtyds gaan dit mondelings, soms word briefies uitgestuur, maar gewoonlik word gedrukte kaartjies uitgestuur soos die een waarvan die voorbeeld gegee is. Teen die tyd sal die besoekers en familielede van elders af begin aankom en word hulle almal ingespan om te help met die voorbereidings. Koeke, tertjies en brode moet gebak word, vleis moet voorberei word, versierings vir die saal moet gereed gemaak word en allerlei ander reëlings word getref.

Op die dag van die troue, gaan die twee groepe apart na die kerk of kamer waar die plegtigheid plaasvind. Wanneer die bruidsgroep hulle huis verlaat op pad kerk toe, sal al die vroue van die omgewing die bruid met 'n aanhoudende skril geskree begroet en aanmoedig.

Die bruid gaan op Blanke wyse gekleed in 'n lang wit rok van satyn of kant, met 'n sluier, wit handskoene en 'n ruiker. Die strooimeisie of strooimeisies gaan gewoonlik gekleed in 'n aandrok van een of ander kleur, ook elk met 'n ruiker. In die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meeste gevalle is daar ook 'n blommemeisie en soms ook 'n hofknaap gekleed in 'n matroospak of iets dergliks. Vir iemand wat al die statige figure van Bantoevroue en mans in huweliksdanse in die tuisgebiede gesien het, maak die nagemaakte drag van die huweliksgroep in Hovesground 'n effens potsierlike indruk.

Meestal sorg die groep van die bruidegom dat hulle eerste by die kerk is en gaan hulle voor die bruid in die kerk in. In die kerk verloop die plegtigheid volgens die gebruik in die betrokke kerk. Na die kerkdiens word daar luidrugtig buite die kerk gesing en geskree, die bruidspaar word gelukgewens, bespot en geterg. Onderwyl die vroue skril skree, vertrek die bruidsgroep in hul huurmotor, gewoonlik om eers fotos te laat neem.

Hierna volg etlike feeste waarvan die volgorde en vorm dikwels varieer. Gewoonlik is daar 'n ete, 'n teeparty en 'n dans, maar die volgorde kan andersom wees. In 'n tipiese geval het die bruidsgroep na die huweliksplegtigheid en die fotografering na die huis van die bruidegom vertrek waar al die gaste onthaal is op tee met brood, koek, pannekoek en tertjies. Die teeparty het geduur vanaf ongeveer twee-uur in die middag tot ongeveer 5 uur. Al die genooide gaste, sowel as enige verbyganger was welkom om die party by te woon. Die wat kon, het geskenke vir die bruidspaar gebring, meestal breekware, en al die geskenke sowel as die skenkers se name is voorgelees deur 'n spesiale aangestelde seremoniemeester.

As teken dat die teeparty beëindig is, vertrek die bruid en verklee sy haar in 'n ander rok wat spesiaal vir die geleentheid gekoop is. Die gaste vertrek dan almal na die saal waar die dinee gehou word. Hierdie, die hoogtepunt van die feesvierings, gaan gepaard met baie pret en grapmakery terwyl al die vleis en ander eetware bedien word asook heelwat te drinke. Etlike toesprake word gemaak om vir beide bruid en bruidegom op hul pligte te wys en vir hulle 'n lang en voorspoedige lewe toe te wens.

85/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Blykbaar is daar geen spesiale persone wat uit hoofde van hul verwantskap tot die bruid of bruidegom, verwag word om toesprake te maak nie, en word vooraanstaande mans uit die gemeenskap gevra om die gaste en die bruidspaar toe te spreek. Na afloop van die dinee, is daar gewoonlik 'n dans wat duur tot ongeveer 12 uur die aand. In baie gevalle vertrek die hele bruidsgroep tesame met die gaste hierna na die huis van die bruid waar die feestelikhede voortgesit word tot dagbreek. Die laaste deel van die feesvieringe is meestal 'n bierdrinkery.

Om weer te gee wat die inwoners self van so 'n bruilof dink en wat vir hulle die hoogtepunte is van die gebeurtenisse, sal die volgende woordelikse weergawe van die indrukke van 'n Hovesgroundse bruilofganger moontlik insiggewend wees:

„Die bruilof wat ek bygewoon het, was baie aangenaam.

„Dit was baie stil en die weer was mooi. Daar was baie kinders in die bruilof. Ander mense wat na die bruilof gekom het was onkenbaar (ontelbaar).

„Ons het baie geniet by die bruilof en die mense het bier gedrink.

„Moenie praat van die klere nie! Die meisies het hulle beste rokke aan. Party het pragtige gekleurde kopdoeke wat hulle onder die ken vasknoop. Ander het weer mooi gekleurde mussies op wat so skuins aan die eenkant van die kop sit. Die bene is mooi gewas en met vet gesmeer. Almal het skoene aan. Moenie die seuns vergeet nie! Die een is so deftig as die ander.

„Die bruilof was baie mooi. In die bruilof het ons baie brode, konfyt en ander soorte dinge geëet.

„Daar was 'n man wat baie vriendelik was (seremoniemeester) ek het my byna doodgelag vir al die dinge wat ek gehoor en gesien het."

'n Groot bruilof is dus 'n geleentheid waarna alle Hovesgrounders vir wekelank uitsien. Dit is 'n geleentheid waarop almal saam kan feesvier en selfs onverwante gaste berei



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarvoor voor deur hul beste klere aan te trek. Dit is dus een van die hoogtepunte van die sosiale lewe.

Na die feesvieringe verby is, gaan die bruidegom na sy ouers se huis toe of anders na die huis of kamer wat hy voorheen reeds vir hom en sy vrou en gewoonlik hul familie, gehuur en in gereedheid gekry het. Dikwels is dit 'n geleentheid waarop die jongpaar uit Hovesground na 'n ander lokasie trek, maar gewoonlik verkies hulle om daar te bly, waar hul ouers en familie ook is.

Ongeveer die volgende oggend, sal die jongman, vergesel van 'n paar familielede en vriende, na sy vrou gaan om haar te haal na hul nuwe woning. Daar sal dan 'n hewige rusie tussen die twee families ontstaan, waardeur die familie van die vrou te kenne gee dat hulle swaar afskeid neem van hul dogter. Dit is dan 'n geleentheid vir die gee van 'n paar klein geskenke en die vrou sal dan, baie bedroef, oorreed word om saam te gaan. Indien die egpaar hul intrek by die man se ouers neem, sal die vrou 'n paar geskenkies aan haar skoonmoeder oorhandig. Nadat hulle in hul nuwe woning ingetrek het, word daar 'n teepartytjie gehou, maar dit is meestal 'n baie beskeie onthaal, vergeleke by die vorige feeste, en daar is maar 'n paar familielede en vriende teenwoordig. Soms word 'n spesiale bruidskoek vir die geleentheid gebak. Ook hier sal een of twee toesprake gehou word. Met die beëindiging van hierdie fees, is die huweliksplegtigheid en feesvieringe uiteindelik afgehandel. In sommige gevalle moet die huweliksluiting nog bekragtig word met die geboorte van 'n kind, maar in die meeste gevalle het hierdie gebeurtenis die huwelik reeds vooruitgeloop.

vi) <u>Beëindiging van huwelik.</u>

'n Huwelik kan beëindig word deur die dood van een van die partye of deur egskeiding. Die dood en die posisie van die agtergeblewe eggenoot sal in die volgende afdeling behandel word.

87/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Egskeiding kom selde voor in Hovesground. In ons monstergroep was daar nie een geskeide persoon nie en gedurende die tydperk waarin hierdie ondersoek plaasgevind het, was daar slegs een geval van egskeiding in Hovesground. Veel meer algemeen is verlating deur een van die partye betrokke in 'n verhouding wat nog nie met 'n huwelik verbind is nie. Owerspel is in Hovesground 'n heel algemene praktyk, inderdaad word 'n man wat geen verhoudinge met ander vrouens het nie, beskou as ietwat buitengewoon. Wanneer die verhouding tussen 'n man en vrou nog nie met 'n wettige huwelik verbind is nie, gebeur dit dus heel maklik dat hy 'n nuwe vrou vind wat hom meer geval, en dan die oue los. Hy verbeur natuurlik enige lobolo wat hy reeds betaal het, maar dit is gewoonlik maar min. Soms, wanneer daar nog geen kinders gebore is nie, sal hy terugeis wat hy reeds betaal het.

Die verlate vrou en haar ouers sal soms so 'n man voor die Naturellekommissaris gaan aankla, wie hom sal laat inroep en verplig om onderhoudsfooie vir die kinders te betaal. Aangesien die gemeenskap die tipe verlating sterk afkeur, sal so 'n man gewoonlik van Hovesground wegtrek en dan het die agtergelate vrou weinig hoop om die onderhoudsfooie te ontvang. Daar is weinig tekens dat die familie van so 'n man sal probeer om te arbitreer en die ontbinding van so 'n verhouding het 'n sterk indiwidualistiese karakter. Vroue sal selde hul mans verlaat en indien wel, is dit gewoonlik omrede slegte behandeling van die man.

Egskeiding kom skynbaar baie selde voor, veral omdat 'n egpaar gewoonlik al so gewoond is aan mekaar en saam gevestig is teen die tyd dat hulle trou. Redes vir mans om van hulle vroue te skei is gewoonlik owerspel of kwaadwillige verlating aan die kant van die vrou. Vroue skei van hul mans omdat dié hulle sleg behandel en gedurig slaan, omdat hulle mans hulle nie goed onderhou nie, of vir kwaadwillige verlating. Vroue sal gewoonlik nie van hul mans skei omrede owerspel nie, aangesien hulle dit verwag.

88/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verdeling van sorg teenoor die kinders en van die besittinge van die egpaar wissel na gelang van die omstandighede. Die ou Bantoegesegde dat „die beeste is waar die kinders nie is nie" geld nog altyd as die basiese reël in verband met die volopbetaling of terugbetaling van die lobolo.

Die inwoners van Hovesground is baie sterk gekant teen egskeiding en dit is in alle gevalle die laaste middel wat aangewend word wanneer dinge verkeerd loop. Gewoonlik sal die familielede ingeroep word om met die egpaar te gesels en die moeilikhede uit die weg te probeer ruim, wat dan ook baiemaal suksesvol is. Die huweliksverhouding in Hovesground is oor die algemeen so oppervlakkig dat dit blykbaar vir die familielede nie moeilik is om die egpaar te oorreed om maar weer daarmee voort te gaan nie.

Geen tabel of ander maatstaf sal 'n weergawe kan gee van hoe gelukkig huwelike in Hovesground is nie, maar dit val te betwyfel of daar veel gevalle is waar een of albei eggenotes nie minstens af en toe owerspel pleeg nie, waar daar nie gedurig rusies en uitvalle is nie, en waar die mans nie vir die vroue slaan nie. Die vernaamste standhoudende eenheid in enige gemeenskap is die gesin en die basis van 'n gesin is die huwelik. As sodanig is die Hovesgroundse gemeenskap swak gefundeer.

e. Ouderdom, dood en begrafnis.

Die versorging van die oues is bekend as een van die uitstaande eienskappe van die tradisionele Bantoekultuur en die gebruik dat 'n man sy ou vader en moeder moet versorg, word in Hovesground nog as 'n plig beskou. Trouens, soos reeds opgemerk is, een van die redes waarom Hovesgrounders graag kinders wil hê, is om iemand te hê wat hulle kan versorg as hulle oud word.

Gewoonlik is dit die plig van die oudste seun om die ouers by hom in huis te neem as hulle oud word, maar die ouers sal ook gereeld by die ander kinders gaan kuier vir 'n maand of

89/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer. Wanneer daar geen seun is nie, kan van die oudste dogter verwag word om die ouers op te pas, maar soms gebeur dit dat die ouers van die dogter se man reeds by hulle inwoon en as hulle nie redelik vermoënd is nie, moet die ouers by 'n ander dogter gaan woon.

Dit gebeur dikwels dat ou Hovesgrounders eienaars is van 'n huis, en dat hulle nog 'n taamlike inkomste het uit die verhuur van kamers. Aangesien in die meeste derglike gevalle hul oudste seun tog 'n kamer by hul sou gehuur het, sal hulle dan net bly waar hulle is. Van die seun sal dan verwag word om „na sy ouers te kyk". Soms gebeur dit ook dat die seun en sy gesin, wat die ouers moet versorg, teer uit die inkomste wat die ou vader kry uit die verhuur van kamers. Die ouer onderhou nog sy kinders, alhoewel hulle hom versorg.

'n Man en vrou word gewoonlik al as oud beskou as al hul kinders reeds getroud is. Die Hovesgroundse mans werk egter meestal vir Blankes in die stad en dan tree hulle volgens Blanke gewoonte af vanaf ongeveer 55 jaar tot 65 jaar. Eers nadat hulle afgetree het, word hulle as afhanklik beskou en kan hulle beroep op die versorging van hulle kinders.


Ouderdom word onder Hovesgrounders gerespekteer, alhoewel dit 'n algemene klagte van die ouer geslag is dat die jongeres hulle steeds minder respekteer as vroeër. Dit is natuurlik maar 'n universele klagte. Oor die algemeen egter word ou mense altyd beleefd aangespreek en behandel en hulle word veel meer vryhede toegelaat as ander inwoners. 'n Ou man mag in geselskap vloekwoorde en vulgêre taal gebruik en niemand steur hom veel daaraan as hy dronk is of in die straat urineer nie.

Ou vroue beklee 'n heel spesiale posisie in die gemeenskap. Hulle word, omdat hulle nie meer kinders kan baar nie, as ritueel rein beskou en word dikwels by allerlei seremonies gebruik en mag in plekke ingaan en persone besoek wat vir ander verbode is. So tree hulle bv. dikwels op by kindergeboortes,


90/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



WERKSKU JEUGDIGES : TSOTSI'S IN WORDING.



VÈRSKILLENDE SOORTE BOUMATERIAAL IS HIER MERKBAAR.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by siektes en by die onderrig van meisie inisiante.

Oor die algemeen gesproke, kan gesê word dat ou mense in Hovesground 'n baie luilekker lewe lei. Hulle het weinig sorge of bekommernisse, byna geen pligte nie, en bring hul dae deur deur in die son te sit, te gesels en bier te drink.

Byna alle gesinne in Hovesground is lede van een of ander begrafnisvereniging. Daar bestaan etlike derglike verenigings wat lede in Hovesground het, maar almal werk op min of meer dieselfde beginsel. As 'n gesin lid is van so 'n vereniging, kry hulle 'n boekie, waarop maandeliks die kwitansieseëls geplak word. Vir iedere lid van die gesin moet gewoonlik ongeveer 2/6 per maand betaal word. Wanneer een van die gesinslede dan te sterwe kom, bied die vereniging finansiële hulp met die koste van die begrafnis.

Die dood is in Hovesground 'n gebeurtenis van baie groot betekenis en ontketen geweldige uitinge van emosie. Aangesien die meeste inwoners Christene is, word die Christelike verklaring van die dood en geloof in 'n hiernamaals deur hulle aanvaar. Die Christelike beskouing omtrent die dood is egter by die Hovesgrounders nog baie ryklik deurspek met tradisionele bygelowe en selfs by gesinne wat reeds vir twee of drie geslagte gekersten is word sommige van die tradisionele gebruike vir agtergeblewenes streng nagevolg, veral omdat geglo word dat aanraking met die dood 'n persoon onrein maak en hy of sy eers weer gereinig moet word.

Sodra die dood van 'n familielid intree, is dit vir die teenwoordige familie en die vroue in besonder 'n teken om 'n jammerlike geweeklaag aan te hef en bitterlik te huil. Inderdaad werk hulle hulself soms op tot 'n toestand van absolute histerie. Wanneer die familielede tot bedaring gekom het, sal hulle begin om die nodige reëlings te tref. Alle prente en spieëls wat teen die muur hang moet omgedraai word omdat niemand behalwe die familie aan vaderskant die lyk mag sien nie. Spieëls

91/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op hangkaste of op 'n bufet word met Bon-Ami gesmeer.

Hierna word die direkte familielede van die oorledene, d.w.s. ouers, grootouers, kinders of kleinkinders, in kennis gestel, asook die predikant. Hierdie persone sal almal in die voorkamer van die huis vergader en dwarsdeur die nag psalms, gesange en Bantoeliedere sing en bid vir die ontslapene. Intussen sal boodskappers ook vir al die vriende en ander familielede in kennis stel van die sterfgeval, sodat almal by die begrafnis teenwoordig kan wees.

Die volgende oggend word 'n spesiale kleed vir die oorledene gemaak. Groot sorg moet gedra word dat die kleed in dieselfde kamer gemaak word waar die oorledene gesterf het. Indien daar geen naaimasjien is nie, moet een geleen word sodat die werk daar gedoen kan word. Was die oorledene in 'n hospitaal, sal die kleed dan gemaak word in die kamer waarin hy of sy geslaap het. Alle afvalmateriaal word sorgvuldig opgetel en in die tuin begrawe. Al hierdie voorsorgmaatreëls, wat ook deur Christene getref word, is om voorsorg te tref dat niemand die geleentheid kan kry om die gees van die gestorwene en sy „pad vorentoe" te bemoeilik nie.

Intussen sal alle reëlings vir die begrafnis getref word. Wanneer die kleed klaar is, word die lyk in die kis geplaas. Die persoon of persone wat die lyk klee en in die kis plaas, is altyd familielede aan die vader se kant. Indien die ontslapene manlik was, sal sy vader of sy vader se broer dit doen en indien die oorledene vroulik was, sit die suster van haar vader haar in die kis.

Gewoonlik is die begrafnis op die middag van die dag wat volg op die sterwe. Die kis word deur familielede uit die huis gedra, maar buite die huis word dit oorgeneem deur vriende van die familie, wat die kis na die lykskar of na die kerk sal dra. Die begrafnisdiens geskied volgens die gebruik van die betrokke kerk en die oorledene word in die kerkhof begrawe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle vriende en familielede van die oorledene wat moontlik kan, woon die begrafnis by. Dit kan hier gemeld word dat alle Bantoe 'n absoluut uiterste poging aanwend om die begrafnis van 'n familielid of vriend by te woon en dit is soms verbasend om te sien teen welke koste en moeite hulle lang distansies reis vir so 'n doel. Die medegemeentelede van die oorledene probeer ook die begrafnis by te woon en indien die sekte waaraan die oorledene behoort het 'n spesiale uniform dra, sal dit op die dag deur hulle gedra word. Die paar begrafnisse wat volgens tradisionele Bantoegebruik gereël word, vind almal in die platteland plaas volgens die daar heersende metode.

Na die begrafnis gaan almal na die huis van die familie. Buite die voordeur van die huis, of by die ingang van die lapa, staan 'n skottel met water waarin almal hul hande moet afwas voor hulle inkom, om hulle te reinig van die dood. Daarna word hulle met tee, brood en koek bedien. Nadat die gaste die huis verlaat het, mag dit vir die eerste maal na die sterfte gevee word.

Tydens die begrafnis dra die vroulike gesinslede swart klere en die manlike gesinslede dra 'n swart band om die arm. Hierdie klere dra hulle totdat die periode van rou verstreke is. By die begrafnis sal die moeder van die oorledene, en indien hy getroud was, sy vrou, ook hulle gesigte bedek met 'n swart doek, sodat alleen die oë uitsteek. Die dag na die begrafnis word al die gesinslede van die oorledene se hare afgeskeer. Indien die oorledene 'n kind was, sal die ouers se hare kortgeskeer gehou word tot aan die einde van die routydperk. So ook in die geval van 'n eggenoot/e, terwyl kinders of broers en susters weer hulle hare kan laat groei.

Nadat die gesinslede se hare afgeskeer is, sal alle persoonlike besittinge van die oorledene, soos klere, gewas en gestryk word, en onder toesig van die ouer familielede weggepak word. Hierna sal oor die erfreg van die persoon se besittinge,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bv. 'n huis of meubels, geld ens. gepraat word. Die vader, of indien dié nie meer daar is nie, die moedersbroer, of 'n broer van die vader, sal die beslissing vel aan wie die besittinge toekom. Nadat hieroor ooreengekom is, gaan die belanghebbende persone na die Naturellekommissaris om die reëlings te finaliseer.

Die tydperk van rou vir die gesinslede duur vanaf 4 maande tot 'n jaar. Indien 'n man tot sterwe kom, moet sy vrou vir 'n jaarlank rou, en sy kinders vir 6 maande. Indien 'n vrou sterf, sal haar man en kinders vir 6 maande rou en indien 'n kind sterf, rou die ouers gewoonlik vir 6 maande en die broers en susters vir 4 maande. 'n Weduwee sal gedurende haar routydperk, wanneer sy as onrein beskou word, gereeld deur 'n toordokter behandel word met medisyne wat sy moet inneem, asook uitwendige medisyne waarmee sy afgewas word. Gedurende die 12 maande mag sy nie haar gesig was nie, sy mag onder geen omstandighede weg van haar huis slaap nie, en sy behoort ook nie in ander mense se huise in te gaan nie. Enige man wat gedurende dié tyd met haar gemeenskap het, sal sekerlik sterf. Vir wewenaars is die rouperiode minder streng. Hulle moet net hulle hare skoongeskeer hou en mag nie gemeenskap met vroue hê nie.

Aan die einde van die routydperk, kom al die familielede weer bymekaar. Die moedersbroer van die oorledene slag 'n skaap en neem vir homself die kop en die vel, terwyl een boud na die vaders-suster van die oorledene gaan. Die ander boud kry die weduwee of wewenaar of ouers van die oorledene. Die res van die vleis word tydens die reinigingsfees geëet. Die paar persoonlike besittinge van die oorledene wat na die begrafnis weggepak is, word nou deur die moedersbroer aan die familielede uitgedeel, nadat hy vir homself geneem het wat hy wil hê.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C. Samevatting en Evaluering.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit duidelik dat daar, uiterlik beskou, groot en wesenlike veranderinge ingetree het in die lewenswyse en gebruike van die Bantoe van Hoesground in vergelyking met dié van tradisionele Bantoegemeenskappe.

Besonder opvallend is die feit dat 67% van alle geboortes in Hovesground buite-egtelik geskied. Inderdaad word dit as buitengewoon beskou indien 'n jongmeisie nie kinders het voor haar troue nie, en sal die suspisie ontstaan dat sy onvrugbaar is. In vergelyking met die tradisionele Bantoegemeenskappe waar daar groot waarde geheg word aan en klem gelê word op die maagdelikheid van ongetroude jongvroue, kom dit op die oog voor asof daar 'n toestand van algehele promiskuïteit in Hovesground heers. So merk ons byvoorbeeld dat in die ouderdomsgroep 26 tot 30 jaar 60% van alle vroue ongehude moeders is. Nadere ondersoek toon egter dat die meeste van hierdie vroue 'n erkende verhouding met 'n man het, en dit is ook duidelik dat hierdie verhoudinge vroeër of later op 'n huwelik uitloop, en dat alle inwoners van Hovesground uiteindelik in 'n huwelik betrokke raak.

Dat die huwelik 'n totale vormverandering ondergaan het is klaarblyklik. Of die inwoners van Hovesground dit as 'n gesonde toestand beskou kan egter nie sondermeer aanvaar word nie. Die opmerking „die kinders was stout gewees" kom mens gereeld teë wanneer die kwessie van buite-egtelike kinders bespreek word. Alhoewel dit met 'n skouerophaling gesê word, is dit duidelik dat die ou waardes nog steeds as beter beskou word.

Dat die veranderde lewensomstandighede direk hiertoe bygedra het, kan nie betwyfel word nie. In die stadsgebied ervaar die Bantoe ongekende geleenthede vir verkeer tussen die geslagte wat vanself 'n vryer verhouding moet meebring. Hierdie feit, gepaard met die feit dat die sentrale stamgesag nie meer direk verteenwoordig is nie en vervang is deur 'n Blanke stelsel

95/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 'n gekose Adviserende Raad, plaas die Bantoegemeenskap in 'n toestand waarin sy eie kultuur nie voorsiening maak vir beheer en behoud van sy standaarde nie. Jongmans en -vroue vind hulself afgesonder van hulle stamgesag en dikwels ook van hulle gesinsverband in 'n posisie waar daar geen kontrole is oor hulle bewegings en handelinge nie.

Ten spyte hiervan is daar tog duidelike tekens van 'n behoefte om aan die ou waardes vas te kleef. So merk ons dat, alhoewel slegs 14% van die inwoners volgens Bantoereg getroud is, die oorgrote meerderheid kerklike en siviele huwelike nog gepaard gaan met 'n oordrag van lobolo. Alhoewel die vorm wat die lobolo aanneem verander het en uit geld bestaan, word in die onderhandelinge nog gepraat asof dit beeste is. Ook word die onderhandelinge nog deur verwante gedoen, sodat die huwelik ten slotte nog 'n familie-aangeleentheid is, waaroor die gemeenskap 'n mate van beheer het. Ook word in die keuse van 'n huweliksmaat nog streng aan die verbodsbepalinge gehou, alhoewel die voorkeurhuwelike blykbaar in onbruik verval het, hoofsaaklik omdat die voorkeur eggenote meestal nie beskikbaar is nie. Wat die feestelikhede by huweliksluiting betref, asook ander uiterlike vorme, is dit egter duidelik dat die Blanke voorbeeld nagestreef word.

Wat kindergeboorte betref, het daar ook 'n wesenlike verandering ingetree. Onder tradisionele Bantoegemeenskappe was kinders 'n aansienlike ekonomiese bate vir die ouers. In Hovesground het kinders egter tot 'n groot mate 'n ekonomiese las geword, sodat 'n man se rykdom nie meer in sy aantal kinders getel kan word nie - eerder sy armoede. Groot gesinne is dus nie meer gewens nie en, waar onder tradisionele gemeenskappe 'n huwelik pas voltrek is by die geboorte van 'n eerste kind, vind dit in Hovesground meestal plaas voor die huwelik. Dit is duidelik dat 'n aansienlike verandering van beskouing ten opsigte van kindergeboorte die gevolg hiervan moet wees. Die vernaamste

96/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beweegrede vir die voortbring van kinders blyk dan ook die behoefte te wees om goeie versorging vir die oudag te verseker. Daar is dan ook op gewys dat die versorging van oues een van die pligte is wat nog met groot opoffering uitgevoer word.

Tydens swangerskap en geboorte word 'n hele reeks van voorskrifte nagekom ten einde moeder en kind te beveilig en 'n maklike geboorte te verseker. Heelwat van die tradisionele Bantoegebruike het behoue gebly en is ook geprojekteer op nuwe elemente wat die Blanke kultuur meegebring het. Selfs die 16.6% geboortes wat in verpleeginrigtings plaasgevind het, is voorafgegaan met uitvoering van Bantoe voorskrifte. Ook die feit dat in 83.3% van geboortes die vrou se moeder teenwoordig is, is tekenend van 'n behoud van sosiale waardes. Tog wil dit voorkom asof dwarsdeur alle Bantoe-seremonie in 'n rigting van vereenvormiging beweeg word, en die verskillende etniese groepe geleidelik een gemeenskaplike gedragspatroon ontwikkel. In hierdie verband is die gesegde wat deur alle etniese groepe gebruik word „om met die Sotho te trou", om 'n Bantoegewoonteregtelike huwelik aan te dui, betekenisvol.

Wat die inlywingseremonies van die jeugdiges tot volwasse lede van die gemeenskap betref, het daar ook 'n gehele verandering ingetree. Dit is ook inderdaad verwagte, aangesien die stamgemeenskap nie geheel teenwoordig is nie, daar geen stamhof in die stad is waar 'n man regspraak kan beoefen nie, en daar geen regiment bestaan waar die jongmans ingelyf kan word nie.

Waar ons in tradisionele Bantoegemeenskappe gevind het dat die inisiasie van jongmans as van groter belang beskou kan word as by meisies, vind ons in Hovesground dat waar inisiasie wel plaasvind, dit nou van groter belang is vir die meisies as vir die seuns. Waar dit by seuns plaasvind, het ons gevind dat die uiterlike vorm, die besnydenis, nou die oorheersende eienskap geword het en die belangrike fase van afsondering, onderrig en inlywing vervaag het. Inderdaad laat jongmans hulself

97/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dikwels deur Blanke medici besny, bloot om die spottery van ouer mans vry te spring. By meisies, by wie die uiterlik merkbare fisiese veranderinge groter is as seuns, en die tradisionele vorm van inisiasie makliker aanpasbaar is by stedelike omstandighede, blyk dit dat daar nog meer waarde geheg word aan 'n vorm van inisiasie waar, alhoewel aansienlik verander, die basiese kenmerke van afskeid, afsondering en inlywing nog merkbaar is. In alle gevalle het dit egter 'n gesinsaangeleentheid geword en dra nie meer die belangrike volkskarakter nie.

Die opvattinge teenoor dood en begrafnis het geheel-en al verander as gevolg van die aanraking met die Christelike geloof. Die invloed hiervan word later bespreek. Tog dra die reinigingseremonies na die begrafnis en die rouperiode nog duidelik die tekens van Bantoevorme.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II.

## SOSIALE VERKEER.

### A. Sosiale organisasie by tradisionele Bantoegemeenskappe.

By alle Bantoestamme beweeg die indiwidu tot 'n groot mate gedurig binne die gebondenheid van 'n organiese geheel waartoe hy deur geboorte in 'n besondere posisie geplaas is. By alle tradisionele Bantoegemeenskappe word naamlik groot waarde geheg aan die verwantskapsverband tussen indiwidue, waardeur nie alleen die gedragsreëls tussen persone gereël word nie, maar waarop ook die hele gemeenskapsgebondenheid berus.

Iedere Bantoe indiwidu is geskakel aan twee groepe persone, naamlik die verwante aan vaderskant en die verwante aan moederskant. By die Suid-Afrikaanse Bantoe, wat oorwegend patriargaal ingestel is, word nouer verwantskapsverband hoofsaaklik bereken in die linie van die vader. Die patrilinie is dus klassifikotaries in die sosiale organisasie van oorwegende belang.[1)]

In sy spreekwyse onderskei die Bantoe tussen die twee groepe van verwantskap, deurdat sy vader se verwantskapsgroep as „pa-mense" aangedui word, en sy moeder se verwantskapsgroep as „ma-mense". So is al die verwante van sy vader se ouderdomsgroep vir hom „pa", afgesien van geslag, en ook is die verwante van sy moeder se ouderdomsgroep vir hom „ma", sodat elke Bantoe indiwidu 'n hele groep manlike en vroulike „pa's" het asook manlike en vroulike „ma's".

Op soortgelyke wyse is daar wederkerige terme tussen grootouers, ouers, kinders en kleinkinders, en geld hier ook die

99/ .....

1) Fourie, H.C.M. a.w., p. 147; Hunter, M. a.w., p. 15; Junod, H.A. a.w., Vol. I, p.226; Krige, E.J. a.w., p.24; Ashton, H. a.w., p. 10 e.v.; Hoffmann, C.: Sotho Texte aus dem Holzbuschgebirge in Transvaal. Z. Eingeb. Spr. Vol. 28, 1938, p.28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderskeid tussen „pa-verwante" en „ma-verwante". Geslagsonderskeid in verwantskapsterme word alleen tussen broers en susters aangetref. Deur hierdie aanspreekterme word nie slegs die vorm van verwantskap aangedui nie, maar ook die houding, die regte en verpligtinge tussen indiwidue. So moet enigeen wat deur 'n persoon as „pa" aangespreek word, afgesien van geslag of ouderdom, ook ooreenkomstig hierdie term gerespekteer word. Deur middel van die verwantskapsterminologie, is dus ook die gedragsreëls neergelê.[1)]

Hierdie beginsel geld deur die hele stamstruktuur en is die sosiale en politieke gedragsreëls in die strukturele verwantskapsterminologie vasgelê. In hierdie verband speel ouderdom en eersgeboortereg 'n baie groot rol. Hierdeur word bepaal dat in 'n Bantoestam die status van indiwidue nooit dieselfde kan wees nie. Hierdie statusbeginsel geld ook vir die vroue van 'n man, en is hulle status vasgestel volgens 'n bepaalde hiërargie. Elke vrou het met haar kinders haar eie huishouding, en haar kinders erf hulle status weer van hulle moeder. So beklee die hoofvrou se kinders dan 'n meerdere posisie teenoor die kinders van die ander vroue, en is die oudste seun van die hoofvrou die erfgenaam van die vader van die saamgestelde gesin, en verwerf hy uiteindelik die politieke en sosiale status van sy vader.

Hierdie beginsel word verder geprojekteer op die hele verwantskapslinie of vaderlinie, en is die oudste seun van die hoofvrou van die oudste seun in die senior generasie altyd die hoogste statuspersoon binne die linie. Verwante van die liniegroep bewoon gewoonlik dieselfde stat of aanliggende statte.

Bo-oor die patriliniêre verwantskapsgroep, vind ons by baie Bantoestamme, veral die Ngoeni en die Venda[2)] die sibbe.

100/ .....

---

1) Vergelyk Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.p.226-253; Stayt, H.A. a.w., p.p. 172-184; Krige, E.J. a.w., p.p. 23-38; Hunter, M. a.w., p.p. 15-64; Ashton, H. a.w., p.20.

2) Krige, E.J. a.w., p. 34; Hunter, M. a.w., p.51; Stayt, H.A. a.w., p.185; Hoffmann, C. a.w., p.33; Ashton, H. a.w., p.12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar in die verwantskapsgroep die verwante gewoonlik hul verwantskap genealogies kan bereken, is die sibbe ook 'n verwantskapsgroep, maar bereken die sibbelede hulle verwantskap op grond van die feit dat hulle almal van die vermeende voorvader afstam. Die patriliniêre verwantskapsgroepe is dus eintlik segmente van die sibbes. Ook vind ons by die Sotho en die Venda die beskouing van 'n rituele en mistieke verband tussen mense en sekere diere of voorwerpe die totems. Persone wat dieselfde totem huldig behoort aan dieselfde totemgroep. Lede van 'n totemgroep is egter dikwels verspreid oor verskillende stamme.

Benewens die verwantskapsgroepe tref ons by alle Bantoe 'n onderverdeling aan wat deur al die verwantskapsgroepe sny, naamlik die ouderdomsgroepe. Seuns van min of meer gelyke ouderdom, wat saam grootgeword het en saam deur die stamskool gegaan het, vorm een ouderdomsgroep wat 'n samehorige en vriendskapsgroep dwarsdeur hulle lewe bly. Soortgelyke groepe ontstaan ook vir die dogters. Hierdie ouderdomsgroepe reguleer weer verder die verhoudinge binne die gemeenskap, aangesien persone van 'n ouer ouderdomsgroep deur die jongeres gerespekteer moet word.

Al die verwantskapsgroepe, sibbes en ouderdomsgroepe vorm gesamentlik onderdele van die omvattende stamgroep. Die hoof van die stam, die stamhoof, is die senior verteenwoordiger van die senior linie (binne die senior sibbe waar dié bestaan) in die stam. Aangesien 'n stam gewoonlik ontstaan rondom 'n klein kerngroep wat groei deur eie aanwas en inlywing van vreemdelinge, is die stamhoof dan ook die direkte afstammeling van die stigter van die stam, en beklee dus 'n besondere posisie in die stam.[1] Die stam vorm 'n afsonderlike, staatkundige eenheid. In sommige gevalle het dit gebeur dat een stam etlike ander

101/ .....

1) Vergelyk Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.368; Stayt, H.A. a.w., p.195; Krige, E.J. a.w., p.217; Hunter, M. a.w., p. 378; Fourie, H.C.M. a.w., p.147.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stamme aan sy gesag onderwerp het, soos in die geval van die Zoeloe, waar Tjaka 'n hele reeks van stamme met geweld onder hom ingelyf het.[1] In derglike gevalle bly elke stam egter nog 'n eenheid, en heers die stamhoof van die oorwinnende stam dan as opperhoof oor die ander stamme en stamhoofde.

Op hierdie wyse is dan iedere indiwidu op besondere wyse geplaas binne sy gesin, sy verwantskapsgroep, sy sibbe, sy ouderdomsgroep en ten slotte sy stam. Dit is duidelik dat die verhoudinge van indiwidue tot mekaar en tot die gemeenskap binne hierdie raamwerk goed gereël en georden is.

B. Daaglikse Roetine van Gesin.

Vir Hovesgrounders is die dag meestal lank, hulle staan vroeg op en gaan laat slaap. Die eerste inwoners begin soggens ongeveer vier-uur reeds opstaan, wanneer sommige van die laastes, veral oor die naweek, eers bed toe gaan. Teen vyf-uur in die oggend is byna almal egter op en begin die daaglikse aktiwiteite.

Op enkele uitsonderinge na is alle werkende mans van Hovesground arbeiders in Pretoria en is die eerste taak om die mans gereed te kry om werk toe te gaan. Die eerste om op te staan is dus gewoonlik die vroue en dogters wat moet vuurmaak, water haal en kook, huis uitvee en kosmaak.

Nadat die familie geëet het, gaan die mans na hulle werk toe en begin die vroue met hulle normale dagtaak van beddens opmaak, wasgoed doen, brood bak, bierbrou, inkopies doen ens., terwyl die kinders speel of skool toe gaan. Vir die aandete berei byna alle vroue die hoofmaal van die dag voor omdat meeste mans dan tuis is.

Saans na ete word bier gedrink, bioskoop toe gegaan, gekuier, Asiatiese Bazaar[2] toe gegaan, draadloos geluister

102/ ......

1) Krige, E.J. a.w., P.9.

2) Indiër-woonbuurt en -winkels naby Bantule.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of een of ander vermaak, totdat die hele gesin later gaan slaap. So wissel die dae mekaar af, die een min of meer dieselfde as die ander, jaar in jaar uit. Saterdae werk die meeste mans net soggens en dan is hulle vry tot Maandag-oggend. Gedurende die naweek word meer bier gedrink as gewoonlik, aan sport deelgeneem of sport byeenkomste, partye en danse bygewoon, en Sondae gaan baie inwoners kerk toe.

Oor die algemeen het die lewe in Hovesground egter een eentonige reëlmaat. Die jonger geslag staan op, speel of gaan skool totdat hulle weer gaan slaap, terwyl die ouer geslag reëlmatig op dieselfde tyd opstaan, die dagtaak vervul, een of ander vermaaklikheid geniet - gewoonlik drank - en dan weer op 'n reëlmatige tyd gaan slaap. Hovesground is alleen 'n woongebied vir arbeiders wat elders werk. Daar is geen winkelsentrum nie, alhoewel daar 'n paar verspreide klein winkeltjies is, daar is geen industriële gebied nie, geen vermaaklikheidsplekke nie. Daar is net rye huise waar iedereen min of meer leef soos sy/haar buurman. Daar is vir die inwoners ook weinig afwisseling. Die mans neem selde verlof, en dan ook maar net om tuis te bly vir 'n paar dae of weke. Af en toe gaan een of soms twee lede van 'n gesin na die tuisgebied toe, maar dit is uiters selde dat 'n hele gesin saam êrens heengaan, tensy hulle weggaan. Dat 'n gesin saam gaan vakansie hou is ongehoord.

Die volgende tabel gee die beskrywing van 'n normale weeksdag se verloop by 'n tipiese gesin:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Tyd. | Vader 51 jaar. | Moeder 43 jaar. | Dogter 18 jaar | Seun 6 jaar. | Seun 3 jaar. |
|---|---|---|---|---|---|
| 4vm. tot 5 vm. | In bed. | Staan op, maak vuur | In bed. | In bed. | In bed. |
| 5 vm. tot 6 vm. | Staan op was, eet ontbyt. | Kook water. Maak ontbyt | Haal water help moeder met ontbyt | In bed. | In bed. |
| 6 vm. tot 7 vm. | Voltooi ontbyt. Na bushalte. | Eet. | Eet. | Staan op. Eet. | In bed. |
| 7 vm. tot 8 vm. | Per bus na werk. | Vee huis uit. Maak beddens op. | Was skottelgoed. | Speel in straat. neem jong broertjie saam. | Staan op Eet. Saam met ouer broer. |
| 8 vm. tot 9 vm. | Stap van bushalte na werk, begin werk. | Maal meel. | Gaan dorp toe | " | Speel op straat. |
| 9 vm. tot 10 vm. | Werk. | " | In dorp. | " | " |
| 10vm. tot 11 vm. | " | Maak bier en suurpap. | " | neem broertjie huistoe. Gaan weer speel. | Terug huistoe, speel daar. |
| 11 vm. tot 12. | " | Gesels met buurvrou. | Kom huistoe. | " | Speel by huis. |
| 12 tot 1 nm. | " | Gaan winkel toe vir inkopies. Gesels met ander vroue. | Haal water, maak vuur. | " | " |
| 1 nm. tot 2 nm. | Middagete by werk. | Maak ete. Eet. | Eet. was skottelgoed. | Huistoe. Eet. | Eet. |
| 2 nm. tot 3 nm. | Werk. | Doen hekel-werk. | Gaan bed-toe. | Doen boodskap vir moeder. | Slaap. |
| 3 nm. tot 4 nm. | " | Kry besoek. | Slaap. | Versamel ou bene met maats. | " |
| 4 nm. tot 5 nm. | Stap na bus. | Maak tee vir man. | Trek aan, gaan na vriendin. | " | Speel tuis. |
| 5 nm. tot 6 nm. | Huis toe drink tee. | Besoek siek vriendin. Begin met aandete. | Met vriendin na Asiate Bazaar. | Speel op straat. | " |

104/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Tyd. | Vader 51 jaar. | Moeder 43 jaar. | Dogter 18 jaar. | Seun 6 jaar. | Seun 3 jaar. |
|---|---|---|---|---|---|
| 6 nm. tot 7 nm. | Luister na draadloos. Drink bier. | Maak ete. | In Asiate Bazaar. Dans voor winkel wat gramofoonplate speel. | Speel op straat. | Speel tuis. |
| 7 nm. tot 8 nm. | Eet. | Eet. | Met vriende na bioskoop. | Huistoe. Eet. | Eet. |
| 8 nm. tot 9 nm. | Gaan na vriend. Drink bier gesels. | Was skottelgoed. Was kinderklere. | In bioskoop. | Speel met ander kinders tuis. | Gaan bed toe. |
| 9 nm. tot 10 nm. | Huistoe, trek uit, gaan na bed. | Maak vetkoek | " | Gaan bed toe | Slaap. |
| 10 nm. tot 11 nm. | Slaap. | Bed toe. | Bioskoop. Gaan terug na Hovesground. | Slaap. | " |
| 11 nm. tot 12 nm. | " | Slaap. | In kamer van vriendin met twee jongmans. Drink bier, gesels. | " | " |
| 12 nm. tot 1 vm. | " | " | Bed toe. | " | " |

C. Taalgebruik.

Volgens herkoms, behoort die huistaal van die inwoners as volg te wees:

Etniese indeling van inwoners, volgens persentasie.

| Etniese groep. | Persentasie. |
|---|---|
| Noord-Sotho (Pedi) .. | 35 |
| Ndebele ............ | 17 |
| Tswana ............. | 12 |
| Tsonga ............. | 10 |
| Venda .............. | 7 |
| Suid-Sotho ......... | 6 |
| Zoeloe ............. | 5 |
| Xhosa .............. | 4 |
| Kleurling (Afrikaans) | 2 |
| Buitelands ......... | 2 |
| Totaal ......... | 100% |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opname het egter getoon dat die huistaal van die "huur-eenhede" aansienlik verskil, a.v.:

Huistaal van huur-eenhede as persentasie van totaal.

| Huistaal. | Aantal eenhede. | Persentasie. |
|---|---|---|
| Noord-Sotho (Pedi). | 299 | 46.5 |
| Ndebele .......... | 52 | 8.1 |
| Tswana ........... | 72 | 11.2 |
| Tsonga ........... | 68 | 10.6 |
| Venda ............ | 46 | 7.2 |
| Suid-Sotho ....... | 24 | 3.7 |
| Zoeloe ........... | 32 | 4.9 |
| Xhosa ............ | 18 | 2.8 |
| Afrikaans ........ | 23 | 3.6 |
| Buitelands ....... | 9 | 1.4 |
| Totaal .......... | 643 | 100.0 |

Die klein persentasie Ndebele sprekendes, 8.1% teenoor die 17% inwoners van Ndebele herkoms, word daardeur verklaar dat 'n groot deel van die Ndebele van die Ba Hwaduba-stam is, 'n stam wat reeds vir meer as 150 jaar in Sothogebied woon, en die kultuur en taal van hul bure geheel-en-al as hul eie aanvaar het. Die verdere verskille tussen taal en herkoms, word veroorsaak deur inter-stam huwelike. Opmerklik hier is egter dat, soos vanself spreek in 'n sterk patriargale gemeenskap, die lede van die gesin hulself tot lede van die stam van die vader toereken, maar waar die vader met 'n vrou uit 'n ander taalgroep getrou het, die huistaal meestal dié van die vrou word - soos die afwykinge in die bostaande tabelle dan ook aantoon.

Die betreklik groot persentasie Afrikaanssprekende gesinne bestaan uit 'n groep Bantoe wat blykbaar as kinders op Blanke boere-plase grootgeword het, of by Blanke gesinne in die dorp grootgeword het, en wat met die stigting van Hovesground almal daar gevestig het.

106/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die inwoners bo die ouderdom van tien jaar, kan 83% òf Afrikaans òf Engels praat, benewens hulle huistaal en 54% is beide Blanke tale magtig. Die wat net een Blanke taal magtig is, praat meestal Afrikaans. Wat lees en skryfvaardigheid betref, is dit opmerklik dat by verre die meeste geletterde inwoners net Engels kan lees en skryf. Hierdie eienaardige toestand word daardeur verklaar dat die Blankes van Pretoria oorheersend Afrikaanssprekend is, waardeur die groter persentasie Afrikaanssprekendheid, terwyl die onderwys tot onlangs hoofsaaklik deur medium van Engels gelewer is, daardeur die groter lees- en skryfvaardigheid in die taal. Hierdie sameloop van omstandighede het meegebring dat die inwoners van Hovesground oor die algemeen Engels beskou as die taal van die ontwikkelde en geleerde mense. Dit verklaar dan ook waarom hulle so graag onder mekaar Engels praat.

Alhoewel geen betroubare syfers hieroor beskikbaar is nie, kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hierdie neiging aan die toeneem is.[1)] Oral waar jongmense in groepies aangetref word, hoor die besoeker Engels praat, en die jong mense probeer mekaar imponeer met hulle kennis van dié taal. Soveel groot woorde as moontlik word gebruik en die taal wat hulle praat is soms komies hoogdrawend. Hiermee gaan ook 'n steeds toenemende gevoel van minderwaardigheid teenoor die eie taal gepaard. By alle sosiale funksies word byna uitsluitlik Engels gepraat en veral op vergaderings maak sprekers graag van Engels gebruik.

107/ .....

1) Hierdie neiging sal nog verder toegelig word in die Hoofstuk oor Vryetydsbesteding, waar die leesstof van die inwoners bespreek sal word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



D. Huislike lewe.

Uiteraard is dit moeilik om konkrete gegewens oor die huislike lewe van die gesinne te kry. Die inwoners is egter baie lief om van mekaar te skinder, en 'n toehoorder kom gou te hore welke gesinne 'n rustige huislike lewe lei en by welke gesinne daar baie rusie en struwelinge is.

Een van die grootste neigings in die stedelike Bantoelewe is die van indiwidualisme, en hierdie neiging strek deur tot die huislike lewe. Iedere lid van die gesin leef min of meer vir hom/haarself en steur hom weinig aan sy mede gesinslede. Wanneer die dagtaak vervul is, gebeur dit byna nooit dat 'n gesin gesamentlik 'n aand tuis deurbring nie, terwyl die Blanke gewoonte van 'n gesin om gesamentlik een of ander vorm van ontspanning te geniet of gesamentlik te gaan kuier, absoluut ongehoord is. Soms gaan 'n man en vrou saam kuier, maar ook dit is eerder die uitsondering as die reël. By die jonger geslag, wat meer bewus geword het van 'n „social life", kom dit egter meer voor dat 'n jongman en -vrou saam gaan dans of na 'n bioskoop gaan, of na 'n konsert.

Terwyl die sosiale stelsel nog patriargaal georden is, is dit egter duidelik dat die emansipasie van die vrou steeds meer aan die toeneem is. Solank dit egter nog nie tot 'n vaste lewenspatroon ontwikkel het nie, lei dit nog tot baie struwelinge en rusie. Oorsaak vir die toestand moet waarskynlik eerstens in die veranderde ekonomiese lewe gesoek word, waar die meeste vroue 'n betreklik konstante bron van inkomste lewer waaroor die man weinig beheer het. Soms selfs oortref die vroue se inkomste dié van die man. 'n Ander oorsaak van die veranderende posisie van die vrou berus by 'n na-aping van die Blanke lewenswyse. Feit bly egter dat die vrou 'n steeds groter rol in die huislike lewe begin inneem - 'n toestand wat tot ernstige struwelinge lei. Die houding van die mans hierteenoor is totaal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uiteenlopend. Soms word dit beskou as 'n teken van ontwikkeling en spog die mans met die ontwikkeling van hul vroue. Oorwegend egter word daaroor gekla deur die mans wat beweer dat dit 'n onnatuurlike verskynsel is. Wanneer hulle vroue dan hul gesag in die huishouding wil laat geld, kom die mans daarteen in opstand.

Oor die algemeen gesproke kan daar gekonstateer word dat daar van 'n huislike lewe - in modern Westerse sin - weinig sprake is, terwyl die meer komune-gerigte gesinslewe van die Bantoe in die tuisgebied ook verdwyn het. Die grootste oorsaak van die algemeen swak huislike lewe in Hovesground is egter die geweldige groot getal gebroke gesinne wat hier woon. Daar is reeds gewys op die ontstellende voorkoms van ongehude moeders, van verlate moeders en die algemene disintegrasie van die gesin wat in Hovesground aangetref word. Hierdie verval van die gesinslewe het daartoe gelei dat die daarmee gepaardgaande verlies van ouerlike kontrole algemeen deur administrators en opvoedkundiges beskryf word as een van die grootste probleme in die stedelike Bantoegebiede.

Onder die Bantoe in die tuisgebiede is die opvoeding en tugtiging van die kinders nou verbonde met die struktuur van die sosiale organisasie, en waar iedere ouer persoon van 'n stam deur die jonger geslag aangespreek word as „vader" of „moeder", is dit ook die voorreg en plig van die ouer geslag om die kinders ooreenkomstig te mag tugtig indien hulle oortree. In Hovesground is dit vandag egter geen ongewone gesig om jong seuns op straat te sien rook nie, terwyl die ouer mense doodluiters daar verbystap, en geeneen daaraan sal dink om hulle te betig nie.

Die verbrokkeling van die strukturele verband en veral die gesin, het meegebring dat die jeug totaal hande uitruk en deur hul ouers en die gemeenskap heeltemaal onbeheerbaar geword het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



E. Status.

Onder tradisionele Bantoegemeenskappe is status hoofsaaklik bepaal deur 'n persoon se posisie in die sosio-politieke struktuur van die gemeenskap, waarin ook verskille in ouderdom en geslag 'n rol speel. Die stamhoof is die persoon met die grootste status in die stam en vanaf hom of deur verwantskap aan hom, verkry stamlede hul politieke status en word op rangorde van die politieke struktuur geplaas.

Sosiale status word bepaal deur verwantskap, waarin die ouers van 'n indiwidu die belangrikste persone vir hom is en die hele verwantskapstruktuur, in soverre dit hom raak, is van on na hulle toe herleibaar. Binne die verwantkspstruktuur val dan die verskille in ouderdom en geslag en speel ook daarin 'n rol.

Buite die sosio-politieke struktuur, waaruit die status van 'n persoon direk bepaalbaar is, is daar sekere faktore wat aan spesifieke persone prestige kan verleen, bv. rykdom, heldemoed, vaardigheid en so meer, maar prestige het geen, of weinig invloed op status, en verleen aan 'n persoon geen regte of voorregte waarop hy aanspraak kan maak nie.[1)]

In Hovesground egter is prestige nou verbonde - inderdaad kan mens byna sê sinoniem met status. Waar verwantskap, ouderdom en geslag in die tuisgebiede die basiese faktore is wat sosiale differensiasie bepaal, is dit in Hovesground faktore soos rykdom, opvoeding en lewensstandaarde volgens Blanke standaarde gemeet, wat indiwidue differensieer, en hier is dit indiwidue wat persoonlike status geniet en nie as lede van 'n sosiale orde is nie.

Die belangrikste faktore wat aan indiwidue in Hovesground status verleen, is die volgende:-

110/ .....

---

1) Sien ook Schapera, I : Political Institutions, in Schapera, I. a.w., p.188, asook afdeling A van hierdie hoofstuk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Rykdom. Hier is daar net twee grade van verskille, nl. ryk mense en ander mense. 'n Ryk persoon is byna altyd een wat self 'n besigheid het, bv. 'n huurmotor eienaar is of 'n winkel het, waaruit 'n redelike groot inkomste verkry word. Salarisse van arbeiders verskil baie, maar tensy 'n persoon met sy rykdom sekere meetbare weelde soos 'n motor, 'n baksteenhuis en duur meubels kan verkry, verleen dit aan hom geen status nie. Opsommend kan dus gesê word dat rykdom alleen status verleen in soverre die persoon dit regkry om daarmee sekere weelde te verkry wat ook onder Blankes van waarde gereken kan word.

2. Opvoeding

'n Aantal jare gelede was 'n opgevoede persoon een wat kon lees of skryf. Vandag is daar egter veel meer grade van opvoeding wat egter almal volgens Blanke standaarde gemeet word. 'n Medikus of regsgeleerde geniet baie hoë agting onder die inwoners. Tweede in rang kom persone wat ander universiteitsopleiding gehad het, daarna word persone gemeet na die hoeveelheid skoolopvoeding wat hulle geniet het of vakopleiding soos tikkers, verpleegsters, tolke ens.

Gepaard met opvoeding kan die beroep of betrekking wat 'n persoon beklee hom status verleen, en beroepe en klerikale poste verleen heelwat status. Persone wat opvoedkundige status geniet, probeer byna altyd om hierdie status in hul uiterlik te weerspieël. Kantoorwerkers gaan altyd uitermate goed gekleed van huis uit, terwyl die dra van brille baie hoog geag word. Dikwels sien mens dan ook dat persone bril dra alleenlik wanneer hulle uit hul huise uitgaan, of soms net oor naweke.

3. Sosiale gewildheid.

Dit is iets waarna byna almal strewe. Die vorige twee faktore het heelwat met sosiale gewildheid te doen, maar 'n vermoë om sport te bedryf, te dans, musiek te maak, Engels te praat, goed te klee en in die algemeen Blanke sosiale gebruike na te leef, is faktore wat almal baie bydra tot 'n persoon se sosiale

111/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewildheid en of hy/sy as 'n „socialite" beskryf word.

4. Stamverband. In 'n heterogene bevolking soos die van Hovesground speel stamverband 'n baie belangrike rol. Aangesien Noord-Sotho die oorwegende etniese groep is, speel dié vanself die belangrikste rol. Op die Venda en Tsonga groepe word oor die algemeen neergekyk, omdat hulle moer stamvas is, en die vroue nog baie in tradisionele kleding rondloop. Hulle word as „agterlik" en „ongekultiveerd" beskou. Velkleur speel ook 'n baie vername rol, en 'n ligte velkleur is verkieslik.

5. Politieke aktiwiteit.

Kennis van en deelname aan politiek kan moontlik beskou word as 'n uitvloeisel van opvoeding maar val nie noodwendig daarmee saam nie. Die meer „opgevoede" inwoners van Hovesground neem egter graag 'n aktiewe deel aan 'n verskeidenheid van politieke organisasies, o.a. die wat saamhang met die verkiesing van die adviserende komitee en 'n hele reeks van organisasies wat hulle ten doel stel om as kampvegter vir die Bantoe op te tree.

Aan lede van die adviserende komitee of van die verskillende party-organisasies word dan ook die status verleen van leiers van die gemeenskap, alhoewel dit dikwels net geld by persone wat aanhangers is van dieselfde party of groep.

6. Toordokters.

In die tuisgebiede is die status en magsposisie van toordokters natuurlik welbekend. Sover vasgestel kan word, het hierdie posisie in Hovesground geen, of weinig verandering ondergaan, ten spyte van direkte en gereelde aanraking met die mediese wetenskap, Blanke opvoeding en veral met die Christelike geloof. Die status van die toordokter berus hoofsaaklik op vrees gegrond op 'n geloof in hul magiese magte waarmee hul enigeen kan „toor".[1)]

112/ .....

1) 'n Verdere uiteensetting van die geloof in, en die posisie van die toordokter sal gegee word in die Hoofstuk oor Religie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Naas die bogenoemde verwerfbare eienskappe (met die uitsondering van ras) wat aan 'n persoon status verleen, bestaan daar nog die natuurlike bande van die Bantoe sosio-politieke struktuur, wat egter nie op die hele gemeenskap betrekking het nie, maar slegs op indiwidue of groepe van persone. Die invloed wat hierdie strukturele bande op die inwoners het, wissel baie. Al die Pedi inwoners is bv. bewus wie politiek die senior man onder hulle is maar die mate waarin hierdie verbintnis erken word verskil van persoon tot persoon. Sommige inwoners is nog baie stamvas, en vind mens fotos van hulle stamhoof in hul huise. In sulke gevalle sal die senior lid van die stam as die stamhoof se verteenwoordiger beskou word, en word hy gereeld geraadpleeg en ook hoog gerespekteer. Ander sien so 'n persoon weer bloot as 'n ander inwoner met 'n meerdere of mindere opvoedkundige peil as hyself en so meer. Familie-bande bestaan natuurlik ook nog maar daar is reeds aangetoon hoe die invloed hiervan verswak het, as gevolg van die algehele verswakking van die totale struktuur-samestelling.

F. Groepsvorming.

Soos reeds aangetoon, het die verstedelingsproses en die gevolglike verbrokkeling van die stamstruktuur in Hovesground gelei tot 'n sterk indiwidualisme onder die inwoners. Die Bantoe is in sy wese, egter so 'n gemeenskapsmens dat groepsvorming op allerlei terreine homself voordoen, en selfs 'n vrywillige etniese groepering van die inwoners toon aan dat hierdie bande nie totaal verdwyn het soos dikwels aanvaar word nie.

Daar is 'n duidelike neiging onder die inwoners te bespeur om vir vriendskap en geselskap, lede van die eie etniese groep op te soek. Etniese groepe is ook geneig om by mekaar te woon, en 'n paar naburige huise waar alle inwoners tot dieselfde groep behoort, is nie ongewoon nie. Wanneer nuwe intrekkers in die gebied kom woon, soek hulle allereers van hulle stamlede op

113/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat hulle dadelik hul gasvryheid aanbied en dan verder reghelp. Hierdeur kom dit dat sulke intrekkers dikwels „lodgers" word van stamgenote.

In 'n interessante artikel[1] toon Dr. E.F. Potgieter enkele voorbeelde van hoe spontane etniese groepering onder stedelike Bantoe in Pretoria en elders plaasgevind het. Onder meer word melding gemaak van 'n paar begrafnisverenigings wat op etniese basis gegroepeer is, onderlinge hulpverenigings en 'n vereniging wat die instelling van kapteinshuise in stand wil hou. Veral laasgenoemde organisasie, die Lekgotla la Bakgomana het 'n aansienlike ledetal in Hovesground, veral omdat die leier daarvan in die aangrensende gedeelte van Bantule woon, en 'n leidende figuur onder die Bantoe van Bantule is. Ook is hier 'n paar verenigings wat hulle ten doel stel om die stamverband in ere te hou, nl. die „Sons of Zululand", „Sons of Swaziland", wie se name selfverklarend is en 'n vereniging wat as hulle leuse het „Vukani MaHlubi", 'n organisasie wat poog om die verspreide Hlubi stam saam te snoer.

Onlangse ongepubliseerde navorsing van die Departement van Naturellesake het getoon dat die stamstruktuur in die stedelike gebiede nog nie totaal verbrokkel het nie, en in die lokasies van Pretoria bestaan stamorganisasies van die Zoeloe, Swazi, Ndebele, Pedi en ander stamme, wat onder die leiding van die politiek senior man van die groep 'n sterk invloed op die plaaslike stamlede het. Byna iedere persoon in Hovesground weet wie die senior man van sy stam in Pretoria is, en as hulle hom sien, word hy baie gerespekteer. Self het ek eenmaal gesien hoe die senior Pedi-man 'n besoek in Hovesground afgelê het, en baie vroue met wie hy gesels het, het voor hom op hul knieë gegaan en hul hande saamgeslaan - die hoogste vorm van respek wat hulle

114/ .....

1) Potgieter, E.F. Enkele voorbeelde van spontane etniese groepering onder stedelike Bantoe in Pretoria en aan die Rand. In S.A.B.R.A. Nr. 1. Vol. 7, 1955. p.p. 38 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom kon toon, en die manier waarop die Pedi in die tuisgebied hul stamhoof erken.

'n Ander vorm van groepering is die sgn. Stokfele[1]) verenigings, waarvan daar etlikes in Hovesground bestaan, en dikwels op etniese basis georganiseer is. Lede van sulke verenigings span hul geld saam om ander lede finansiële hulp te bied, en ieder kry dan om die beurt bystand van al die ander.

Origens is daar talle bewys dat stamgenote altyd gereed is om mekaar te help in tye van moeilikheid. By begrafnisse kom stamgenote gereeld die laaste eer aan die afgestorwene bewys, terwyl gesinne in finansiële nood altyd aanspraak kan maak op die hulp van stamgenote. Dit bly egter tiperend van die gemeenskap dat onder die normale gang van sake, die stamverband nie veel houvas het of aanspraak maak op die indiwiduele inwoners nie.

'n Verdere uiting van groepsvorming vind ons ook in sportklubs, sosiale klubs en kerkverenigings, wat oor die algemeen goed in Hovesground ondersteun word.[2]) Ook in hierdie klubs word 'n neiging om etnies saam te groepeer dikwels bespeur.

## G. Drankgebruik.

Drankgebruik kom baie algemeen voor in Hovesground. Alhoewel dit uiteraard baie moeilik is om enige syfers in hierdie verband te verkry, kan vryelik aanvaar word dat minstens 85% van volwassenes gereeld alkoholiese drank gebruik en 'n verdere 10% af en toe drink.

Die gereelde gebruik van kafferbier in die tuisgebiede

115/ .....

1) Hierdie verenigings sal verder bespreek word in die Hoofstuk oor Ekonomiese lewe.

2) 'n Meer volledige bespreking van hierdie klubs word gegee in die Hoofstukke oor Religie en Vryetydsbesteding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar dit deel uitmaak van die daaglikse diëet, word algemeen onder die Bantoe van die Unie aangetref. Inderdaad, waar hulle diëet gewoonlik bestaan uit mieliepap, soms aangevul met melk en vleis, vorm hulle daaglikse bier 'n essensiële bestanddeel van hierdie anders karige diëet.

In die stedelike gebiede is die drink van bier nie langer essensieël nie. Vleis, melk en groente is vryelik verkrygbaar en die algemene eetgewoontes is ook veel gesonder as in die tuisgebiede. Die drankgebruik het egter gewoonte geword. In werklikheid word daar in Hovesground meer gedrink as wat die algemene gebruik in die tuisgebiede is, aangesien die verhoogde sosiale verkeer in die stedelike gebiede meer geleenthede bied vir die gebruik van drank.

By verre word die verskillende vorms van kafferbier nog die meeste gedrink. Byna iedere huisvrou brou bier vir haarself, haar gesin en hul besoekers. Al die vroue is ook bereid om bier te verkoop, maar daar is nie so 'n groot aanvraag daarvoor nie.[1] Die meeste vroue beskou dit as hulle plig om genoegsame bier vir hulle mans en hulle vriende te brou. Gemiddeld drink elke volwasse man dan ook ongeveer vier pinte bier per dag. Sommige mans verkies die bier van ander vroue en koop dan vir hulle elke dag 'n „skaal" bier by 'n ander vrou teen ses pennies. Naas die bier wat hy normaalweg tuis drink, word sorg gedra dat sy gaste ook altyd bier kry wanneer hulle na hom kom. By alle sosiale geleenthede word ook bier gedrink, asook by seremoniële geleenthede soos troues, wanneer 'n kind voorgestel word, by inisiasie ens.

116/ .....

1) Die verkoop van bier neem by verre nie sulke groot afmetings aan as wat bv. deur Hellmann gemeld word in Rooiyard, a.w., p.39 nie. Die meeste stedelike Bantoe koop hulle bier by die Munisipale biersaal wat onderhou word deur die Pretoriase Stadsraad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien die brou van bier verbode is, en kafferbier baie maklik aan sy reuk herkenbaar is, en deur die Polisie maklik opgespoor sou kon word, word die bier in dromme gemaak wat onder die grond weggesteek word. Dit veroorsaak vir die vroue natuurlik baie werk, maar blykbaar is almal tevrede om dit te doen en nog die gevaar van arrestasie te riskeer terwille van die gesogde bier.

Naas die drink van bier, kom dit ook voor dat die inwoners Blanke dranke, soos Brandewyn en jenewer op onwettige wyse bekom, wat dan ook baie populêr onder hulle is. Weens die streng beheermaatreëls, is dit vir die indiwidu egter nie so geredelik bekombaar nie, en word hierdie tipe drank nie veel in die huise aangetref nie. Die verskaffing van hierdie dranksoorte word hoofsaaklik aangetref by die sgn. „shebeens" of smokkelkroeë.

'n Smokkelkroeg kan beskryf word as 'n (onwettige) Bantoe dranklokaal, waar 'n kliënt sy drankie koop en dit daar nuttig. Die hou van 'n shebeen is 'n soort tuis-bedryf en word gewoonlik beheer deur 'n vrou, meestal 'n weduwee, wat bekend staan as 'n „Shebeen-koningin". Of sy al die winste daaruit behou is twyfelagtig. Dit kom voor of hulle van buite gefinansier word.

In Hovesground is daar, sover my bekend, vier smokkelkroeë. Weens die vertroulike aard van die gegewens in hierdie verband aan my verstrek, sou dit nie korrek wees om detail besonderhede te gee van hoe en waar die smokkelkroeë geleë is nie, aangesien my informante op die gegewens gevaar van arrestasie sou loop. Dit sal egter genoegsaam wees om aan te toon dat die smokkelkroeë en hul drankvoorrade baie goed weggesteek of gecamoufleer is. Die drank word meestal in dromme onder die grond begrawe, of soms onder 'n hol vloer. Daar word vertel dat die drank dikwels in die warmwater-stelsels gehou word, sodat dit eenvoudig uit die warmwater krane getap kan word. Die smokkelkroeg self is dikwels agter 'n winkel, of in die buitekamers agter die woonhuis.

117/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten einde arrestasie te vermy, word gebruik gemaak van jeugbendes, wat altyd in die strate rondstaan. Sodra die polisie hulle verskyning in die gebied maak, gee die jeugdiges aan mekaar tekens, wat oombliklik deur die hele woongebied trek sodat almal binne 'n paar minute weet dat die polisie daar is. In die dranklokale word alle tekens van drank dan onmiddelik verwyder. Oral waar die polisie in die gebied beweeg, word dan met klippe teen die lamppale gekap, sodat mens kan hoor waar hulle nou is en in welke rigting hulle beweeg.

Alle smokkelkroeë het name waaronder hulle bekend staan, bv. „Russia"; „Kind Lady"; „Nice House" ens. In die smokkelkroeg is daar gewoonlik twee of drie kamers, waar verskillende tipes kliënte bedien word. In een kamer word die gewone man met die verskillende vorms van kafferbier bedien, in die volgende kamer word die persone met meer geld met sherry of wyne bedien, terwyl in 'n verdere kamer, wat baie goed gemeubileer is, brandewyn, jenewer of „doped" dranke verkrygbaar is. „Doping" is die verswakking of versterking van Blanke drank. Water of tee word by die jenewer of brandewyn gegooi om dit meer te laat lyk. Om die drank kragtiger te maak, word dikwels tabak-water, dagga of brandspiritus bygevoeg. Die pryse van hierdie sterker dranke is absoluut buitensporig en een drankie wissel vanaf 3/6 tot selfs 26/-. 'n Bottel brandewyn, jenewer of whiskie kan gekoop word vanaf 30/- tot 50/-. Soms is die drank baie goedkoper, wat aandui dat dit gesteel is. Hierbenewens kan konkoksies soos „Skokiaan", „Kill-me-quick", „Barberton", „Hoenene", „Pineapple", „Shimeya" en ander hier verkry word. Hierdie is gewoonlik dranke wat gouer gis as die gewone kafferbier. Giskoekies word bygevoeg om die proses te versnel, en die bestanddele sluit gewoonlik ook water, suiker, meel en aartappels in. Om die verskillende soorte dranke te maak, word daar van die volgende bygevoeg - pynappel, suikerriet, brandewyn, tabak, dagga, brandspiritus en selfs karbied.

118/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sommige van die dranke is ontsettend sterk en vanselfsprekend uiters ongesond. Mens tref dikwels mense aan wat uit die smokkelkroeë uitkom en na een drankie bewusteloos neerslaan.

Naas die „shebeen-queen", is daar altyd 'n „John" - die man wie se taak dit is om te sorg dat die drank goed versteek is, en dan van tyd tot tyd die voorrade uit die wegsteekplekke - genoem 'n „possie" - te haal. Gewoonlik word hy bygestaan deur 'n paar helpers. Dan is daar ook die skinkers wat in die verskillende vertrekke sorg dat die kliënte bedien word, asook 'n paar jong seuns wat vir die kliënte gaan sodawater of koeldranke koop om by die drankie te voeg.

Die drank word verkry van 'n „mail". Blykbaar word die onwettige drankhandel hoofsaaklik beheer deur Indiërs. Waar hulle die drank vandaan kry is nie bekend nie, maar hulle kom die gebied binne met afleweringswaens onder die voorwendsel dat hulle groentes kom verkoop of handelsware aan die winkels kom lewer. Agter in die afleweringswaens word dan die drank versteek. Daarom is dit veral vir winkeliers maklik om smokkelkroeë te hou, aangesien die kaste drank gewoon saam met sy ander voorrade afgelewer word. Daar is ook Blankes wat by verskeie drankhandelaars gereeld drank koop en dit dan aan die „John" van 'n smokkelkroeg verkoop. Ook is daar die sgn. „hole-in-the-wall-gangs" - bendes wat hulle daarop toelê om by drankwinkels in te breek, ten einde smokkelkroeë van voorrade te voorsien.

Saam met die onwettige drankhandel, gaan die verskynsel van <u>Prostitusie</u>. By alle smokkelkroeë is daar altyd 'n hele paar prostituees teenwoordig, waarvoor daar blykbaar 'n groot aanvraag bestaan.

Gegewens oor die omvang van die verskynsel is onverkrygbaar, maar dit is twyfelagtig of die voorkoms van prostitusie by 'n stedelike Bantoegebied soos Hovesground, deur enige gemeenskap in die wêreld oortref sal word. Byna alle vroue wat bier verkoop - en dit is die grootste meerderheid - is gereed om



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir 'n ekstra inkomste hulself aan hul kliënte te verkoop. In die smokkelkroeë kom beide vroue en mans as kliënte, en na gebruik van die sterker dranke is die vroue - van alle ouderdomme - bereid om aan die wense van die mans te voldoen. Onder hierdie omstandighede word die jeug van Hovesground groot, en dit is geen wonder dat soveel van die jong meisies hulle tot prostitusie wend vir 'n redelike groot en maklike inkomste nie.

Die meeste prostituees werf nie hul klandisie in die strate van Hovesground nie, maar wend hulle òf tot die dranklokale, òf gaan na dele van die stad waar daar altyd 'n samedromming van Bantoe is, soos die sgn. Indiër Bazaar of sekere kafees. Dit is ook ontstellend om op te merk dat hulle klandisie nie net beperk bly tot Bantoe-mans nie, en mens is verstom om te sien hoeveel Blanke mans saans by die ingang van die lokasie met hul motors stilhou om prostituees van die gebied op te laai.

Die prostituees van Hovesground kan in twee groepe verdeel word. *Eerstens die vroue wat, wanneer die geleentheid hom voordoen, bereid is om op dié manier 'n ekstra verdienste te kry, en tweedens vroue wat gereeld met die doel uitgaan en 'n bestaan daarvan maak. Laasgenoemde groep is gewoonlik jong vroue, vanaf ongeveer 15 jaar tot ongeveer 30 jaar oud.

Die Bantoe toon hoegenaamd geen skaamte om oor geslagsake te praat nie, en dit is heel gewoon vir 'n man om enige jong-vrou wat hy teenkom aan te spreek en voorstelle aan haar te maak. Blykbaar is weinig jong meisies op die lange duur bestand teen aanbiedinge van geld of geskenke. Ook vind mens dat baie ouers geen beswaar daarteen het dat hul skoolgaande dogters saans uitgaan met ouer en getroude mans nie. Onder hierdie omstandighede is dit dan ook nie verbasend dat prostitusie sulke groot afmetings in Hovesground aanneem nie.

H. Dobbelary.

Dobbelary speel 'n baie belangrike rol in die lewe van

120/ .......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



byna alle inwoners bo die ouderdom van vyftien jaar, en soms ook jongeres. Die jongeres lê hulle veral toe op dobbelstene en die oueres speel „fah-fee".

Dobbelsteen-spele kan mens bedags by die meeste straathoeke aantref, terwyl dit snags onder die straatligte gespeel word. Meestal is dit net die jonger seuns wat hieraan deelneem, maar ouer mans speel ook soms saam. Waar so 'n spel aan die gang is, mag enigeen kom meedoen, maar gewoonlik bestaan so 'n spel uit nie meer as ses spelers nie.

Die spel bestaan uit twee dobbelstene, wat om die beurt deur elke speler gegooi word. Voordat die stene gegooi word, gooi elke speler sy geld in die „pool." Gewoonlik speel hulle vir 'n pennie per spel, maar soms, wanneer ouer mans speel, word heelwat meer gewaag. Jonger kinders speel soms ook vir speelgoedjies soos botteldoppies, 'n tennisbal, of welke besittings hulle ook van mekaar begeer. Die kombinasie van die syfers op die twee stene het sekere betekenisse en die spel neem die vorm van eliminasie aan, totdat net die wenner oorbly. Sekere kombinasies van syfers skakel spelers uit, terwyl ander kombinasies spelers toelaat om verder te speel. So word dan aangehou totdat die spelers almal uitgeval het en net een speler, die wenner oorbly.

Die spel gaan gepaard met allerlei rites, en daar is heelwat bygeloof aan verbonde. 'n Speler spoeg bv. altyd eers op sy gooi-hand voordat hy die stene gooi. Sodra hy gooi, maak hy sekere uitroepe, bv. „Penny-I-do!" en dan klap hy sy vingers sodra hy die stene gooi.

Verreweg die belangrikste dobbelspel in Hovesground is „Fah-fee". Dit is 'n spel van Sjinese oorsprong wat dwarsdeur Suid-Afrika gespeel word en uitsluitlik deur Sjinese beheer word.[1] In Hovesground speel byna iedere volwassene min of meer elke dag Fah-fee. In elke straat is daar twee tot drie „runners" wat elkeen sy gereelde groep spelers het wat hy dan besoek om hul weddenskappe te kry. Fah-fee word twee-maal per dag gespeel en die

121/ .....

1) Sien Longmore, Laura. A Study of Fah-fee. In S.A. Journ. of Science. 1956, Vol52 No.12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„runners" gaan dan soggens en smiddags die weddenskappe haal.

Die reëls van die spel is min of meer as volg:- Daar is 36 nommers, van 1 tot 36, elk met 'n simbool wat hom verteenwoordig. 'n Speler kies dan die nommer of simbool waarop hy sy weddenskap plaas. Hy kry dan 'n soort kwitansie van die „runner". Wanneer al die weddenskappe opgeneem is, gaan al die „runners" gesamentlik na 'n bepaalde plek waar die Sjinees, wat die spel beheer, hulle ontmoet. Hy gee dan vir hulle 'n geslote koevert waarin die wennende nommer aangegee word, en hulle gee hom dan die geld en die weddenskappe. Wanneer hy al die weddenskappe nagegaan het, betaal hy aan hulle die pryse uit wat hulle moet oordra aan die wenners. Iedere runner kry dan 'n maandelikse salaris. Vir iedere gebied is daar 'n hoof-„runner". In die park in Hovesground is daar 'n bepaalde plek waar iedereen van weet, waar twee sirkels op die grond met 'n stokkie getrek word. In hierdie sirkels skryf die hoof-„runner" dan die uitslae van die dag se weddenskappe. Bedags, en veral wanneer die werkers huistoe kom, is daar 'n gedurige stroom mense wat hier verby loop en ongemerk kyk wat die uitslae is. Wenners gaan dan hul geld by die runners haal, by wie hulle hul weddenskappe gemaak het.

Aan die speel van Fah-fee is daar heelwat bygeloof betrokke. Sekere drome word geïnterpreteer as 'n aanduiding van welke nommer sal wen. Almal in Hovesground ken die simbole wat die nommers verteenwoordig, en alhoewel daar heelwat variasie is, is daar sekere drome wat algemeen aanvaar word as 'n aanduiding van spesifieke nommers. Die volgende lys gee die nommers met die simbole waaronder hulle in Hovesground bekend is, en 'n paar van die algemeen aanvaarde drome.

122/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Nommer. | Simbool. | Droom. |
|---|---|---|
| 1 | King ................. | 'n Witman. |
| 2 | Monkey ............... | Iemand met 'n donker vel. |
| 3 | Sea Water ............ | Die see. |
| 4 | Dead man ............. | Droom van 'n gestorwe manlike familielid. Ook as iemand in die familie werklik dood is. |
| 5 | Tiger ................ | 'n Twis. |
| 6 | Ox ................... | Bloed of 'n geveg. |
| 7 | Chico ................ | 'n Skelm. |
| 8 | Pig .................. | Kos of 'n Sjinees. |
| 9 | Moon ................. | 'n Ronde voorwerp. |
| 10 | Egg .................. | 'n Eier. |
| 11 | Carriage ............. | 'n Kar, wa of bus. |
| 12 | Dead Woman ........... | 'n gestorwe vroulike familielid. |
| 13 | Big Fish of Young man. | - |
| 14 | Old woman ............ | Droom van jou Ouma. |
| 15 | Bad woman ............ | - |
| 16 | Diamond woman of Pigeons .............. | Vliegtuie. |
| 17 | Young woman .......... | - |
| 18 | Silver money ......... | Kleingeld. |
| 19 | Little girl .......... | - |
| 20 | Cat of Paper money ... | Baie geld. |
| 21 | Elephant ............. | 'n Ou man. |
| 22 | Horse of Ship ........ | Skoene. |
| 23 | Chutta ............... | Lang hare. |
| 24 | Big House............. | Tronk. |
| 25 | Ship ................. | - |
| 26 | Bees of Angels of Crowd ............... | Klomp mense of begrafnis. |
| 27 | Dog .................. | Polisieman. |
| 28 | Herring .............. | - |

123/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Nommer | Simbool | Droom. |
|---|---|---|
| 29 | Changlee ................ | Huil of water. |
| 30 | Emaan of Fowl of Minister | - |
| 31 | Fire .................... | Die hel. |
| 32 | Gold Money .............. | Goudmyn. |
| 33 | Little Boy .............. | - |
| 34 | Flowers ................. | Uniegebou. |
| 35 | Ketpan .................. | Manlike liggaamsdeel. |
| 36 | Nonkwayi ................ | Vroulike liggaamsdeel. |

Ook word daar sekere betekenisse gegee aan 'n pyn, jeuk of trekking van sekere liggaamsdele, en vir iedere syfer is daar 'n verteenwoordigende liggaamsdeel wat 'n aanduiding kan gee van welke nommer gespeel moet word. Baie inwoners gaan ook gereeld na dolosgooiers om so te probeer uitvind welke nommers om te verwed.

Meestal word net vanaf een pennie tot drie pennies verwed, maar sommige inwoners verwed soms tot 'n pond op een keer, veral as hulle 'n baie duidelike droom gehad het. Wanneer 'n persoon wen, kry hy twee sjielings terug vir iedere pennie wat hy verwed het. Deurdat so baie mense gereeld deelneem, is daar altyd genoeg wenners in die onmiddelike omgewing om die ander aan te spoor om aan te hou. Op dié wyse het die speel van Fahfee 'n gereelde instelling geword, en elkeen vra altyd van sy vriende welke nommer hy die slag gekies het en hoeveel hy verwed het. Daar bestaan egter geen twyfel dat net een persoon op die lange duur nie verloor nie en dit is die organiseerder van die spel.

## I. Dagga.

Dagga - van die Hottentotse woord Dachab - of Indiese hennep is 'n gewoontevormende verdowingsmiddel, die gebruik

124/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarvan blykbaar by die Bantoe steeds meer toeneem. Alhoewel geen direkte gegewens hieroor verkrygbaar is nie, word deur die inwoners van Hovesground vryelik aanvaar dat steeds meer van die inwoners, en veral die jeug, daarvan gebruik maak.

Dagga staan onder hulle bekend onder 'n verskeidenheid van name, o.m. „No.1", „garnja", „locoweed", „baccy", „giggle-weed", „love weed", „tokwaan", „hoenderpoot", „tarrie", „stops" e.d.m.

Die verspreiding van dagga, wat natuurlik wetlik verbode is, word blykbaar waargeneem deur een of meer goed-georganiseerde bendes. Deur die bendes word dit versprei na tussengangers, van wie daar stellig 'n paar in Hovesground is. Die tussengangers koop hulle voorrade van die bendes, en sorg dan elk vir sy gereelde klandisie aan wie hulle weer hul voorrade teen aansienlike winste verkoop. Daar word beweer dat 'n dagga-verslaafde ongeveer £6 per maand daaraan bestee. Sover vasgestel kan word, kom die meeste dagga wat in Hovesground gebruik word, van Sekhukhuneland, 'n Bantoegebied in die Noordelike Transvaal.

Dagga word deur die verbruiker meestal gerook of soms gemeng met drank. Die dagga-plantjie se blare word gekerf soos tabak en in 'n papier toegerol soos 'n sigaret - genoem „pill" - en dan gerook. Sommige rokers maak spesiale dagga-pype, van bottels voorsien van rubberpypies, of spesiale gate in klippe, of met 'n pypie deur 'n beeshoring. Op hierdie wyses word die dagga dan deur water gerook, om die rook te verkoel. Soos reeds aangetoon, word in smokkelkroeë baie maal dagga by die drank gegooi om dit sterker te maak.

Die dagga het op die verbruiker daarvan min of meer dieselfde uitwerking as opium of die roker daarvan. Dit gee 'n sensasie van ongekende moed en krag en verwerklik die droomwêreld van die verslaafde. Wanneer die effek afgewerk is, word die persoon swartgallig en gedeprimeerd en ontstaan die behoefte aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n verdere ervaring. Wanneer onder die invloed daarvan, is die persoon instaat tot enigiets, en lei dit tot menige misdaad. Dit is duidelik dat 'n dagga-verslaafde nie 'n goeie werker is nie en om te voldoen aan sy behoefte moet hy hom tot ander maniere wend om geld in die hande te kry om meer dagga te kan koop.

Hoeveel Hovesgrounders dagga rook, is moeilik om te sê, maar dat dit groot afmetings aanneem, blyk duidelik uit waarnemings en gesprekke met die inwoners. Veral die jeugdiges probeer hierdeur hulle manmoedigheid toon, en van die onder hulle wat geneig is tot losbandigheid, maak seker die meerderheid vroeër of later kennis met hierdie gewoontevormende verdowingsmiddel.

J. Misdaad.

Vir 'n gewone ondersoeker is geen betroubare gegewens beskikbaar oor die omvang van misdaad in 'n gebied soos Hovesground nie. In so 'n gebied, waar drankgebruik, dagga, prostitusie en werkloosheid sulke groot afmetings aanneem, kan egter vryelik aanvaar word dat die voorkoms van misdaad hiermee sal tred hou.

Uit die ongepubliseerde verslae van die offisier in bevel van die Munisipale Polisie, is die volgende uittreksels gemaak om 'n aanduiding van die posisie te gee:

Misdaadsyfer in Hovesground.

| Rede vir arrestasie. | Tydperk. | |
|---|---|---|
| | Feb. tot Mei 1955. | Jun. tot Nov. 1955. |
| Onwettige besit van kafferbier en konkoksies ........................ | 340 | 389 |
| Onwettige besit van Blanke drank .... | 12 | 163 |
| Fah-fee ............................ | 11 | 19 |
| Waterlaat in publieke straat ........ | 2 | 63 |
| Onwettige besit van dagga ........... | 9 | 39 |
| In besit van gevaarlike wapens ...... | 7 | - |
| Polisie teengegaan in uitvoering van pligte ........................... | 4 | - |
| Dronkenskap ......................... | 8 | - |
| Dobbelary ........................... | - | 45 |
| Rusverstoring ....................... | - | 17 |

126/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Rede vir arrestasie. | Tydperk. | |
|---|---|---|
| | Feb. tot Mei 1955. | Jun. tot Nov. 1955. |
| Bakleiery .......................... | - | 7 |
| Diefstalle (gewoon) ................ | - | 10 |
| Aanranding (gewoon) ................ | - | 14 |
| Aanranding (met doel) .............. | - | 4 |
| Verkragting ........................ | - | 2 |
| Moord .............................. | - | 1 |
| Hoeveelheid kafferbier vernietig ... | 6,984 gal. | 12,627 gal. |
| Hoeveelheid konkoksies vernietig ... | 4,492 gal. | 4,201 gal. |

Hier moet aangetoon word dat die meerderheid van kriminele sake deur die Suid-Afrikaanse Polisie hanteer word. Hulle hou egter nie 'n aparte verslag van arrestasies in Hovesground nie. Wanneer in aanmerking geneem word dat die meerderheid van misdade deur die inwoners van Hovesground in die stad of elders gepleeg word, word dit duidelik dat die omvang van misdaad onrusbarend hoog is, vir so 'n betreklik klein gemeenskap.

## K. Jeugbendes.

Gedurende die afgelope vyftien jaar het jeugbendes onder die stedelike Bantoe geweldig toegeneem, veral onder die jongmans. 'n Steeds toenemende getal meisies groepeer hulle egter ook saam met hierdie bendes. Algemeen bekend as „tsotsi" bendes, voer hierdie bendes 'n absolute skrikbewind uit in die stedelike Bantoe-woonbuurtes en regeer, veral snags, die lewe van die inwoners onder wie hulle baie gevrees word.

In 'n deurtastende ondersoek na Tsotsi-groepe[1] in Pretoria, bevind Dr. Bothma dat die woord tsotsi afkomstig is van die Suid-Sotho woord „ho tsotsa" wat skerpmaak beteken, of van

127/ .......

1) Bothma, C.V. 'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaanoorsake van Tsotsi-groepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied Pretoria 1951, p.29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Amerikaanse „zoot-suit" bendes, en dui op die tipe broek wat deur die „tsotsis"[1)] gedra word, nl. 'n broek waarvan die pype onder nou is. Die woord het sedertdien die bybetekenis van skelm gekry.

Soos reeds aangetoon, is jong seuns van sewe tot tien jaar reeds geneig om hulself in groepe te organiseer - veral in hul speletjies en daag dan soms ander soortgelyke groepe uit om teen hulle sokker te speel. Indien daar 'n natuurlike leier onder die groepie is, kan hulle meer georganiseerd optree. Hierdie groepies kan egter nog nie as tsotsi-bendes beskou word nie, maar die neiging tot bendevorming is reeds daar. Sulke groepies noem hulself „tjommies"[2)] of „tjoms". Wanneer sulke groepe onder adolesente jongseuns voorkom, word hulle deur die egte tsotsi groepe as „mediums" beskryf omdat hulle nog in 'n tussenstadium verkeer en nog heelwat moet ontwikkel en leer voordat hulle goeie tsotsis sal wees. Teen hierdie stadium het die meeste van hulle reeds skool verlaat, en werk baie sporadies. Hulle slenter op straat rond, dobbel en begin smokkelkroeë besoek, drink en dagga rook. Hulle hou nog geen bedreiging in vir die gemeenskap nie, behalwe dat hulle nuttelose lede daarvan is.

Hierdie groepe begin egter gou asosiale neigings toon, deels omdat hulle deur die ouer gemeenskap verag word, en deels uit 'n avontuurlus. Hulle besluit dan om te „rensj"[3)] en vorm dan 'n bende-groep. Dr. Bothma onderskei nog verder[4)] onder „Hepkats" en „Majietas", waar l.g. as misdadige bendes beskryf word. Ondervinding het egter in hierdie ondersoek getoon dat

128/ ......

---

1) Die woord tsotsi word gebruik om die bende asook 'n lid van so 'n bende aan te dui.

2) Vgl. Bothma, a.w., p.31. Hierdie woord is afkomstig van die Engelse „chum".

3) Afkomstig van die Amerikaanse woord „ranch". Vgl. Bothma, a.w., p.31.

4) Ibid. p. 32.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar uiters 'n graad-verskil bestaan in die misdadige bedrywighede van die verskillende bendes. Hierdie kan moontlik 'n meer resente ontwikkeling wees, maar dit is duidelik dat alle bendes 'n misdadige bestaan voer. Selfs die „mediums" voer reeds 'n onwettige lewe in die opsig dat drank in die lokasies, dobbelary en dagga streng wetlik verbode is, en hulle bowendien reeds 'n klein inkomste uit mindere diefstalle uit kafees, en sakkerollery verkry.

Tsotsis word onderskei op grond van hul kleredrag, wat hoofsaaklik bestaan uit 'n broek met pype wat na onder vernou, 'n helderkleurige hemp met soms 'n helderkleurige das, seilskoene of súede-skoene wat oor baie helderkleurige kouse gedra word. 'n Pet en 'n baadjie word ook dikwels gedra. Onderling praat die tsotsis 'n tipe geheime taal, wat onder hulle bekend staan as die „Flaaitaal", 'n mengsel van Bantoetale, Afrikaans en Engels. Op hierdie taal word steeds voortgebou en is hy gedurig aan verander. 'n Paar woorde en uitdrukkings wat tans in Hovesground deur die tsotsis gebruik word, word hieronder aangegee:-

| | |
|---|---|
| Babies val ........ | van meisies hou. |
| Bricados .......... | maats. |
| Daak! ............. | loop weg! |
| Ga ................ | gryp. |
| Globe ............. | kyk. |
| Gonnie ............ | mes. |
| Hinty ............. | doodmaak. |
| Kalykit ........... | net soos. |
| Konkie ............ | kop. |
| Mdlalos ........... | fees. |
| Moegoes ........... | onnoseles. |
| Neinen ............ | tronk toe gaan. |
| Notch ............. | begryp. |
| Nyekeza ........... | niks doen. |
| Pitch ............. | verlief word. |
| Punyuka ........... | kans kry. |
| Quip .............. | slaan. |
| Rubbernek ......... | meisie. |
| Shashi ............ | agterlaat. |
| Titch ............. | huis (tuiste). |
| Wildmaak .......... | bangmaak. |

'n Gereelde tydverdryf van die tsotsis is om na die bioskoop te gaan. Daar kry hulle idees, veral uit riller-prente, vir hulle taal en hulle gedrag. Iedere bende het sy eie naam

129/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die meeste name is ook afleïdings van films wat hulle verbeelding aangegryp het. Sover my bekend is daar agt bendes in Hovesground. Hulle name is: Skin Brothers; Mountain Gang; Vultures; Dead Mans Gulch; Fast Eleven; Black Hawks; Hungarians.

Dit is moeilik bepaalbaar hoeveel van die jeugdiges aan tsotsi-bendes behoort, maar 'n goeie 50% van die jongmans is of was lede van een of ander bende.

Dit is die strewe van iedere tsotsi om 'n „moll" - meisie - te hê. Die tsotsis word deur jongmeisies egter baie bewonder en hulle vind nie veel moeilikheid om elk 'n meisie te kry wat sy „moll" wil wees nie. Hierdie meisies, wat aanhangers is van die tsotsis, neem gewoonlik nie deel aan hulle aktiwiteite nie, en dien hoofsaaklik om hul seksuele behoeftes te bevredig. Hulle besoek egter saam smokkelkroeë, rook saam dagga en slenter dikwels saam op straat rond.

Die aktiwiteite van die tsotsis bestaan gewoonlik daaruit dat hulle alles doen waarvoor hulle lus het, en vir geldelike middele om te verkry wat hulle wil hê, be-oefen hulle allerlei misdaad. Hoofsaaklik beroof hulle die mede-bewoners van Hovesground, veral wanneer mans laat saans huistoe kom, word hulle onverhoeds aangeval en beroof van alles wat vir die tsotsis van waarde mag wees. Origens voer hulle soms huisbrake uit of hulle breek in by winkels en kafees, en hulle help met die smokkel van drank en dagga.


Feitlik alle tsotsis is werkloos. Bedags slenter hulle in groepies deur die strate, verkeer met meisies, dobbel, drink en rook dagga. Hulle het 'n geweldige opvlieënde humeur en val enigeen aan wat hulle nie aanstaan nie. Meestal dra hulle messe, sodat die normale persoon nie teen hulle bestand is nie.

'n Kenmerk van die tsotsis is dat hulle vir hulself en hul „tjommies" wil bewys lewer van hul krag, moed en geslepenheid. Om dié rede is daar dan ook 'n groot wedywering tussen die ver-

130/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




BLIKKE WORD VIR AFVAL VOORSIEN.



TENSPYTE VAN DIE NODIGE VOORSORG VERGADER AS- EN AFVALHOPE ORAL LANGS DIE STRATE.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skillende bendes. Grootskaalse bende-oorloë kom gereeld voor en elke bende probeer die ander oorheers en baas wees van die gebied.

Die gevolg van die optrede van die tsotsis is dat hulle so gevrees word deur die ander inwoners, dat hulle onversteurd doen net wat hulle wil. Hulle ouers het hoegenaamd geen beheer meer oor hulle nie, en die tsotsis op hulle beurt steur hulle nie aan hulle ouers nie. Hulle kom en gaan tuis soos hulle wil, en twee of drie van die tsotsis slaap gewoonlik snags saam, dan by die een se huis, dan weer by die ander. Op hierdie wyse ontwikkel later menige geharde misdadiger.

## L. Gesondheid en Welsyn.

In 'n agterbuurt-gebied soos Hovesground met al sy onhigiëniese toestande en oorbewoning, is dit te wagte dat die algemene gesondheids- en welsynstoestande swak sal wees. Alhoewel daar geen vergelykende syfers beskikbaar is nie, is die ondervinding van die Kliniekverpleegster in Bantule dat die persentasie siektes in Hovesground heelwat hoër is as in die res van die lokasie. Een syfer wat wel apart gehou word is dié in verband met tuberkulose. In die periode vanaf 1951 tot 1956 het daar in Hovesground 30 gevalle van tuberkulose met 15 sterfgevalle voorgekom, teenoor 28 gevalle met 7 sterfgevalle in die res van Bantule, alhoewel die bevolking in laasgenoemde gedeelte hoër is as dié van Hovesground.

Deur die Stadsraad van Pretoria word 'n mediese kliniek in Bantule onderhou met 'n permanente personeel van een Blanke verpleegster, een Bantoe vroedvrou, drie Bantoe kinderwelvaartverpleegsters en een manlike Bantoe verpleër. Ook word die kliniek drie maal per week deur 'n Blanke medikus besoek. In die kliniek word tuberkulose pasiënte, veneriese siektes en gewone buitepasiënte versorg, asook spesiale voor- en nageboortelike versorging en kinderwelvaart.

131/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende gevalle van veneriese siektes is in die kliniek behandel:[1)]

Veneriese Siektes.

| Jaar. | Nuwe gevalle. | | Alle gevalle. | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | |
| 1951-52 | 65 | 97 | 285 | 993 | 1,278 |
| 1952-53 | 15 | 51 | 298 | 1,012 | 1,310 |
| 1953-54 | 3 | 40 | 88 | 611 | 742 |
| 1954-55 | 9 | 33 | 96 | 394 | 532 |

In die kinderwelvaart-afdeling is die volgende gevalle behandel:

Kinderwelvaart.

| | 1951-52 | 1952-53 | 1953-54 | 1954-55 |
|---|---|---|---|---|
| Eerste besoek .......... | 200 | 282 | 256 | 413 |
| Her-besoek ............. | 4,676 | 6,185 | 6,360 | 8,350 |
| Deur medikus behandel .. | 622 | 684 | 636 | 1,095 |

Die Na-geboortelike afdeling het die volgende aantal gevalle behandel:

Na-geboortelike Versorging.

| | 1951-52 | 1952-53 | 1953-54 | 1954-55 |
|---|---|---|---|---|
| Gevalle aangemeld ...... | 290 | 233 | 210 | 353 |
| Aantal bywoning ........ | 1,575 | 1,456 | 1,250 | 1 ,868 |

In die jaar 1954 - 1955 is die volgende aansteeklike siektes in Bantule aangemeld:

Aansteeklike Siektes.

| | Manlik | Vroulik | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Tuberkulose . | 9 | 7 | 16 |
| Tifus ....... | - | 1 | 1 |
| Witseerkeel . | 3 | 3 | 6 |
| Totaal .... | 12 | 11 | 23 |

1) Sien onderaan volgende bladsy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kindersterftesyfer per 1,000 geboortes in Bantule was gedurende die jaar 1954-1955 as volg:

| | |
|---|---|
| Manlik ... | 189.47 |
| Vroulik .. | 101.10 |
| Totaal .. | 144.33 |

Hierteenoor was die kindersterftesyfer onder alle Bantoe van Pretoria, in vergelyking met dieselfde syfer vir alle Blankes van Pretoria as volg:

Kindersterftesyfer van Blankes en Bantoe in Pretoria.

| Jaar. | Blankes | Bantoe |
|---|---|---|
| 1951-52 | 30.26 | 136.86 |
| 1952-53 | 28.14 | 113.94 |
| 1953-54 | 35.57 | 129.98 |
| 1954-55 | 29.67 | 121.09 |

Die oorsake van kindersterfte onder alle Nie-Blankes in Pretoria was in die jaar 1954-55 as volg:

Oorsake van kindersterfte.

| Oorsaak. | Aantal. |
|---|---|
| Erflike oorsake ............. | 22 |
| Diareale siektes ............ | 138 |
| Brongitis en longontsteking . | 107 |
| Aansteeklike siektes ........ | 17 |
| Ander oorsake ............... | 42 |
| Voortydige geboorte ......... | 77 |
| Besering met geboorte ....... | 11 |
| Ondervoeding ................ | 12 |
| Totaal ..................... | 426 |

Die oorsake van sterfgevalle tussen die ouderdomme een tot vyf jaar onder alle Bantoe van Pretoria was as volg, gedurende die jaar 1954-1955:

133/ .....

1) Alle syfers is verkry uit: City Council of Pretoria. Annual Report of the Medical Officer of Health. 1951-52; 1952-53; 1953-54; en 1954-55.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oorsake van sterfgevalle : een tot vyf jaar.

| Oorsaak. | Aantal |
|---|---|
| Kinkhoes .................. | 2 |
| Tuberkulose (longstreek) .. | 10 |
| Tuberkulose (senustelsel) . | 1 |
| Harsingontsteking ......... | 1 |
| Masels .................... | 3 |
| Ondervoeding .............. | 22 |
| Lewer-kwale ............... | 2 |
| Brongitis ................. | 2 |
| Longontsteking ............ | 49 |
| Waterhoof ................. | 1 |
| Hersingvliesontsteking .... | 2 |
| Diaree en dermontsteking .. | 102 |
| Ongeluk (motor) ........... | 2 |
| Ongeluk (brand) ........... | 7 |
| Onbekend .................. | 12 |
| Totaal .................. | 218 |

Die oorsake van sterfgevalle van alle Bantoe in Pretoria bo die ouderdom van vyf jaar gedurende 1954-1955 was as volg:

Oorsake van sterfgevalle : bo vyf jaar.

| Oorsaak. | Aantal |
|---|---|
| Kanker .................... | 21 |
| Hartkwale ................. | 53 |
| Brongitis ................. | 89 |
| Griep ..................... | - |
| Tifus ..................... | 12 |
| Tuberkulose ............... | 35 |
| Suikersiekte .............. | 1 |
| Beroerte .................. | 11 |
| Nierkwale ................. | 13 |
| Vaatsiektes ............... | 9 |
| Lewer- en galkwale ........ | 4 |
| Kwale van swangerskap ..... | 4 |
| Ouderdom .................. | 6 |
| Selfmoord ................. | 1 |
| Moord ..................... | 9 |
| Ongelukke ................. | 40 |
| Totaal .................. | 298 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benewens die gesondheidsafdeling het die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad van Pretoria ook 'n spesiale onder-afdeling vir welsyn, onder beheer van 'n Senior Superintendent vir Welsyn en Ontspanning. Onder sy beheer val 'n Senior Wel-synsbeampte (Blanke), 'n Blanke vroulike maatskaplike werkster en agt Nie-Blanke maatskaplike werksters, waarvan een permanent in Bantule werksaam is, en aansoeke vir pensioene; gesinsmoei-likhede; jeugmisdaadgevalle; gevalle van kinderverwaarlosing; en in samewerking met die kliniek, kliniekdienste behartig.

Dit is die ondervinding van hierdie personeel dat, soos in die geval van gesondheidstoestande, die maatskaplike toe-stande in Hovesground van die ergste in Pretoria is. Die voor-koms van sosiale euwels soos drankmisbruik, prostitusie, ower-spel, misdaad, verwaarloosde kinders, ongehude moeders en so meer, neem in Hovesground sulke afmetings aan dat dit vir die navorser aanvanklik moeilik is om die verloop van die normale lewe tussen die chaos deur te sien. Hovesground het dan ook ongetwyfeld al die nadelige gevolge van agterbuurttoestande in oormaat.

Naas die genoemde welsyn afdeling, bestaan daar etlike organisasies en verenigings wat hulle in besonder toelê op wel-synswerk onder die Bantoe en ook in Hovesground besonder waarde-volle werk verrig. Die belangrikste hiervan is die Departement van Naturellesake wat in verdienstelike gevalle ouderdoms-, ongeskiktheids- en blinde-pensioene aan Bantoe betaal; die Departement van Volkswelsyn met allerlei vertakkings van welsyns-werk en hulle veral ook toespits op die bestryding van jeugmis-daad; die Kindersorgvereniging wat 'n Blanke en 'n Bantoe maat-skaplike werkster in diens het spesiaal vir die bearbeiding van die Bantoe van Pretoria; die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike Dienste wat spesiaal met Bantoe in die gevangenis werk en dan ook onder hulle gesinne welsynswerk doen; die Kreupelsorgvereniging wat ook in besonder in werk onder die Ban-toe belangstel.

135/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## M. Samevatting en Evaluering.

Bantoe stamhoofde word in Suid-Afrika wetlik erken en aangestel, en word jurisdiksie verleen oor die lede van die stam woonagtig in die stamgebied.[1] Dit beteken dat hulle wetlik geen beheer kan uitoefen oor die Bantoe in die stede nie.[2] Hierdeur is in werklikheid die sentrale figuur in die tradisionele Bantoe stamstruktuur vir alle praktiese doeleindes uitgeskakel uit die lewe van die stedelike Bantoe.

Die vraag ontstaan nou wat die Bantoe van Hovesground se houding is ten opsigte van hierdie verbreking van hulle sosiale struktuur en waartoe dit gelei het in hulle sosiale verkeer?

Ons het reeds gemerk dat die stamstruktuur verder verbrokkel is deurdat die Bantoe van Hovesground as gesinne of as enkel indiwidue die stadsgebied binnegekom het, asook dat alle etniese groepe in die Unie hier verteenwoordig is. Dit beteken dat die inwoners van Hovesground nie 'n homogene stamgemeenskap vorm nie, maar 'n heterogene gemeenskap is, sonder die strukturele sosio-politiese verband wat hoofsaaklik deur geboorte daargestel word.

Daar bestaan vanselfsprekend gesinne in Hovesground, en selfs etlike verwante gesinne. Oor die algemeen egter woon die meeste verwante van die inwoners in Hovesground nog in die tuisgebiede of verspreid oor ander dele van die Unie. Alhoewel verwantskap nie deur afstand verbreek kan word nie, word wel sy invloed deur afstand tot 'n groot mate afgesny. Ons kan dan ook konkludeer dat die gebondenheid van die sosiale struktuur prakties vir die inwoners van Hovesground nie meer bestaan nie. Waar verwante in die Bantoegebied gewoonlik in dieselfde of aanliggende statte bymekaar woon, woon die indiwidu in Hovesground

136/ .....

1) Die Naturelle-administrasiewet, 1927 (Wet Nr.38 van 1927).

2) Die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur is op die wetboek geplaas nadat hierdie opname gemaak is. Sien Hoofstuk VII, p.28 vir 'n bespreking van hierdie wet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tussen mense wat, in terme van die tradisionele sosiale ordening, geen sosiale verband met hom het nie. Die houvas wat die strukturele verbondenheid op die sosiale ordening van die gemeenskap gehad het, het hierdeur totaal verbrokkel. Ons merk dit dan ook dadelik op uit die gees van indiwidualisme wat in Hovesground heers in teenstelling tot die kommune-gerigte tradisionele Bantoegemeenskappe.

Hierdie gees van indiwidualisme is een van die uitstaande kenmerke van die Hovesgroundse gemeenskap en word dwarsdeur alle fasette van die sosiaal-kulturele lewe aangetref. Dit het dan ook duidelik geblyk in die huislike lewe van die gesin dat daar nie meer 'n hegte eenheidsband is nie. Die besondere waarde wat by tradisionele Bantoe geheg word aan verwantskap, word in Hovesground oënskynlik nie meer aangetref nie. Waar in tradisionele gemeenskappe status dan ook erflik bepaalbaar was, word status in Hovesground op grond van persoonlike prestige verwerf en word gekoppel aan Blanke maatstawwe soos rykdom, opvoeding en sosiale gewildheid. Hierdie oordeelsvorm verleen aan status-persoonlikhede egter geen gesag oor die gemeenskap nie, en berus die mate van invloed wat hulle wel op die gemeenskap mag uitoefen op persoonlike verhoudinge, en het geen bindende of blywende waarde nie.

Die afwesigheid van stamgesag en gemeenskaplike dissipline het die invloed dat die indiwidu tot 'n groot mate na willekeur optree en leef. Waar in die tradisionele gemeenskappe die sosiale struktuur, gerugsteun deur die geïntegreerde stamgesag, die sosiaal-kulturele maatstawwe as sodanig in stand kon hou, lei die afwesigheid van hierdie gesag tot 'n sosiale disintegrasie. Die tradisionele gesag is vervang deur 'n Blanke gesag wat Blanke maatstawwe van ordelikheid en dissipline wil onderhou, sodat die gesag nie uit die gemeenskap self spruit nie, en die gemeenskap daar geen belang by het en dit nie probeer onderhou nie. Die gevolg hiervan is die skokwekkende afmetings wat

137/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sosiale euwels soos drankmisbruik, dobbelary, prostitusie, jeugbendes en -terrorisme en ander vorme van misdaad aanneem. Ook het dit gelei tot die groot getal gebroke gesinne, sodat die kern van die sosiale ordening, die gesin, ook in verval geraak het.

Naas die verval van die eie sosiale ordening, verskyn ook in Hovesground die duidelike behoefte om die Blanke sosiaal-kulturele lewe binne te dring. Hierdie neiging is duidelik merkbaar in die groot spreekvaardigheid in die amptelike landstale en die feit dat dit as „ontwikkeld" beskou word om onder mekaar in Engels of Afrikaans te praat. Hierdie begeerte openbaar hom ook verder in die veranderde posisie van die vrou wat in navolging van Blanke patroon 'n proses van emansipasie ondergaan wat weerspieël word in die feit dat in huwelike tussen verskillende etniese groepe die neiging bestaan dat die huistaal dié van die vrou word.

Wat is nou die houding van die inwoners teenoor die verval van die tradisionele sosiale ordening? Uit die voorgaande bespreking wil dit voorkom asof die inwoners van Hovesground die ou weë heeltemaal opsy geskuif het. Dit is egter so dat die blote verstedelikingsproses tesame met Blanke administratiewe maatreëls die strukturele gebondenheid afgesny het. Daar bestaan onteenseglik onder die jonger geslag in Hovesground, wat daar gebore is en nooit enige kontak met die funksionering van stambeheer en stamgesag gehad het nie, 'n neiging om op Blanke wyse die tradisionele leefwyse as primitief te beskou en daarop neer te kyk. Hierteenoor is daar egter duidelike tekens dat veral die ouer geslag in Hovesground, wat nog persoonlik kennis dra van die tradisionele stamstruktuur, hierdie stelsel nog in ere hou. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die respek waarmee persone wat in die stamstruktuur senior posisies beklee, behandel word, die feit dat fotos van stamhoofde nog in etlike huise aangetref word, en die bestaan van verenigings soos die Lekhotla la bakgomana en die Sons of Zululand wat hulle positief beywer vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die behoud van die tradisionele waardes. Uit die oog van hierdie feite kan ons nie anders konkludeer nie, as dat faktore van buite hoofsaaklik verantwoordelik was vir die verval van die stamstruktuur. Dit blyk egter ook duidelik dat as die proses van verbrokkeling begin het, dit snel lei tot 'n algehele verval.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III.

## RELIGIE.

### A. Die tradisionele Bantoe-religie.

Ten einde 'n duidelike begrip te kry van die religieuse aspek van die kulturele lewe in Hovesground, is dit noodsaaklik om kortliks in breë trekke aan te dui waaruit die tradisionele Bantoe-religie bestaan.

Dit is uiters moeilik om 'n vreemde religie, soos neergelê in die mite van 'n volk, te begryp sonder om dit te beskou as 'n onderdeel van die groot geheel van die kultuur van so 'n volk. By die Bantoe is die mite en die ritus, die twee aspekte van die religieuse sisteem, so deurweef deur die hele sosiaal-kulturele sisteem, dat dit nie afsonderlik beskou kan word nie. Waar hier tog 'n poging aangewend sal word om dit te doen, moet dit teen hierdie lig gesien word.

Die Bantoe-stamme het deurgaans 'n goed gedefinieerde geloof in sekere super-naturalistiese wesens, waarvan die belangrikste is 'n geloof in die voorvadergeeste[1], asook 'n minder heldere geloof in 'n opperwese en sekere mindere gode.[2] Magie speel ook 'n baie belangrike rol in Bantoe-rite.[3] Gewoonlik word dit apart van religie beskryf. By nadere beskouing gaan die onderskeid egter nie goed op nie. Dit blyk in praktyk nie altyd moontlik om 'n duidelike grens te trek nie. Trouens, daar is allerlei religieuse rites waarin magie 'n belangrike rol speel, en dit is nie moontlik om 'n religieuse rite op te splits nie.

140/ .....

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.372; Stayt, H.A. a.w., p.240; Krige, E.J. a.w., p.283; Hunter, M. a.w., p.231; Fourie, H.C.M. a.w., p.67; Ashton, H. a.w., p.112.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.429; Stayt, H.A. a.w., p.230; Krige, E.J. a.w., p.280; Hunter, M. a.w., p.269; Fourie, H.C.M. a.w., p.61; Ashton, H. a.w., p.116.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.451; Stayt, H.A. a.w., p.262; Krige, E.J. a.w., p.297; Hunter, M. a.w., p.272; Fourie, H.C.M. a.w., p.80; Ashton, H. a.w., p.282.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



i) Voorvadergeeste.

Die geloof in voorvadergeeste by die Bantoe is gebaseer op die geloof in die voortbestaan van die mens na sy dood.[1] Die voorvaderaanbidding of voorvaderdiens berus op die geloof dat die mense in aanraking kan kom met die geeste van die afgostorwe voorvaders - of omgekeerd dat die geeste in aanraking kan kom met die mense, en dat die voorvadergeeste aktief belangstel in die doen en late en die welsyn van die mense.

Daar word algemeen deur die Bantoe geglo dat 'n mens naas sy liggaam ook 'n siel het.[2] By die dood verwyder die siel hom van die liggaam, en word dan 'n gees. Hierdie gees behou die eienskappe van die afgestorwene en behou ook sy belangstelling in sy familie en sy stam. Omdat hy sy aardse emosies behou, moet hy gerespekteer word om sy goedgesindheid te behou, aangesien die geeste, alhoewel nie almagtig nie, wel oor bonatuurlike kragte beskik.

Die geeste openbaar hulself op verskeie wyses aan die mense.[3] Een van die mees algemene wyses is deur drome, wanneer die gees verskyn in soortgelyke vorm as sy lewende liggaam. Soms openbaar geeste hulle ook deur middel van besetenes of deur 'n ekstase of beswyming by die mens. Die mees gebruiklike openbaring geskied egter deur een of ander ramp, wat aandui dat die geeste ontevrede is omdat hulle nie gerespekteer is nie of die stamgebruike nie nagekom is nie. Wanneer die geeste hulle aan die mens openbaar, word die hulp van die dolosgooiers[4] ingeroep, aangesien die gewone mens nie die kennis het om die openbaring te interpreteer nie.

141/ .....

---

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p. 364; Stayt, H.A. a.w., p.240; Krige, E.J. a.w., p.284; Hunter, M. a.w., p.231; Fourie, H.C.M. a.w., p.67; Hoffmann, C. a.w., Vol.23, p.59.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p. 361; Stayt, H.A. a.w., p.240; Krige, E.J. a.w., p.284; Hunter, M. a.w., p.232; Fourie, H.C.M. a.w., p.67; Ashton, H. a.w., p.112.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.384; Stayt, H.A. a.w., p.241; Krige, E.J. a.w., p.285; Hunter, M. a.w., p.234; Fourie, H.C.M. a.w., p.68.

4) Word later behandel in die bespreking oor magie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos Eiselen aantoon;

> "....the religious system of any one tribe is bound to reflect to some extent its social system. The South African tribes had a very rigid structure and so we can expect to find a very clear replica thereof in the structure of their religion."[1)]

Met die patriargale ordening van die Bantoe sosiale struktuur en die hiërargie van die politieke struktuur, is dit dus vanselfsprekend dat die geeste van manlike afgestorwenes die belangrikste is, en dat die senior man in politieke status onder hulle, die afgestorwe stamhoofde die meeste respek toekom. As tussenganger tussen 'n familie en die voorvaderlike geeste van die familie, tree die vader as hoof van die familie op as priester. Net so is die stamhoof die priester van die stam en tree op as bemiddelaar tussen die stam en die geeste van die afgestorwe stamhoofde.[2)]

Aangesien die voorvadergeeste die vermoë besit om hul aardse nakomelinge te help en te beskerm of te straf, is dit nodig dat die nodige respek teenoor hulle betoon word, wat gewoonlik die vorm aanneem van 'n offerande. Vir hierdie doel is daar 'n spesiale plek of altaar, gewoonlik die agterste gedeelte van die hut, of anders die grafte van afgestorwe stamhoofde of ander aangewese plekke.[3)]

Wanneer bier gebrou word of 'n bees geslag word, is dit nodig dat die voorvadergeeste hulle gedeelte moet kry. By geboortes, inisiasie, huwelike, dood en ander belangrike gebeurtenisse, is dit nodig dat 'n familie ook hulle voorvadergeeste moet nader deur gebede en offerandes. Wanneer die voorvadergeeste deur een of ander ramp hulle ontevredenheid te kenne ge-

142/ .....

---

1) Eiselen, W.M. Christianity and The Religious Life of the Bantu. In. Schapera, I.(ed). Western Civilization and the Natives of South Africa. 1934, p.66.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II., p.403; Stayt, H.A. a.w., p.243; Krige, E.J. a.w., p.290; Hunter, M. a.w., p.266; Fourie, H.C.M. a.w., p.73; Ashton, H. a.w., p.115.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.387; Stayt, H.A. a.w., p.243; Krige, E.J. a.w., p.291; Hunter, M. a.w., p.240; Fourie, H.C.M. a.w., p.68.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gee het, moet hulle deur offerande weer tevrede gestel word. Ook word die hulp van die voorvadergeeste gevra by die bou van 'n hut, die onderneem van 'n lang reis, ens.

Daar is ook besondere geleenthede wanneer die geeste van die afgestorwe stamhoofde genader moet word namens die stam, bv. by die saai van lande, die oes van die eerste vrugte, voor en na oorlog, in tye van droogte of enige ander ramp wat die stam tref.[1)]

Die voorvadergeeste word altyd genader deur middel van gebed en offerande. Die offer varieer van 'n bietjie spoeg tot 'n bees wat geslag word, afhangende van die belangrikheid en aard van die geleentheid. Die gebede, wat min of meer standaard patrone volg, is gewoonlik nie smeekgebede nie, maar 'n meer direkte aanspreekvorm van die geeste, terwyl die geeste soms selfs deur die mense betig word vir die wyse waarop hulle hul behandel.

Alle rituele handelinge volg vaste patrone wat aan alle stamgenote goedbekend is. Afwyking hiervan sal die voorvadergeeste vertoorn en die rites word dus deur almal in alle besonderhede nagekom. By tradisionele Bantoegemeenskappe bestaan daar geen ongelowiges nie. Alle stamlede het dieselfde geloof en almal glo volkome.

ii) Gode.

Alle Bantoe glo in die bestaan van 'n opperwese.[2)] Die mites in verband met die opperwese is egter betreklik vaag en is minder persoonlik of intiem as die geloof in die voorvadergeeste. Hierdie opperwese, wat onder verskillende name by die verskillende Bantoestamme bekend staan, word algemeen

143/ ......

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.403; Stayt, H.A. a.w., p.252; Krige, E.J. a.w., p.292; Hunter, M. a.w., p.266; Fourie, H.C.M. a.w., p.73.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.429; Stayt, H.A. a.w., p.230; Krige, E.J. a.w., p.280; Hunter, M. a.w., p.269; Fourie, H.C.M. a.w., p.61; Ashton, H. a.w., p.116.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vereenselwig met die hemel en ander hemelliggame. By sommige Bantoe word hy ook beskou as die skepper van alles en die heerser oor die toekoms.[1] Hy lewe verwyderd van die wêreld en die mense, en is alleen bekend aan, en kan ook slegs genader word deur die voorvadergeeste. Hy het egter mag oor lewe en dood en kan rampe of voorspoed bewerkstellig, afhangende van die gedrag van die mense.

Naas die hemel-god, is daar ook by die Bantoe 'n wydverspreide geloof in ander, mindere gode.[2] Verskillende stamme het verskillende gode, maar oor die algemeen word die gode gekoppel met sekere plekke of dinge, soos 'n rivier-god, 'n berggod, sekere diere ens. Die geloof in die gode is baie vaag en daar is nie veel omtrent hulle bekend nie. Daar word egter soms sekere offerandes gebring op plekke wat geassosieer word met hierdie gode.

iii) Magie.

By die Bantoe speel magie 'n besonder groot rol in die daaglikse lewe. Die geloof in magie berus hoofsaaklik in die opvatting van die moontlikheid om bonatuurlike magte te manipuleer en aan te wend as instrument vir die verkryging van die behoeftes van die mens, asook op die geloof dat geen buitengewone gebeurtenis die gevolg is van natuurlike of toevallige omstandighede nie.[3] Daar word ook onderskei tussen toordokters en towenaars. Toordokters is persone wat magie openlik aanwend ten behoewe van 'n indiwidu of die gemeenskap, terwyl toordokters magie in die geheim aanwend om 'n persoon of groepe persone kwaad aan te doen.[4]

144/ .....

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.348; Stayt, H.A. a.w., p.230; Krige, E.J. a.w., p.280; Hunter, M. a.w., p.269; Fourie, H.C.M. a.w., p.61.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.429; Stayt, H.A. a.w., p.236; Krige, E.J. a.w., p.282; Fourie, H.C.M. a.w., p.61.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.451; Stayt, H.A. a.w., p.262; Krige, E.J. a.w., p.295; Hunter, M. a.w., p.272; Fourie, H.C.M. a.w., p.80; Ashton, H. a.w., p.282.

4) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.516; Stayt, H.A. a.w., p.273; Krige, E.J. a.w., p.320; Hunter, M. a.w., p.290; Fourie, H.C.M. a.w., p.88; Ashton, H. a.w., p.282.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benewens 'n kennis van sekere algemeen-voorkomende siektes soos verkoues, griep en rumatiek, word geglo dat alle ander siektes deur die gode as straf opgelê is weens 'n oortreding, of deur betowering van 'n towenaar. So is byna alle siektes van mens en dier, die gevolg van die werking van bonatuurlike magte. Ook word natuurverskynsels soos reen, weerlig, hael en droogtes toegeskryf aan die gode. Goeie reens is 'n gawe van die gode, terwyl droogtes, verspoelings en hael deur die gode as straf op die mense geplaas word.

By die voorkoms van al hierdie buitengewone verskynsels, wend die Bantoe hulle tot die toordokters, wie se gespesialiseerde funksie dit is om vas te stel welke bonatuurlike kragte hier op die spel is, waarvandaan dit kom, van welke gode of towenaars dit afkomstig is, wat die rede daarvoor is en wat gedoen moet word om die toestand stop te sit.[1)]

Daar is verskillende soorte toordokters. Daar is gewone kruiedokters, wat kennis het van genesende bestanddele. Die kennis van sommige kruiedokters is beperk tot sekere genesende middele, sodat ook hier soms spesialisasie beoefen word en sekere kruiedokters net vir spesiale kwale geraadpleeg word. Die meeste kruiedokters ken egter 'n hele reeks van middele wat hulle kan aanwend. Dan is daar ook spesiale toordokters wat kennis het van die weer en die mense beskerm teen hael en weerlig, en ook reen kan maak. Ook is daar soms spesiale toordokters wat amulette voorberei om die mense te beskerm teen bose geeste.[2)]

Die diagnose word op verskeie maniere gedoen. Towenaars word „uitgeruik" deur toordokters, of onderwerp aan pynigings-

145/ .....

1) Junod, H.A., a.w., Vol.II, p.452; Stayt, H.A. a.w., p.263; Krige, E.J. a.w., p.295; Hunter, M. a.w., p.295; Fourie, H.C.M. a.w., p.81.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.518; Stayt, H.A. a.w., p.p.263 e.v.; Krige, E.J. a.w., p.295; Hunter, M. a.w., p.311; Fourie, H.C.M. a.w., p.81.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toetse. Die mees algemene metode is egter deur gebruikmaking van „dolosse". Die dolosgooier maak gebruik van verskillende voorwerpies.

> „Die voorwerpies wat die meeste gebruik word, is die astrigali. ..... Naas astrigali word die volgende voorwerpies meestal gebruik: Hotnotjies (= Hand- en voetwortelbeentjies), boarmbeentjies van 'n skilpad, skilpaddopstukkies, toonnaels van tier's en leeus, puntjies van beeskloutjies, puntjies van beeshorings, stukkies gesnyde been of ivoor, skulpies, pitte van vrugte, klippies, stukkies hout, houtblokkies en stukkies porselein. Die voorwerpies wat uit hout, been of ivoor vervaardig is, word gewoonlik mooi versier met snypatrone."[1)]

Iedere stuk in die versameling van 'n dolosgooier het 'n besondere betekenis, en die ligging van die stukke in verhouding tot mekaar het besondere betekenisse en help die dolosgooier dan om sy diagnose te maak.

Dolosgooiers en toordokters ontvang onderrig van gevestigde beoefeneaars van die beroep, en leer van hulle die verskeidenheid van kennis en kunsies wat hulle nodig het. Ook ontvang hulle spesiale kennis van hul voorvadergeeste in drome of ander openbaringe. Dit is dus 'n gespesialiseerde kennis waaroor hulle beskik en hulle word deur hul stamlede hoog gerespekteer en gevrees.

## B. Die Koms van die Christendom.

Met die koms van die Blanke nedersetters in 1652 aan die Kaap, het vanselfsprekend ook die verkondiging van die Christelike evangelie gepaard gegaan. Dit was egter eers in 1737 dat 'n sekere Georg Schmidt deur die Broedergemeente te Hernnhut in Duitsland as sendeling na Suid-Afrika gestuur is.[2)]

146/ .....

1) Coertze, P.J.; Dolosgooiery in Suid-Afrika. Annale van die Universiteit van Stellenbosch. 1931, Nr.IX, Reeks B, Afl. 2, p.1.

2) Die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, 1955. Oorspronklike, ongepubliseerde verslag. Vol. 2, Hoofstuk 5, p.6.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Later het die Morawiese Sendinggenootskap, die Baptiste sendinggenootskap, die Londonse Sendinggenootskap, die Church Missionary Society, die Wesleyaanse sendinggenootskap, die Rynse sendinggenootskap en die N.G. sending en ander gevolg.

Vandag is daar nie een belangrike Bantoestam waar daar nie 'n permanente sendeling werksaam is nie. In elke dorp en stad in die Unie is die verskillende sendinggenootskappe reeds aktief besig. Vir 'n goeie eeu lank is die Christelike sending dus reeds doelgerig besig om sy leer aan die Bantoe te verkondig.

Hierdie sendingaksie het 'n groot disintegrerende invloed op die sosiaal-kulturele lewe van die Bantoe gehad. In sy bespreking oor die rol van die Christelike sending op die Bantoe-kultuur sê Dr. Eiselen:

> „those natives who became Christians were lost to their tribe." 1)

Die sendelinge het nie alleen 'n direkte aanval gemaak op die tradisionele Bantoereligie nie, maar daardeur ook indirek op die stamhoof as stampriester. Ook is poligamie, lobola, toordokters, reënseremonies, besnydenis en etlike ander „hoekstene" van die Bantoekultuur veroordeel. Die gevolg was dat die Bantoegemeenskappe feitlik in twee gedeel is, nl. Christene en Heidene.

Gepaard met die sending het die Westerse onderwys gekom, wat vir die eerste jare deur die sendelinge aan die Bantoe aangebied is. Hier het die Bantoe die moontlikheid gesien om met behulp van die onderwys in die Blanke ekonomie in te dring. Gevolglik het die onderwys die Bantoe in groot getalle tot die sendingkerke getrek. Dr. Eiselen maak ook melding 2) van drie stadia in die ontwikkeling van Bantoe Christendom. Eers het baie Bantoe Christene geword omdat hulle daartoe geroepe gevoel het. In 'n tweede fase is die Christendom gebruik - of misbruik,



1) Eiselen, a.w. 1934, p.70.
2) Eiselen, W.M. a.w. 1934, p.74.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten einde maklik onderwys te bekom. In die derde stadium is die Christendom besig om sy aantreklikheid vir die Bantoe te verloor, aangesien daar nou ander maniere is om die Westerse beskawing te bekom.

Dat die Christelike sending groot vordering onder die Bantoe gemaak het, word duidelik uit die 1946 sensussyfers, waarvolgens 51.7% van die totale Bantoebevolking reeds aan een of ander Christelike Kerk behoort.

Die volgende tabel toon aan die relatiewe sterkte van die verskillende Kerke per totaal van die Bantoebevolking van die Unie:

Persentasie lidmaatskap van Kerke in die Unie : 1946.

| Naam van Kerk of Geloof. | % van Bantoe |
|---|---|
| Metodiste ...................... | 12.9 |
| Seperatiste .................... | 9.7 |
| Anglikane ...................... | 7.1 |
| Lutherane ...................... | 5.0 |
| Rooms Katolieke ................ | 4.8 |
| Ned. Gereformeerde ............ | 3.2 |
| Apostoliese Geloofsending ..... | 2.3 |
| Presbiteriane ................. | 2.1 |
| Kongregationaliste ............ | 1.4 |
| Sewende Dag Adventiste ........ | 1.3 |
| Baptiste ...................... | 0.9 |
| Verskillende .................. | 0.6 |
| Switserse Kerk................. | 0.3 |
| Nie-Sektaries ................. | 0.2 |
| Hervormde ..................... | 0.2 |
| Gereformeerde ................. | 0.1 |
| Volle Evangeliese ............ | 0.1 |
| Pinkster Kerk ................. | 0.1 |
| Christene ..................... | 0.1 |
| Tradisionele Bantoe-religie ... | 47.3 |
| Totaal .................... | 100.0 |

In die kerstening van die Bantoe het 'n verdere verskynsel hom ook voorgedoen, naamlik die behoefte aan 'n suiwer Bantoe-kerk. Hierdie verskynsel het hom vireers in 1872 in Basoetoland voorgedoen. Die eerste suiwer Bantoe-kerk is egter in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1884 gestig, naamlik die „Tembe Catholic Church" onder leiding van 'n sekere Nehemia Tile. Kort hierna, in 1889 het 'n sekere Eerw. Winter van die Berlynse Genootskap in opstand gekom teen sy eie Kerk en het die „Lutheran Bapedi Church" gestig. Kort hierna het die „Ethiopian Church" van die Metodiste afgestig, en later verander in die „African Methodist Episcopal Church". Die afstigting van Bantoe-kerke onafhanklik van Blanke beheer het hierna 'n snelle tempo aangeneem, en later het hierdie Bantoe-kerke weer verder onderverdeel, sodat daar vandag oor 'n 2,000 van hierdie Kerke in die Unie bestaan.

Hierdie Kerke word algemeen beskryf as <u>separatiste-kerke</u>. Hierdie begrip het reeds 'n waarde-bepalende konnotasie gekry en alle separatiste Kerke word dikwels ook as sektes beskryf. Alvorens die verdere bespreking onderneem word, sal dit dus allereers nodig wees om helderheid te kry oor die terminologie wat hier gebruik sal word.

Die term <u>sekte</u>[1)] word deur die Oxford Dictionary of the Christian Church as volg gedefinieer:

> "The term was applied in the 17th and 18th century, especially to Protestant Non-conformists in England. Occasionally it is used in modern writers of those whose zeal for their own religious body is considered excessive."

Hier word dus geen heldere definisie gegee van 'n sekte nie en dit is duidelik dat waar die term toegepas word, die oordeel oor Kerke „whose zeal for their own religious body is considered excessive" altyd subjektief moet wees. Ek meen ook nie dat dit moontlik is om 'n objektiewe definisie te vind waarvolgens bepaal kan word of 'n Kerk 'n sekte is al dan nie, met die afbrekende konnotasie wat aan die woord geheg word. Die term sekte sal dus nie hier gebruik word nie.

Separatists word deur dieselfde oordeboek as volg omskryf:

149/ .....

1) 'n Teologiese uiteensetting van die begrip kan gevind word in Muller, Jac. J.; Sektes in Suid-Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„As a title first applied to the followers of R. Brown and later to the Independents (Congregationalists) and others who separated from the Church of England."

Die term is dus in Engeland vir die eerste maal gebruik om Kerke aan te dui wat weggebreek het van die Staatskerk. Die term, wat ook 'n inhoudsbepaling inhou sal, só gebruik verskillend toegepas word deur mense van verskillende Kerke. So sal die Rooms Katolieke Kerk seker van alle ander Christelike Kerke praat as separatiste-kerke. Op hierdie wyse aangewend sal die term dus ook subjektief en wetenskaplik onbruikbaar wees.

Die wegbreking van Bantoe-kerke van Blanke of Blankbeheerde Kerke, en die verdere opsplitsing van hierdie Bantoe-kerke in splintergroepies het egter vandag, soos verder sal blyk, so 'n verskynsel by die Bantoe geword, dat gerieflikheidshalwe onderskei moet word tussen hierdie Bantoe-kerke en Blanke of Blankbeheerde Kerke. Daar sal dus hier gepraat word van Blanke Kerke om Blanke of Blankbeheerde Kerke aan te dui, en van separatiste kerke om Bantoe-kerke aan te dui en van separatisme[1] om die verskynsel van afsplitsing van hierdie Bantoe-kerke aan te dui. Waar hier dan gebruik gemaak word van die term separatisme of separatiste-kerke, hou die terme geen waardebepalende konnotasie in nie en word net aangewend om gerieflikheidshalwe onderskeid te kan tref tussen die vorm van beheer en die verskynsel van wegbreking van 'n moederkerk.

## C. Religie in Hovesground.

In Hovesground is daar twee Kerke, nl.:

i) Full Gospel Church;
ii) Ethiopian Catholic Church in Zion.

150/ .....

1) Separatisme kan beskryf word as die verskynsel in die Christelike godsdiens waar 'n groep mense hulle afskei van 'n erkende kerk of 'n godsdienstige genootskap en hulle tot 'n aparte sekte vorm. Dis gebore uit 'n ontaarde en oordrewe skeidingsug wat hom in allerlei nietighede van die kerk of ander sekte separeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die res van Bantule is daar 'n verdere tien Kerke wat ook die inwoners van Hovesground bedien, nl.:

iii) Berlin Lutheran Church;
iv) Lutheran Bapedi Church;
v) Methodist Church;
vi) Hermannsburg Lutheran Mission;
vii) National Native Baptist Church;
viii) African Methodist Episcopal Church.
ix) St. Cuthberts Mission (Church of the Province of South Africa.)
x) Pentacostal Holiness Church;
xi) Ned. Gereformeerde Kerk.
xii) Roman Catholic Native Mission.

Van hierdie Kerke staan nommers iii), v), vi), ix), xi) en xii) onder Blanke beheer, terwyl die orige separatiste kerke is.

Benewens die Kerke hier genoem, word daar deur verskeie separatiste bewegings ook gereeld dienste gehou in privaat huise, terwyl sommige in die veld kerkdienste hou. In die ander woonbuurtes van Pretoria is daar etlike ander Kerke waarheen inwoners van Hovesground ook gaan vir dienste.

Die volgende tabel toon aan die religie van hoofde van „huur-eenhede" volgens Kerke of ander gelowe, as persentasie van die totaal:

Persentasie lidmaatskap van Kerke en gelowe in Hovesground.

| Kerk of Geloof. | Aantal Gesinshoofde | Persentasie van totaal. |
|---|---|---|
| 1. Roman Catholic Native Mission ........ | 79 | 12.28 |
| 2. Ethiopian Catholic Church in Zion .... | 67 | 10.42 |
| 3. Methodist Church ..................... | 59 | 9.17 |
| 4. Zion Christian Church ................ | 55 | 8.55 |
| 5. Lutheran Bapedi Church ............... | 37 | 5.75 |
| 6. Berlin Lutheran Church ............... | 36 | 5.60 |
| 7. Transvaal Basotho Church ............. | 33 | 5.13 |
| 8. Tradisionele Bantoe-religie .......... | 33 | 5.13 |
| 9. Congregationalist Church ............. | 32 | 4.98 |
| 10. Ned. Gereformeerde Kerk .............. | 24 | 3.73 |
| 11. Hermannsburg Lutheran Mission ........ | 23 | 3.57 |
| 12. Bantu Congregational Church of S.A. .. | 23 | 3.57 |
| 13. African Methodist Episcopal Church ... | 21 | 3.26 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Kerk of Geloof. | Aantal Gesins-hoofde. | Persen-tasie van totaal. |
|---|---|---|
| 14. National Native Baptist Church ......... | 17 | 2.65 |
| 15. African Congregational Ethiopian Church. | 17 | 2.65 |
| 16. St. Cuthberts Mission Church ........... | 17 | 2.65 |
| 17. Pentacostal Holiness Church ............ | 16 | 2.49 |
| 18. African Bavenda Church ................. | 13 | 2.02 |
| 19. Bantu Church of Christ ................. | 12 | 1.87 |
| 20. Full Gospel Church ..................... | 10 | 1.56 |
| 21. Congregational Church of Christ ........ | 9 | 1.40 |
| 22. Jehovas Witnesses ...................... | 3 | .47 |
| 23. First Catholic Apostolic Jerusalem Church of Zion of S.A. ............... | 3 | .47 |
| 24. Geen Geloof ............................ | 2 | .31 |
| 25. St. Johns Apostolic Faith Mission ...... | 1 | .16 |
| 26. African Pilgrims Church ................ | 1 | .16 |
| TOTAAL ................ | 643 | 100.00% |

In teenstelling tot die Uniale syfer waar 47.3% van die Bantoe nog die tradisionele religie aanhang, is daar 'n 'n stedelike Bantoegebied soos Hovesground maar 5.13% van die inwoners wat nog die tradisionele religie handhaaf, terwyl 94.56% van die inwoners aan een of ander Christelike Kerk verbonde is. 'n Verdere .31% van die inwoners het geen geloof nie, 'n verskynsel wat vroeër onder tradisionele gemeenskappe nooit voorgekom het nie.

Van die 24 Kerke wat lidmate in Hovesground het, is daar 9 Blank-beheerde Kerke, naamlik Roman Catholic Native Mission; Methodist Church; Berlin Lutheran Church; Congregationalist Church; Ned. Gereformeerde Kerk; Hermannsburg Lutheran Mission; St. Cuthberts Mission Church; Pentacostal Holiness Church; en Jehovas Witnesses. Hierdie 9 Kerke tel 44.94% van die inwoners onder hul lidmate, terwyl die 15 separatiste kerke

152/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9.62% van die inwoners tot lidmate het. Vergeleke met die Uniale sensussyfer kom die Blankbeheerde Kerke in Hovesground met 44.94% lidmate ongeveer ooreen met die algemene posisie in die Unie met 43.0% lidmate van Blankbeheerde Kerke. Hierteenoor blyk dit oppervlakkig beskou of die aanhangers van die Bantoe-religie in 'n stedelike gebied soos Hovesground 'n tuiste vind in die separatiste kerke. Die vergelykende syfers is as volg:

Vergelyking van geloofsverband tussen Hovesground en die geheel van Unie Bantoe.

| Kerk of Geloof. | Uniale sensus-syfer - 1946. | Syfers in Hovesground. |
|---|---|---|
| Blankbeheerde Kerke | 43.0% | 44.94% |
| Separatiste kerke . | 9.7% | 49.62% |
| Bantoe-religie .... | 47.3% | 5.13% |

Vir die doeleindes van hierdie studie sal dit nie nodig wees om die Blankbeheerde Kerke te bespreek nie. 'n Bespreking van die separatiste kerke sal egter nodig wees ten einde die verskynsel van separatisme te verstaan. Eerstens sal dit moontlik insiggewend wees om 'n oorsig te gee van die ontstaan van sommige van hierdie Kerke.

i) Ethiopian Catholic Church in Zion.

Hierdie is die Kerk met die tweede grootste getal lidmate in Hovesground, Die rede hiervoor is dat die gebou van hierdie Kerk een van die eerste geboue in Hovesground was, en gebou is deur die stigter van die Kerk, Samuel Brander, wie se seun Robert Brander vandag nog die leeraar in die Kerk is.

Samuel Brander, seun van 'n Noord-Sotho vader en 'n Amerikaanse Negerin is in Colesberg, K.P. gebore en het in die Wesleyaanse Kerkskool aldaar vir drie jaar onderrig ontvang. Hierna het hy eers vir 'n aantal jare as transportryer gewerk en later op die delwerye in Kimberley. Hier het hy die Wesleyaanse Kerk verlaat en lidmaat geword van die Anglikaanse Kerk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat hy, volgens sy seun, „solemnity and grandeur" in die dienste van die Wesleyaanse Kerk gemis het. Brander het toe vir die Kerk dienste verrig in die Waterberg-distrik, maar weens onenigheid in verband met salaris het hy in 'n „most confused state of mind" verkeer en het uit die kerk bedank. Tesame met ene M.M. Mokone, wat uit die Wesleyaanse Kerk bedank het omdat hy gekant was teen segregasie in die Kerk, en ander ontevredenes, het hy in 1892 die „Ethiopian Church" gestig en daarmee 'n nuwe periode ingelei in die Kerstening van die Bantoe. Hierdie was die eerste „Ethiopian" Kerk, waarvan daar in die toekoms etlike honderde sou kom. Sundkler wys daarop dat met die naam „Ethiopian" die separatiste leiers wil aantoon „The self-government of the African Church under African leaders."[1)]

Die Ethiopian Church is in 1896 deur 'n sekere J.M. Dwane oorgehaal om aan te sluit by die African Methodist Episcopal Church, 'n separatiste beweging wat sy oorsprong onder die Negers van Amerika gehad het. Brander het egter gou onenigheid gehad met die Kerk omdat hy beweer het dat die A.M.E.

> ".... took, like the old Papal Romanum' all moneys collected for the interests of the church in Africa to America, and there expended them obviously on purely American interests and not on Ethiopic interests."[2)]

In 1904 het Brander toe uit die Kerk bedank en onmiddelik die Ethiopian Catholic Church in Zion gestig, en op die 12de Mei van dieselfde jaar is die eerste konferensie van die Kerk gehou in Marabastad, Pretoria. Brander is gekies tot aartsbiskop van die Kerk en namate die Kerk gegroei het, is biskoppe vir die verskillende provinsies in die Unie aangestel. Die Kerk het aanvanklik vinnig gegroei, en daar was spoedig gevestigde gemeentes versprei oor die hele Unie. Namate die separatiste beweging egter gevorder het, het groepe en gemeentes begin afstig. Vandag het die Kerk na bewering ongeveer 6,000 lidmate in die Unie, met die grootste konsentrasies in Pretoria, waar die Kerk gestig is, en in Kimberley waar die huidige Aartsbiskop woon. In Hovesground self vorm die gemeente die tweede grootste Kerk in die

154/ .......

1) Sundkler, Bengt G.M. Bantu Prophets in South Africa 1948, p.39.
2) Sundkler, a.w., p.42.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied. Die rede hiervoor is histories, omdat die stigter van die Kerk een van die lede van die sindikaat was wat aanvanklik die gebied gekoop het, en die eerste Kerk in Hovesground gebou het. Aanvanklik het blykbaar al die inwoners van Hovesground aan die Kerk behoort.

Die geloof van die Kerk is, altans wat uiterlike vorm betref, op Katolieke lees geskoei[1)], maar die dryfveer agter die Kerk is die behoefte aan 'n suiwer Bantoe-kerk. Die Aartsbiskop is die hoogste gesag in die Kerk en hou feitlik alle mag en eiendomsreg van die Kerk in hande.

ii) Zion Christian Church.

Hierdie is seker die grootste en magtigste separatiste kerk in Transvaal. Alhoewel daar geen Kerkgebou van hierdie Kerk in Hovesground of Bantule is nie, tel hy die vierde meeste lidmate in Hovesground. Dienste word gewoonlik in privaat-huise gehou, of met groot saamtrekke wanneer die Kerkleier Pretoria besoek, in die opelug.

Die stigter van hierdie Kerk was Egenase Barnabas Lekganyane, wat ongeveer in die jaar 1885 gebore is in die Pietersburg distrik. In 1913 het hy met die „Apostolic Faith Mission" van Amerika in aanraking gekom, en al gou 'n aktiewe lid geword. Hy was egter 'n natuurlike leier en kon nie lank ander en saam met ander dien nie en in 1915 breek hy weg om by Elias Mahlango van die „Zion Apostolic Church" aan te sluit, waar hy as evangelis bevestig is. In 1920 het hy weer by die Kerk weggebreek en by Edward Motaung, leier van die „Zion Apostolic Faith Mission" aangesluit, waar hy as leeraar georden is. Na 'n paar jaar het hy hier weggebreek en sy eie Kerk, die „Zion Christian Church" gestig. Ongeletterd in die teologie en met 'n klein klompie leerlinge het hy begin. Naby Pietersburg het hy hom gevestig en vir hom 'n Kerk en 'n huis gebou, op die plek wat vandag onder sy volgelinge bekend staan as „The White City of Moria".

155/ .....

1) Alle separatiste kerke dui die behoefte aan vertoon en ritus in hulle kerke aan as „die Katolieke rigting" in hulle geloof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Namate sy Kerk gegroei het, het Lekganyane ook 'n status ontwikkel. Aanvanklik was hy erken as hoofman in sy gemeente, toe as kaptein, later as koning en uiteindelik is hy beskou as 'n swart God. Lekganyane was 'n man van geweldige sterk persoonlikheid en het 'n magtige Kerk opgebou, en 'n groot rykdom vir homself. Hy het geloofs-genesing beoefen en 'n baie groot naam vir homself in hierdie verband verwerf. In 1948 is hy egter oorlede, na bewering as gevolg van 'n oormaat drank. In sy boedel het hy benewens twee plase en ander eiendom, £11,021 nagelaat.

Lekganyane was getroud met 10 vroue, maar het net by een kinders gehad. By sy dood het daar onenigheid onder die twee oudste seuns, Edward en Joseph ontstaan, en altwee het aanspraak gemaak op die leierskap van die Kerk. Uiteindelik het hulle gesplits, Edward is as oudste seun van die God egter erken as die swart Christus en het met sy volgelinge van krag tot krag ontwikkel. Hy reis die hele Transvaal deur en hou oral Kerk-dienste, en versamel geld vir die Kerk, wat egter alles persoonlike eiendom is.

Alhoewel beide Edward en Joseph elk 'n persoonlike gevolg het, word hulle gesamentlik beskou as die superintendente van die Kerk. Hulle volgelinge dra egter verskillende onderskeidingstekens. Edward se volgelinge dra 'n blink ster met 'n swart en groen lintjie, terwyl Joseph se volgelinge net die swart en groen lintjie dra.

Beide Edward en Joseph word deur hul volgelinge as Gode beskou en is oppermagtig. Een van die lidmate het my ook meegedeel dat Edward 'n „tikoloshi" is, sodat sy volgelinge baie bang is vir hom en dit nooit sou waag om uit sy kerk te bedank nie, of om hulle gereelde bydraes aan hom te staak nie. Voorts glo hulle dat, omdat Salomo baie vroue gehad het, kan hulle dit ook doen sonder enige trou-formaliteite en die vroue moet inskiklik wees met al die begeertes van die mans „want God (Lekganyane) sorg vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle en die mans is God se soldate." Hy beskerm hulle teen alle gevare en genees hulle van siektes en kwale. In die afwesigheid van Lekganyane word hulle deur die embleem beskerm wat hulle dus altyd, dag en nag, moet dra.

Waar Lekganyane dienste hou, word hy altyd vergesel van 'n groot blaasorkes en die dienste gaan dan ook altyd gepaard met danse. By sulke geleenthede verkoop hy ook altyd groot hoeveelhede water wat hy „geseën" het en waarmee die volgelinge hulle besprinkel.

Daar word beweer dat Edward Lekganyane tans besig is om sy manlike volgelinge in regimente in te deel, wat ge-oefen word, sodat hierdie sodate eendag die beloofde land (Suid-Afrika) aan sy Christene kan lewer.

iii) Transvaal Basotho Church.

Hierdie Kerk is in Februarie 1915 gestig deur ene Solomon M. Padi. Hy het tesame met 'n aantal volgelinge afgestig van die „Lutheran Bapedi Church" waarvan Padi sekretaris was en waarvan hy en 'n paar van sy volgelinge geordende leerare was.

Die „Lutheran Bapedi Church", wat tans nog heelwat lidmate in Hovesground het, is oorspronklik gestig deur Eerw. Winter, 'n Lutherse sendeling wat onenigheid met sy Kerk gekry het weens hulle behandeling van die Bantoe. Vandag is dit egter 'n suiwer Bantoe-kerk, wat nog grotendeels die Lutherse dogma volg.[1)]

Die rede waarom Padi en sy volgelinge afgestig het is nie duidelik nie. Sommige volgelinge beweer dat hulle afgestig het omdat Eerw. Winter nie hulle salarisse uitbetaal het nie, en ook omdat hy in sonde saamgeleef het met 'n Bantoevrou.

157/ ......

1) O.m. word die Lutherse katkisasie-handboek en gesange boeke nog gebruik. Vgl. ook The Book of Order of the Lutheran BaPedi Church.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ander volgelinge beweer dat daar destyds onenigheid gekom het tussen die BaPedi en die BaKgatla volgelinge van die Kerk en dat Padi met die BaKgatla groep weggebreek het. In iedere geval is dit duidelik dat die skeiding nie die gevolg was van 'n verskil in geloof, dogma of gebruik nie.

Na die afstigting van die „Transvaal Basotho Church" het daar egter al gou veranderinge in geloof en gebruik ingetree. Padi het homself President van die Kerk genoem en 'n absolute heerser in sy Kerk geword. Hy het ook later Poligamie goedgekeur en self 'n tweede vrou geneem. Spoedig het hy hom ook begeef op die terrein van geloofs-genesing en bekendheid verwerf vir sy genesende kragte.

Die Kerk was van die begin af reeds gekenmerk deur onderlinge onenigheid en struwelinge. Kort na die stigting het Padi vir ene P. Sekati aangestel as sekretaris. Sekati het egter begin insien dat alle Kerkgelde vir Padi toekom en het weggebreek met 'n gevolg om self die „Transvaal Basotho Lutheran Church" te stig, waarvan hy op soortgelyke wyse as Padi die alleenheerser was. Kort hierna het hy egter beweer dat Padi van hom af weggebreek het en dat hy nou hoof is van die „Transvaal Basotho Church". Later het hy selfs beweer dat hy die stigter van die Kerk was. Padi, gesteun deur sy sekretaris I. Nyathele het dit egter heftig ontken en hulle het 'n lang stryd met Sekati aangeknoop.

Die posisie van onenigheid in die Kerk is vererger deur die dood van Padi in 1950. Sy oudste seun, S.S. Padi, het beweer dat hy die Presidentskap van sy vader ge-erf het, terwyl 'n jonger broer, L. Padi afgestig het en die „Transvaal Bantu Church" gestig het. Nyathele, die voormalige sekretaris van Solomon Padi het intussen 'n vergadering gereël waarop hy gekies is as leier van die Kerk. Op die stadium was daar dus drie persone wat beweer het dat hulle die hoof van die Kerk sou wees, nl. S.S. Padi, Nyathele en Sekati, terwyl 'n gedeelte van die lidmate saam met

158/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



L. Padi weggebreek het, en 'n eie Kerk gestig het. Terwyl die struwelinge nog aan die gang was, is Sekati oorlede maar is opgevolg deur sy seun, S.P. Sekati.

Omrede hul aansoek om staatserkenning[1], wat deur die

159/ .....

---

[1] Ten einde staatserkenning te verkry, moet 'n Kerk sy aansoek voor die Naturellesakekommissie lê, wat daaroor beslis. As handleiding by die erkenning van Kerke word die Kriteria toegepas wat deur die Naturelle Kerke Kommissie van 1925 voorgestel is op p.38 van sy verslag (U.G. 39 v. 1925). Hierdie Kriteria is kortliks as volg:

(i) Ouderdom: Die Kerk moet reeds vir 'n sekere periode bestaan waartydens tekens van vooruitgang getoon moet word.

(ii) Omvang: Die beweging moet 'n bepaalde omvang hê betreffende lidmate en Kerkgeboue.

(iii) Opleiding en kwalifikasies van leeraars: Die Kerk moet deeglike voorsiening maak vir die opleiding van sy leeraars en hulle moet die nodige opvoedkundige kwalifikasies vir die werk besit.

(iv) Etiese rang van leeraar en lidmate: Die Kerk moet kan aantoon dat sy leeraars en lidmate voldoen aan die aanvaarde etiese en sedelike lewensstandaarde.

Erkenning van 'n Kerk deur die Staat hou vir hom sekere voordele in, nl:

(i) Sy leeraars kan aangestel word as huweliksbevestigers.

(ii) Hy kan terreine vir Kerkgeboue bekom.

(iii) Hulle kan nagmaalwyn koop.

(iv) Hulle kan konsessies ontvang vir treinkaartjies.

Veral die drang om huweliksbevestigers te word is by alle separatiste bewegings groot, en dit is dan ook die grootste strewe van alle separatiste kerkleiers om hul bewegings deur die Staat erken te kry. Alle Kerkleiers doen dan ook gereeld aansoek om erkenning, maar tot dusver is daar nog maar 10 van die 2,113 separatiste-kerke in die land erken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiers afsonderlik gedoen is nooit suksesvol was nie, waarvoor as een rede genoem is dat hulle verdeeld is, het die drie leiers in 1956 bymekaar gekom om die moeilikhede uit die weg te ruim. Ten spyte daarvan dat beide Sekati en Nyathele voorheen vir Padi uit hul seksies van die Kerk verband het omdat hy twee vroue het, het hulle toe vir hom gekies as leier. Nyathele het kort hierna egter sy beslissing herroep en noem homself weer leier van die Kerk, sodat daar tans nog twee strominge in die Kerk is, onder Padi en Nyathele respektiewelik.

iv) The Bantu Church of Christ.

Alhoewel hierdie Kerk nog maar weinig lidmate in Hovesground het, is dit een van die groter separatiste bewegings in die land. Die Kerk het in die Kaapprovinsie ontstaan en daar baie vinnig gegroei. 'n Paar jaar gelede het die leier van die Kerk ook begin om besoeke in Transvaal te bring om sy Kerk hier uit te brei, en sy getal lidmate neem besonder vinnig toe.

Hoewel dit nie duidelik vasgestel kon word wanneer die „Bantu Church of Christ" gestig is nie, kan met redelike sekerheid aangeneem word dat die Kerk deur ene Olifant gestig is, omstreeks 1910. Olifant het van die Sewende Dag Adventiste afgeskei en sy Kerk begin in Kaapstad. Die Kerk het aanvanklik baie stadige vordering gemaak totdat 'n sekere Sikgxabayi in 1914, na opleiding onder Olifant ook 'n prediker van die Kerk geword het. Later het 'n splitsing onder die twee plaasgevind, en Olifant het by die „Israeliete" aangesluit, terwyl Sikgxabayi met die „Bantu Church of Christ" voortgegaan het.

James Limba, 'n Bantoe met 'n Std. V opleiding, wat voorheen by die S.A.Spoorweë werksaam was, het intussen in Kaapstad begin werk as pakker by 'n meubelfabriek. Limba, wat voorheen 'n Wesleyaan was het toe by die Kerk aangesluit en enige opleiding van Sikgxabayi gehad, waarna hy in 1919 as diaken aangestel is. Sikgxabayi het Kaapstad later verlaat en Limba, alhoewel nog slegs 'n diaken, in bevel van die Kerk gelaat.

160/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Omstreeks 1925 het 'n twis ontstaan tussen Limba en Sikgxabayi, wie beweer het dat e.g. die Kerkfondse vir persoonlike doeleindes aangewend het. Limba het egter Sikgxabayi se outoriteit geïgnoreer en hom gaandeweg uit die Kerk gestoot.

Nadat hy aanvanklik gesukkel het om 'n bestaan te maak, het Limba, wat hom intussen Biskop van die Kerk genoem het, na King Williamstown toe vertrek en vandaar, waar hy blykbaar in 'n toestand van algemene armoede verval het, is hy na Port Elizabeth, waar hy hom in die New Brighton lokasie gevestig het, vergesel van 'n diaken Johannes Plaatjie. Dit was vir Limba die begin van 'n nuwe periode, waarin hy die Kerk opgebou het tot 'n aansienlike organisasie en self ontwikkel het in 'n finansiële krag. Na die aankoms van Limba en Plaatjie in Port Elizabeth is 'n heffing van 2/6 per week op alle manlike lede van die gemeente gelê om die onkostes van Limba en Plaatjie te dek. Die heffing is vir 'n tydlank volgehou totdat later 'n heffing wat bestempel is as tiendes of „tithes" van 6 pennies per week op alle volwasse lede van die Kerk in die Unie geplaas is. Die gelde so bekom is alles aan Biskop Limba oorhandig wat dit kon gebruik na goeddunke en dit dan ook as sy persoonlike inkomste beskou het en nog nooit enige rekenskap daarvan gegee het nie. Daar word bereken dat dit hom 'n vaste jaarlikse inkome van ongeveer £3,000 besorg.

Die Kerk het spoedig ontwikkel, en tel na bewering tans 18,000 lede wat bedien word deur 151 Kerke versprei oor die Unie. Limba self begin hom voor te doen as 'n redder van die mensdom. In 'n brief aan een van sy lidmate in Pretoria skryf hy o.m.:

> „I shall do all that is in my power to show that God has sent me to convert his people to him."

In 'n omsendbrief aan sy verskillende gemeentes meld hy dat die universele lidmaatskap van die Kerk 25,000 tel. Voorts word gestel dat;

> „The Church was founded by the Rt. Rev. James Limba, who under inspiration testified: That Jesus Christ and his Apostles constitute respectively the chief

161/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> corner stone and foundation of the great empire and that others are added thereto..... This Church is recognised by the Government.[1] Its chief disciplines are as follows: The Blessing of infants, the Baptism of Adults, Confirmation and the observance of the Seventh Day (Sabbath)."

Die konstitusie van die Kerk bepaal o.a. dat daar geen Kerkdisipline of disiplinêre kode bestaan nie en dat die Biskop die beleid en dissipline van die Kerk na eie diskressie bepaal en dat die Biskop volle kontrole het oor alle Kerk-aktiwiteite en aangeleenthede. Daar is geen Kerk-eiendom nie en alle eiendom en besittings van die Kerk is die persoonlike eiendom van Biskop James Limba, en alle ingesamelde tiendes moet aan die Biskop oorhandig word wie alleen daaroor besleg. Verder word bepaal dat die Biskop geen wetlike verpligtinge teenoor die lede het nie. Die Biskop het ook die reg om lidmaatskapsfooie na goeddunke te verander en ook om enige lid van lidmaatskap te onthef.

'n Oud lid van die Kerk het aan my die volgende gesê:

> "From about 1936 onwards Limba's teachings and sermons were mostly directed to extolling his own powers and virtues even to the extent of calling himself a God in terms of Exodus, Ch. VII, Verse 1; 'And the Lord said unto Moses, See, I have made thee a god to Pharoah.' By constant repetition he has gained such authority that many of the more illiterate members of the Church refer to him as God. His powers over the Church and its assets have become absolute."

Verskeie lidmate het ook meegedeel dat Limba van 'n sambok gebruikmaak om sy gesag in sy Kerk te handhaaf.

Alhoewel nie tiperend van die ontstaan en groei van alle separatiste Kerke nie, gee die paar voorbeelde 'n redelike beeld van die ontstaan van separatiste kerke. Van die ontstaan en aard van die elf ander separatiste kerke wat lidmate in Hovesground het, blyk die volgende opsommende gegewens moontlik insiggewend:

i) Vier van die Kerke het afgestig van Blankbeheerde Kerke, terwyl die orige sewe afgestig het van separatiste kerke.

ii) Van die vier Kerke wat afgestig het van Blankbeheerde Kerke word as rede vir afstigting gegee die behoefte aan 'n eie

162/ .....

1) Onjuis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bantoe-kerk. Van die sewe Kerke wat afgestig het van separatiste kerke, gee vier as rede aan onenigheid in die moeder-kerk. Hierdie onenigheid word gewoonlik veroorsaak deur 'n twis oor die opvolging van leierskap, onenigheid in verband met geldsake, of struweling in verband met die beheer van die Kerk. Slegs een van die Kerke beweer dat hulle van die moeder-kerk geskei het omrede van geloofs-verskille. Die orige twee Kerke het afgestig omdat die leiers beweer dat in 'n droom of openbaring hulle aangewys is as groot Kerkleiers en dat hulle 'n aparte Kerk moes vorm vir die behoud van die mensdom.

iii) Die Lutheran Bapedi Church word op soortgelyke wyse beheer as die Lutherse Kerk en die hoogste gesag is die sinode met 'n gekose voorsitter. Die African Methodist Episcopal Church het 'n Biskop wat hoof van die Kerk is, maar die Kerk skakel nog onder die American Methodist Episcopal Church, wat die hoogste gesag is. By vyf van die Kerke is daar een persoon wat absolute hoof is van die Kerk en alle gesag in die Kerk is na hom herleibaar. Hy beheer alle finansies van die Kerk en alle eiendom is ook in sy naam geregistreer. Die leier staan bekend as die Archbishop, Bishop, President, Supervisor of Metropolitan. Vier van die Kerke is Kongregasionaliste. Kongregasionalisme word deur die Oxford Dictionary of the Christian Church as volg gedefinieer:

> „Congregationalism is that form of Church polity which rests on the independence and autonomy of each local Church .... All the members of the Church, being Christians, are priests unto God. Where two or three such meet in Christs name He is in their midst guiding their thoughts and inspiring their actions, and each such a community is regarded as an outcrop and representative of the Church Universal."

Hierdie tipe rigting, waar elke Kerk die hoogste gesag vir sy gemeente vorm, vind tans baie toegang onder die separatiste bewegings.

iv) By slegs een van die Kerke, die St. Johns Apostolic Faith Mission, is die hoof van die Kerk 'n vrou. Origens is die beheer van die Kerke in die hande van mans.

163/ .......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



v) Die gemiddelde opvoedkundige peil van die leeraars van hierdie Kerke wat die inwoners van Hovesground bedien, is Std. III. By vier van die Kerke het die plaaslike leeraars teologiese opleiding ontvang by inrigtings soos „Lovedale", terwyl die orige persoonlike opleiding ontvang het van die leier van die Kerk of bloot deur middel van privaat Bybel-studie.

vi) Twee van die Kerke is etniese Kerke en lidmate moet dus tot dieselfde groep behoort. Daar is egter duidelike tekens dat etniese groepering in die separatiste kerke 'n groot rol speel, deurdat bv. die leier en leeraars van die Kerk gewoonlik tot dieselfde groep behoort.

vii) Alle Kerke het 'n konstitusie waarin, naas die geloofsbelydenis, die konstituering van die verskillende Kerklike liggame en 'n uiteensetting van hulle pligte, reëlings i.v.m. Kerkfondse en -geboue e.d.m. voorkom.

viii) In die konstitusies word altyd voorgeskrewe morele standaarde opgeteken waaraan die lidmate hulle moet hou. Die mees voorkomende is die volgende: Heilig die Sabbat - twee Kerke erken Saterdag as die Sabbatdag; drank en dronkenskap is 'n euwel; eerbiedig hoër gesag, veral Kerkleiers en Magistrate; ook word sekere taboes voorgeskryf, veral teen die eet van varkvleis of die vleis van dooie diere.

ix) In alle Kerke word onderskei tussen sekere ampte. Die verskillende Kerklike ampte wat genoem word is Prophets, Preachers, Evangelists, Deacons, Deaconesses, Exhorters en Apostels. Hiernaas bestaan die Hoëre ampte van die Kerkleiers, soos reeds genoem.

x) Alle Kerke skryf voor welke gereelde geldelike bydraes deur die lidmate gemaak moet word. Veral moet gereelde stipendia en tiendes betaal word. Gewoonlik word die grootte van die bydraes ook bepaal.

xi) Alle Kerke het spesiale vroue-verenigings wat gewoonlik onder leiding van die Kerkleier se vrou staan. Ook skryf die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meeste Kerke spesiale uniforms voor wat deur die vroue gedra moet word.

xii) Alle Kerkname, konstitusies, name van Kerkliggame en Kerklike ampte is Engels, alhoewel die meeste Kerk-dienste in Noord-Sotho gelewer word.

Die geloof en rites van die separatiste-kerke is 'n eienaardige mengsel tussen die aanvaarde Christelike geloof en die tradisionele Bantoe-religie. Sundkler onderskei[1] tussen twee tipes van separatiste-kerke, naamlik wat hy noem die „Ethiopian" tipe en die „Zionist" tipe. Eersgenoemde tipe is die Kerke wat hoofsaaklik van ander Kerke afgestig het uit 'n behoefte aan 'n eie Bantoekerk met die slagspreuk „Africa for the Africans", alhoewel hulle probeer om so na as moontlik te hou aan die dogma van die moeder-kerke. Die Zioniste-tipe Kerke

> „... are now a syncretistic Bantu movement with healing, speaking of tongues, purification, rites and taboos as the main expression of their faiths."[2]

Alhoewel die skeidslyn soms moeilik onderskeibaar is, kan onder die Kerke in Hovesground duidelik onderskei word tussen die Bapedi Lutheran Church en die Ethiopian Catholic Church in Zion aan die een kant, en Kerke soos die Zion Christian Church en die St. Johns Apostolic Faith Mission aan die ander kant. Eersgenoemde twee Kerke val duidelik onder die „Ethiopian" kategorie terwyl laasgenoemde twee weer duidelik „Zionistic" in hulle optrede is. Binne 'n Kerk soos die African Methodist Episcopal Church, wat normaalweg as „Ethiopian" beskryf kan word, vind ons egter 'n priester soos McCamel van Johannesburg wat duidelik Zionis in optrede is en duisende volgelinge trek - ook uit Hovesground.

In dienste van byna alle separatiste-kerke speel rite 'n baie belangrike rol. Kerke van die Ethiopiese groep beskryf

165/ .......

---

1) a.w., p.53.

2) a.w., p.55.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit as die Katolieke rigting in hul Kerke, terwyl Zioniste soms openlik erken dat hulle in magie glo en van magiese rites gebruik moet maak. Ook gebruik feitlik alle separatiste-leiers 'n vorm van opswepende optrede. Iedere Kerk het natuurlik sy eie geloof en rites en dit is moeilik om almal onder een hoof te behandel. Dit sal dus moontlik duideliker wees om 'n paar tipiese gevalle te illustreer.

Die Zion Christian Church onder Edward Lekganyane kan beslis as Zionisties beskryf word. By alle dienste word Lekganyane vergesel van 'n groot blaas-orkes van een-en-dertig lede. Hyself gaan gekleed in 'n militêre uniform terwyl die orkeslede en sy „luitenante" ook almal uniforms dra.

Lekganyane het groot bekendheid verwerf vir sy helende kragte en by 'n diens kom eers alle siekes en kreupeles na vore. Nadat hy elkeen deeglik betas en op al hul ledemate gedruk het om die oorsaak van die kwaal vas te stel, word hulle oorhandig aan sy luitenante wat die siekes besprinkel met water wat vooraf deur Lekganyane geseën is. Vervolgens word die nuwe bekeerlinge gedoop. Soos baie van die separatiste-kerke word die volgelinge van die Kerk gedoop deur totale onderdompeling. Hulle beweer dat „Christ in his baptism went down into the water and came up out of the water so that all candidates must be immersed in water, dip or plunge." Wanneer daar nie 'n rivier beskikbaar is nie, word 'n groot bad met water gevul waarin die bekeerdes gedoop word. Die kerkleier self gaan nie saam met die bekeerlinge in die water nie, maar staan buite en spreek die woorde uit. Intussen speel die blaasorkes en klap die mense op maat hulle hande terwyl hulle sekere liedere sing. Hierna volg 'n rite waartydens die Kerkleier met allerlei seremonie, musiek en liedere 'n koerant seremonieël verbrand, waardeur alle siektes en bose geeste verdryf word en ook reën gemaak word. Daarna sal Lekganyane 'n kort rede hou, waarin hy gewoonlik net sy Kerk en homself prys. Hierna moet die mense geseënde water kom koop om

166/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle te beskerm in die afwesigheid van hul leier en God. Ook moet hulle hul gereelde bydraes aan die Kerk maak. Daarna speel die orkes weer en dans die mense, terwyl hulle liedere sing.

Biskop Limba van die Bantu Church of Christ is 'n tipiese kapteinsfiguur. Mense mag nooit direk met hom praat nie, en hy lewer ook nooit sy preke direk nie, maar altyd deur 'n tussenganger. Waar Limba ookal beweeg, word hy vooruitgegaan deur 'n man wat prysliedere ter ere van hom sing - dieselfde dus as die Zoeloe imbongi wat die kapteins se prysliedere moes sing. Alle mense moet ook nederig wees teenoor Limba. Tydens sy preke, wat hy deur sy tussenganger doen, word sy lidmate meestal gewys op openbaringe wat hy, as tussenganger tussen die mense en God, ontvang het, en word hulle sondes deur hom bestraf.

'n Besonder interessante figuur is die priester Mc Camel van Johannesburg. Lid en priester van die African Methodist Episcopal Church wat gewoonlik redelik na aan die dogma van die Metodiste Kerk gebly het, het hierdie priester geweldige opgang gemaak met sy geloofsgenesing. Daagliks daag honderde krankes by hom op om - teen 'n fooi - deur hom genees te word. Eerstens word deur die priester vasgestel welke soort van magie die siekte veroorsaak het. Daarna moet die pasient in 'n bad water sit wat omring is deur brandende kerse, terwyl die priester bid. Daarna word die sieke 'n hoeveelheid behandelde water ingegee, totdat hy vomeer. Die priester toon dan aan wat die kwaad is wat hy uitgebring het. Ook word letterlik honderde houers met water daagliks deur hierdie priester geseën, sodat siekes dan hul liggame kan besprinkel met die helende water. Hierin word hy bygestaan deur sy seun „Righteousness of Jesus" wat ook sy vader se helende kragte ge-erf het. Ook word mense wat aan drank of rook verslaaf is of misdadigers deur die priester van die drang genees of van die oortreding gereinig deur die oplegging van hande.

Die leier van die Full Gospel Church beweer dat hy 'n

167/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aantal jare gelede na 'n lang siekbed besig was om te sterf, toe God na hom gekom het in 'n openbaring en hom vertel het wat die ware geloof is en hom toe genees het sodat hy die mense kon bekeer. Hy beweer dat daar twee Bybels is, 'n Bybel vir Blankes en 'n Bybel vir die Bantoe, en dat laasgenoemde Bybel op sy kop neergedaal het as bewys waarvan hy sedertdien nog 'n groot litteken op sy kop het. Die Bybel is egter van hom gesteel deur Blankes, maar hy weet wat die inhoud daarvan is. Die leier van die Kerk hou nog aan die geloof in magie en gedurende dienste bring die mense hulle amulette na hom wat hy dan seën sodat hulle alle bose geeste kan afweer. Ook soek hy die kerkgebou deur tydens dienste en as hy 'n spinnekop of sprinkaan of iets dergliks vind, word dié triomfantlik omhoog gehou en die bose gees word dan gedood. Wanneer die leier of die plaaslike predikant preek, draai hy sy rug op die gemeente en val in 'n beswyming, waartydens allerlei openbaringe deur middel van hom aan die gemeente gedoen word. Hierna, nog steeds in 'n beswyming, begin hy die bose geeste uit die lidmate te verdryf deur die geeste uit te skel.

Die leier van die <u>St. Johns Apostolic Faith Mission</u>, 'n vrou wat bekend staan as Mother Nku, het reeds van jongsaf floutes gekry waartydens sy openbaringe van God ontvang het. So is in 'n openbaring aan haar gestel dat sy 'n Kerk moes bou met 12 deure. Deur middel van haar geloofsgenesing het sy reeds honderde bekeerlinge in haar Kerk. In haar Kerk is 'n aantal „Receptionists" wat die siekes inlei en in volgorde langs die preekstoel opstel. Nadat sy gebid het en die gemeente handeklappend gesing het, gaan die Kerkleidster na iedere sieke en terwyl die gemeente met hulle gesang wat oorgaan in 'n gedans vir hulle feitlik in 'n histerie opwerk, spreek sy een vir een die geeste in die siekes aan en verdryf hulle, waarna sy haar hande op die siekes lê sodat die geeste nie weer sal terugkom nie.

168/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die algemeen kan gekonstateer word dat magie en rite 'n baie belangrike rol in separatiste kerke speel, veral in Zioniste kerke maar in toenemende mate ook in Etiopiese Kerke. Preke word vervang deur openbare geloofsgenesing, asook deur openbaringe deur die leier en bekentnisse van die kant van die lidmate. Ook speel rituele reiniging 'n baie groot rol. So het die doop meer 'n reinigingseremonie geword, terwyl misdadigers, drankverslaafdes en ander oortreders deur die leeraars gereinig word van hulle sondes.

'n Baie belangrike rol word by alle separatiste kerke ingeneem deur sekere feesdae. Die meeste Kerke het spesiale feesdae wanneer die stigting van die Kerk in herinnering geroep word, ook word oesfeeste deur die plattelandse gemeentes van die Kerke gereël, terwyl ook Kersfees, Hemelvaartsdag en ander Kerklike dae herdenk word. Soms word ook die geboorte of sterfdag van die stigter of leier van die Kerk herdenk. Sulke feesdae gaan dikwels gepaard met rituele slagtings en offerandes aan God.

Die mate van Kerkbywoning in Hovesground is moeilik bepaalbaar - Sekere strekkinge is egter duidelik, nl. dat Blankbeheerde Kerke 'n laer persentasie bywoning het as separatiste Kerke. Verder is Kerkbywoning deur die jeug baie swakker as by ouer mense, alhoewel in die geval die Blankbeheerde Kerke 'n groter persentasie jeugbywoning het as separatiste Kerke. Verder is bywoning van kerkdienste deur vroue veel hoër as dié van mans. Oppervlakkig beskou wil dit voorkom asof Blankbeheerde Kerke 'n klein persentasie lidmate het wat werklik diep gelowig is en hele gesinne gereeld Kerk toe gaan, terwyl separatiste Kerke groter gehore trek vanweë 'n bygelowige vreesgevoel by hulle lidmate indien hulle nie dienste bywoon nie. Die feit dat vroue meer aangetrokke voel deur die religie word bewys deur die aktiwiteite van die verskillende vroue-verenigings van die Kerke, wat elk weeklikse vergaderings en bidure hou wat goed by-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewoon word, terwyl die vroue ook namens die Kerke heelwat maatskaplike werk verrig.

Ten spyte van die feit dat 94.56% van die inwoners van Hovesground in een of ander Kerkverband staan, speel magie nog 'n geweldige rol in die daaglikse lewe van verreweg die grootste persentasie, alhoewel baie van hulle dit steeds heftig ontken. Ook is sekere oorblyfsels van die tradisionele manistiese religie nog steeds aanwesig.[1] So merk mens byvoorbeeld dadelik op dat byna alle Bantoe gereeld spoeg. By nadere ondersoek blyk dit nie bloot 'n onhigiëniese gewoonte te wees nie, maar wel 'n vorm van offerande aan die voorvadergeeste, alhoewel dit in sommige gevalle bloot 'n gewoonte geword het. So sal 'n man in die oggend na hy opgestaan het, sodra hy die huis uitgaan, eers spoeg as dank vir die nuwe dag. By die rook van 'n pyp of die drink van bier en talle ander geleenthede in die verloop van die dag word gespoeg as dankoffer of hulp-offer aan die voorvadergeeste.

In Hovesground is daar drie voltydse toordokters - een 'n vrou - terwyl daar etlike inwoners is wat, as dit so gestel kan word, op 'n deeltydse basis dolosse gooi en medisynes verskaf. In die normale gang van die lewe kom mens gou agter welke geweldige mag en invloed hierdie toordokters nog oor hulle mede-inwoners behou. In 'n vergadering soos die lokasie-advieskomitee of van 'n skoolkomitee, kan mens byna seker wees dat as een van die lede die vergadering domineer, hy 'n toordokter is. Selfs mense wat met 'n lag magie as iets heidens of agterliks beskryf, sal vir jou waarsku om versigtig te wees vir 'n sekere persoon, omdat hy 'n toordokter is en jou kan kwaad aandoen as jy hom teengaan.

Daar is in Hovesground drie tipes van toordokters, naamlik;


170/ .......

---

1) Vergelyk ook die gebruike by dood en begrafnis asook die daaglikse rol wat die tradisionele religie en magie speel by ander lewensfases, soos bespreek in Hoofstuk I.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TIPIESE KOMBUIS IN LAPA.



GEDEELTE VAN DIE PARK MET
SPELENDE KINDERS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) die wat, deur middel van die hulp van die voorvadergeeste, die vermoë besit om bose geeste te erken en te verdryf;

(ii) die dolosgooiers wat siektes kan diagnoseer, die toekoms kan voorspel of in die verlede kan inkyk deur interpretasie van die dolosse; en

(iii) die kruiedokters.

'n Kombinasie van twee of al drie die tipes kom voor, veral dolosgooiers is gewoonlik ook kruiedokters, maar dikwels het toordokters net die kennis of die gawe om in een rigting te spesialiseer. Die meeste toordokters beweer dat hulle, toe hulle jonk was, ernstig siek was en dat 'n toordokter toe as diagnose vasgestel het dat die voorvadergeeste aan hulle toon dat hulle toordokters moet word. Gewoonlik kry hulle dan van die toordokter 'n opleiding wat tot drie jaar duur, waarin hulle al die kunsies en kennis van die beroep geleer word. Die meeste dolosgooiers en kruiedokters is gedurig besig om hulle kennis te verbreed, deur van ander toordokters wat bekendheid verwerf het vir een of ander genesing, hierdie geneesvorm te leer - teen 'n aansienlike betaling.

Gewoonlik besoek siekes eerste 'n dolosgooier om vas te stel wat hulle makeer. Indien hy ook 'n kruiedokter is, sal hy hulle 'n geneesmiddel gee, of hy verwys hulle na 'n kruiedokter wat op grond van die diagnose 'n medisyna verkoop, of hulle gaan na die ander kategorie van toordokter wat die gees wat hulle beheer, verdryf. Dit is egter nie altyd nodig om na 'n dolosgooier te gaan nie. Met die algemene siektes soos maagpyn of krampe of verkoue gaan mense direk na 'n kruiedokter wat hulle medisyne daarvoor gee. Mense wat oortuig is dat hulle „getoor" is, bv. as hulle steeds maerder word of agteruitgaan, gaan direk na 'n toordokter wat die kwade invloed of gees kan verdryf.

Dit is egter nie net siekes wat na toordokters gaan nie. Dikwels gaan mense na 'n dolosgooier om vas te stel welke nommer die dag op die fah-fee gaan wen, of hulle gaan vra 'n toordokter vir 'n „liefde-opwekkende medisyne" wat sal verseker



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat 'n sekere persoon op hulle verlief sal raak. Ook gaan sommige mense na toordokters om hulle vyande te „toor", alhoewel alle toordokters ontken dat hulle so iets doen.

Alle toordokters in Hovesground behoort aan die „Dingaka Association", 'n Uniale vereniging van toordokters, wat ook 'n sertifikaat aan hulle lidmate uitreik dat hulle behoorlik opgeleide toordokters is.

Die toordokters, wat almal nog aanhangers is van die tradisionele Bantoe-religie - alhoewel daar soms nie veel verskil is tussen hulle en sommige separatiste-leiers nie - herlei almal hulle gawes en kennis na die voorvadergeeste, wat vir hulle getoon het dat hulle toordokters moet word en in drome vir hulle kennis gee van sekere medisynes of sekere metodes om geeste te verdryf.

Naas die geloof dat sekere siektes deur towery veroorsaak word, het hulle 'n besondere beskouing omtrent siektes, alhoewel daar nie onderskei word tussen baie siektes nie. Dit is gewoonlik siektes van die maag of van die longe of van die kop. Siektes van die maag word gewoonlik veroorsaak deur 'n wurm wat in die maag is terwyl siektes van die longe die gevolg is van een of ander vreemde voorwerp wat sere in die longe maak. Wanneer medisyne voorgeskryf word vir 'n siekte, word gewoonlik 'n groot hoeveelheid gekookte kruie, bolle en wortels aan die pasient ingegee wat die effek het om hom te laat vomeer. Die toordokter toon dan altyd aan hom die „stompie" wat hy uitgebring het en die oorsaak is van die siekte. Daar is egter ander vorms van genesing. So word bv. op 'n pasient se kop 'n kruis skoongeskeer waarop 'n miswurm geplaas word. Dan word die bloed van 'n spesiaal geslagte dier op die kruis gevryf en as die miswurm in al die bene van die kruis gekruip het, word hy deur die pasient ge-eet, waarop die genesing voltooi is.

Dolosgooiers en kruiedokters gaan gewoonlik gekleed in gewone Europese kleding, alhoewel hulle soms stringe krale en beentjies om hulle nekke hang. Die dolosse van die dolosgooier



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het nie verander van die tradisionele voorwerpe nie, behalwe dat dobbelsteentjies, „domino"-steentjies en soms muntstukke daarby gevoeg word.

Toordokters wat geeste verdryf maak egter gebruik van veel meer vertoon en seremonie. Voordat hulle begin, word eers 'n hoender geslag en van sy bloed oor die pasient gesprinkel of 'n liggaamsdeel op die pasient se kop geplaas. Daarna begin die toordokter, wat gekleed is in tradisionele drag, versier met allerlei krale, bene en horingkies asook 'n besondere hooftooisel, te dans terwyl hy deur die bystanders begelei word met handegeklap. Terwyl hy dans sing hy bepaalde liedere wat hy kort kort onderbreek om aan die pasient en sy familielede sekere vrae te vra. Uiteindelik bereik hy 'n toestand van beswyming waartydens hy in verbinding staan met die voorvadergeeste. Nog steeds in 'n beswyming sal hy dan die pasient bestrooi met sekere bestanddele terwyl hy die gees wat in die pasient is, probeer verdryf. Ten slotte sak hy dan van uitputting inmekaar, waarop die genesing dan voltooi is.

Die feit dat gekerstende Bantoe hulle nog in tye van nood wend tot toordokters, wat as basis van hulle gawes aanspraak maak op die voorvadergeeste, toon aan hoe diep die Christelike geloof by die Bantoe strek, en waarom die separatistekerke wat van dieselfde metodiek gebruik maak, soveel ingang by hulle vind. Hiermee wil egter nie beweer word dat daar nie 'n groot persentasie Bantoe is wat werklik oortuigde Christene is nie.

## D. Samevatting en Evaluering.

Daar is reeds opgemerk dat die doelbewuste strewe van die Blankes om die Bantoe deelagtig te maak aan die Christelike geloof en leefwyse, 'n groot disintegrerende invloed op die sosiaal-kulturele lewe van die Bantoe gehad het.

In teenstelling tot tradisionele Bantoegemeenskappe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar elke indiwidu absoluut glo in die religie van sy gemeenskap, vind ons onder die inwoners van Hovesground lidmate van 24 verskillende kerke, asook aanhangers van die tradisionele religie, en 'n groep wat beweer geen geloof te hê nie. Dit is dus duidelik dat daar geen sprake meer van 'n enkele gemeenskapsgeloof is nie. Iedere indiwidu word 'n aanhanger van die betrokke geloofsvorm waartoe hy persoonlik die meeste aangetrokke voel.

Wanneer die syfers in oënskou geneem word, naamlik dat 94.56% van die inwoners lidmate is van een of ander kerk, 5.13% nog aanhangers van die tradisionele religie is en .31% geen geloof het nie, wil dit voorkom asof die Blankes besondere sukses gehad het met die kerstening van die Bantoe. By nadere ondersoek blyk dit egter nie so te wees nie.

Van die 24 kerke in Hovesground word 9 deur Blankes beheer met 44.94% van die inwoners as lidmate, terwyl die orige 15 separatiste kerke is met 49.62% van die inwoners as lidmate. 'n Vergelyking met die Uniale sensussyfer toon ook 'n groot toename aan die lidmaatskap van die separatiste kerke. Terwyl die Uniale syfer vir lidmaatskap van Blankbeheerde kerke min of meer ooreenstem met dié in Hovesground, blyk dit dat die groot afname in aanhangers van die tradisionele religie, naamlik van 47.3% tot 5.13% in 'n stedelike Bantoe woongebied soos Hovesground te wyte is aan die groot styging in lidmaatskap van separatiste kerke, naamlik vanaf 9.7% tot 49.62%. Dit blyk dus dat die inwoners van Hovesground feitlik geheel afstand gedoen het van die tradisionele religie, maar dat die geloofsvorm nie vervang is deur 'n kerstening deur die Blankbeheerde kerke nie, maar dat die verskillende separatiste kerke hulle as lidmate vir hul geloof gewen het.

Die vraag ontstaan nou wat die geaardheid van die separatiste kerke is waardeur hulle sulke snelle vooruitgang maak.

174/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vanuit 'n Christelike oogpunt beskou, kan die snelle vordering van die separatiste-beweging as beslis ontmoedigend beskou word. Ons het gesien welke belangrike rol magie en rite in hierdie kerke speel. Preke word vervang deur openbaringe van die kerkleier en openbare genesing. Rituele reiniging, oesfeeste en ander feeste, gepaard met slagtings en offerandes neem die plek in van kerkdienste. Dit het ook geblyk dat die kerke in twee groepe verdeel kan word, naamlik die Zionistiese en die Ethiopiese tipe kerke. By eersgenoemde tipe kerk herinner die kerkleier sterk aan die toordokter en speel genesing 'n belangrike rol in die kerk, terwyl by laasgenoemde tipe kerk die kerkleier weer vergelyk kan word met die figuur van die Bantoe stamhoof.

Dit is duidelik dat die separatiste kerke in hulle geloofsvorme terugslaan na die tradisionele Bantoe religie. Steeds meer en meer word die tradisionele ritus en mite ingevleg in die uiterlike vorm van die Christendom. Die lae opvoedkundige peil van die meerendeel van hierdie kerkleiers, en hulle gebrekkige kennis van die Bybel laat ook dan blyk dat hierdie aspek vir hulle van mindere belang is. Een of twee Bybeltekse word uit verband aangehaal om sekere aspekte van hulle geloof en leefwyse te verklaar en te fundeer, maar origens word weinig gebruik gemaak van die Bybel as basis van hulle geloof. Die blote separatisme op sigself, asook die vordering van die kongregasionaliste-tipe kerke wil dan ook aantoon dat die behoefte na 'n seksionele religie terugslaan op die meer gesinsgebonde religie van die Bantoe.

Die groot rol wat magie speel in die lewe van by verre die grootste persentasie van die inwoners van Hovesground, is ook betekenisvol. Ons het gemerk dat ten spyte van die groot persentasie lidmaatskap van een of ander kerk, die meeste inwoners van Hovesground, veral in tye van nood, vir hulle tot die toordokters

175/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wend. Nie alleen tydens siekte nie, maar ook tydens die kritiese oorgangstadia in die ontwikkeling van die indiwidu word van magiese handelinge en rites gebruik gemaak. Ook selfs by die speel van fah-fee word van toordokters gebruik gemaak om vas te stel op welke nommer om te verwed. Ook is daar in die daaglikse handelinge van die indiwidu nog talle oorblyfsels van die manistiese religie te bespeur sodat dit wil voorkom asof die tradisionele mite en ritus in die daaglikse lewe 'n groter rol speel as die Christelike geloof.

Uit die voorgaande bespreking kan ons aflei dat die Bantoe moeilik afstand doen van sy bekende en beproefde tradisionele religie. In sy behoefte tot indringing in die Blanke kultuur word die Christendom wel uiterlik aanvaar en self sou hulle geskok wees as mens vir hulle sou sê dat hulle nie werklik Christene is nie, maar wat die innerlike geloofswaardes betref, sypel die tradisionele vorme ongemerk in binne die skyn van Christendom.

Hierby moet gemeld word dat daar talle werklik gelowige Christene in die Blankbeheerde kerke is, en dat sommige van die separatiste ook hulle geloof baseer op 'n ernstige en eerlike interpretasie van die Bybel, maar dat die behoefte aan 'n eie Bantoekerk hulle tot afstigting gelei het.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV.

## VRYETYDSBESTEDING.

### A. Inleiding.

Allereers sal dit nodig wees om 'n uiteensetting te gee van wat verstaan word onder vryetydsbesteding. Spel is ongetwyfeld vryetydsbesteding, maar nie alle vryetydsbesteding is spel nie en so ook is nie alle spel vryetydsbesteding nie. So byvoorbeeld is 'n sosiale besoek vryetydsbesteding maar nie spel nie. Wanneer 'n roetine-werker 'n geïmproviseerde spel van sy roetine maak, is hierdie spel nie vryetydsbesteding nie. Sover my bekend het nog geen volkekundige 'n geldende definisie neergelê van die begrippe spel en/of vryetydsbesteding nie. Die omvang van hierdie ondersoek laat nie toe om so 'n definisie te waag nie, dus sal daar volstaan moet word by 'n poging om 'n afbakening te maak van wat, vir die doeleindes van hierdie studie, onder vryetydsbesteding ingesluit sal word.

Hier sal dit nuttig wees om gebruik te maak van die teenstellinge gedwonge teenoor vrywillig en gewoon teenoor anders. Die gemeenskap verwag van 'n man en 'n vrou dat hy of sy sal werk, sekere verpligtinge teenoor sy of haar gesin sal nakom, sekere verpligtinge teenoor die gemeenskap sal nakom en sekere verpligtinge teenoor die super-naturalistiese sal nakom. Sekere handelinge is egter nie verpligtend nie en kan as vryetydsbesteding beskou word. Hiernaas moet egter nog die teenstelling gewoon teenoor anders in aanmerking geneem word. Sekere handelinge, soos slaap, is nie verpligtend nie maar is gewoon en dus nie besteding van vryetyd nie.

Gebruikmaking van hierdie teenstellinge kan nie geld as 'n absolute maatstaf nie maar sal wel vir die doeleindes van hierdie studie kan voldoen. Wanneer enige van die elemente gedwonge of gewoon voorkom in 'n handeling waartydens die teenstellende elemente ook voorkom, sal dit nie as vryetydsbesteding beskou word nie. As 'n persoon byvoorbeeld 'n spel inproviseer op sy gedwonge werk, sal hierdie spel nie as vryetydsbesteding beskou word nie.

177/ ........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Vryetydsbesteding onder tradisionele Bantoegemeenskappe.

In etnografiese werke oor die Bantoe is weinig aandag aan hierdie aspek van die kultuur bestee. Ook bestaan daar by die meeste skrywers onduidelikheid oor wat presies as spel beskryf moet word. So sien ons byvoorbeeld dat Stayt[1] die mahundwani by die Venda beskryf as deel van die opvoeding van die jeug, terwyl skrywers soos Krige[2] en Schapera[3] dieselfde gebruik by die Noord-Sotho en Tswana, bekend as mantlwane, as 'n spel beskryf.

Tog vind ons by alle Suid-Afrikaanse Bantoe 'n groot verskeidenheid spele en ander vorme van vermaak vir alle ouderdomme. Die ekonomiese lewe van die Bantoe veroorsaak dat hy nie so veel tyd het vir spel nie, en selfs die kinders moet hul speletjies inpas by die dagtake van vee-versorging, jong boeties en sussies oppas en dies meer. Bantoe-vroue se dagtaak is meestal van so 'n aard dat hulle net saans na ete vrye tyd het, terwyl mans gewoonlik gedurende die dag ook tyd aan spel kan bestee.[4]

Onder kinders kom daar heelwat spele voor wat herinner aan speletjies van Blanke kinders. Krige[5] noem byvoorbeeld dat Zoeloe kinders met gevlegde gras touspring (inGqathu) en ook bollemakiesie speel (uGomongo). Ook word deur Tsonga seuns 'n tipe hokkie (homhane) gespeel, wat met effense variasie ook by die Venda[6] (khororo) voorkom.

'n Spel wat, met sekere variasies, deur alle Bantoeseuns gespeel word, bestaan daaruit dat 'n groepie met spiese

178/ .....

1) Stayt, H.A. a.w., p.99. Sien ook Hoofstuk I. p.32.

2) Krige, E.J. and J.D.: The Realm of a Rain Queen 1943, p.109.

3) Schapera, I.: Pre-marital Pregnancy and Native Opinion. In Africa, Vol.VI, 1933, p.68.

4) Junod, H.A. a.w., Vol. I, p.350.

5) Krige, E.J. a.w., p.77.

6) Stayt, H.A. a.w., p.96.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na 'n sekere voorwerp steek. Soms word spiese na 'n stilstaande voorwerp gegooi, maar meestal word die voorwerp teen 'n helling afgerol, en dan probeer die seuns dit raaksteek.[1] Stokgevegte en ander kompetisies tussen veewagtertjies, asook bees-ry is gesogte vorme van vryetydsbesteding. Die vernaamste aktiwiteit van seuns is egter om voëls, muise en ander klein diere te jag, en organiseer hulle dikwels jagpartye.[2]

Jong meisies het nie soveel tyd om te speel as seuns nie, maar het tog ook 'n hele reeks groepspele waarmee hulle hulself kan vermaak. Popspeel is onder hulle bekend,[3] en ook is hulle lief om statjies met klippe uit te lê.[4] Een van die mees geliefde spele, wat by alle Bantoe voorkom[5] en deur meisies en vroue gespeel word (mathakisana - Tsonga; ndode - Venda; Ngelitshe - Zoeloe) is kortliks die volgende: 'n Klimpie voorwerpies soos klippies of sade, word in 'n gaatjie in die grond geplaas. Een speler sal een klippie in die lug opgooi, terwyl sy soveel as moontlik van die ander klippies optel voor sy weer die eerste klippie vang. Terwyl die klippie weer opgegooi word, pak sy weer die ander klippies terug, maar hou een uit. So gaan sy aan tot sy al die klippies uit die gaatjie het, of totdat sy die klippie wat opgegooi word misvang. Dan is dit die volgende speler se beurt.

Ook is daar spele wat deur seuns en dogters saam gespeel word, soos die mahundwani of mantlwane, 'n tipe huis-huis speletjie, waarin die grootmense nageboots word. Ook is daar

179/ ......

1) Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.66; Stayt, H.A. a.w., p.96; Krige, E.J. a.w., p.79.

2) Krige, E.J. a.w., p.78; Hunter, M. a.w., p.160; Stayt, H.A. a.w., p.96.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.172.

4) Stayt, H.A. a.w., p.97.

5) Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.175; Stayt, H.A. a.w., p.367; Krige, E.J. a.w., p.77.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n spel wat algemeen voorkom (khupye - Noord-Sotho; mhumhana - Tsonga; kubohe - Venda)[1] en deur seuns en dogters saans gespeel word. Soms speel volwasse vroue ook saam. Die spel bestaan hoofsaaklik daarin dat twee spanne gekies word, elk met 'n leier. Terwyl een kant oë toehou, sal die leier van die ander kant 'n spesiale voorwerp, meestal 'n saad, in die vuis van een van sy spanlede versteek. Deur vrae al singende te stel, moet die eerste span dan probeer vasstel wie die voorwerp vashou.

Die mees geliefde vryetydsbesteding van mans, en ook van vroue, is om bier te drink en bierpartye te reël.[2] Mans gaan ook graag kuier, sit saam en rook en dan ontstaan dikwels 'n soort spoeg-spel.[3] 'n Spel wat mans egter ure lank kan speel is die morabaraba (Sotho), tshuba (Tsonga), of mofuvha (Venda). Die spel bestaan daarin dat in 'n lang plat stuk hout of klip vier rye gaatjies gemaak word. In hierdie gaatjies word klippies geplaas wat gewoonlik beeste voorstel. Twee spelers speel saam en iedere speler beheer twee rye gaatjies. Die spel het baie ingewikkelde reëls maar basies kom dit daarop neer dat iedere speler om die beurt kan skuif en probeer om met sekere sette die ander speler se „beeste te eet" of uit te skakel.

Van die grootste belang by alle Bantoe in hulle vryetydsbesteding, veral saans, is die vertel van stories en sprokies, die vra van raaisels en dan ook musiek, sang en dans. Hierin lê 'n skat van kultuurgoedere opgesluit. Musiek, sang en dans speel natuurlik 'n baie groot rol in Bantoe rite, maar ook is daar

180/ .....

---

1) Van Zyl, H.J.: Some of the Commonest Games Played by the Sotho People of Northern Transvaal. In Bantu Studies, Vol. XIII, No.4, 1939, p.293; Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.350; Stayt, H.A. a.w., p.98.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.341; Stayt, H.A. a.w., p.316; Krige, E.J. a.w., p.58; Hunter, M. a.w., p.356.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.I, p.343.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liedjies en danse wat saans as ontspanning uitgevoer word. Sang en standaard rympies is ook 'n kenmerk van Bantoe spel en kom in baie spele voor.[1)]

C. Vryetydsbesteding in Hovesground.

In 'n stedelike Bantoe-woongebied soos Hovesground is daar vir die Bantoe veel meer geleentheid tot vryetydsbesteding as vir die Bantoe in die tuisgebiede. Smiddags wanneer die mans van werk af kom, is hulle meestal vry om hulself te amuseer, terwyl die vroue na die aandete ook nie gebonde is nie. Saterdagmiddag en Sondae word daar meestal nie gewerk nie, en is daar heelwat geleentheid vir vryetydsbesteding. Die kinders het benewens hulle skoolverpligtinge volop tyd om te speel en te beweeg soos hulle wil. Ook bied vervoerdienste en elektriese beligting saans ongekende beweegruimte aan die inwoners wat hulle ten volle kan benut. Hierbenewens het die stedelike Bantoe in Hovesground ook nou in aanraking gekom met georganiseerde vryetydsbesteding soos bioskope, sportverenigings en so meer, waardeur hulle hul vrye tyd maksimaal kan benut.

Die Nie-Blankesake Afdeling van die Pretoriase Stadsraad het 'n spesiale afdeling vir welsyn en ontspanning. Die sub-afdeling ontspanning, wat onder beheer staan van twee Blankes met Universitêre opleiding in liggaamlike opvoeding met 'n personeel van sewe Bantoe ontspanningsbeamptes en 'n bibliotekaresse, lê hom uitsluitlik toe op die organisering van vryetydsbesteding onder die Bantoe van Pretoria. Hierdie afdeling het verskeie ontspanningsgeriewe tot die beskikking van die inwoners van Bantule gestel, nl:

181/ ........

1) Vir 'n meer volledige beskrywing van Bantoe-spele, musiek, sang en dans kan die volgende bronne nageslaan word: Junod, H.A. a.w., Vol.I, pp. 66-71, 172-176, 340-351; Stayt, H.A. a.w., pp. 95-99, 316-329, 364-367; Hunter, M. a.w., pp. 160-161, 356-377; Krige, E.J. a.w., pp.76-80, 336-344; Bryant, A.T.: The Zulu People, 1949. pp. 682-697; Van Zyl, a.w.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 Sokkervelde (Een uitsluitlik vir Bantule, terwyl een gedeel word deur die inwoners van Bantule en die Kleurlingbevolking van Pretoria);

1 Rugbyveld ) gedeel met Kleurlinge
1 Krieketveld )
1 Tennisbaan; en
1 Korfbalveld.

Die rugbyveld word eenmaal per jaar omskep in 'n atletiekbaan vir die gebruik van skole. Tot die beskikking van alle Bantoe in Pretoria is daar 'n Amalaita-vegkraal[1)] en 'n saal, die Dougal-saal wat in die Bantule-gebied geleë is. In hierdie saal is ook 'n biblioteek waartoe alle Bantoe vrye toegang het.

Ook word jeugklubs deur die afdeling georganiseer vir seuns. Daar is drie sulke seunsklubs met 'n totale ledetal in Bantule van 200. Elke klub vergader tweemaal per week in die Dougal-saal, wanneer die seuns boks en ook gebruikmaak van stilspele soos ludo, tafeltennis en dambord, terwyl hulle ook eenmaal per week atletiek oefen op die rugbyveld. Die ouderdom van die lede van die klubs wissel vanaf 12 tot 21 jaar en staan elk onder beheer van 'n leier, gewoonlik 'n onderwyser. Daar bestaan ook meisiesklubs in Pretoria, maar daar is geen klublede in Bantule nie.

a. <u>Vryetydsbesteding van Kinders</u>.

By die jong kinders in Hovesground merk mens dadelik dat die aangebore aanleg om te speel, wat blykbaar 'n universele verskynsel is, ook hier sterk na vore tree. Jong suigelinge, soos oral in die wêreld, begin spelenderwys nuutgevonde moontlikhede te ondersoek. Alles word betas, in die mond gesteek, getrek en gestoot. Sodra hulle kan kruip en later loop, begin die indiwiduele verbeeldingspel te voorskyn kom. Klein artikeltjies word heen en weer gedra, klippies word in hopies gepak, in rye uitgelê en so voorts.

182/ .....

1) Word later bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sodra hulle meer selfstandig word, neem hierdie verbeeldingspel 'n meer besliste patroon in. In nabootsing van ouer kinders, word 'n bal rondgegooi of geskop, en 'n bepaalde doel word met die spel nagestreef. So sal die kind probeer om die bal na 'n bepaalde voorwerp te gooi of skop, of tussen twee voorwerpe deur te dryf.

Die eerste speelmaats van 'n kind is sy ouers en ouer broers of sustertjies. Hulle sal, wanneer hulle tyd daarvoor het, die kind ronddra, hom kielie, 'n bal na hom gooi om te vang en so meer. Hoofsaaklik is hy egter oorgelaat aan sy eie verbeeldingsvlugte. Wanneer 'n kind 'n broertjie of sustertjie het wat nie veel van hom in ouderdom verskil nie, sal hulle egter 'n speelgroepie vorm en saam speletjies improviseer. Namate so 'n kerngroepie in hul speelwyse ontwikkel, begin ander kinders by hulle aan te sluit en word die indiwiduele spel geleidelik vervang met 'n groep-spel. In nabootsing van ouer kinders, begin hulle met 'n tennisbal 'n ongeorganiseerde sokker-speletjie, of hulle speel „hop-scotch".[1)]

Hierdie groepies vorm egter nog nie hegte eenhede nie en daar is veel geleentheid vir indiwiduele spel. In Hovesground kom dit nie voor dat ouers vir hulle kinders speelgoed koop nie. Sommige moeders probeer vir hulle dogters eenvoudige lappoppies te maak van opgestopte materiaal en krale. In die plek van speelgoed versamel egter alle kinders sekere voorwerpies soos vuurhoutjiedosies, koeldrankbottel-proppies, mooi klippies of bene, met welke kleinnode hulle hulself vir ure kan besig hou en die verbeelding vrye teuels gee. Die kinders van Hovesground, en veral die seuns, besit 'n besondere gawe om karretjies uit draad te vervaardig. Hierin word hulle dikwels gehelp deur hul vaders of ouer broers. In die vervaardiging van hierdie karre-

183/ ......

1) 'n Blanke spel waarin blokke op die grond geteken word waardeur die speler op 'n bepaalde wyse moet spring terwyl 'n klippie van die een blok na die ander gedryf word. Geen eie benaming is vir die spel aangetref nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tjies, wat gewoonlik ongeveer nege duim hoog en breed is en een voet tot een voet ses duim lank, word draad op so 'n wyse gebuig dat die buitevorme van 'n motor-kar daarmee uitgebeeld word, terwyl hulle ook draadwielietjies het wat kan draai. Hierdie karretjies word oral rondgetrek, en dikwels gaan twee of meer kinders, elk met hulle karretjies gesamentlik 'n hele paar blokke vêr „reis".

'n Ander spel wat dikwels onder die klein kinders gesien word, is die bou van plasies. Hierdie is 'n groepspel en word gewoonlik deur twee of drie kinders gespeel. 'n Terrein op die grond word skoon en glad gemaak en dan word krale, kampe en 'n woongebied met rye klippies afgemerk. Die kinders maak nie, soos Bantoekinders in die tuisgebiede, klei-osse nie, maar hierdie rol word vervul deur besondere klippies. Die beeste en bokke word aangetoon deur verskillende groottes van klippies en elkeen word 'n naam gegee. So 'n „plaas" word nie afgebreek nie, en die kinders gaan gereeld weer by dieselfde „plaas" speel.

'n Groot deel van die tyd van klein kinders word ook ingeneem deur die aktiwiteite of spel van hul ouers of ouer kinders te aanskou en ook om dit na te boots. Veral klein dogters is lief daarvoor om saam met hul moeders of ouer susters 'n kannetjie water te gaan haal, dan 'n klompie stokkies bymekaar te maak soos vir 'n vuur, en dan met modder, klippies en blare in 'n leë blikkie te „kook". In hierdie tipe van spel sien ons die begin van die informele opleiding van die kind.

Namate die kinders effens ouer word, begin die groepspele te oorheers. Gepaard hiermee gaan die skeiding van die geslagte. Die seuns speel in groepies saam, terwyl die dogters alleen of in groepies van twee of drie saamspeel. Veral die spel van die seuns is meer georganiseerd en 'n groepsleier begin na vore tree, wat rigting aan die spel gee. Die dogters bly meer geïmproviseerde speletjies speel, alhoewel hulle geneig is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om ook in klein groepies van twee of drie saam hulle vrye tyd te bestee.

Die speel-terrein van die klein kinders is tot 'n groot mate in die huis of in die erf, en alhoewel hoofsaaklik indiwiduele spel, is dit tog nog gesinsverbonde aangesien hulle nog onder die wakende oog van die moeder of 'n ouer broer of suster speel. Wanneer groepspele na vore tree, verander die speelterrein egter na die straat.

b. Vryetydsbesteding van die jeug.

Die vryetydsbesteding van die jeug word gekenmerk deur groeps-optrede van die seuns, terwyl die meisies hoofsaaklik nog indiwidueel optree, of in klein groepies, maar ook, veral vanaf die ouderdom van twaalf jaar en ouer, soms in groepe saam met die seuns hulle vrye tyd bestee.

Die hoofaktiwiteit van die seuns is om met 'n tennisbal te speel. Hulle probeer die bal so lank moontlik in die lug te hou deur dit na mekaar te skop of met die kop te stamp. Mettertyd bereik hulle 'n besondere vaardigheid hierin en kan die bal in 'n betreklike klein area gedurig in die lug beweeg van die een na die ander. Soms speel hulle die spel ook alleen, en sal 'n seun vir urelank probeer om die bal steeds in die lug op te skop en aan die beweeg hou sonder om met sy hande daaraan te raak.

By sulke groepies spelers is daar altyd een wat as leier na vore tree. Hy gee instruksies en leiding aan die spel. Sodra die groepie spelers aangewas het, sal hy hulle in spanne verdeel en begin hulle sokker speel. Die kante van die straat dien as grense van die speelveld, terwyl aan twee punte hopies klippe gepak word wat as doelpale dien. Daar is nie veel reëls aan die spel verbonde nie. Hulle speel so lank hulle wil en mag net die bal skop of met die kop stamp. Daar is ook geen posisionele spel nie, behalwe dat elke kant 'n doelwagter het. Wanneer die kinders nog kleiner is, speel dogters soms saam, maar

185/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vanaf 'n ouderdom van ongeveer agt jaar, speel die seuns alleen.

Die dogters, wat vanaf hierdie ouderdom nie soveel vrye tyd as die seuns het nie, aangesien hulle hul moeders moet help, bestee hul vrye tyd hoofsaaklik met speletjies soos „hop-scotch" en wegkruipertjie. Ook word dikwels 'n speletjie van Blanke oorsprong gespeel met 'n stukkie tou wat in 'n lus geknoop is en oor die vingers in allerlei patrone gevleg word. Gewoonlik speel twee dogters die speletjie saam, alhoewel hulle dit ook alleen kan speel. Sommige meisies begin naaldwerkies doen, veral hekel-werk, terwyl 'n klein persentasie ook soms tydskrifte lees.

Met uitsondering van die bioskoop neem baie weinig van die jeug van Hovesground deel aan georganiseerde vryetydsbesteding. Deur skole word 'n verskeidenheid van sport en ander vorme van vryetydsbesteding aangebied, maar die Hovesgroundse jeug neem nie veel hieraan deel nie. Jaarliks word deur elke skool een konsert aangebied wat wel goed bygewoon en aan deelgeneem word, hoofsaaklik omdat die seuns en meisies saam daarheen kan gaan. Ook word die jaarlikse inter-skool atletiek goed bygewoon. Origens is die jeug maar traag om aan die ander aktiwiteite deel te neem.

Van die 200 lede van die drie seunsklubs in Bantule is 83 afkomstig uit Hovesground. Hierdie klubs vergader tweemaal weekliks en lê hulle hoofsaaklik toe op boks, wat naas sokker vir die inwoners van Hovesground die mees aantreklike sportsoort is. Speletjies soos dambord, ludo en tafeltennis word egter ook gespeel.

Die meisiesklubs in Pretoria, wat onder beheer van die „Transvaal Association of Girls Clubs" georganiseer word, het geen lede in Hovesground nie. Daar is wel enkele lede van die „Pretoria and Districts Bantu Womens Basketball and Hockey Association". Hierdie vereniging het 4 spanne, met spanlede uit Hovesground, wat teen mekaar kompeteer in hokkie en korfbal, asook teen spanne van ander sentra.

186/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar bestaan ook vir die Bantoe van Hovesground en ander gebiede in Pretoria, verenigings vir die beheer van georganiseerde sokker, rugby, tennis en krieket. Veral in die sokker- en rugbyspanne is daar etlike van die jongmans van Hovesground wat deelneem. Wedstryde van hierdie spanne word goed bygewoon deur Hovesgrounders van alle ouderdomme, en vorm 'n vername deel van die vryetydsbesteding op Saterdagmiddae. Tennis en krieket word nie deur die jeug van Bantule gespeel nie. Op 'n ongeorganiseerde basis speel die jong seuns wel soms golf. Gewoonlik het hulle net een golfstok elk en slaan die balletjie na 'n gaatjie wat hulle in die straat grawe. 'n Baie klein persentasie van die jonger jeug behoort ook aan die „Boy Scouts" en „Girl Guides" bewegings. Deur die groter persentasie van die jeug word dit egter as kinderagtig beskou. Slegs drie van die jongmans in Hovesground neem deel aan die gevegte in die „amalaita"-vegkraal. Hierdie is 'n ommuurde terrein deur die Pretoriase Stadsraad opgerig, waar jong Bantoe-mans op Sondae in twee groepe teen mekaar kan veg - 'n herlewing van die tradisionele Bantoe stok-gevegte. Hierdie vorm van vryetydsbesteding vind egter in hoofsaak 'n aantrekking by Bantoe wat as huisbediendes by Blanke gesinne werksaam en gehuisves is.

Wanneer die jeug van Hovesground ietwat ouer word, ontwikkel die speelgroepe in hegter eenhede en kry ons bendevorming. Op ongeveer dieselfde ouderdom begin die seuns en meisies meer belangstelling in mekaar toon, en neem die vryetydsbesteding 'n heel ander vorm aan. Alhoewel daar deur die seunsgroepe nog steeds met 'n bal gespeel word, neem die bioskoop 'n baie belangrike plek in die vryetydsbesteding in. Seunsgroepe gaan gewoonlik gesamentlik bioskoop toe, alhoewel die hele groep nie altyd gaan nie. Dikwels gaan hulle saam met meisies bioskoop toe, of hulle ontmoet mekaar daar. Die meeste seuns probeer om minstens tweemaal per week bioskoop toe te gaan alhoewel hulle by gebrek aan geld dit nie altyd regkry nie.

187/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende tabel toon aan hoe dikwels deur die verskillende ouderdomsgroepe bioskoop toe gegaan word:

Persentasie Bioskoop-besoek.

A. Mans.

| Ouderdom | Weekliks | Twee-weekliks | Maandeliks | Soms | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 0-10 | 0.0 | 0.0 | 0.0 | 11.4 | 88.6 |
| 10-20 | 19.2 | 35.1 | 27.4 | 14.3 | 4.0 |
| 20-30 | 15.6 | 24.7 | 11.4 | 48.3 | 0.0 |
| 30-40 | 7.7 | 24.5 | 31.3 | 29.4 | 7.1 |
| 40-50 | 2.1 | 12.7 | 19.6 | 31.7 | 33.9 |
| 50 - | 0.0 | 0.0 | 6.8 | 9.2 | 84.0 |

B. Vroue.

| Ouderdom | Weekliks | Twee weekliks | Maandeliks | Soms | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 0-10 | 0.0 | 0.0 | 0.0 | 1.7 | 98.3 |
| 10-20 | 12.4 | 27.3 | 36.1 | 9.4 | 14.8 |
| 20-30 | 11.9 | 33.3 | 45.2 | 8.6 | 1.0 |
| 30-40 | 4.5 | 13.6 | 12.4 | 21.2 | 48.3 |
| 40-50 | 0.3 | 4.7 | 6.8 | 14.5 | 73.7 |
| 50 - | 0.0 | 0.0 | 1.9 | 3.0 | 95.1 |

Hieruit blyk duidelik dat by verre die meeste bioskoopgangers tussen die ouderdomme 10 tot 30 jaar val asook dat onder mans meer bioskoopgangers is as onder vroue. Die tipe films wat die meeste aftrek kry, is avontuurfilms en musiekfilms, en uit die gedrag van die jeug kan duidelik gesien word dat hierdie vorm van afleiding 'n baie groot invloed op hulle het. Hulle probeer om die gewoontes en kleredrag van hul bioskoop-helde na te boots, terwyl ook hulle taal hierdeur beïnvloed word.[1]

Vanaf 'n ouderdom van 15 jaar begin dobbelary, drank, dagga, seks en prostitusie[2] 'n groter rol speel in die vryetydsbesteding van die jeug. Groepies seuns kan gereeld op straat-

188/ .....

1) Sien afdeling oor jeugmisdaad in Hoofstuk II.
2) Drank, dagga, dobbel en prostitusie is reeds bespreek in Hoofstuk II.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoeke, of saans onder straatlampe gesien word waar hulle dobbel. Gewoonlik word met dobbelsteentjies gedobbel en soms met kaarte. Ook begin hulle dagga rook en shebeens besoek om drank te verkry. Die verkeer met meisies speel nou 'n baie belangrike rol en groot gedeeltes van die dag en nag word met hulle deurgebring. Hulle gaan saam bioskoop toe, besoek saans smokkelkroeë, of slenter gewoon in die strate rond. 'n Baie belangrike aktiwiteit is musiek en dans. Sommige van die seuns kan 'n ghitaar of 'n mondfluitjie speel, en terwyl hulle speel word deur die ander jongmense gedans. Hulle besoek egter dikwels gesamentlik die Indiër-bazaar, waar hulle voor 'n winkel waar grammofoonplate gespeel word, op die sypaadjie dans. Dikwels word ook huispartye gereël waar 'n groepie jong seuns en meisies bymekaarkom en met die musiek van 'n grammofoon dans. Gewoonlik word daar probeer om drank te kry vir sulke partye. Hierdie aktiwiteite van die jong seuns en meisies loop gewoonlik uit op geslagsgemeenskap, wat dan ook die doel van veral die jongmans is.

C. Vryetydsbesteding van Volwassenes.

Die verkeer tussen jongmans en meisies eindig normaalweg vroeër of later in 'n huwelik. Hiermee begin dan vir die man en die vrou natuurlik 'n heeltemaal nuwe lewensperiode, wat ook 'n totale verandering in die vryetydsbesteding meebring. By kinders was vryetydsbesteding hoofsaaklik 'n indiwiduele geïmproviseerde spel, wat tog in 'n mate gesinsverbonde was. Die vryetydsbesteding van die jeug was daardeur gekenmerk dat die indiwidu hom onderwerp het aan die behoefte van die groep of van die groepleier. By volwassenes het vryetydsbesteding 'n karakter van absolute indiwidualisme verkry.

Ongeveer die vernaamste vryetydsbesteding van volwassenes van alle ouderdomme is die drink van bier en soms sterker dranke. Veral die mans is groot bierdrinkers, maar ook die vroue, wat minder vryetyd as die mans het, bestee gereeld van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle tyd op hierdie manier. Bier word meestal tuis gedrink of by die huis van 'n vriend, maar soms word smokkelkroeë besoek, terwyl sommige mans na werk na die Munisipale biersaal gaan om daar bier te drink.

Bierdrink is 'n sosiale geleentheid en dit gebeur selde dat 'n man of 'n vrou alleen sit en bier drink. Bedags tuis drink die vroue ook selde bier en is die bierdrinkery dus hoofsaaklik beperk tot saans en oor die naweke. Gewoonlik gaan 'n man na 'n paar vriende, of hulle kom na hom om saam te sit en bierdrink en gesels. Vrouens gaan ook oor en weer gesels en drink dan ook saam bier. Soms gebeur dit dat 'n groepie mans en vrouens saam bier drink, maar in die reël nie. Meestal loop so 'n bierdrinkery af op 'n toestand van dronkenskap.

Soos reeds aangetoon[1)] speel owerspel, prostitusie, sterker drank en dagga ook 'n groot rol in die vryetydsbesteding van volwassenes.

Die vernaamste vryetydsbesteding van vroue is bedags tussen die huiswerk deur, om na 'n buurvrou of vriendin te gaan en gesels. Gewoonlik neem so 'n geselsie die vorm aan van skinderpraatjies. Ook is vroue baie lief daarvoor om, wanneer hulle inkopies doen, by die winkels in groepies saam te sit en gesels, sodat 'n vrou wat iets gaan koop by 'n winkel wat vyf minute stap van haar huis weg is, van twee tot drie uur wegbly.

In die vryetydsbesteding van volwassenes gaan die mans en vrouens gewoonlik elk hul eie gang. Van die jonger getroudes het egter in die laaste jare 'n groot sosiale bewustheid, volgens Blanke patroon, begin toon. Uit hierdie groep gaan jongmans en hulle vrouens gereeld saam na allerlei funksies soos danse, konserte, sportbyeenkomste en so meer, asook na die bioskoop. Hierdie groep onderskei hulself van die ander inwoners as die „smarter set". Dikwels word deur hulle oor en weer huispartytjies gereël. By so 'n partytjie word gewoonlik op die musiek van 'n grammofoon gedans, terwyl daar heelwat drank

190/ .....

1) Sien Hoofstukke I en II.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenwoordig is. Die meeste ouers in Hovesground woon ook dikwels skoolfunksies van hul kinders by, asook sosiale funksies wat deur die kerke gereël word. Ook gaan hulle gesamentlik na trou partye, doop partye en begrafnisse.

Weinig volwassenes neem deel aan georganiseerde vryetydsbesteding. Daar is egter lede van die „Bantule Progressive Association", 'n oop klub vir inwoners van Bantule, asook Lady Selbourne en Atteridgeville, twee ander stedelike Bantoe-woonbuurtes. Hierdie klubs hou gereeld byeenkomste in die Dougalsaal, waar tafeltennis en ander spele gespeel word, en hoofsaaklik gedans word. Naas die verskillende Kerklike vroueverenigings wat goed ondersteun word, is daar die „Lekgotla la Bakgomana", 'n vereniging wat hom ten doel stel om die Kapteinskap in ere te hou, en wat 'n paar lede in Hovesground het. Origens is daar geen verenigings waaraan deelgeneem word nie, alhoewel 'n hele paar mans aktiewe lede is van Bantoe-organisasies met 'n politieke inslag. Hierbenewens is daar die stokfele-organisasies, wat ook gereeld funksies vir hulle lede hou.[1)]

Sommige van die jonger volwassenes neem ook deel aan georganiseerde sport. Alhoewel die mans nie meer op straat sokker speel nie, is daar 'n hele paar wat lede is van sokkerspanne, wat gereeld oefen en wedstryde speel. Dan word ook tennis deur 'n paar mans en vroue gespeel. Origens is daar heelwat volwassenes, veral mans, wat gereeld wedstryde bywoon, hoofsaaklik sokker en boks, waarin hulle baie belangstel.

'n Redelik belangrike vorm van vryetydsbesteding is lees, veral van koerante en tydskrifte.

191/ ......

1) Sal bespreek word in Hoofstuk VI.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Leesstof by gesinne aangetref.

| Kategorie van leesstof. | Aard van leesstof | Persentasie gesinne. |
|---|---|---|
| Boeke. | Kerklik ....... | 50 |
| | Studie ........ | 34 |
| | Romans ........ | 8 |
| | Rillers ....... | 8 |
| Tydskrifte | Zonk .......... | 32 |
| | Drum .......... | 28 |
| | Outspan ....... | 6 |
| | Ander ......... | 16 |
| Koerante | Rand Daily Mail | 22 |
| | Sunday Times .. | 12 |
| | Bantu World ... | 12 |
| | Ander ......... | 16 |

Die volgende tabel toon aan hoe gereeld leesstof deur gesinne gekoop of geleen word, as persentasie van totaal.

Leesstof deur gesinne aangeskaf.

| Leesstof | Daagliks. | Weekliks. | Maandeliks. | Soms | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| Boeke .... | 0. | 2.4 | 20.8 | 33.5 | 43.3 |
| Tydskrifte | 0. | 33.7 | 19.6 | 18.6 | 28.1 |
| Koerante . | 17.2 | 24.6 | 25.3 | 5.2 | 27.7 |

Die tydskrifte „Zonk" en „Drum" en die koerant „Bantu World" is uitsluitlik op 'n Bantoe-mark gerig, terwyl die ander op die Blanke mark gerig is. Die boeke is meestal in Engels geskryf, alhoewel 'n Afrikaanse boek af en toe voorkom, en daar heelwat boeke in Bantoetale verskyn. Uit die opname het geblyk dat feitlik alle lesers af en toe koerante lees, sodat die 27.7 persent wat nooit koerante lees nie, min of meer beskou kan word as die persentasie inwoners wat nooit lees nie. Verreweg die grootste persentasie leesstof wat aangetref word, is kerklike

192/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boeke, wat egter ook Bybels insluit wat die meerderheid van die boeke vorm. Dit blyk egter dat 'n betreklik groot persentasie inwoners ook studie-boeke besit. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n groot persentasie van boeke wat aangetref word, van Blanke werkgewers verkry is, sodat dit nie 'n getroue weergawe is van die tipe leesstof wat die inwoners self sou verkies het nie. Ook sluit die studie-boeke natuurlik die skoolboeke van die kinders in. 'n Redelike groot persentasie van die inwoners, 41.8%, lees minstens eenmaal weekliks 'n koerant. Hierdie is meestal die mans, en heelwat van die mans in Hovesground lees dan ook elke middag na werk eers hul koerant tuis. 'n Klein persentasie van die volwassenes maak ook gebruik van die Biblioteek in die Dougal-saal, waar 'n redelike verskeidenheid van goeie leesstof tot hul beskikking is.

Die luister na en maak van musiek neem ook 'n redelike groot persentasie van die vryetydsbesteding in beslag. Heelwat huisgesinne het draadlose of grammofoons[1)], wat dikwels bespeel word. Ook is daar etlike volwassenes wat een of ander instrument kan bespeel. Die maak van musiek gaan egter gewoonlik gepaard met drink- of danspartye.

In hooftrekke gesien, is daar weinig konstruktiewe vryetydsbesteding. Tuinwerk of houtwerk kom nooit voor nie. Sommige vroue doen wel naaldwerk, maar dit is meer 'n verpligting as 'n vryetydsbesteding. Oor die geheel is die vryetydsbesteding bloot 'n ontvlugting van die werklikheid en 'n soek na plesier.

## D. Samevatting en Evaluering.

Onder tradisionele Bantoegemeenskappe kom indiwiduele spel en vermaak wel voor. Die vryetydsbesteding word egter veral gekenmerk deur groepspele, groepsdanse en -sang en groeps-

193/ .....

1) Sien Hoofstuk VI.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vermaak. Ook vorm die vryetydsbesteding 'n geïntegreerde deel van die hele sosiaal-kulturele lewe, en vorm ook deel van die opvoeding en voorbereiding van die indiwidu. So vind ons in die verhale en musiek die mite en geskiedenis van die gemeenskap opgeteken, en in spele soos die seuns se jag en spies-steek lê 'n gedeelte van hul voorbereiding vir hulle latere lewe opgesluit.

In 'n stedelike Bantoe-woongebied soos Hovesground is sommige van die Bantoe-vorme van vryetydsbesteding nie moontlik nie, byvoorbeeld jag en spies-steek. Die meerdendeel van tradisionele vorme van vryetydsbesteding sou egter heel goed aanpasbaar wees by die stedelike leefwyse. Tog vind ons onder die Bantoe van Hovesground dat die tradisionele spelvorme feitlik geheel vervang is deur Blanke vorme. Bioskoop, dans volgens Blanke patroon, lees, sokker, boks en ander Blanke vorme van vryetydsbesteding word nou nagestreef.

Naas die duidelike behoefte tot indringing in hierdie uiterlike vorme van die Blanke leefwyse, blyk dit ook dat die aard van die vryetydsbesteding tot 'n groot mate sy sosiale karakter verloor het. In die eerste plek is die vryetydsbesteding in hoofsaak nie meer groeps- of gemeenskapsverbonde nie, maar dra 'n indiwidualistiese karakter. In die tweede plek het die vryetydsbesteding ook sy opvoedkundige aard en sy geïntegreerde gebondenheid aan die ander aspekte van die sosiaal-kulturele lewe verloor. Iedere indiwidu streef in sy vryetydsbesteding sy persoonlike plesier of vermaak na in spelvorme en ander vorme van ontspanning wat aangeleer is van, of aangebied word deur die Blanke kultuur, en soek nie na vorme van ontspanning wat ontstaan uit sy eie kultuur nie.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K V.

## OPVOEDING.

### A. Opvoeding by Tradisionele Bantoegemeenskappe.

Die opvoeding onder tradisionele Bantoegemeenskappe verskil prinsipieel van die Blanke onderwysstelsel waaraan die Bantoe van Hovesground tans onderwerp word. Nie alleen moet die kind in Hovesground vandag voorberei word vir 'n totaal verskillende leefwyse nie, maar ook die onderliggende beskouinge in verband met die voorbereiding vir die lewe by tradisionele Bantoegemeenskappe verskil totaal met die grondliggende strewe van moderne Blanke onderwys.[1)]

Die tradisionele beskouing van opvoeding word deur Dr. Cook as volg opgesom:

> „The problem of tribal education is the transmission of the cultural heritage of beliefs, behaviour patterns, emotional dispositions and, particularly, the appropriate ritúal behaviour for all occasions. Since tribal life is divided up into different stages, there must be an appropriate education for each stage, and instead of a school for the young there is substituted a series of rites which inculcate in the candidate the requisite attitudes, beliefs, and feelings. Knowledge as an absolute body of information valid through life plays no part in the tribal educational scheme but is picked up incidentally."[2)]

Vir die Bantoe berus sukses en welvaart nie soseer op die gebruikmaking van kennis nie, maar eerder op die gebruikmaking van super-naturalistiese kragte. Van groter belang is nie wat hy doen nie, maar hoe hy leef in verhouding tot die super-naturalistiese.

Die voorvadergeeste, wat in werklikheid ook beskou word as deel van die gemeenskap, vereis dat die aardse lede van die gemeenskap die wette, gebruike en leefwyse van die gemeenskap moet handhaaf.[3)] Indien hierdie leefwyse nie gehandhaaf

195/ ......

1) Vgl. Krige, E.J. : Individual Development. In Schapera, I. 1937, a.w., p.98.

2) Cook, P.A.W.: The Education of a South African Tribe, 1934, p.6.

3) Hunter, M. a.w., p.266; Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.387; Stayt, H.A. a.w., p.240; Krige, E.J. a.w., p.283.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nie, sal die welvaart van die indiwidu, en ook van die hele aardse gemeenskap geaffekteer word. Om hierdie wette, gebruike en leefwyse, of anders gestel die verhouding tot die super-naturalistiese, korrek te handhaaf, is dit die taak van die opvoeding om die indiwidu te leer hoe om binne die raamwerk van hierdie korrekte verhouding te lewe. In die kulturele struktuur van die Bantoe is daar verskeie instellinge wat as opvoedkundige faktore dien om die indiwidu die korrekte verhoudinge en geloof by te bring.

Die vernaamste opvoedkundige faktor is die rite, en vernaamlik die rites van oorgang van een fase na 'n ander. By die Bantoe is daar sekere geleenthede waar 'n indiwidu van een stadium oorgaan na 'n ander, nl. by geboorte, bereiking van puberteit, by die huwelik en by die dood. Al hierdie periodes gaan by die oorgangstadia met sekere rites gepaard wat gekenmerk word deur 'n afskeid van die ou stadium, 'n voorbereiding vir die nuwe stadium en 'n inlywing in die nuwe stadium.[1)] Met die rites van afskeid word deur die gemeenskap erken dat die indiwidu nou die ou stadium agter die rug het. Met die rites van voorbereiding word die indiwidu deur die gemeenskap voorberei vir die korrekte verhoudinge wat hy in die nuwe stadium daarop moet nahou en ten slotte word die indiwidu deur die gemeenskap erken in die nuwe stadium. Die belangrikste rite in hierdie verband is waarskynlik die rites by bereiking van puberteit waar die indiwidu afskeid neem van sy jeug, voorberei en geïnisieer word tot volwasse lid van die gemeenskap. Tydens hierdie groeps-rites word die inisiante die wette van die gemeenskap geleer, hulle word geleer hoe om die korrekte verhouding teenoor die stamhoof te handhaaf, en hoe om die korrekte verhoudinge teenoor die super-naturalistiese te handhaaf. Naas die oorgangsrites is daar algemene rites en rituele danse waartydens die indiwidu voortdurend gelei word in die korrekte verhoudinge en geloof teenoor die gode.

196/ .....

1) Vergelyk Hoofstuk I, pp. 30-38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede belangrike opvoedkundige faktor is die gesin, wat op informele wyse gedurig vir die lede die korrekte houding in verband met lojaliteit, piëteit en algemene karakterbou bybring.[1] Aangesien die gesin ook die ekonomiese eenheid is, ontvang die kind ook binne die gesinsverband informele ekonomiese opleiding.[2] Van kleinsaf moet die jeug hulle ouers help en is gedurig in die geleentheid om te sien hoe hulle ouers hulle werk verrig. Die dogters help hul moeders kinders oppas, water en hout haal, kook en in die lande werk, terwyl die seuns die vee moet oppas, moet melk en ook spelenderwys leer hoe om te jag en so voorts. Ook ontvang die kinders van hulle ouers hulle religieuse opleiding, aangesien die Bantoe-religie grotendeels gesinsverbonde is.

Ten slotte tree die stam ook op as opvoedkundige faktor. Hy leer aan die indiwidu hoe om die korrekte verhoudinge in die stamstruktuur te handhaaf, hoe om die stamwette en -gebruike stiptelik na te kom, hoe om die stamhoof te respekteer en ook hoe om in die korrekte verhouding teenoor die voorvadergeeste van die stamhoof te staan.

Die opvoeding van die tradisionele Bantoegemeenskap is, alhoewel informeel, feitlik absoluut. Daar bestaan byna geen spesialisasie nie en die gewone kind ondergaan byna presies dieselfde opvoeding as al die ander kinders en elkeen weet mettertyd presies hoe om onder alle omstandighede op te tree teneinde die kultuurpatroon as sodanig na te kom en in stand te hou. Ook dien daarop gelet te word dat die opvoedkundige sisteem nie 'n aparte instelling in die kultuur is nie, maar 'n integrale gedeelte van alle aspekte van die kultuur is. Kulturele veranderinge wat deur die gemeenskap self teweeg gebring word, word vanself deel van die opvoeding en ontwikkel die kultuur, en die oordraging en voortsetting daarvan in die opvoedkunde, gesamentlik.

197/ .....

1) Stayt, H.A. a.w., p.157; Krige, E.J. a.w., p.23; Hunter, M. a.w., p.25.

2) Krige, E.J. a.w., p.184; Hunter, M. a.w., p.25; Stayt, H.A. a.w., p.95.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Die Koms van die Westerse Onderwysstelsel.

Westerse, Blank-bestuurde onderwys is aanvanklik onderneem deur die sendelinge en was 'n belangrike aktiwiteit van alle sendelinge wie se basiese doel was om die lees van die Bybel en 'n begrip van die Christendom deur die onderwys aan die Bantoe-leerlinge by te bring, ter bevordering van hulle sendingwerk. Die eerste onderwys in die Transvaal is in 1857 onderneem deur die Hermannsburgse Lutherse Sendinggenootskap.[1)]

Met sendingonderwys is voortgegaan tot kort na die Anglo Boere-oorlog toe die Koloniale Regerings besluit het om onderwys te subsideer, 'n beleid wat deur die vier Provinsies ge-erf is met die totstandkoming van Unie in 1910. Die onderwys van die Bantoe is toe volkome deur die Provinsies gesubsideer, maar was nog in die hande van die sendelinge. In 1922 het die Sentrale Regering die finansiële verantwoordelikheid van die Provinsies oorgeneem. Hierdeur het 'n baie eienaardige toestand ontstaan waardeur die Staat die onderwys gesubsideer het, die Provinsiale owerhede die beheer oor die onderwys uitgeoefen het, en die Sendinggenootskappe die onderwys gegee het. Aan hierdie eienaardige toestand is 'n einde gemaak deur die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet Nr.47 van 1953), waardeur die beheer van Bantoe-onderwys oorgeneem is deur die Departement van Naturellesake.

Deur hierdie Wet is bepaal dat sendinggenootskappe hul skoolgeboue aan die Departement kon verkoop, dat skoolkomitees en skoolrade uit die Bantoegemeenskappe gekies sou word om beheer uit te oefen oor die skole in hul gebiede, dat leerplanne deur die Departement opgestel sou word wat rekening hou met die behoeftes van die Bantoegemeenskap en dat, sover moontlik, onderrig gegee wou word deur medium van die moedertaal, waar dit

198/ .....

1) Loram, C.T. : The Education of the South African Native 1917. p.62; Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie, 1949-51 (U.G. 53/1951), p.35.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot dusver deur medium van Engels gegee is. Algemene beheer word dan uitgeoefen deur die Departement wat inspekteurs en ander beheerbeamptes aangestel het. Sendinggenootskappe wat self wou voortgaan met die onderwys het die reg behou, maar sou mettertyd die Staatsubsidie verloor.

Die eerste skool in Bantule is deur die Rooms Katolieke sending opgerig in 1916. Hierdie sendinggenootskap is gevolg deur die Metodiste en later deur die Heilsleer wat ook elk skole in Bantule opgerig het.[1] Na die oorname van Bantoe-onderwys deur die Departement van Naturellesake, het die Rooms-Katolieke sending beheer van hulle skool, St. Theresa's, bly behou, terwyl die ander skole oorgeneem is deur die Departement en deur die skoolraad hernoem is tot die Bud Mbelle skool en die Isaac More skool.[2] Aldrie hierdie skole is gekombineerde Laer en Hoër Primêre skole en gee dus onderrig tot by Std. VI. Vir sekondêre onderwys moet die leerlinge van Hovesground na skole buite Bantule gaan, waarvan daar etlikes in Pretoria is wat onderwys tot by Vorm V gee, vernaamlik die Kilnerton skool en die Mamelodi skool.[3] Ten tyde van die opname was daar ook

199/ .....

1) In die lêers van die Departement van Bantoe-onderwys kon geen verdere besonderhede oor die geskiedenis van hierdie skole gevind word nie.

2) Die Bud Mbelle skool is vernoem na een van die vroegste leiers op politieke gebied onder die Bantoe, terwyl Isaac More die eerste prinsipaal en een van die stigters van die eertydse Heilsleer skool was.

3) Beide skole lê in 'n oostelike rigting, e.g. ongeveer 10 myl en l.g. ongeveer 15 myl vanaf Hovesground. Die Kilnerton skool is in Blanke, buite-stedelike gebied geleë, terwyl die Mamelodi skool in 'n stedelike Bantoe-woonbuurt, Vlakfontein, geleë is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n ongeregistreerde skool wat in Bantule onderrig gegee het en dus geen subsidie van die Staat ontvang het nie en in werklikheid 'n onwettige skool was.[1)] Die Isaac More skool huur die Brander-saal, die Kerkgebou van die Ethiopian Catholic Church in Zion in Hovesground, waar die meeste leerlinge in Hovesground skoolgaan.

Ook bestaan daar ruim voorsiening vir verdere Universitêre opleiding ter beskikking van die Suid-Afrikaanse Bantoe.

## C. Buite-skoolse Opvoeding in Hovesground.

Waar die Bantoe van Hovesground primêr na 'n stadsgebied gekom het om deur middel van arbeid geld te verdien en so 'n lewensbestaan te maak, is dit duidelik dat die waardebepaling en vereistes vir 'n goeie lewe totaal verander het, waardeur die opvoeding vir hierdie veranderde lewensomstandighede ook totaal verander het. Tog ontvang die indiwidu nog 'n groot gedeelte van sy opvoeding op 'n informele basis in gesins- en in gemeenskapsverband, asook op 'n formele basis van verskeie instansies. Met uitsondering van die skool, wat in die volgende onder-afdeling behandel sal word, is daar verskillende faktore wat meehelp om die Bantoe van Hovesground die opvoeding te gee waardeur hy in staat gestel word om homself te handhaaf. Hierdie faktore is die gesin, die gemeenskap, die Blankes, die Kerke, die verenigings en organisasies. Nie alle indiwidue in Hovesground is onderworpe aan al dieselfde opvoedkundige faktore nie, en die opvoeding is nie daarop gemik om die inwoners almal te lei tot een gedragspatroon nie. Daar is egter sekere opvoedkundige faktore waaraan almal onderworpe is en dus sekere situasies waaronder almal eenders sou optree.

200/ .....

1) Ingevolge die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet Nr.47 van 1953) moet alle Bantoeskole volgens voorskrif geregistreer word. Ongeregistreerde skole is dus onwettig en ontvang geen staatsubsidie nie. In die genoemde geval is die skool nie geregistreer nie, en voldoen ook nie aan die vereistes vir registrasie nie, en word onwettig vir winsdoeleindes onderhou. Eienaars of organiseerders van derglike, sgn. "pirate" skole loop natuurlik gevaar van boete en/of lyfstraf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van kinds af is die gesin die belangrikste enkele opvoedkundige faktor wat aan hom tot 'n groot mate op informele wyse leer hoe om homself te handhaaf en onder verskillende situasies op te tree. Die eerste dinge wat die kind leer, is natuurlik sindelikheid en hoe om te praat, iets wat outomaties universeel voorkom. Hierbenewens is daar sekere dinge wat deur die ouers aan hulle kinders geleer word, die belangrikste waarvan waarskynlik is respek teenoor hulle meerderes. In teenstelling tot die tradisionele Bantoegemeenskappe waar daar 'n vaste sosiopolitiese struktuur is waarvolgens die lede van die gemeenskap in 'n bepaalde rangorde ingedeel is, en ooreenkomstig gerespekteer word, word daar van die inwoners van Hovesground nie so 'n vaste gedragspatroon verwag nie. Algemeen leer ouers hulle kinders om hul ouers en die ouer geslag te respekteer, terwyl respek teenoor Blankes en teenoor gesag ook as korrek beskou word. Ook word die kinders geleer om predikante, dokters e.d.m. te respekteer. Sommige ouers wat nog getrou is aan die stamtradisies leer hulle kinders wie hulle kaptein is en, in afwesigheid van die stam, probeer hulle die stamwette en gebruike aan die kinders te leer.

Die rite speel nog 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die meerderheid van die indiwidue, maar waar dit onder tradisionele gemeenskappe meestal op 'n gemeenskapsbasis plaasgevind het, neem die gesin in Hovesground die rol oor van die gemeenskap ten opsigte van die lede van die gesin, met uitsondering van die Kerke wat op religieuse gebied namens die gemeente optree. Daar is reeds breedvoerig gewys op die rites waarmee die verskillende oorgangsfases gepaard gaan en die hoef nie weer hier behandel te word nie. Op religieuse gebied ontvang die indiwidu 'n groot deel van sy opvoeding ook in die gesin. Die Kerk of godsdiens waaraan 'n kind behoort, word bepaal deur sy ouers en so kry hy van hulle die basiese opleiding in die kennis van die geloof. Op hierdie religieuse opvoeding word

201/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voortgebou deur die sendelinge, predikante of priesters van die verskillende Kerke.

Waar in die tuisgebiede die kinders op informele wyse van hulle ouers hul ekonomiese opvoeding ontvang het, het dit in Hovesground ten opsigte van die seuns heeltemaal verander. Dogters leer nog van hul moeders hoe om huis te hou, te was en te stryk en kos te kook. Seuns is egter nie in die geleentheid om hul vaders se werk te leer nie, aangesien die meestal by Blankes werksaam is en die werk wissel van geval tot geval. Die jongmans leer dan ook eers hul werk wanneer hulle by Blankes begin werk, onder welke omstandighede hulle dan ook heelwat van die Westerse kultuur en leefwyse leer, en hoe om hulle aan te pas binne hierdie kultuur en leefwyse.

Die gemeenskap in geheel het natuurlik ook 'n baie groot vormende invloed op die indiwidue en leer die kinders van kleinsaf hoe om hulle aan te pas by die gemeenskap en sy behoeftes. Van die gemeenskap en die verenigings en organisasies leer die indiwidu ook hoe om sy vryetyd te bestee, bv. om te dans, aan sport deel te neem e.d.m.

Aangesien één van die kenmerke van die gemeenskap die sosiale gebrokenheid van die gemeenskapsverband is, is daar nie 'n vaste gedragspatroon wat neergelê is en waaraan almal hulle moet onderwerp nie. Ook bestaan daar geen gemeenskapsbeheer wat toesien dat die lede van die gemeenskap voldoen aan die standaarde of vereistes wat die gemeenskap stel nie. Die gevolg is dat die indiwidu in die gemeenskap aanvaar of inneem uit die opvoeding wat die gemeenskap bied, net dit wat hom as indiwidu pas en verwerp die aspekte wat hom strem in die uitlewing van sy indiwidualisme.

202/ ....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



D. Opvoeding in Skool-verband.

Skool-onderwys word deur alle Hovesgrounders baie hoog geskat en word algemeen beskou as die sleutel tot indringing in die Blanke kultuur en die voorregte wat daarmee gepaard gaan. Alle ouers wil hê dat hulle kinders skooltoe moet gaan, omdat hulle daardeur beter besoldigde en makliker werk kan kry. Die Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-Onderwys het, na aanleiding van 'n vraelys wat hulle uitgestuur het, 'n lys van dertien redes aangegee waarom die Bantoe onderwys begeer.[1] Opsommend kom al die redes neer op 'n behoefte om vereenselwig te word met die Westerse kultuur. Daar is in Hovesground dan ook altyd 'n groter getal aansoeke om skooltoelating as wat daar ruimte in die skole is, waardeur jaarliks 'n aantal kinders nie opgeneem kan word nie - vandaar dan ook die bestaansmoontlikheid vir 'n ongeregistreerde skool in die gebied.

'n Monster-opname van persone bo die ouderdom van 20 jaar toon die volgende persentasie skoolkwalifikasies.

Skoolkwalifikasies van volwassenes.

| | Geen | Sub A | Sub B | Std.I | Std.II | Std.III | Std.lV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans.. | 22.1 | 12.8 | 12.3 | 11.7 | 10.4 | 7.0 | 4.5 |
| Vroue. | 45.9 | 10.9 | 8.8 | 7.4 | 9.2 | 5.4 | 4.2 |

| | Std. V | Std. VI | Vorm I | Vorm II | Vorm III | Vorm IV | Vorm V |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans.. | 3.6 | 3.2 | 1.8 | 0.7 | 5.4 | 0.4 | 4.1 |
| Vroue. | 4.9 | 1.7 | 0.5 | 0.3 | 0.3 | 0.1 | 0.4 |

Van volwasse mans het dus 87.9% 'n mate van onderwys geniet, terwyl die getal by vroue maar 45.9% is. Dit wil dus

203/ ......

1) Verslag van die Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-onderwys, 1935-36. U.G. Nr.29/1936. p.155.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieselfde klaskamer gebruikmaak. Die Heilsleer-saal en die Apostolic-Faith-saal het elk 'n baie klein speelterrein, terwyl die Brander-saal nie omhein is nie en die kinders dus op straat moet speel. Die meubels van die skool is van 'n swak gehalte en heeltemaal ontoereikend. Die personeel van die skool, almal Bantoe, bestaan uit 'n prinsipaal en ses onderwysers waarvan drie vroue is. Die kwalifikasies van die personeel is as volg:

1 Matriek;
1 Junior sertifikaat;
5 Laer Primêre Onderwys Diploma.

In hierdie skool waar die grootste persentasie kinders uit Hovesground heen gaan, is toestande allermins bevorderlik vir goeie onderwys. Naas die feit dat in een kamer vier klasse gehuisves is, drie klasse in 'n ander kamer en die laagste klas 'n kamer moet deel met 'n ongeregistreerde skool, moet een van die onderwysers les gee aan twee klasse, nl. Stds. III en IV met 'n totaal van 92 leerlinge terwyl twee ander klasse met 50 leerlinge in dieselfde kamer onderrig ontvang.[1)]

iii) <u>Bud Mbelle</u>. Die kinders word gehuisves in 'n redelik goeie skoolgebou met 5 klaskamers, terwyl die Baptiste-kerkgebou ook nog gehuur word vir die Sub A klas. Aangesien Sub A, Sub B en Std. I elk verdeel is in twee klasse, beteken dit dat elf klasse versprei is in ses klaskamers - 'n ongesonde toestand. Die personeel, almal Bantoe, bestaan uit 'n prinsipaal en ses onderwysers, waarvan drie vroue is. Aangesien die prinsipaal self geen klas neem nie, beteken dit dat ses onderwysers gesamentlik elf klasse moet waarneem. Die kwalifikasies van die personeel is as volg:[2)]

205/ .....

---

1) Weens die beoogde verskuiwing van Bantule na 'n goedbeplande woonbuurt kort na die oorname van die skole deur die Departement van Bantoe-onderwys, is dit nie wenslik geag om die bestaande skoolfasiliteite uit te brei nie.

2) Geen betroubare gegewens kon van die ongeregistreerde skool verkry word nie, omdat die onderwyser geen rekords hou nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Matriek en Laer Primêre Onderwys Diploma;
3 Junior Sertifikaat en Laer Primêre Onderwys Diploma;
3 Laer Primêre Onderwys Diploma.

Die leerlinge van die drie skole was in die laaste kwartaal van 1955 as volg:

St. Theresa's ........ Seuns 238; Meisies 278.
Isaac More ........... Seuns 202; Meisies 219.
Bud Mbelle ........... Seuns 144; Meisies 168.

Daar is dus in die drie skole gesamentlik 584 seuns en 665 meisies op skool, 'n totaal van 1,249 leerlinge. Hierdie skole is aldrie gekombineerde laer en hoër primêre skole en gee dus onderrig vanaf Sub A tot by Std VI. Hierbenewens het St. Theresa's 'n kleuterskool met 94 leerlinge - geeneen uit Hovesground nie. Vir hoër onderwys moet die leerlinge van Hovesground na skole en opvoedkundige inrigtings elders in Pretoria gaan. Daar is egter slegs 13 leerlinge in Hovesground wat ten tyde van die opname hoër onderrig ontvang het, te wete 8 in Vorm I, 3 in Vorm II en 2 in Vorm III of Junior Sertifikaat, terwyl een jongman aan 'n onderwysers-opleidingskollege studeer.

Van die 1,249 leerlinge in Bantule is 273 seuns en 192 meisies afkomstig uit Hovesground. Dit beteken dat 52.1% van die seuns tussen die ouderdomme van 7 tot 19 jaar op 'n gegewe tyd onderwys geniet, terwyl 61.8% meisies van dieselfde ouderdomsgroep op skool is. Hierdie persentasie is baie hoog, veral gesien die feit dat die grootste persentasie kinders nie verder as Std.III op skool bly nie en dus maar 'n paar jaar skooltoe gaan, sodat vrywel al die kinders minstens vir 'n paar jaar skool-onderrig geniet.

Die volgende syfers toon aan die ingeskrewe aantal leerlinge in die verskillende klasse in die drie skole in Bantule gedurende die laaste kwartaal in 1955.

206/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ingeskrewe leerlinge in verskillende klasse.

A. St. Theresa's.

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns . | 40 | 52 | 43 | 32 | 26 | 16 | 18 | 11 | 238 |
| Meisies | 65 | 50 | 34 | 48 | 28 | 22 | 17 | 14 | 278 |
| Totaal | 105 | 102 | 77 | 80 | 54 | 38 | 35 | 25 | 516 |

B. Isaac More.

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns . | 30 | 43 | 34 | 35 | 26 | 12 | 13 | 9 | 202 |
| Meisies | 25 | 41 | 42 | 29 | 31 | 23 | 17 | 11 | 219 |
| Totaal | 55 | 84 | 76 | 64 | 57 | 35 | 30 | 20 | 421 |

C. Bud Mbelle.

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns . | 68 | 14 | 12 | 13 | 8 | 5 | 12 | 12 | 144 |
| Meisies | 64 | 17 | 14 | 16 | 21 | 11 | 12 | 13 | 168 |
| Totaal | 132 | 31 | 26 | 29 | 29 | 16 | 24 | 25 | 312 |

Die aantal ingeskrewe leerlinge per klas in die drie skole en die aantal leerlinge van elke klas as persentasie van die totaal is dus as volg:

Aantal leerlinge per klas as persentasie van totaal.

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leer-linge.. | 292 | 217 | 179 | 173 | 140 | 89 | 89 | 70 | 1,249 |
| Persen-tasie.. | 23.4 | 17.4 | 14.3 | 13.9 | 11.2 | 7.1 | 7.1 | 5.6 | 100.0 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aantal ingeskrewe seuns en meisies apart geneem in die verskillende klasse as persentasie van die totaal van die groep, is as volg:

Ingeskrewe seuns en meisies as persentasie van die groep.

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal seuns.. | 138 | 109 | 89 | 80 | 60 | 33 | 43 | 32 | 584 |
| Persen-tasie.. | 23.6 | 18.7 | 15.2 | 13.7 | 10.3 | 5.6 | 7.4 | 5.5 | 100.0 |

| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal meisies | 154 | 108 | 90 | 93 | 80 | 56 | 46 | 38 | 665 |
| Persen-tasie.. | 23.2 | 16.3 | 13.5 | 14.0 | 12.0 | 8.4 | 6.9 | 5.7 | 100.0 |

Uit hierdie syfers blyk dit dat in die primêre skool 55.4% van die leerlinge in die drie laagste klasse sit. Daar kan aanvaar word dat hierdie syfers 'n normale toestand van enige gegewe tyd weergee[1)], wat dus beteken dat meer as helfte van die skoolgaande kinders nie bokant Std I vorder nie. Origens merk ons ook dat 57.5% van die seuns in die drie laagste klasse is, terwyl 53.0% van die meisies in hierdie klasse is. Dit blyk dus dat meisies gemiddeld langer op skool bly as seuns wat dan ook verklaar waarom daar in al drie die skole meer meisies as seuns is alhoewel in Sub A die persentasie leerlinge ongeveer gelyk is. Die rede hiervoor is klaarblyklik dat meisies liewer op skool wil bly as dat hulle hul moeders moet help met die huiswerk, terwyl van seuns op 'n vroeë ouderdom verwag word dat

208/ ......

1) Vgl. bv. Hellmann, Ellen : Problems of Urban Bantu Youth, 1940, p.34; Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie, a.w. p.199; Verslag van die Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-onderwys. a.w. p.148.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hulle moet gaan geld verdien, en ook dat seuns nie baie van skool hou nie, en liewer in bendes op straat rondslenter of hulle andersins amuseer. Daar is ook reeds aangetoon dat daar maar 13 leerlinge in Hovesground is wat onderwys bo Std. VI ontvang. Dit is dus duidelik dat die jeug van Hovesground maar vir 'n klein aantal jare skooltoe gaan.

Die ouderdomme van die kinders in die verskillende klasse kan deur die volgende tabel weergegee word:

Aantal kinders volgens ouderdomsgroepe in die verskillende klasse.

| Ouderdom | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6-7 | 19 | - | - | - | - | - | - | - | 19 |
| 7- 8 | 58 | 2 | - | - | - | - | - | - | 60 |
| 8- 9 | 63 | 12 | 1 | 1 | - | - | - | - | 77 |
| 9-10 | 48 | 23 | 7 | 3 | - | - | - | - | 81 |
| 10-11 | 44 | 31 | 23 | 15 | 4 | - | - | - | 117 |
| 11-12 | 29 | 33 | 30 | 27 | 14 | 4 | - | - | 137 |
| 12-13 | 12 | 35 | 37 | 31 | 22 | 7 | 5 | 1 | 150 |
| 13-14 | 9 | 34 | 32 | 40 | 26 | 14 | 9 | 2 | 166 |
| 14-15 | 5 | 20 | 19 | 28 | 28 | 17 | 18 | 8 | 143 |
| 15-16 | 3 | 15 | 14 | 12 | 18 | 20 | 23 | 16 | 121 |
| 16-17 | 1 | 8 | 7 | 6 | 15 | 11 | 16 | 18 | 82 |
| 17-18 | 1 | 3 | 5 | 4 | 7 | 7 | 7 | 12 | 46 |
| 18-19 | - | 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | 6 | 7 | 32 |
| 19 - | - | - | 1 | 2 | 1 | 3 | 5 | 6 | 18 |
| Totaal | 292 | 217 | 179 | 173 | 140 | 89 | 89 | 70 | 1,249 |

Die mediaan-ouderdom vir die verskillende klasse is dan as volg:

Mediaan-ouderdom per klas.

| Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9.7 | 12.7 | 12.9 | 13.6 | 14.7 | 15.6 | 15.7 | 16.6 | 12.9 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerklik hier is die lae toetree ouderdom tot die skool, 'n feit wat allerweë deur administrateurs betreur word, en die feit dat die mediaan ouderdom in Std. I 12.9 is, waarna meer as helfte van die kinders reeds die skool verlaat. Indien die toetree ouderdom 7 jaar was, en die kinders normaal gevorder het, sou hulle op die ouderdom alreeds Std. V kon behaal het.

Die volgende Tabel toon aan hoeveel jare die kinders wat tydens die opname op skool was, reeds skooltoe gegaan het.

Aantal jare deur kinders in verskillende klasse reeds op skool deurgebring.


| | Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 jaar. | 104 | - | - | - | - | - | - | - | 104 |
| 2 jaar. | 112 | 76 | - | - | - | - | - | - | 188 |
| 3 jaar. | 53 | 68 | 23 | - | - | - | - | - | 144 |
| 4 jaar. | 18 | 19 | 62 | 51 | - | - | - | - | 150 |
| 5 jaar. | 5 | 35 | 64 | 24 | 49 | - | - | - | 177 |
| 6 jaar. | - | 14 | 15 | 39 | 32 | 9 | - | - | 109 |
| 7 jaar. | - | 5 | 12 | 24 | 25 | 18 | 10 | - | 94 |
| 8 jaar. | - | - | 2 | 12 | 13 | 21 | 7 | 7 | 62 |
| 9 jaar. | - | - | 1 | 10 | 5 | 11 | 23 | 11 | 61 |
| 10 jaar. | - | - | - | 7 | 8 | 11 | 17 | 13 | 56 |
| 11 jaar. | - | - | - | 6 | 6 | 8 | 12 | 15 | 47 |
| 12 jaar. | - | - | - | - | 2 | 7 | 9 | 14 | 32 |
| 13 jaar. | - | - | - | - | - | 4 | 7 | 8 | 19 |
| 14 jaar. | - | - | - | - | - | - | 4 | 2 | 6 |
| | 292 | 217 | 179 | 173 | 140 | 89 | 89 | 70 | 1,249 |

Die mediaan syfer vir die aantal jare deur kinders in verskillende klasse reeds op skool deurgebring is dus as volg:


210/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



EEN VAN DIE OUDSTE HUISE IN HOVESGROUND.



"LODGER"-WONINGS HET BINNE TRADISIONELE LAPA ONTSTAAN.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mediaan jare reeds op skool deurgebring.

| Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.3 | 3.5 | 5.4 | 6.6 | 6.7 | 8.8 | 10.6 | 11.5 | 5.9 |

Soos reeds aangetoon verlaat die groter persentasie kinders die skool reeds na Std.I. Dit neem die gemiddelde kind dus 5 jaar om hierdie kerf te bereik. Dit is dus duidelik dat die vordering wat gemiddeld op skool gemaak word, baie langsaam is. Die persentasie van die kinders wat aan die einde van 1955 in die verskillende klasse deurgekom het, was as volg:

Persentasie kinders geslaag (1955).

| Sub A | Sub B | Std. I | Std. II | Std. III | Std. IV | Std. V | Std. VI |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 71.6 | 66.5 | 57.4 | 49.3 | 55.1 | 59.0 | 61.3 | 64.8 |

Soos hiervan duidelik afgelei kan word, is die persentasie kinders wat slaag baie laag. Die oorsaak hiervan kan myns insiens nie toegeskryf word aan 'n minderwaardige intelligensie by die Bantoe nie, soos deur sommige skrywers beweer word,[1] maar moet by ander faktore gesoek word. Hierdie aspek sal later bespreek word.

Oor die algemeen word die skool betreklik gereeld deur die kinders bygewoon, soos die volgende tabel dan ook aantoon:

211/ .....

1) Sien bv. Fick, M.L. : The Educability of the South African Native 1939. Hierdie skrywer wil sy bewering bewys deur sekere gestandardiseerde toetse op Blanke en Bantoe kinders toe te pas, maar verloor uit die oog dat die Bantoe-kultuur die kind nie voorberei vir enige toetse van intelligensie of vaardigheid nie en die Bantoe-kinders heeltemaal vreemd staan teenoor enige derglike toetse. Ook is hierdie toetse opgestel deur Blankes sonder dat daar rekening gehou is met enige elemente in die toetse wat moontlik vir die Bantoe-kind, a.g.v. sy kultuur, anders kan beïnvloed ten opsigte van sy interpretasie as wat die geval by Blanke kinders sal wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skoolbywoning gedurende laaste kwartaal van 1955.

| | Seuns. | Meisies | Totaal |
|---|---|---|---|
| Aantal ingeskrewe leerlinge ...... | 584 | 665 | 1,249 |
| Totale moontlike bywoning[(a)]....... | 26,563 | 30,060 | 56,623 |
| Totale bywoning[x]................. | 24,889 | 28,627 | 53,516 |
| Totaal dae gemis ................ | 1,674 | 1,433 | 3,107 |
| Gemiddelde getal kinders daagliks afwesig ........................ | 36.3 | 31.2 | 67.5 |
| Gemiddelde persentasie daaglikse bywoning ...................... | 93.8 | 95.1 | 94.6 |

(a) Getal leerlinge;
x Aantal skooldae.

Hierdie tabel toon aan dat meisies meer gereeld skoolgaan as seuns. Op grond hiervan, asook die feit dat daar 'n groter persentasie meisies op skool is as seuns en daar verhoudingsgewyse meer meisies in die hoër klasse is as seuns, blyk dit duidelik dat meisies oor die geheel beter skoolgangers is as seuns.

Die doelstellings van die onderwys, soos uiteengesit in die leerplanne van die Departement van Naturellesake is:

„a. Fisies - die ontwikkeling van 'n gesonde liggaam; die aanleer van handvaardigheid en waarnemingsvermoë en vir waardering vir die waarde van praktiese werk.

b. Maatskaplik - die ontwikkeling van 'n gesonde standaard van persoonlike gedrag en lewenshouding; 'n begrip van die gemeenskap en die plek van die indiwidu in die gemeenskap.

c. Verstandelik - die afrigting in verstandelike vaardighede soos lees, skryf, spel en reken; 'n praktiese kennis van die amptelike tale; 'n mate van kennis van die wêreld verder as die onmiddelike omgewing.

d. Geestelik - afrigting in die beginsels en uitlewing van die Christelike leer." 1)

212/ ......

1) Departement van Naturellesake. Leerplan vir die Laer Primêre skool. 1956. p.4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vakke en tydsindeling per week vir die primêre skool is as volg:

A. Laer Primêr.

| Vak. | Sub A en Sub B. Minute | Stds. I en II. Minute. |
|---|---|---|
| Gesamentlike Godsdiensoefeninge | 5x10 = 50 | 5x10 = 50 |
| Godsdiensonderrig ............. | 5x20 = 100 | 5x25 = 125 |
| Afrikaans ..................... | 5x20 = 100 | 7x30 = 210 |
| Engels ........................ | 5x20 = 100 | 7x30 = 210 |
| Moedertaal .................... | 8x20 = 160 | 7x30 = 210 |
| Rekenkunde .................... | 6x20 = 120 | 6x30 = 180 |
| Omgewingsleer ................. | - | 4x30 = 120 |
| Gesondheidsleer ............... | 5x15 = 75 | 5x25 = 125 |
| Skrif ......................... | 4x20 = 80 | 3x30 = 90 |
| Sang .......................... | 2x20 = 40 | 3x30 = 90 |
| Naaldwerk ..................... | - | 90 |
| Handwerk ...................... | - | 60 |
| Tuinbou ....................... | - | 90 |
| TOTAAL (pouse uitgesluit) . | 825 | 1,650 |

B. Hoër Primêr.

| Vak. | Stds. II, III, IV, V en VI. Minute. |
|---|---|
| Godsdiensoefeninge ............. | 5x10 = 50 |
| Godsdiensonderrig .............. | 4x25 = 100 |
| Afrikaans ...................... | 6x30 + 1x25 = 205 |
| Engels ......................... | 6x30 + 1x25 = 205 |
| Moedertaal ..................... | 6x30 = 180 |
| Rekenkunde ..................... | 6x30 = 180 |
| Sosiale Studies ................ | 5x30 = 150 |
| Gesondheidsleer ................ | 4x25 = 100 |
| Natuurstudie ................... | 2x30 = 60 |

(Vervolg)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Vak. | Std. II, III, IV, V en VI. Minute. |
|---|---|
| Sang ......................... | 2x30 - 60 |
| Naaldwerk (dogters) Stds.III-IV. | 2x60 - 120 |
| Boomaanplanting en Grondbewaring (Seuns) Stds. III - IV. | 2x60 - 120 |
| Handwerk, Stds. III - IV ....... | 2x60 - 120 |
| of | |
| Tuinbou, Stds. III - IV ........ | 2x60 - 120 |
| Handwerk (seuns) Stds. V - VI .. | 2x60 - 120 |
| Huisvlyt (dogters) Stds. V - VI. | 2x60 - 120 |
| TOTAAL ................. | 1,650 |

Al hierdie vakke, met uitsondering van Afrikaans en Engels, word in die moedertaal geleer. In die laer primêre klasse word klaarblyklik beoog om die leerlinge hul eie moedertaal te leer lees en skryf en om 'n elementêre kennis van rekene en die amptelike tale te verkry, terwyl in die hoër primêre klasse die mikpunt is om aan die leerlinge 'n meer gevorderde begrip van die vakke te gee.

Die kursus vir Junior Sertifikaat strek oor 'n periode van drie jaar, sodat daar tot op die eindeksamen op skool 13 jaargange is, terwyl op Blanke skole slegs 12 jaargange gelewer word. Die doel hiervan is om die agterstand wat die Bantoe oor die geheel het, aan te vul met 'n ekstra jaar. Hierdie jaar word in die Junior Sertifikaat kursus ingewerk. Vakke wat in die kursus aangebied word, is die volgende: Godsdiensonderrig, Liggaamsopvoeding, Musiek en Sang, Bantoetaal, Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Wiskunde, Sosiale Studies, Algemene Wetenskap, Natuur-en-Skeikunde, Biologie, Landbou, Kunsvlyt, Huisvlyt, Houtwerk, Latyn, Snelskrif, Tikskrif, Boekhou en Handel. Sommige van die vakke is verpligtend, terwyl die leerlinge 'n keuse het tussen 'n sekere groep vakke en daar ook sekere verpligte vakke

214/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is wat egter nie vir eksamendoeleindes geneem word nie. Die leergange vir die laaste twee skooljare word nog deur die Matrikulasieraad opgestel, sodat Bantoekinders dieselfde eindeksamen skryf as Blanke kinders. Aangesien daar egter geen leerlinge in Hovesground was wat in die laaste twee skooljare was nie, hoef daar nie op die kursus ingegaan te word nie.

Gedurende die periode waarin hierdie opname gemaak is, was daar geen geval van enige inwoners wat kursusse aan Universiteitsinrigtings gevolg het nie en was daar ook geen sprake van enige ander formele vorm van volwasse onderrig nie. Wel is daar etlike volwassenes, veral mans, wat deur heelwat te lees, probeer om hulself verder te ontwikkel wat kennis van die Blanke leefwyse betref.

## E. Samevatting en Evaluering.

Ons het gemerk dat die opvoeding by tradisionele gemeenskappe prinsipieel verskil van die Blanke onderwysstelsel. Nie alleen word die kind voorberei vir 'n totaal ander leefwyse nie, maar die onderliggende beskouinge ten opsigte van opvoeding is totaal verskillend. Waar die tradisionele opvoeding beoog om die sosiaal-kulturele erfenis van die gemeenskap as sodanig in stand te hou deur die korrekte geloof, gedragspatrone en houding teenoor die omgewing en die supernaturalistiese aan die lede van die gemeenskap oor te dra, beoog die Blanke onderwysstelsel om die jeug fisies, maatskaplik, verstandelik en geestelik te ontwikkel en op te lei, hoofsaaklik binne die vereistes wat die Blanke sosiaal-kulturele lewe aan hierdie eienskappe stel.

Dit het ook geblyk dat by tradisionele Bantoegemeenskappe die vernaamste opvoedkundige faktore die rite, die gesin en die stam is. In Hovesground ontvang die indiwidu ook op informele basis opvoeding deur middel van rites, die gesin en die

215/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeenskap. Hierby tree as informele opvoedkundige faktore ook die Blankes, die Kerke, die verenigings en organisasies op. Hiernaas ontvang die meeste kinders in Hovesground ook nog formele onderrig deur middel van die Blanke onderwysstelsel, sodat hierdie onderwysstelsel nie die informele gemeenskaps-onderrig vervang het nie, maar as opvoedkundige faktor bygekom het.

In 'n evaluering van die opvoeding in Hovesground is dit dus nodig om die informele opvoeding van die indiwidu te meet aan die maatstaf van die informele opvoeding by tradisionele gemeenskappe, en ten slotte welke rol en invloed die bykomende formele opvoeding speel in die voorbereiding van die jeug.

Soos reeds gestel is die doel van die opvoeding by tradisionele Bantoegemeenskappe die handhawing van die sosiaal-kulturele lewe as sodanig. Weens die sosiale gebrokenheid van die gemeenskapsverband in Hovesground bestaan daar egter nie 'n eenvormige sosiaal-kulturele lewenspatroon wat deur iedere indiwidu in die gemeenskap in stand gehou kan word nie. Weens die sosiale gebrokenheid het die aard van die opvoeding dan ook verander vanaf 'n gemeenskaps-opvoeding tot 'n vorm waar die opvoedkundige faktore hulle toespits op die ontwikkeling van die indiwidu of groepe van indiwidue en nie op die gemeenskap as geheel nie. Waar die rite as opvoedkundige faktor by tradisionele gemeenskappe 'n gemeenskapskarakter gedra het, is die rites in Hovesground hoofsaaklik gesinsgebonde en verskil ook van gesin tot gesin. Omdat die inwoners van Hovesground lidmate is van so 'n groot getal kerke en geloofsvorme, verskil ook die religieuse opvoeding wat die gesinne en kerke as opvoedkundige faktore in hierdie verband lewer, en hang ook verder grotendeels af van die graad van kerkvastheid of geloof van die verskillende indiwidue. Waar, in die ekonomiese opvoeding veral van mans, Blankes die opvoedkundige faktor geword het, berus die geaardheid van die invloed wat hierdie faktor het op die aard van die aanraking en die aard van die ekonomiese aktiwiteit, en verskil

216/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grootliks van groep tot groep en selfs tussen indiwidue. Ook verskil die aard van lidmaatskap van verenigings en organisasies, sodat ook hierdie faktor opvoedkundig verskil. Dit is dus duidelik dat die informele opvoedkundige faktore nie die gemeenskap as geheel beïnvloed nie maar die indiwidu.

Hieruit vloei ook voort dat, waar die tradisionele opvoeding, alhoewel informeel, tog byna absoluut was deurdat, met die uitsondering van enkele spesialiste, alle indiwidue in die gemeenskap van dieselfde ouderdomsgroep en geslag 'n eenvormige gedragspatroon gehandhaaf het, die informele opvoeding in Hovesground lei tot 'n heterogene gedragspatroon. Hierdeur wil nie beweer word dat daar nie sekere algemeen aanvaarde norme is nie. Respek teenoor ouer persone en sekere gesagspersone word byvoorbeeld algemeen as die ideale norm aanvaar. So ook word werkskuheid en die groot afmetinge wat sosiale euwels aanneem redelik algemeen as verkeerd beskou. Die sosiale gebrokenheid van die gemeenskapsverband het egter daartoe gelei dat iedere indiwidu van die gemeenskap en ander faktore wat hom kan beïnvloed, aanvaar wat hom as indiwidu pas en die orige verwerp, sodat hierdie norme nie eenvormig gehandhaaf word nie.

Gepaard met hierdie veranderinge in die geaardheid van die opvoeding gaan ook die feit dat die lewensomstandighede totaal veranderd is van dié wat tradisionele Bantoegemeenskappe kenmerk. Die Bantoe van Hovesground het primêr na die Blanke stad getrek om deur middel van arbeid geld te verdien, waardeur die waardebepaling en vereistes wat aan die opvoeding gestel word, totaal verander het. Die behoefte vir toetrede tot die Blanke ekonomie is egter nie bloot die gevolg van ekonomiese nood nie, maar volg tot 'n groot mate uit die behoefte tot indringing in die Blanke ekonomie as sodanig en daardeur die Blanke leefwyse. In hierdie verband speel die Blanke onderwysstelsel 'n belangrike rol. Inderdaad is vasgestel dat die groot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begeerte om 'n mate van hierdie formele onderrig te bekom feitlik in alle gevalle spruit uit die begeerte om met die Blanke leefwyse vereenselwig te word. Formele onderwys is dan ook nie nodig vir toetrede tot die Blanke ekonomie nie, aangesien die meeste kinders van jongsaf reeds 'n Blanke taal leer praat en daardeur reeds bekwaam is vir ongeskoolde arbeid. Die doel om hoër onderwys-kwalifikasies te ontvang om daardeur bekwaam te word vir klerikale of kantoorwerk, het dan ook in hoofsaak nie 'n ekonomiese grondslag nie.

Die strewe om met die Blanke leefwyse vereenselwig te word is die strewe van alle indiwidue in die gemeenskap, maar die mate van „ontwikkeling" waarna gestreef word verskil baie, en ontwikkel blykbaar met iedere geslag in iedere gesin, deurdat kinders gewoonlik streef na 'n groter mate van vordering in hierdie rigting as wat hulle ouers bereik het. Daar blyk dus 'n toenemende mate van verplanting van lewenswaardes met iedere generasie te wees. Dit volg hieruit dat die Blanke onderwysstelsel geleidelik die informele onderrig verdring - 'n proses wat steeds in omvang sal toeneem, aangesien dit voldoen aan 'n eenvormige strewe van die gemeenskap.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI.

## EKONOMIESE LEWE.

### A. Ekonomiese lewe van Tradisionele Bantoegemeenskappe.

Die ekonomie van tradisonele Bantoegemeenskappe kan getipeer word as 'n eenvoudige bestaansekonomie. Met die uitsondering van stamhoofde en enkele indiwidue is die lewensstandaard van die lede van die gemeenskap ook grotendeels eenvormig. Elke gesin vorm 'n afsonderlike ekonomiese eenheid en het sy eie behuising, veestapel, landerye en gebruiksvoorwerpe, en die besittings en vermoë van alle gesinne is ongeveer dieselfde. Met enkele uitsonderinge soos toordokters en smede, beoefen elke gesin dan ook dieselfde bedryfsvorme, en word die ekonomie dus gekenmerk as 'n eenvormige, gemeenskapsekonomie, waarin elke gesin 'n selfversorgende ekonomiese eenheid is.

#### a. Verdeling van arbeid.

Die verdeling van arbeid geskied by die Bantoe hoofsaaklik op grond van geslag, asook 'n verdere verdeling deur ouderdom.[1] Landbou is hoofsaaklik vrouewerk en mans is slegs verantwoordelik vir die ontbossing en skoonmaak van nuwe lande.[2] Die verdere verwerking van die grond, saai, skoffel en oes is alles die werk van vroue en ouer dogters, terwyl jong kinders van beide geslagte ingespan word om voëls van die lande weg te hou. Vroue is ook verantwoordelik vir die versamel van veldkosse, en versorg ook die hoenders. Met die uitsondering van die pluimvee, is alle werk verbonde met die vee - beeste, bokke en skape - manswerk. Gewoonlik word die kleinvee deur jonger seuns opgepas, terwyl die ouer seuns die beeste oppas en ook verantwoordelik is vir die melkery. In hierdie aktiwiteite word die seuns noukeurig deur die ouer mans beheer. Die jag is uitsluitlik die werk van die mans en ouer seuns.



1) Krige, E.J. a.w., p.184.

2) By die Tsonga is dit ook vrouewerk. Vgl. Junod, H.A. a.w., Vol. II, p.21.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle huiswerk en die voorbereiding van voedsel is die werk van vroue, terwyl albei geslagte betrokke is by die bou van huise, waarin ieder sy spesiale take het. In al hierdie take kom geen spesialisasie voor nie, en word iedere seun of dogter van jongsaf opgelei in die take van sy of haar geslag. In die vervaardiging van gebruiksvoorwerpe kom daar wel 'n mate van spesialisasie voor, alhoewel ook hier 'n besliste geslagsverdeling is. Alle voorwerpe gemaak van hout, leer, been en metaal is manswerk, terwyl vroue vir pottebakkery en kraalwerk verantwoordelik is en gras -vlegwerk deur beide geslagte onderneem word, behalwe by die Tsonga waar dit uitsluitlik manswerk is.[1] In hierdie verskillende rigtinge kom dikwels spesialisasie voor, veral metaalwerk en in 'n mindere mate ook pottebakkery, en bly dikwels die gespesialiseerde taak van enkele gesinne.

b. Voedsel.

Vir sy voedselverbruik is die Bantoe, naas die produkte wat sy omgewing lewer in die vorm van veldplante en -vrugte en wildsvleis, afhanklik van sy eie produksie uit landbou en veeteelt. Die basiese voedsel van alle Bantoe is mielies en kafferkoring. Hierbenewens word ook 'n verskeidenheid van ander kossoorte verbou, vernaamlik pampoen, waatlemoen, bone, grondboontjies en patats. Die vee word primêr nie aangehou vir slagdiere nie en veral beeste word hoofsaaklik net by seremoniële geleenthede geslag. Bokke en skape word af en toe geslag en die vleis van diere wat vrek word gebruik. Hoofsaaklik lewer die vee dan melk, wat 'n belangrike deel van die diëet vorm.[2]

Die Bantoe nuttig gewoonlik net twee maaltye per dag. Die eerste is meestal laat in die oggend, en die tweede saans.

220/ .....

---

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.125; Stayt, H.A. a.w., p.53; Hunter, M. a.w., p.99.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.36; Hunter, M. a.w., p.105; Stayt, H.A., a.w., p.46; Krige, E.J. a.w., p.55.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By albei hierdie maaltye vorm 'n dik pap van fyngestampte mielies of kafferkoring die stapelvoedsel. Hiernaas word 'n bydis van òf vleis òf 'n bredie van groente ge-eet. Die hoofdrank van die Bantoe is bier[1] wat gewoonlik van kafferkoring gebrou word.

c. Bedryfsvorme.

(i) Landbou.

Soos blyk uit die voedselverbruik van die Bantoe, is dit duidelik dat akkerbou die vernaamste voedselproduserende bron van die Bantoe is. By tradisionele Bantoegemeenskappe behoort alle land aan die stam en word deur die stamhoof in trust vir die stamlede gehou.[2] Iedere getroude vrou het egter haar eie landjie waarvan sy die vruggebruik het namens haar gesin. Op haar landjie plant sy al die voedselsoorte wat reeds genoem is. Die Bantoe pas geen besproeiing of bemesting toe nie, en lande word bewerk totdat hulle uitgeput is, waarna hulle braak lê.[3] Die Bantoe was tradisioneel semi-nomadies, en 'n stam het 'n stuk land bewoon en bewerk totdat dit uigeput is en dan verder getrek om nuwe land te bewoon.

Die Bantoe se geloof in die super-naturalistiese is nou verbonde met sy ekonomiese lewe, en speel die gebruikmaking van magiese middele en rituele seremonies om sukses te verseker 'n belangrike rol in sy landbou.[4] Lande en saad word vooraf behandel met kragmedisyne en sekere reëls moet nagekom word in die bebouing van grond. In die afwesigheid van enige vorm van besproeiing, speel rituele reënmaak-seremonies 'n besonder belangrike rol. Ook word spesiale seremonies, die sogenaamde Fees van die Eerste Vrugte uitgevoer as danksegging vir die oes, voordat enige produkte van die nuwe oes gebruik word. By sommige stamme,

221/ .....

1) Stayt, H.A. a.w., p.48; Junod, H.A. a.w., p.39; Hunter, M. a.w., p.356; Krige, E.J. a.w., p.58.
2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.6; Hunter, M. a.w., p.112; Krige, E.J. a.w., p.189. Ashton, H. a.w., p.144.
Hunter, M. a.w., p.72.
Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.28; Krige, E.J. a.w., p.192; Hunter, M. a.w., p.76; Stayt, H.A. a.w., p.252.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos die Zoeloe, dra die fees 'n nasionale karakter deurdat die stamhoof die sentrale rol daarin speel.

(ii) Veestapel.

Beeste is die belangrikste besitting van die Bantoe en 'n man se rykdom word ook gemeet in die aantal beeste wat hy besit. Die rituele en ekonomiese betekenis van beeste vir die Bantoe kan moeilik geskei word. Nie alleen het hulle ekonomiese waarde nie, maar hulle speel ook 'n belangrike rol in die rituele en sosiale plegtighede soos die aanbidding van die voorvadergeeste, die huwelik ensovoorts. Dit is dan ook betekenisvol dat die Sotho van 'n bees praat as modimo oa nko e metse - die god met die nat neus. Beeste word dan ook normaalweg nie geslag nie. Hulle ekonomiese waarde lê veral daarin dat hulle gebruik word in die huweliksonderhandelinge, en ook as betaalmiddele dien vir boetes opgelê of vir spesiale dienste gelewer.

Vir die Bantoe-man is sy beeste dus 'n uiters belangrike besitting en word spesiaal bewaak en beskerm. Vroue mag byvoorbeeld nooit direk in aanraking kom met die beeste nie, en die beeskraal, wat digby die huis geleë is, is ook 'n besonder belangrike plek in die lewe van die Bantoe.[1)]

Benewens beeste, hou die Bantoe ook bokke, skape en pluimvee[2)] aan wat afsonderlik van die beeste gehou word en 'n groter ekonomiese waarde vir die eienaar het. Hulle verskaf melk, vleis, velle, vet, horings, seningare en bene wat vir allerlei gebruike aangewend word.

(iii) Jag.

Onder tradisionele Bantoegemeenskappe het jag 'n belangrike deel van die ekonomie gevorm, en was die Bantoe ook

222/ .....

---

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.47; Hunter, M. a.w., p.66; Krige, E.J. a.w., p.188.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.49; Hunter, M.a.w., p.65; Stayt, H.A. a.w., p.44; Krige, E.J. a.w., p.189.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedrewe jagters gewees. Mans het soms indiwidueel gejag, meestal deur vanggate of snelstrikke te stel, maar hoofsaaklik is groot jagtogte gereël en het die mans die wild omsingel en vankant gemaak. Wild is hoofsaaklik gejag om vleis, velle en horings te bekom, terwyl sommige liggaamsdele van sekere diere gesogd was vir die maak van medisyne.[1)]

(iv) Handel.

Omdat iedere gesin hoofsaaklik selfversorgend was, is handel onder tradisionele Bantoegemeenskappe, alhoewel bekend, nie op groot skaal beoefen nie. Daar het egter 'n mate van spesialisasie voorgekom in die vervaardiging van sekere gebruiksvoorwerpe, veral metaalwerk, en dié gesinne wat dit beoefen het, het tot 'n groot mate in hulle ekonomiese behoeftes voorsien deur hulle voorwerpe aan ander gesinne te verruil. Daar was geen standaard ruilmiddel nie, en die ystersmede het hulle artikels verruil vir wat hulle nodig gehad het.[2)]

d. Behuising, Kleding en Gebruiksvoorwerpe.

By die Bantoe van Suid-Afrika word basies twee tipes huise aangetref met enkele variasies. By die Sotho, die Xhosa, die Venda en die Tsonga word hoofsaaklik 'n tipe rondawelhuis aangetref wat bestaan uit 'n silindervormige muur met 'n kegeldak daarop. Die konstruksiewyse verskil heelwat, maar die mees gebruiklike metode is om pale in 'n sirkel dig teenmekaar in te plant en dan van binne en buite met klei af te pleister. Die dakkonstruksie, van hout pale gemaak, word gewoonlik apart aanmekaar gesit en dan bo-op die muur gelig. Die dak word dan bedek met gras om die water af te lei. Die hut het 'n deuropening

223/ .....

---

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.53; Hunter, M. a.w., p.95; Krige, E.J. a.w., p.203.

2) Stayt, H.A. a.w., p.75; Hunter, M. a.w., p.134; Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.140; Krige, E.J. a.w., p.211.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waardeur 'n volwasse persoon maklik kan loop en wat bedek word met 'n grasmat. Die Zoeloe bou 'n sogenaamde koepelhut van soepel lote wat in 'n koepelvorm gebuig word en bedek word met gras en grasmatte. Van binne word die hut gestut deur een of meer pale. Die deuropening is baie laag sodat 'n volwasse persoon moet kruip om in te kom.[1)]

Alle Bantoe volg in hulle statsaanleg 'n vaste patroon wat betref die rangskikking van die huise en die samestelling van die gesinne wat daarin woon. By die Ngoeni word 'n stat meestal bewoon deur 'n patriargale familiegroep en word die hutte volgens 'n bepaalde rangorde rondom die beeskraal gebou. By die Sotho-volkere woon 'n hele linie-groep meestal in 'n stat, sodat hulle statte heelwat groter is. By die Tswana is selfs groter groepe in 'n stat saamgetrek, en word sommige statte deur etlike duisende inwoners bewoon. Die hutte van gesinne of vroue word met 'n kleimuur omring en word ook volgens rangorde in 'n bepaalde patroon geplaas.[2)]

Die tradisionele kleredrag van die Bantoe is vervaardig van velle en vesel, en het hoofsaaklik net die geslagsdele bedek. Dit het egter aansienlik verskil tussen die verskillende groepe, asook tussen die geslagte. Behalwe die alledaagse drag, was daar gewoonlik ook 'n besondere feesgewaad wat gedurende seremoniële geleenthede gedra is.[3)] Onder die meeste Bantoe was dit ook gebruiklik dat 'n besondere gewaad gedurende bepaalde geleenthede gedra word en besondere tekens aan die liggaam aangebring word om status aan te dui. So het die Zoeloe bruid 'n besondere gewaad en ook die verwagtende moeder. Getroude Zoeloe vroue bou ook hulle hare op 'n besondere wyse op, en onder etlike

224/ .....

1) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.104; Hunter, M. a.w., p.97; Stayt, H.A. a.w., p.29; Krige, E.J. a.w., p.44.

2) Hunter, M. a.w., p.16; Stayt, H.A. a.w., p.29; Krige, E.J. a.w., p.42.

3) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.91; Hunter, M. a.w., p.101; Stayt, H.A. a.w., p.22; Krige, E.J. a.w., p.370

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bantoegroepe het ouer mans ook 'n kopring gedra.[1] Die Bantoe is ook besonder lief vir ornamente, hoofsaaklik hooftooisels en nek-, arm-, been- en enkelringe wat veral van krale, asook yster, koper, been en ander materiale vervaardig word.[2]

Die Bantoe het 'n groot verskeidenheid van huis-artikels, bedryfsgereedskap en wapens. Die belangrikste huisartikels is 'n verskeidenheid van kleipotte vir kookdoeleindes, waterhouers, ens., houtartikels soos houtbakke, roerstokke, houtlepels en nekstukke, 'n verskeidenheid van vlegwerk soos mandjies, biersiwwe, slaapmatte, vloermatte en eetmatte. Die belangrikste bedryfsgereedskap is 'n skoffelpik vir landboudoeleindes en 'n handbyl, beide met 'n ysterlem, voorsien van 'n houtsteel, asook messe, else, skrapers en ander gereedskap. Wapens bestaan hoofsaaklik uit 'n assegaai en 'n strydbyl, beide met 'n ysterlem en 'n houthef asook 'n knopkierie en 'n skildvel vir verdediging. Die Venda het ook gebruik gemaak van 'n pyl en boog.

## B. Koms van die Westerse Ekonomiese Stelsel.

Met die koms van die Blankes in Suid-Afrika het verskeie faktore daartoe gelei dat die Bantoe nie meer geheel-en-al deur middel van hulle bestaansekonomie in hul tuisgebiede kon bestaan nie. Met die volkstrekke en die vestiging in suidelike Afrika van die Bantoe vanuit die noorde en die Blankes vanuit die suide, het die ontstaan van aparte Bantoe tuisgebiede en Blanke tuisgebiede histories ontwikkel. So was dan in 1909 in die destydse Brits Suid-Afrika, ongeveer die helfte van die land effektief beset deur Bantoe en die ander helfte deur Blankes. Met die totstandkoming van Unie in 1910 is drie van die Bantoege-

225/ .....

1) Krige, E.J. a.w. p.372.

2) Junod, H.A. a.w., Vol.II, p.99; Hunter, M. a.w., p.102; Stayt, H.A. a.w., p.25; Krige, E.J. a.w., p.374.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



biede, naamlik Basoetoland, Swazieland en Betsjoeanaland nie by die Unie ingesluit nie, terwyl ander Bantoegebiede soos Vendaland, Zoeloeland en Xhosaland (die Transkei en gedeelte van die Ciskei), Sekhukhuneland en andere wel deel van die Unie uitgemaak het.[1]

Op grondslag van die historiese besettingspatroon het die Unieregering in 1913 die Bantoegebiede binne sy grense by wetgewing afgesonder[2] en ten behoewe van die Bantoe verskans. Op hierdie beginsel is in 1936 voortgebou toe by wetgewing voorsiening gemaak is[3] vir die stelselmatige vergroting van die Bantoegebiede. Die afbakening en begrensing van hulle woongebiede het egter daartoe gelei dat die semi-nomadiese Bantoe, wat voorheen deur hulle vorm van roofbou gedwing was om kort-kort na nuwe woongebiede te trek, nou nie meer onbeperkte ruimte gehad het nie.

'n Verdere faktor in die begrensing van die trefwydte van die tradisionele Bantoe-ekonomie was die beëindiging deur die Blankes van die gedurige onderlinge Bantoe-oorloë met die gevolg dat die grootskaalse uitdelging van die Bantoebevolking tot 'n einde gekom het. Ook het die Blanke geneeskunde daartoe gelei dat die sterftesyfer in die Bantoegebiede onder mens en dier geweldig in omvang afgeneem het. Die gevolg was dat die kwaliteit van die Bantoegebiede gaandeweg afgeneem het as gevolg van die roofbou-metodes, terwyl die bevolking en veegetalle met rasse skrede vermeerder het, sodat die Bantoegebiede onder die bestaande vorm van benutting nie meer kon voorsien in die behoef-

226/ .....

1) Vir 'n uiteensetting van die vestigingsgeskiedenis van die twee bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, vgl.: Van Biljon, P.: <u>Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika</u>, 1947; <u>Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling</u> van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, 1955, Hoofstuk II.

2) Die Naturellen Grond Wet, 1913 (Wet Nr. 27 van 1913).

3) Die Naturelletrust- en Grond Wet, 1936 (Wet Nr. 18 van 1936).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tes van die inwoners nie. Sonder 'n gediwersifiseerde en veranderde ekonomiese stelsel moes die lewensstandaard in die Bantoegebiede uiteindelik daal.

In teenstelling tot die ekonomiese toestand van die Bantoegebiede, is daar in die Blanke gebiede 'n hoogs-gediversifiseerde Westerse ekonomiese stelsel in swang met 'n hoë lewensstandaard. Dit was haas onvermybaar dat hierdie ongelyke aangrensende ekonomiese toestande uiteindelik moes lei tot 'n gedurige stroom van arbeiders vanaf die „bestaans-ekonomiese" gebied na die gespesialiseerde „ruil-ekonomiese" gebied. Hierdie stroom van arbeid word verder nog aktief gestimuleer deur die werwing van arbeid in die Bantoegebiede deur Blanke ondernemings. Dit het gelei tot 'n georganiseerde arbeidstroom na die Blanke gebiede.[1)]

Die Blanke ekonomie het vervolgens ook inbreuk gemaak op die Bantoe-ekonomie deur die oplegging van belasting[2)] wat 'n behoefte aan geld by die Bantoe laat ontstaan het. Die behoefte aan geld is verder vergroot deur die aanbod van Blanke handelsware vir verkoop in die Bantoegebiede. Vir die Bantoe is geld alleen verkrygbaar deur deelname aan die Blanke ekonomie, en moet die Bantoe dus as verkoper in die Blanke gebied intree. Gedeeltelik doen hy dit deur die verkoop van oorskot opbrengste van die landbou, maar die Bantoe bestaans-ekonomie laat weinig oorskot

227/ .....

---

1) Vergelyk i.v.m. die geskiedenis van Bantoe indiensname en werwing van arbeid die volgende: Botha, J.H.: Die Arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika, 1928; Buell, R.L.: The Native Problem in Africa, 1928; Van der Horst, Sheila, T.: Native Labour in South Africa, 1942; Van der Horst, Sheila, T.: Labour. In Hellman, E. (ed) Handbook on Race Relations in South Africa, 1949; Schapera, I.: Migrant Labour and Tribal Life, 1947; Tinley, J.M.: The Native Labour Problem of South Africa, 1947.

2) Volgens Wet Nr. 41 van 1925 moet alle manlike Bantoe bo die ouderdom van 18 jaar 'n jaarlikse algemene belasting van £1 betaal (vanaf 1.1.59 sal dit £1.15.0 wees) asook 'n plaaslike belasting van 10s. Bantoe word verder vir die doeleindes van inkomstebelasting op soortgelyke wyse behandel as Blankes. Dit beteken dat 'n getroude manlike Bantoe sonder kinders vanaf 'n inkomste van £481 per jaar, inkomstebelasting moet betaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir verkoop. Die enigste uitweg is dus vir die Bantoe om sy dienste as arbeider in die Blanke gebied aan te bied en daardeur sy geldelike middele te bekom.

Op hierdie wyse het dan lokasies soos Hovesground tot stand gekom. Die Bantoe-arbeider - aanvanklik hoofsaaklik mans, maar later in toenemende mate ook vroue en hele gesinne - kom hulle deeltyds of permanent in die Blanke gebiede vestig waar derglike woongebiede vir hulle afgesonder word. Die hoofrede vir die vestiging in die Blanke gebiede is dan ook 'n ekonomiese rede, wat dus ook die enigste bestaansreg van die lokasies is. Die feit dat die Bantoe bona-fide arbeiders in die Blanke gebied is, is dan ook die enigste regverdiging vir hulle verblyf in die gebied.[1)]

Hovesground is so 'n lokasie wat dan ook geheel en al afhanklik is van Pretoria waar feitlik al die arbeiders hulle inkomste vind. Daar is geen industrië in Hovesground nie, en die weinig produksie wat daar wel is[2)], is feitlik uitsluitlik net vir die gebruik van die inwoners self. Ook die handel in Hovesground voorsien nie by benadering in die behoeftes van die inwoners nie, sodat die grootste persentasie van die koopkrag van die inwoners weer in Pretoria opgeneem word.

228/ .....

---

1) Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet Nr. 25 van 1945) bepaal dat 'n volwasse manlike Bantoe slegs in 'n Blanke stadsgebied mag woon indien hy 'n bona-fide arbeider in die gebied is, of as 'n permanente inwoner van die gebied beskou word deurdat hy vir tien jaar ononderbroke by een werkgewer in diens was, of ononderbroke vir vyftien jaar in diens was by verskeie werkgewers in die gebied. Slegs mans wat as inwoners van die gebied beskou word mag vergunning tot okkupasie in 'n lokasie verkry, tensy hy as loseerder by 'n ander okkupeerder inwoon, onder welke omstandighede hy dan sy gesin na die gebied mag laat kom.

2) 'n Paar inwoners verkry 'n verdienste uit die maak en verkoop van meubels en klere (Vergelyk p.239). Ook lewer die brou en verkoop van bier 'n redelike inkomste.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## C. Ekonomiese Lewe in Hovesground.

### I. Verdeling van Arbeid.

#### (a) Deur geslag.

Daar is in Hovesground 'n besliste arbeidsverdeling volgens geslag. Van die mans word verwag om hul gesinne te onderhou deur 'n geldelike verdienste deur middel van arbeid te verkry. Verreweg die meeste mans is as ongeskoolde, en sommige as half-geskoolde arbeiders by Blankes werksaam. Ook is die meeste gespesialiseerde werk, soos dié van skoenmakers en skrynwerkers, mans-werk. Die handel is ook grotendeels in die hande van die mans.

Die werk van die vroue is hoofsaaklik gesentreer om die versorging van die gesin, en van die huis. Hulle kook, berei kos voor, was, stryk, doen daaglikse inkopies en versorg die kinders. Moeders lei ook hul dogters op vir hul toekomstige take en hou toesig oor hulle totdat hulle die huis verlaat. Die vroue beheer die gesins-finansies en doen feitlik alle inkope vir die huis en die gesin. Van die meeste vroue word ook verwag om die gesins-inkomste op allerlei wyses aan te vul. Hulle neem wasgoed van Blankes in, brou en verkoop bier, maak soms klere vir verkoping, en verkoop ook soms groente en vrugte op straat. Aangesien feitlik alle klere en gebruiksvoorwerpe gekoop word, is daar weinig sprake van enige vorm van tuisnywerheid, alhoewel sommige vroue klere vir hulself en hul dogters maak.

Oor die algemeen is vrouewerk minder skerp afgebaken as dié van die mans. Baie vroue, veral weduwees of ongetroude vroue sal sommige mans-werk verrig sonder dat die gemeenskap dit as abnormaal sal beskou. In teenstelling sal mans byna nooit vroue-werk doen nie, en die wat dit wel doen, word as abnormaal beskou. Mans vermy ten alle koste om enige huiswerk te doen, en as 'n vrou siek word, sal 'n vroulike familielid of 'n vriendin haar huiswerk vir haar kom doen. Sommige enkellopende mans kook wel vir hulself en was ook hul klere, en soms sal 'n groepie

229/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mans saamspan en saam eet. Gewoonlik eet enkellopende mans egter saam met 'n gesin en dra dan by tot die onkoste van die gesin se huishouding. Alle werk by Blankes word egter as geskikte manswerk beskou, en manlike huisbediendes sal, sonder dat dit as eienaardig beskou word, vir Blanke gesinne kook en ander huiswerk doen.

Vroue wat niemand het om hulle te onderhou nie, soos weduwees en ongetroudes, asook jong-vroue wat nog by hul ouers inwoon, huur hulself ook uit as arbeiders by Blankes, vernaamlik as huisbediendes of by sommige werknemers soos wasserye en sommige fabrieke. Ook kan vroue toegang vind tot sekere beroepe soos verpleegsters, maatskaplike werksters en onderwyseresse.

By onwettige beroepe is daar ook 'n definitiewe geslags-afbakening. Professionele misdadigers, „fah-fee-runners" en dagga en dranksmokkelaars is almal mans, terwyl die brou en verkoop van bier en die hou van smokkelkroeë asook vanselfsprekend prostitusie, inkomstevorme is wat tot die vroue beperk is.

Enige oorskryding van hierdie algemene reëls van arbeidsverdeling word deur die gemeenskap streng afgekeur en 'n besliste sosiale sensuur sal teenoor enige oortreders ingestel word.

(b) <u>Deur Ouderdom</u>.

Ouderdom is 'n belangrike faktor in die bepaling van arbeidsverdeling maar is nie so duidelik omlyn as in die geval van geslag nie.

Van jong kinders word verwag om hul moeders behulpsaam te wees met die huishouding en die oppas van die jonger kinders. Beide seuns en meisies moet help met die haal van water, moet boodskappe vir hul moeders verrig en moet die heel klein kinders oppas. Teen 'n ouderdom van ses of sewe jaar begin seuns in opstand kom teen hierdie „vroue-werk" en gaan hulle steeds meer hul eie gang. Van dogters word egter steeds meer hulp in die huis verwag. Hulle begin huis-skoonmaak, water haal en vuur-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak en help met die voorbereiding van die kos. Op 'n ouderdom van tien jaar begin die dogters ook help met die wasgoed, en sodra hulle vaardigheid hierin bereik het, word hulle geleer om te stryk. Teen 'n ouderdom van ongeveer vyftien jaar behoort die dogters min of meer alle huiswerk wat later van hulle verwag sal word, te kan verrig. Namate dogters ouer word, word dan ook 'n steeds groter gedeelte van die huishouding aan hulle oorgelaat sodat die moeders meer aandag kan bestee aan die aanvulling van die gesinsinkome deur meer wasgoed van Blankes aan te neem. Wanneer moeders ouer word en hulle meer as een dogter het, sal hulle ook die take aan die dogters oordra, sodat die moeders later net toesig hou en die dogters feitlik alle werk van die vroue onderneem.

Vir dogters is daar dus 'n besliste plek ingedeel in die gesinsekonomie. Seuns het 'n veel makliker lewe. Jong seuns begin egter reeds op 'n vroeë ouderdom bene en ou bottels bymekaarmaak wat hulle kan gaan verkoop. Die inkomste hiervan word hoofsaaklik aangewend om vir hulself sakgeld te besorg, en vul nie soseer die gesinsinkome aan nie. Die geld word aangewend om mee bioskoop toe te gaan, alhoewel hulle ook vir hulle lekkernye daarmee koop en soms, as hulle bietjie ouer word, enkele kledingstukke.

Die ouderdom waarop seuns begin werk wissel baie en hang hoofsaaklik af van die besluit van die ouers. Baie ouers probeer reeds op 'n vroeë leeftyd vir hul kinders werk te kry, deels om die gesins-inkomste aan te vul en deels om hulle te beskerm teen die gevare van jeugmisdaad. Op die wyse begin seuns dikwels reeds op 'n ouderdom van ongeveer tien jaar as koerantverkopers of as joggies by gholf-klubs 'n vaste inkomste verdien. Seuns van twaalf tot vyftien jaar begin ook as huisbediendes by Blankes te werk. Teen hierdie ouderdom het 'n groot persentasie van die seuns egter reeds onder die invloed van jeugbendes verval en vind 'n mens 'n baie groot persentasie werkloosheid onder

231/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seuns van hierdie ouderdomme. Omdat daar van hulle verwag word om reeds tot 'n groot mate selfverseogend te wees, wend hulle hulself tot onwettige praktyke om 'n bestaan te maak. Sodra hulle egter gesinsverpligtinge kry, begin hulle dan meestal as arbeiders by die Blankes te werk.

In gesinne waar daar meer dogters is as wat nodig is vir die huishouding, word ook dikwels van die dogters verwag om te gaan werk. Sulke dogters gaan meestal as huisbediendes werk waar hulle dan ook huisvesting kry, sodat hulle nie meer inwonende lede van die gesin is nie en grotendeels onafhanklik word.

Normaalweg is dit eers by die bereiking van die huwelik dat die vaste arbeidsverdeling van man en vrou intree en die ekonomiese posisie van die indiwidu 'n vaste patroon verkry.

C. Arbeidsverdeling.

Die volgende twee tabelle gee die persentuele arbeidsverdeling van die mans en vroue van Hovesground aan in die verskillende kategorieë, soos ingedeel in ouderdomsgroepe.

232/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Persentasie verspreiding van alle ouderdomme volgens alle beroepe.

A. Mans.

| Beroep. | Ouderdomsgroepe. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60+ | Totaal. |
| Voorskoolse ouderdom ... | 95.7 | - | - | - | - | - | - | 18.2 |
| Skool en studie ........ | 4.3 | 58.5 | 2.2 | - | - | - | - | 16.3 |
| Steengroewe .. | - | - | - | 1.0 | .6 | - | - | .2 |
| Bereiding van voedsel, drank en tabak ........ | - | - | .8 | 3.8 | 3.7 | 5.2 | - | 1.6 |
| Vervaardiging en verwerking van metaal produkte ......... | - | .5 | 6.6 | 18.3 | 12.8 | 15.6 | - | 6.8 |
| Vervaardiging en verwerking van ander materiale .... | - | - | 1.2 | 1.4 | 1.6 | 1.8 | - | .8 |
| Handel en geldwese ... | - | 1.9 | 17.1 | 19.6 | 27.1 | 29.4 | 29.4 | 13.2 |
| Openbare dienste ........ | - | 1.1 | 7.6 | 11.0 | 14.9 | 22.2 | 7.0 | 7.2 |
| Persoonlike dienste .... | - | 1.5 | 13.0 | 20.7 | 25.0 | 9.7 | 8.2 | 9.7 |
| Konstruksie werke ...... | - | 2.5 | 19.8 | 13.5 | 3.6 | 1.8 | - | 6.0 |
| Professies ... | - | - | - | 2.4 | 2.2 | .7 | - | .7 |
| Eie ondernemings ...... | - | - | .4 | .3 | 1.1 | 3.2 | 10.7 | 1.1 |
| Huisvrou ..... | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Werkloos ..... | - | 34.0 | 31.3 | 8.0 | 7.4 | 10.4 | 44.7 | 18.2 |
| | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

233/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Vroue.

| Beroep. | Ouderdomsgroepe. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60+ | Totaal. |
| Voorskoolse ouderdom ... | 94.3 | - | - | - | - | - | - | 26.4 |
| Skool en studie ........ | 5.7 | 51.4 | .7 | - | - | - | - | 8.3 |
| Steengroewe .. | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Bereiding van voedsel, drank en tabak ........ | - | - | - | - | .6 | - | - | .1 |
| Vervaardiging en verwerking van metaalprodukte | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Vervaardiging en verwerking van ander materiale ......... | - | - | 2.9 | .6 | - | - | - | .5 |
| Handel en geldwese ....... | - | - | 3.0 | .9 | .6 | 2.5 | - | .9 |
| Openbare dienste ........ | - | - | 2.6 | 1.5 | 5.0 | 6.3 | - | 1.6 |
| Persoonlike dienste .... | - | 2.0 | 53.8 | 18.5 | 26.1 | 3.8 | 10.9 | 16.7 |
| Konstruksiewerke ...... | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Professies ... | - | - | 1.4 | .9 | .6 | - | - | .5 |
| Eie ondernemings ...... | - | - | - | - | - | 2.5 | .9 | .2 |
| Huisvrou ..... | - | .9 | 13.3 | 65.9 | 59.2 | 58.3 | 49.1 | 27.9 |
| Werkloos ..... | - | 45.7 | 22.3 | 11.7 | 7.9 | 26.6 | 39.1 | 16.9 |
| | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Hierdie tabelle toon aan dat 34.5% van die mans in Hovesground nog nie werk nie, wat insluit die kleiner kinders wat nog nie op skool is nie asook die skoolgaande jeug. 'n Verdere 18.2% van die mans is werkloos, sodat 52.7% van die mans oën-

234/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skynlik sonder inkomste is. By die vroue het 34.7% nog nie die ouderdom bereik waarop hulle kan werk nie, terwyl 16.9% werkloos is, wat die totaal op 51.6% te staan bring. Hierbenewens is 27.9% van die vroue huisvrouens, sodat 79.5% van die vroue sonder 'n vaste inkome is. Uit die groottotaal van die inwoners is daar 65.6% wat geen vaste voltydse inkome het nie, sodat 34.3% van die inwoners hoofsaaklik moet voorsien in die ekonomiese bestaansmiddele van die hele inwonerbevolking. Hier moet gemeld word dat die groot afmetinge wat werkloosheid aanneem eerder aan werkskuheid toegeskryf moet word as aan 'n tekort aan arbeidsgeleentheid.

Aangesien by verre die grootste persentasie werkers ongeskoolde arbeiders is, en hulle, wat keuse van werk betref, hoofsaaklik ooreenkomstig die vraag na arbeid in diens geneem word, is daar nie veel sprake van 'n keuse van werkrigting nie. Dit is dan ook maar by wyse van hoë uitsondering dat daar onder die arbeiders sprake is van 'n doelgerigte loopbaan. Uit die tabelle hierbo verskaf is dit nie moontlik om af te lei dat die mans byvoorbeeld werk in die handel of geldwese verkies, bloot omdat die grootste persentasie werkers in hierdie kategorie aangetref word nie, maar moet dit daaraan toegeskryf word dat daar 'n groter vraag na arbeid in hierdie kategorie bestaan.[1)]

In die kategorie steengroewe is daar maar vier manlike arbeiders, of .2% van die manlike bevolking as arbeiders werksaam, terwyl geen vroue hier werk nie. Hierdie is hoofsaaklik ongeskoolde of half-geskoolde arbeid, waarvoor daar in Pretoria nie 'n groot aanvraag bestaan nie.

In die kategorie bereiding van voedsel, drank en tabak, is 1.6% van die mans, en .1% van die vroue werksaam. Hulle is as volg ingedeel:

235/ .....

---

1) Dat daar tog wel 'n voorkeur vir sekere werkrigtinge bestaan, blyk egter duidelik by nadere ondersoek. Hierdie aspek sal in die volgende onder-afdeling toegelig word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Arbeiders in die kategorie: Bereiding van voedsel, drank en tabak.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Slagterye ........... | 5 | - | 5 |
| Inmaak en preserve-ring van groentes ... | 2 | - | 2 |
| Inmaak en preserve-ring van vis ........ | 1 | - | 1 |
| Graanmeules ......... | 3 | - | 3 |
| Bakkerye ............ | 3 | - | 3 |
| Fabrieke vir vee-voer | 1 | - | 1 |
| Bier Brouery ........ | 4 | - | 4 |
| Koeldrank fabrieke .. | 7 | 1 | 8 |
| Tabak fabrikante .... | 2 | - | 2 |
| Totaal ......... | 28 | 1 | 29 |

Soos in alle ander takke van die nywerhede en die industrieë, word die ongeskoolde hande-arbeid byna uitsluitlik deur Bantoe verrig. Die meeste arbeiders is dan ook ongeskoold, alhoewel ook 'n redelike persentasie van die Bantoe half-geskoolde arbeid verrig. Die geskoolde arbeidsveld is egter vir hulle geslote, behalwe natuurlik in die Bantoegebiede self waar alle arbeidsterreine vir hulle oop is.

In die kategorie vervaardiging en verwerking van metaal produkte, is 6.8% van die mans werksaam. Hulle is as volg ingedeel:

Arbeiders in die kategorie: Vervaardiging en verwerking van metaal produkte.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Yskor† ................................. | 39 | - | 39 |
| Vervaardigers van metaalprodukte ...... | 66 | - | 66 |
| Vervaardigers van elektriese preparate. | 12 | - | 12 |
| Totaal ............. | 117 | - | 117 |

† Suid-Afrikaanse Yster- en Staal Korporasie.

236/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die kategorie vervaardiging en verwerking van ander materiale is .8% van die mans en .5% van die vroue werksaam. Hulle is as volg ingedeel.

Arbeiders in die kategorie: Vervaardiging en verwerking van ander materiaal.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Fabrikasie van klere .... | 1 | 6 | 7 |
| Saagmeules .............. | 6 | - | 6 |
| Vervaardiging van meubels | 2 | - | 2 |
| Drukkerye ............... | 4 | 1 | 5 |
| Totaal ......... | 13 | 7 | 20 |

Die kategorie handel en geldwese is die grootste werknemer van mans in Hovesground, en is 13.2% van die mans hier werksaam. Hierteenoor is slegs .9% van die vroue in die kategorie werksaam. Hoofsaaklik is die werkers in diens geneem vir aflewering van goedere en as skoonmakers, en is dus ongeskoolde arbeiders. In die motor-handel is egter heelwat arbeiders in diens as half-geskoolde werktuigkundiges of werktuigkundige assistente. Die werkers in die kategorie is as volg ingedeel:

Arbeiders in die kategorie: Handel en Geldwese.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Assuransie .................... | 7 | - | 7 |
| Kleinhandel ................... | 153 | 14 | 167 |
| Groothandel ................... | 11 | - | 11 |
| Banke ......................... | 15 | - | 15 |
| Herstel van motors en trekkers. | 38 | - | 38 |
| Totaal .......... | 224 | 14 | 238 |

In die kategorie openbare dienste, waar 7.2% van die mans en 1.6% van die vroue werksaam is, tref ons onder die mans etlike opgeleide werkers aan, wat as klerke, tikkers of tolke en

237/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as motor- of busbestuurders werksaam is. Origens is dit hoofsaaklik skoonmakers en bodes. Die arbeiders is as volg in die kategorie ingedeel:

Arbeiders in die kategorie: Openbare dienste.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Staatsdiens ........... | 78 | - | 78 |
| Spoorweë .............. | 8 | - | 8 |
| Bus Vervoer ........... | 9 | - | 9 |
| Huurmotors ............ | 8 | - | 8 |
| Mediese dienste ....... | 12 | 6 | 18 |
| Opvoedkundige dienste . | 4 | 7 | 11 |
| Vermaaklikheidsdienste. | 3 | 12 | 15 |
| Totaal ......... | 122 | 25 | 147 |

In die kategorie persoonlike dienste word verreweg die grootste persentasie vroue wat 'n gereelde vaste inkome het, aangetref, en is 16.7% van die vroue in die kategorie werksaam. Vroue wat wil gaan werk wend hulle byna altyd eerstens tot die huisdiens, waar hulle as huisbediendes 'n inkome vind, of by verskeie Blanke huise die was en stryk van klere waarneem. Aangesien die meeste huisbediendes huisvesting kry by die gesinne waar hulle werk, is die meeste Hovesgroundse vroue in die kategorie wasvroue. 'n Hele aantal is egter ook as huisbediendes werksaam waar hulle geen huisvesting gekry het nie. Die werkers in dié kategorie is as volg ingedeel:

Arbeiders in die Kategorie: Persoonlike dienste.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Huisdiens ..... | 37 | 186 | 223 |
| Restaurante ... | 17 | 2 | 19 |
| Hotelle ....... | 92 | 17 | 109 |
| Wasserye ...... | 1 | 57 | 58 |
| Skoene-herstel. | 3 | - | 3 |
| Diverse ....... | 15 | - | 15 |
| | 165 | 262 | 427 |

238/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die kategorie konstruksiewerke waar 6% van die mans as ongeskoolde of halfgeskoolde arbeiders werksaam is, is die werkers as volg ingedeel:

Arbeiders in die kategorie: Konstruksiewerke

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Bou, herstel en sloop van geboue ...................... | 86 | - | 86 |
| Elektriese installasie ...... | 17 | - | 17 |
| | 103 | - | 103 |

'n Baie klein persentasie, naamlik .7% van die mans en .5% van die vroue beoefen een of ander professie. Alhoewel die leierskap van 'n sekte in 'n sekere sin as 'n eie onderneming beskryf kan word, aangesien so 'n leier die stimulus agter die Kerk is waaruit hy sy inkomste verkry, beoefen ander predikante of ampsdraers eerder 'n professie waarvoor hulle 'n bepaalde opleiding ontvang het. Alle mense met 'n voltydse inkomste uit hierdie bron is dus as professionele werkers beskryf. Ook toordokters, alhoewel nie volgens die westerse beskouing nie, val in hierdie kategorie. Die professionele arbeiders is as volg ingedeel:

Arbeiders in die kategorie: Professies.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Verpleegsters ......... | - | 2 | 2 |
| Maatskaplike werksters. | - | 1 | 1 |
| Onderwysers/esse ...... | 4 | 3 | 7 |
| Kerklik .............. | 6 | 1 | 7 |
| Toordokters ........... | 2 | 1 | 3 |
| Totaal .......... | 12 | 8 | 20 |

Wat eie ondernemings betref, is daar slegs 1.1% van die mans en .2% van die vroue wat op eie inisiatief 'n bestaan maak.

239/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel alle handel in Hovesground vir die inwoners gereserveer is, is die handelsgeleentheid betreklik beperk, aangesien die inwonertal betreklik klein is, en die koopkrag van die inwoners in verhouding tot hulle getalle ook laag is. Die handelsgeleentheid is dan ook tot die maksimum benut. Die tien winkels wat daar in Hovesground is, is almal algemene handelaars. Hulle verkoop almal eetware, patent-medisyne en klerasie, en laat nie veel ruimte vir enige ander vorm van handel in die gebied nie. Die tien winkels het gesamentlik twaalf eienaars, aangesien twee vroue-eienaars, albei weduwees, elk 'n seun as mede-eienaar het. Hierbenewens is daar vier vroue wat daagliks op 'n paar punte in die gebied langs die straat sit en eetware soos gekookte mielies, patats, neute en lemoene aan verbygangers verkoop, asook een haarkapper. Voorts is daar drie mans wat as karweiers 'n bestaan maak. Een het 'n stootwaentjie waarmee hy karweiwerk op die mark doen, terwyl twee mans elk 'n perdewa het waarmee hulle allerlei vervoerwerk doen. Ook is daar twee skoenmakers en twee meubelmakers in Hovesground, asook twee vroue wat as kleremakers 'n voltydse verdienste vind. Hierdie is al eie ondernemings in Hovesground, en aangesien die meeste inwoners nog verkies om hul klere en meubels en sommige ander benodigdhede by Blanke winkels of Indiër-winkels te koop, wat 'n groter verskeidenheid aanbied, is daar nie veel moontlikhede vir ondernemende inwoners van Hovesground om op grond van hul vindingrykheid te bestaan nie. Die inwoners van Hovesground beskik nie oor die nodige kapitaal om groot, aantreklike besighede te open nie, en die paar winkeltjies wat daar is, is klein en swak voorsien van handels-artikels alhoewel die eienaars daarvan 'n redelike goeie bestaan maak. Die persone wat uit eie ondernemings bestaan, is dan as volg ingedeel:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Arbeiders in die kategorie: Eie ondernemings.

| Beroep. | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Handelaars . | 10 | 6 | 16 |
| Karweiers .. | 3 | - | 3 |
| Skoenmakers. | 2 | - | 2 |
| Meubelmakers | 2 | - | 2 |
| Kleremakers. | - | 2 | 2 |
| Haarkapper . | 1 | - | 1 |
| | 18 | 8 | 26 |

Die arbeidsomvang per gesin word deur die volgende tabel weergegee:

Aantal werknemers per gesin, gesien teen die grootte van die gesin.

| Aantal Persone Per Gesin. | Aantal werknemers per gesin. | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Totaal |
| 1 | 16 | 115 | - | - | - | - | - | - | 131 |
| 2 | 6 | 46 | 21 | - | - | - | - | - | 73 |
| 3 | 5 | 66 | 19 | - | - | - | - | - | 90 |
| 4 | 4 | 52 | 40 | - | - | - | - | - | 96 |
| 5 | 3 | 57 | 35 | 6 | - | - | - | - | 101 |
| 6 | 4 | 31 | 32 | 6 | 5 | - | - | - | 78 |
| 7 | 2 | 11 | 23 | 17 | 6 | - | - | - | 59 |
| 8 | - | 8 | 11 | 7 | 6 | 2 | - | - | 34 |
| 9 | - | 5 | 5 | 7 | 3 | 4 | 1 | - | 25 |
| 10 | - | 1 | 5 | 4 | 2 | 1 | - | - | 13 |
| 11 | 1 | 1 | 3 | 1 | - | 1 | - | - | 7 |
| 12 | - | 1 | 2 | 2 | - | - | - | - | 5 |
| 13 | - | 1 | - | 2 | 1 | - | - | - | 4 |
| 14 | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | 2 |
| 15 | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | 3 |
| 16 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 17 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 2 |
| 18 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 19 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| Totaal | 41 | 395 | 196 | 53 | 25 | 11 | 3 | 1 | 725 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die werkers wat hier bespreek is, is egter net voltydse werknemers. Veral huisvroue, en ook skoolgaande kinders in 'n minder mate, probeer die gesinsinkome verhoog deur op 'n deeltydse basis 'n inkome te vind. Die meeste huisvroue neem van een of twee Blanke gesinne weekliks wasgoed in, terwyl hulle ook bier brou en verkoop. Sonder dat daar syfers in hierdie verband beskikbaar is, kan veilig aanvaar word dat byna alle vroue 'n ekstra verdienste het wat die gesinsbegroting aanvul. Ook kinders versamel dikwels bene en bottels wat hulle verkoop - meestal vir hulle eie sakgeld. 'n Hele paar werk egter op 'n deeltydse basis as koerantverkopers of as joggies op gholf-bane. Dit is selde dat mans 'n ekstra verdienste het, alhoewel daar 'n paar deeltydse predikante en toordokters in Hovesground is.

By die arbeidsrigtings wat hierbo genoem is, is nog nie ingesluit die onwettige beroepe nie. Daar is in iedere blok 'n paar „runners" vir fah-fee spelers, terwyl daar ook dagga- en dranksmokkelaars is, „shebeen-koninginne" en hulle helpers, asook ander misdadigers. Hieroor is daar natuurlik geen betroubare syfers beskikbaar nie, maar die persone wat op derglike wyses hul inkomste maak, doen dit meestal op 'n voltydse basis, sodat dit die persentasie werkloses kleiner sal maak.

(d) Arbeidsomset.

Ten einde sekere neigings in die arbeidsgewoontes van die inwoners te probeer vasstel, is gepoog om die arbeidsgeskiedenisse van die indiwidue in die monstergroep te rekonstrueer. In hierdie verband was die bewysboeke wat die mans moet dra ingevolge Wet Nr. 67 van 1952[1)] van veel waarde aangesien hul arbeidsrekord daarin opgeteken is. Ten tyde van die opname het die meeste mans egter nog slegs vir drie tot vier jaar bewysboeke besit, terwyl daar nog nie begin is met die uitreik van bewysboeke aan vroue nie. Tot 'n groot mate moes dus noodwendig

242/ .....

1) Die Naturelle (Afskaffing van Passe en Ko-ordinering van Dokumente) Wet, 1952.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staat gemaak word op die geheues van die persone, wat nie altyd so betroubaar is nie. Die verkrege gegewens kan egter as voldoende aanvaar word om 'n algemene strekking aan te toon.

Ten uitset sal dit nodig wees om by wyse van herhaling daarop te wys dat die bevolking van Hovesground nie 'n stabiele bevolking is nie. Dit is moontlik om die bevolking van Hovesground in drie groepe te verdeel, naamlik:

i) Diegene wat min of meer permanent in Hovesground woon. Hierdie groep bestaan uit persone wat reeds vir meer as vyftien jaar in Hovesground of elders in Pretoria woon of wat daar gebore is. Hoofsaaklik bestaan die groep uit die huis-eienaars en hul gesinne.

ii) Diegene wat nog nie so lank in Hovesground of elders in Pretoria woon nie, maar van voorneme is om hulle permanent hier te vestig.

iii) Diegene wat as „trek-arbeiders" bestempel word en afkomstig is uit die tuisgebiede of van Blanke plase en slegs vir 'n bepaalde tydperk as arbeiders in die stadsgebied woonagtig is en daarna weer terugkeer na die platteland.

Volgens die voorkoms van ons monstergroep, kan die bevolking van Hovesground persentueel as volg ingedeel word in die drie groepe:

| | |
|---|---|
| Permanent ............ | 32.1% |
| Voornemend permanent . | 53.7% |
| Trek-arbeiders ....... | 14.2% |

Dit spreek vanself dat die arbeidsgewoontes van die persone in die drie kategorieë verskil. Persone in eersgenoemde kategorie hoef nie noodwendig arbeiders te wees ten einde in die stadsgebied te bly nie, en tref mens 'n betreklik hoë persentasie werkloosheid onder hulle aan. Manlike persone in die tweede kategorie moet, wanneer hulle nie werk nie, as werksoekers geregistreer wees en moet gereeld hulle permitte as werksoekers hernu. Indien deur die plaaslike owerheid, deur middel van hulle arbeidsburo, werk aan hulle aangebied word, loop hulle gevaar om uit die stadsgebied uitgewys te word indien hulle die werk nie aanvaar nie. Werkers in die laaste kategorie kom met

243/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n bepaalde doel na die stadsgebied en werk vir 'n sekere tydperk by een of meer werkgewers, waarna hulle na hul plek van herkoms terugkeer.

'n Paar tipiese, verteenwoordigende arbeidsgeskiedenisse is die volgende:

1. Geslag: Manlik.

   Geboortejaar: 1919.

   Plek van geboorte: Pietersburg distrik.

   Vir eerste maal gaan werk: 1938 (op 19 jarige ouderdom)

   1938 - 1940: Myn-arbeider, Witwatersrand.

   1940 - 1943: Terug na tuisgebied.

   1943 - 1944: Huisbediende, Pretoria.

   1944 - 1945: Terug na tuisgebied.

   1945 - 1949: Huisbediende, Pretoria, Vestig hom in Hovesground.

   1949 - 1951: Afleweringsbode by winkel, Pretoria.

   1951 - 1952: Bode in staatsdiens, Pretoria.

   1952 - 1955: Halfgeskoolde arbeider by motorwerktuigkundige, Pretoria.

2. Geslag: Manlik.

   Geboortejaar: 1928

   Plek van geboorte: Hovesground, Pretoria.

   Vir eerste maal gaan werk: 1946 (op 18 jarige ouderdom)

   1946 - 1947: Huisbediende, Pretoria.

   1947 - 1948: Werkloos.

   1948 - 1949: Kelner in Restaurant, Pretoria.

   1949 - 1952: Kelner in Hotel, Pretoria.

   1952 - 1953: Werkloos.

   1953 - 1955: Halfgeskoolde arbeider by bouer, Pretoria.

3. Geslag: Manlik.

   Geboortejaar: 1908

   Plek van geboorte; Hammanskraal, Brits-distrik.

   Vir eerste maal gaan werk: 1924 (op 16 jarige ouderdom)

244/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1924 - 1929: Huisbediende, Pretoria.

1929 - 1932: Kelner in Hotel, Pretoria. Vestig in Hovesground.

1932 - 1941: Busbestuurder, Vervoermaatskappy, Pretoria.

1941 - 1949: Huurmotorbestuurder vir eienaar, Pretoria.

1949 - 1952: Bestuur eie huurmotor, Pretoria.

1952 - 1955: Begin algemene handelaarsbesigheid in Hovesground, Pretoria.

4. Geslag: Vroulik.

Geboortejaar: 1915

Plek van geboorte: Louis-Trichardt-distrik.

Vir eerste maal gaan werk: 1932 (op 17 jarige ouderdom)

1932 - 1934: Huisbediende op plaas in Louis-Trichardt.

1934 - 1941: Getroud, gaan woon by tuisgebied van man.

1941 - 1955: By man kom vestig in Hovesground, werk nie voltyds nie, maar neem wasgoed in van twee Blanke gesinne; brou en verkoop ook bier.

5. Geslag: Vroulik.

Geboortejaar: 1927.

Plek van geboorte: Hovesground, Pretoria.

Vir eerste maal gaan werk: 1946 (op 19 jarige ouderdom)

1946 - 1946: Huisbediende, Pretoria.

1946 - 1947: Huisbediende, Pretoria.

1948 - 1950: Wassery, Pretoria.

1950 - 1955: Getroud, Huisvrou, Hovesground.

Die volgende tabelle toon aan vir hoeveel werkgewers die 33 mans en 25 vroue in ons monstergroep bo die ouderdom van 15 jaar gewerk het, aangegee volgens ouderdomsgroep.

245/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aantal werkgewers waarby mans (vroue) gewerk het volgens ouderdom van werknemers.

A. Mans.

| Ouderdoms-groep. | Aantal werkgewers. | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | Totaal |
| 15-19 | 3 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 20-24 | 1 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 25-29 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 30-34 | - | - | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 5 |
| 35-39 | - | - | 1 | - | - | 1 | 2 | - | - | - | - | 4 |
| 40-44 | - | - | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | 3 |
| 45-49 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | 2 |
| 50-54 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 2 |
| 55-59 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 60 + | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | 3 |
| Totaal. | 4 | 3 | 5 | 3 | 4 | 3 | 4 | 3 | 1 | 1 | 2 | 33 |

B. Vroue.

| Ouderdoms-groep. | Aantal werkgewers. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | Totaal |
| 15-19 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| 20-24 | - | - | 2 | - | - | - | - | 2 |
| 25-29 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 |
| 30-34 | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | 3 |
| 35-39 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 4 |
| 40-44 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 2 |
| 45-49 | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| 50-54 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 2 |
| 55-59 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | 3 |
| 60 + | 2 | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| Totaal. | 9 | 4 | 8 | 3 | 0 | 0 | 1 | 25 |

246/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk uit hierdie gegewens dat daar by mans 'n besliste verhouding bestaan tussen ouderdom en die aantal werkgewers waarvoor hulle gewerk het. Hoe ouer die mans is, hoe meer werkgewers het hulle gehad. By vroue is die posisie anders, aangesien die meeste vroue vroeër of later huisvroue word en die aantal werkgewers dus afhang van hoe lank hulle voltyds by werkgewers gewerk het. Dit is duidelik dat die gemiddelde Bantoewerker gedurende sy arbeids-loopbaan dikwels van werkgewer verander.

Die volgende tabel toon aan hoe lank die werkers reeds in hulle huidige betrekking staan, of die aantal jare wat hulle vir hulle laaste werkgewer gewerk het, aangegee volgens ouderdomsgroep:

Tydperk in huidige (jongste) betrekking volgens ouderdomsgroep.

A. Mans.

| Ouderdom. | Tyd in betrekking. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-6 maande | 6-12 maande | 1-2 jaar | 2-3 jaar | 3-4 jaar | 4-5 jaar | 5 jaar + |
| 15-19 | - | 1 | - | 1 | - | - | - |
| 20-24 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - |
| 25-29 | - | - | 2 | 1 | 1 | - | - |
| 30-34 | - | 1 | - | 1 | 2 | - | 1 |
| 35-39 | 1 | - | - | 2 | - | 1 | - |
| 40-44 | - | - | - | - | 2 | 1 | - |
| 45-49 | - | - | 1 | - | - | 1 | - |
| 50-54 | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 55-59 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 60 + | - | - | - | 2 | - | - | 1 |
| Totaal. | 2 | 3 | 4 | 8 | 5 | 3 | 4 |

247/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Vroue.

| Ouderdom | Tyd in betrekking. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-6 maande | 6-12 maande | 1-2 jaar | 2-3 jaar | 3-4 jaar | 4-5 jaar | 5 jaar + |
| 15-19 | - | 1 | - | - | - | - | - |
| 20-24 | - | 1 | 1 | - | - | - | - |
| 25-29 | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| 30-34 | - | - | 1 | - | 1 | - | - |
| 35-39 | 1 | - | - | 1 | - | - | 1 |
| 40-44 | - | 1 | - | 1 | - | - | - |
| 45-49 | - | - | 1 | - | - | - | - |
| 50-54 | - | - | - | 1 | - | - | - |
| 55-59 | - | - | - | - | 1 | - | - |
| 60 + | - | - | - | 1 | - | - | - |
| | 1 | 3 | 3 | 5 | 2 | - | 2 |

Persentueel gesien, is die tydperk van die laaste betrekking as volg:

Persentuele verspreiding van arbeiders volgens deuur van diens in huidige (jongste) betrekking.

| | Tyd in betrekking. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-6 maande | 6-12 maande | 1-2 jaar | 2-3 jaar | 3-4 jaar | 4-5 jaar | 5 jaar + |
| Mans .. | 6.9 | 10.3 | 13.8 | 27.6 | 17.3 | 10.3 | 13.8 |
| Vroue . | 6.2 | 18.8 | 18.8 | 31.2 | 12.5 | - | 12.5 |
| Totaal. | 6.7 | 13.3 | 15.6 | 28.8 | 15.6 | 6.7 | 13.3 |

Dit is duidelik uit die voorgaande feite dat die gemiddelde inwoner van Hovesground 'n baie onstabiele werker is en gedurende sy werks-leeftyd dikwels van werkgewer verander. Dit is nie moontlik om met syfers vas te stel waarom die arbeiders van werkgewer verander nie, omdat die redes wat hulle aanvoer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie vergelyk kan word met die standpunte van die werkgewers nie en die arbeiders heel waarskynlik nie altyd die juiste rede sal verstrek nie. Redes vir verandering van werk wat deur die werkers aangegee word is in volgorde van belangrikheid die volgende: het nie van die werk gehou nie; kon nie oor die weg kom met die werkgewer nie; die salaris was te min; het getrou (vroue): wou 'n ander soort werk gehad het; wou na stadsgebied kom; deur werkgewer ontslaan; moes huistoe gaan; wou 'n bietjie rus; gesinsmoeilikhede; wou eie besigheid begin.

Verskeie van die redes hier aangegee dui daarop dat die werkers 'n ander tipe werk verkies het. In dié verband is dit interessant om te let op die verskil tussen die kategorie van die eerste werk wat 'n werknemer gedoen het, en die huidige of laaste kategorie van werk wat hy of sy gedoen het. Van die mans in die monstergroep het 27.6% as eerste besoldigde werk as huisbediendes gewerk, 24.1% op Blanke plase as plaasarbeiders en 17.3% op myne. Dit beteken dat 69.0% van die manlike werkers in hierdie drie kategorieë begin werk het. Ander belangrike kategorieë was openbare dienste, 10.3% en verskeie nywerhede, 6.9%. By vroue was die eerste betrekking van dié wat vaste loonarbeid gedoen het in 81.2% van die gevalle dié van huisbediende.

Onder die mans is daar slegs 17.3% wat in hulle huidige of jongste betrekking nog in dieselfde kategorie werk waar hulle as werkers begin het. Dit is dus duidelik dat in die snelle verwisseling van werkgewer die werkers met 'n byna gelyke tempo verander van arbeidskategorie. Tog is daar in die verandering van kategorie 'n sekere reëlmaat te bespeur. Wanneer ons na die verspreiding van alle manlike werkers in Hovesground kyk, merk ons dat in die ouderdomsgroep 50-59 jaar, met ander woorde die ouderdom waarop die meeste mans hul werk-loopbaan beëindig, 22.6% van die werkers in verskillende nywerhede is, 29.4% in die handel of geldwese en 22.2% in die kategorie openbare dienste werksaam is. Dit wil sê dat 74.2% van die manlike wer-

249/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kers uiteindelik hulle loopbaan in hierdie drie kategorieë afsluit. Dit het dan ook duidelik uit die ondersoek geblyk dat, met die uitsondering van eie ondernemings wat weinig van die mans beskore is om te bereik, alle mans verkies om in een van hierdie drie kategorieë te werk. In hierdie kategorieë kan die werker òf 'n halfgeskoolde arbeider, òf 'n klerklike of kantoorwerker word, welke posisies aan die bekleër 'n mate van status verleen. Die houding dat manlike werkers doelgerig 'n sekere loopbaan nastreef deur vir hulle stelselmatig in 'n sekere werkrigting te bekwaam en op te werk, tref mens dus nie dikwels aan nie, maar tog is daar 'n duidelike begeerte om uiteindelik in sekere kategorieë te werk.

By vroue is die posisie heelwat anders gestel. Die vraag na vroulike werkers is verreweg die grootste in die kategorie huisbediendes, en vind ons dat, alhoewel vroue gedurende die tydperk wat hulle voltyds vir 'n loon werk net so dikwels van werkgewer verander as die mans, hulle meer dikwels terugkeer tot dieselfde kategorie van werk as die mans. Daar bestaan ook blykbaar by hulle geen noemenswaardige behoefte om 'n ander soort betrekking as die van huisbediende te beklee nie, en wend vroue wat werk soek hulle gewoonlik bloot tot die kategorie waar daar 'n vraag na arbeid bestaan sonder om enige voorkeur te toon.

## II. Verskil in Lewensstandaard.

### (a) Verskillende Inkomstegroepe.

Volgens Batten[1];


> „Africans are poor compared with the people of many, though not all, other countries, and this is true even though they are now producing greater wealth than in the times before European penetration."

250/ .....

1) Batten, T.R. : Problems of African Development - Part I: Land and Labour. 1954, p.111.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar kan geen twyfel bestaan dat die Bantoe gemiddeld 'n aansienlike laer inkomste (in kontant of natura) het as die gemiddelde Blanke, of selfs die gemiddelde Indiër of Kleurling in Suid-Afrika nie.[1)]

Soos by ander volke of rassegroepe die geval is, bestaan daar onder die Bantoe aanmerklike verskille in rykdom. Onder tradisionele Bantoegemeenskappe word die begrip rykdom, waardeur tussen rykes en armes gedifferensieër word, heel anders gedefinieer as wat vandag die geval is onder stedelike Bantoe wat hulself binne die Westerse ekonomiese stelsel handhaaf. Onder tradisionele Bantoegemeenskappe geld dit tot groot mate die besit van beeste[2)] terwyl onder stedelike Bantoe, soos die in Hovesground, rykdom hoofsaaklik gemeet word in verskille van geldelike inkomste en die vermoë om sekere artikels daarmee te koop.

Lone en salarisse betaalbaar aan Bantoe-arbeiders in Pretoria varieer baie. Ten tyde van die opname was die lone van ongeskoolde, volwasse manlike Bantoe-arbeiders in 'n paar kategorieë gemiddeld die volgende:

Konstruksiewerke - £2.19.8 per week.

Vervoerdienste vanaf £1.8.9 tot £2.0.9 per week.

Handel en geldwese - vanaf £1.17.6 tot £2.15.9 per week.

Die gemiddelde loon vir ongeskoolde arbeiders is dus ongeveer £2.15.0 per week of ongeveer £143 per jaar. Geskoolde en professionele arbeiders verdien natuurlik heelwat meer. So kan byvoorbeeld 'n vertaler in die Staatsdiens 'n salaris van £794 per jaar verdien, terwyl die gemiddelde salarisse van onderwysers ongeveer £360 per jaar is, en soveel as £854 per jaar kan bereik.

251/ .....

---

1) Vergelyk bv. Social and Economic Planning Council. The Economic and Social Conditions of the Racial Groups in South Africa. Report No.13. U.G. 53/1948 p.22 e.v.

2) Vergelyk Schapera, I. and Goodwin, A.J.H. a.w. p.138; Hunter, M. a.w., p.69; Junod, H.A. a.w. Vol.II, p.48; Stayt, H.A. a.w., p.38; Krige, E.J. a.w., p.185.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die salarisse van huisbediendes verskil ook baie, en varieer vanaf £2.10.0 tot ongeveer £18 per maand. Vroue wat wasgoed doen verdien van £1 tot £3 per gesin vir wie hulle was, met 'n maksimum van vier gesinne per vrou.[1] Die inkomste van persone wat in eie ondernemings werk, is moeilik bepaalbaar. Geen doeltreffende boekhouding word gehou van inkomste en uitgawes nie en die syfers verskaf berus maar op skatting. Hierdie inkomstes wissel vanaf £12 per maand vir die haarkapper tot £60 per maand vir een van die handelaars. Oor die algemeen kan aanvaar word dat hierdie beramings te laag is.

Die maandelikse[2] inkomste, ingedeel in inkomste-groepe van alle persone van alle ouderdomme in Hovesground, word deur die volgende tabel aangegee:

Aantal persone van verskillende ouderdomsgroepe volgens inkomste.

| Maandelikse inkomste. | Ouderdomsgroepe. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-9 | 10-19. | 20-29. | 30-39. | 40-49. | 50-59. | 60+ | Totaal. |
| Geen inkomste .. | 763 | 610 | 173 | 266 | 119 | 83 | 135 | 2,149 |
| 1s. tot £4.19.9. | - | 5 | 121 | 47 | 31 | 7 | 11 | 222 |
| £5 tot £9.19.9 . | - | 29 | 87 | 88 | 62 | 37 | 21 | 324 |
| £10 tot £14.19.9 | - | 3 | 67 | 131 | 96 | 69 | 6 | 372 |
| £15 tot £19.19.9 | - | - | 32 | 47 | 24 | 12 | 12 | 127 |
| £20 + .......... | - | - | 9 | 25 | 13 | 24 | 10 | 81 |
| Totaal ....... | 763 | 647 | 489 | 604 | 345 | 232 | 195 | 3,275 |

252/ .....

1) Huisbediendes en wasvroue ontvang benewens hulle salaris ook ander voordele. Vergelyk p.34.

2) Vir die doeleindes van eenvormigheid, is alle salarisse op 'n maandelikse basis bereken, met 4 en een derde week geneem as een maand.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie selfde syfers opgedeel volgens geslag is as volg:

A. Mans.

| Maandelikse inkomste. | Ouderdomsgroepe. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-9 | 10-19. | 20-29. | 30-39. | 40-49. | 50-59. | 60+ | Totaal. |
| Geen inkomste .. | 324 | 410 | 74 | 23 | 14 | 16 | 38 | 899 |
| 1s. tot £ 4.19.9 | - | 2 | - | - | - | 1 | 6 | 9 |
| £5 tot £ 9.19.9 | - | 28 | 49 | 70 | 45 | 33 | 15 | 240 |
| £10 tot £14.19.9 | - | 3 | 62 | 128 | 93 | 69 | 5 | 360 |
| £15 tot £19.19.9 | - | - | 28 | 44 | 23 | 12 | 12 | 119 |
| £20 + .......... | - | - | 9 | 25 | 13 | 22 | 9 | 78 |
| Totaal ...... | 324 | 443 | 222 | 290 | 188 | 153 | 85 | 1,705 |

B. Vroue.

| Maandelikse inkomste. | Ouderdomsgroepe. | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0-9 | 10-19. | 20-29. | 30-39. | 40-49. | 50-59. | 60+ | Totaal. |
| Geen inkomste .. | 439 | 200 | 99 | 243 | 105 | 67 | 97 | 1,250 |
| 1s. tot £ 4.19.9 | - | 3 | 121 | 47 | 31 | 6 | 5 | 213 |
| £5 tot £ 9.19.9 | - | 1 | 38 | 18 | 17 | 4 | 6 | 84 |
| £10 tot £14.19.9 | - | - | 5 | 3 | 3 | - | 1 | 12 |
| £15 tot £19.19.9 | - | - | 4 | 3 | 1 | - | - | 8 |
| £20 + ......... | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 3 |
| Totaal ...... | 439 | 204 | 267 | 314 | 157 | 79 | 110 | 1,570 |

Persentueel gesien, kan die inwoners as volg in die inkomstegroepe ingedeel word:

253/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Persentuele indeling in inkomstegroepe.

| Inkomstegroep. | Mans. | Vroue. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Geen ........... | 52.7 | 79.5 | 65.6 |
| 1s. tot £ 4.19.9 | .6 | 13.6 | 6.8 |
| £5 tot £ 9.19.9 | 14.0 | 5.4 | 9.9 |
| £10 tot £14.19.9 | 21.1 | .8 | 11.4 |
| £15 tot £19.19.9 | 7.0 | .5 | 3.8 |
| £20 + .......... | 4.6 | .2 | 2.5 |
| Totaal ...... | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Dit blyk duidelik dat die gemiddelde manlike arbeider 'n heelwat hoër loon verdien as vroulike arbeiders. Die grootste groep manlike arbeiders val in die inkomstegroepe vanaf £5 tot £14.19.9 per maand, terwyl by verre die grootste groep vroulike arbeiders minder as £5 per maand verdien, 'n inkomste kategorie waarin slegs .6% van die mans val.

Benewens die inkomste van die arbeiders, word die gesinsinkomste in Hovesground op verskeie wyses aangevul:

(1) 121 Gesinne se inkomste word aangevul deur huurgelde wat aan hulle betaal word deur huurders. Hiervan is daar 4 gesinne wat meer as een perseel besit wat aan ander gesinne verhuur word. Die huurgelde wissel vanaf £1 tot £1.12.6 per maand - die mees algemeen betaalde huur is £1.5.0 per maand. Aangesien die aantal sub-huurders wissel vanaf 1 tot 12 gesinne per perseel, wissel die inkomste uit hierdie bron aansienlik. Gemiddeld egter is daar 3.6 huurder-eenhede per perseel wat dus gemiddeld die gesinsinkome van die 121 gesinne verhoog met £4.10.0 per maand 12 Gesinne lewe uitsluitlik uit hierdie bron.

(2) In 103 gesinne ontvang een of meer van die gesinslede pensioen, meestal ouderdomspensioen wat deur die Staat betaal word en gewoonlik £1.5.0 per maand bedra.

(3) In 37 gevalle ontvang moeders van buite-egtelike kinders onderhoud van die vaders, teen 'n gemiddeld van £2 per maand.

254/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie is maar 'n baie geringe persentasie van die moeders wat geregtig is op onderhoud, maar in die meerderheid van gevalle doen sulke moeders, of hulle ouers, nie die moeite om onderhoud aan te vra nie.

(4) 'n Groot persentasie van die gesinne se inkome word ook aangevul deur onwettige inkomstes, vernaamlik uit die brou en verkoop van bier, winste uit dobbelary en ander onwettige praktyke. Dit is egter nie moontlik om betroubare gegewens in hierdie verband te verkry nie en kan die omvang van hierdie inkomste nie bepaal word nie.

(5) Sommige werkers, veral huisbediendes, ontvang benewens hulle lone, ook nog vergoeding in natura, hoofsaaklik in die vorm van maaltye, maar soms ook klere. Die kontantwaarde van hierdie bron kan nie gemeet word nie.

(6) Soos reeds aangedui is 14.2% van die inwoners „trekarbeiders" en het meestal in die tuisgebiede of op die Blanke plase waarvan hulle afkomstig is, vee asook sekere landerye wat hulle vir akkerbou-doeleindes kan bewerk. Hierdie bronne lewer ook aan hulle in meerdere of mindere mate 'n gereelde inkomste (in kontant of in natura).

Dit is dus duidelik dat die grootste persentasie gesinne in Hovesground benewens die salarisse of lone van die werkers, die gesinsinkome op allerlei wyses aanvul - sommige waarvan nie meetbaar is nie. Sover vasgestel kan word, kan die gesinne in Hovesground in die volgende inkomstegroepe ingedeel word:

255/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesinne ingedeel in inkomstegroepe.

| Inkomstegroep | Aantal gesinne | Persentasie |
|---|---|---|
| Geen | 29 | 4.0 |
| 1s. tot £4.19.9 | 45 | 6.3 |
| £5 tot £9.19.9 | 192 | 26.5 |
| £10 tot £14.19.9 | 175 | 24.1 |
| £15 tot £19.19.9 | 116 | 16.0 |
| £20 tot £24.19.9 | 67 | 9.3 |
| £25 tot £29.19.9 | 45 | 6.2. |
| £30 tot £34.19.9 | 24 | 3.3 |
| £35 tot £39.19.9 | 18 | 2.5 |
| £40 tot £44.19.9 | 7 | .9 |
| £45 tot £49.19.9 | 3 | .4 |
| £50+ | 4 | .5 |
| Totaal | 725 | 100.0 |

Hiervan kan gesien word dat 60.9% van die gesinne minder as £15 per maand verdien, terwyl slegs 7.6% £30 of meer per maand verdien. Die relatiewe waarde van hierdie inkomste hang natuurlik af van die grootte van die gesin. Die volgende tabel gee dan die voorkoms van inkomstegroepe weer gesien teen die grootte van die gesinne.

256/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

<u>Inkomstegroep gesien teen grootte van gesin.</u>

| Inkomste-groep. | Grootte van gesin. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | To-taal. |
| Geen .... | 16 | 6 | 2 | 2 | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 29 |
| 1s. tot £4.19.9. | 7 | 8 | 9 | 6 | 7 | 5 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 45 |
| £5 tot £9.19.9. | 59 | 29 | 34 | 34 | 15 | 7 | 4 | 6 | 1 | - | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 192 |
| £10 tot £14.19.9 | 42 | 23 | 17 | 37 | 41 | 7 | 4 | 2 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 175 |
| £15 tot £19.19.9 | 7 | 4 | 18 | 5 | 21 | 10 | 12 | 14 | 11 | 8 | 2 | 2 | 2 | - | - | - | - | - | - | 116 |
| £20 tot £24.19.9 | - | 2 | 7 | 4 | 11 | 21 | 12 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 67 |
| £25 tot £29.19.9 | - | 1 | 1 | 3 | 1 | 12 | 17 | 5 | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 45 |
| £30 tot £34.19.9 | - | - | 2 | 2 | 3 | 7 | 4 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | 1 | 1 | - | - | - | 24 |
| £35 tot £39.19.9 | - | - | - | 3 | 2 | 5 | 1 | 2 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 18 |
| £40 tot £44.19.9 | - | - | - | - | - | 2 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 7 |
| £45 tot £49.19.9 | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| £50 + .. | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | 4 |
| Totaal. | 131 | 73 | 90 | 96 | 101 | 78 | 59 | 34 | 25 | 13 | 7 | 5 | 4 | 2 | 3 | 1 | 2 | 0 | 1 | 725 |

Die inkomstegroep waarin die gemiddelde gesinne van die verskillende gesinsgroottes val, is as volg:

257/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gemiddelde inkomstegroep van gesinne.

| Grootte van gesin | Gemiddelde inkomstegroep |
|---|---|
| 1 | £ 5 - £ 9.19.9 |
| 2 | £ 5 - £ 9.19.9 |
| 3 | £10 - £14.19.9 |
| 4 | £10 - £14.19.9 |
| 5 | £10 - £14.19.9 |
| 6 | £20 - £24.19.9 |
| 7 | £20 - £24.19.9 |
| 8 | £20 - £24.19.9 |
| 9 | £20 - £24.19.9 |
| 10 | £20 - £24.19.9 |
| 11 | £15 - £19.19.9 |
| 12 | £20 - £24.19.9 |
| 13 | £15 - £19.19.9 |
| 14 | £35 - £39.19.9 |
| 15 | £35 - £39.19.9 |
| 16 | £30 - £34.19.9 |
| 17 | £35 - £39.19.9 |
| 18 | - |
| 19 | £50 + |
| Groot gemiddelde | £10 - £14.19.9 |

Die totale inkomste van Hovesground is £11,258 per maand wat 'n gemiddelde ekonomiese ruilmiddel van £3.43 per persoon per maand gee. Hier is dit van belang om te probeer bepaal wat die trefwydte is van hierdie inkomste, met ander woorde welke lewenspeil die gesinne kan handhaaf op hulle inkomste. Die bruikbaarste formule in die verband is dié uitgewerk en verbeter deur Booth, Rowntree, Bowley en Batson.[1] Hierdeur word 'n

258/ .....

1) Sien Batson, E. The Poverty Line in Cape Town: The Social Survey of Cape Town - Series of Reports on a Survey of Greater Cape Town. S.S. 3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sogenaamde „Poverty Datum Line" vasgestel - 'n absolute minimum inkomste waarop 'n persoon of persone teoreties kan leef en voortbestaan. Hiervolgens word minimum uitgawes op die volgende items bereken:

A. Voedsel
B. Kleding
C. Brandstof, beligting en skoonmaakmiddels.
D. Vervoer.
E. Belasting.
F. Huur.

Hierdie formule is in 1952 deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad aangepas by die behoeftes van die Bantoe en die verhoogde lewenskoste[1)] gebaseer op 'n studie gedoen deur Ethel Wix[2)] en 'n bepaling van 'n minimum dieët deur die Voedingsnavorsings-afdeling van dieselfde instituut.

Die skale vir die minimum uitgawes per maand op die verskillende items, aangepas aan omstandighede in Hovesground, is as volg uitgewerk:

A. <u>Voedsel</u>.

| | |
|---|---|
| Volwasse man ........................ | £1.18.1 |
| Volwasse vrou........................ | £1.16.7 |
| Volwasse vrou (voedende moeder)..... | £2. 6.4 |
| Seuns 13-15 jaar ................... | £2. 0.9 |
| Seuns 16-20 jaar ................... | £2. 7.4 |
| Dogters 13-15 jaar ................. | £1.17.4 |
| Dogters 16-20 jaar ................. | £1.15.8 |
| Kinders 1-3 jaar ................... | £ 17.1 |
| Kinders 4-6 jaar ................... | £1. 4.0 |
| Kinders 7-9 jaar ................... | £1.10.0 |
| Kinders 10-12 jaar ................. | £1.12.2 |

259/ .....

1) Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: <u>Final Report of the Socio-Economic Survey at Payneville Location, Springs, Undertaken to collect Necessary Data for the design of the new Native township of Kwa-Thema</u>. 1953,p.25 e.v.

2) Ethel Wix: <u>The Cost of Living, August - December 1950</u>. South African Institute of Race Relations.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



B. Kleding.

Mans: 14s. 6d. per maand (een jas oor 'n periode van drie jaar, asook die volgende kledingstukke jaarliks: een baadjie, twee broeke, twee paar skoene, vier hemde).

Vroue: 16s. 2d. per maand (een jas oor 'n periode van drie jaar, asook die volgende kledingstukke jaarliks: vier rokke, twee paar skoene, onderklere)

Seuns 1-10 jaar : 4s. 9d.

Seuns 11-18 jaar : 9s. 6d.

Dogters 1-10 " : 5s. 5d.

Dogters 11-18 " : 10s. 10d.

Kinders onder een jaar: 3s.

C. Brandstof, beligting en skoonmaakmiddels.

Skoonmaakmiddels: 2s. 2d. per persoon.

Brandstof en beligting (kerse, vuurhoutjies, kool en hout): 12s. 6d. per maand vir die eerste persoon per gesin en 1s. vir alle ander gesinslede.

D. Vervoer.

Vervoer vanaf Hovesground na Pretoria kos 3d. per rit. Aangesien ongeveer 60% van die mans per fiets werktoe ry, kan hierdie uitgawe as volg gestel word:

5s. per manlike arbeider per maand.

12s. per vroulike arbeider per maand.

E. Belasting.

Belasting is £1 per jaar vir iedere man bo die ouderdom van 16 jaar, of 1s. 8d. per maand.

F. Huur.

Die huur deur eienaars aan die Pretoriase Stadsraad betaalbaar is 10s. per maand per perseel, bestaande uit 4s. huur, 4s. per sanitêre emmer, 1s. vir watervoorsiening en 1s. vir vuilgoedverwydering. Op grond van die digte bewoning, het die meeste persele meer as een sanitêre emmer, sodat die gemiddelde huur 14s. per maand bedra. Hierbenewens is die gemiddelde koste van elektrisiteitsvoorsiening 7s. 6d. per perseel per maand, sodat die totale bedrag deur eienaars betaalbaar gemiddeld op £1.1.6

260/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



per maand te staan kom. Die gemiddelde huur deur onder-huurders aan eienaars betaalbaar, is £1.5.0 per maand.

Hierdie skaal, toegepas op al die inwoners van Hovesground, kan dan as volg uitgewerk word:

A. Voedsel.

| | | |
|---|---|---|
| 938 Volwasse mans @ £1.18.1 .... | £1,786. 2. 2 | |
| 839 Volwasse vroue @ £1.16.7 ... | 1,534.13. 5 | |
| 88 Voedende moeders[1] @ £2.6.4. | 203.17. 4 | |
| 128 Seuns 13-15 jaar @ £2.0.9 .. | 260.16. 0 | |
| 180 Seuns 16-20 jaar @ £2.7.4 .. | 426. 0. 0 | |
| 57 Dogters 13-15 jaar @ £1.17.4 | 106. 8. 0 | |
| 80 Dogters 16-20 jaar @ £1.15.8 | 142.13. 4 | |
| 236 Kinders 1-3 jaar @ £0.17.1 . | 201.11. 8 | |
| 205 Kinders 4-6 jaar @ £1.4.0 .. | 246. 0. 0 | |
| 234 Kinders 7-9 jaar @ £1.10.0 . | 351. 0. 0 | |
| 202 Kinders 10-12 jaar @ £1.12.2 | 324.17. 8 | |
| Totaal 3275 persone ........ | | £5,583.19. 7 |

B. Kleding.

| | | |
|---|---|---|
| 980 Volwasse mans @ 14s.6d. .... | £ 710.10. 0 | |
| 946 Volwasse vroue @ 16s.2d. ... | 764.13. 8 | |
| 335 Seuns 1-10 jaar @ 4s.9d. ... | 79.10. 5 | |
| 354 Seuns 11-18 jaar @ 9s.6d. .. | 168. 3. 0 | |
| 511 Dogters 1-10 jaar @ 5s. 5d.. | 138. 7.11 | |
| 161 Dogters 11-18 jaar @ 10s.10d | 87. 4. 2 | |
| 88 Kinders onder 1 jaar @ 3s... | 13. 4. 0 | |
| Totaal 3,275 persone ....... | | £1,961.13. 2 |

C. Brandstof, beligting en skoonmaakmiddels.

| | | |
|---|---|---|
| 1. Skoonmaakmiddels 3,275 persone @ 2s. 2d. ............ | £ 354.15.10 | |
| 2. Brandstof en beligting 725 gesinne @ 12s. 6d. ........ | 453. 2. 6 | |
| + 2,550 gesinslede @ 1s. .. | 127.10. 0 | |
| Totaal 3,275 persone ....... | | £ 935. 8. 4 |

D. Vervoer.

| | | |
|---|---|---|
| 806 Werkende mans @ 5s. ........ | £ 201.10. 0 | |
| 320 Werkende vroue @ 12s. ...... | 192. 0. 0 | |
| Totaal 1,126 werkers ....... | | £ 393.10. 0 |

E. Belasting.

| | | |
|---|---|---|
| 1,118 mans bo 16 jaar @ 1s.8d... | | £ 93. 3. 4 |

F. Huur.

| | | |
|---|---|---|
| 121 Eienaar-gesinne @ £1.1.6 ... | £ 211. 1. 6 | |
| 516 Huurder-eenhede @ £1.5.0 ... | 645. 0. 0 | |
| Totaal ..................... | | £ 856. 1. 6 |
| GROOT TOTAAL .... | | £9,823.15.11 |

1) Geen voorsiening word gemaak vir kinders onder een jaar nie, en word dus aanvaar dat vir alle kinders in hierdie groep daar 'n voedende moeder sal wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met 'n totale inkomste van £11,258 per maand vir alle persone in Hovesground voorsien die gemeenskap dus net genoeg om die absolute minimum leefbare inkomste van £9,824 per maand te oorskry. Die werklike inkomste oorskry die teoretiese minimum met £1,434 per maand, of ongeveer 8s. 8d. per persoon per maand.

Soos reeds aangedui, is daar 'n besondere groot verskil in die gesinsinkome per maand. Die inkomste van sommige gesinne strek oor die £50 per maand, terwyl ander gesinne geen inkome tydens die opname gehad het nie. Om die gesinne van Hovesground in inkomstegroepe in te deel, is dit dus nodig om hierdie formule op 'n gesinsbasis uit te werk.

Die volgende tabel toon dan aan 'n vergelyking tussen die minimum moontlike inkomste volgens die formule, met die werklike inkomste van die twee-en-twintig gesinne van ons inkomstegroep:

<u>Die minimum leefbare inkomste teenoor die werklike inkomste van 22 gesinne.</u>

| Gesin Nr. | Minimum Inkomste. | Werklike Inkomste. | Bedrag onder minimum | Bedrag oor minimum |
|---|---|---|---|---|
| | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
| 1 | 17.14. 0 | 16.15. 0 | 19. 0 | - |
| 2 | 15. 0.10 | 18. 0. 0 | - | 2.19. 2 |
| 3 | 24. 0. 7 | 11. 0. 0 | 13. 0. 7 | - |
| 4 | 11. 1.11 | 9. 0. 0 | 2. 1.11 | - |
| 5 | 9. 2. 6 | 10. 5. 0 | - | 1. 2. 6 |
| 6 | 23.18.11 | 27.11. 3 | - | 3.12. 4 |
| 7 | 8. 4.10 | 25. 0. 0 | - | 16.15. 2 |
| 8 | 19. 3. 7 | 27. 0. 0 | - | 7.16. 5 |
| 9 | 17. 7. 8 | 28.18. 0 | - | 11.10. 4 |
| 10 | 39.10.11 | 18. 0. 0 | 21.10.11 | - |
| 11 | 26. 4. 3 | 15. 0. 0 | 11. 4. 3 | - |
| 12 | 14.10. 0 | 4.15. 0 | 9.15. 0 | - |
| 13 | 8.17. 3 | 4. 5. 0 | 4.12. 3 | - |
| 14 | 10. 2. 8 | 10.10. 0 | - | 7. 4 |
| 15 | 11. 9. 2 | 21. 0. 0 | - | 9.10.10 |
| 16 | 16. 9. 7 | 13.15. 0 | 2.14. 7 | - |
| 17 | 10.13. 4 | 17. 0. 0 | - | 6. 6. 8 |
| 18 | 21.11. 8 | 15.10. 0 | 6. 1. 8 | - |
| 19 | 12. 5. 0 | 9.15. 0 | 2.10. 0 | - |
| 20 | 8. 0. 0 | 8.15. 0 | - | 15. 0 |
| 21 | 12. 6. 3 | 14.12. 0 | - | 2. 5. 9 |
| 22 | 11. 4. 8 | 12. 0. 0 | - | 15. 4 |
| Totaal | £348.19. 7 | £338. 6. 3 | £74.10. 2 | £63.16.10 |

262/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk hieruit dat tien gesinne, of 45.4% benede die „poverty datum line" leef, terwyl twaalf gesinne, of 54.6% 'n inkome bo hierdie minimum het. Oor die geheel egter is daar 'n tekort van £10.13.4, sodat die groep as geheel minder verdien as wat nodig is vir die absoluut noodsaaklike. Hierby moet herinner word dat, soos reeds aangetoon, die monstergroep so gekies is dat elf gesinne 'n inkomste van onder £15 per maand het en elf gesinne 'n inkomste oor £15 per maand, terwyl in die geheel 60.9% van die gesinne minder as £15 per maand verdien. Alhoewel gesinne met 'n inkomste van onder £15 per maand wel bokant die „poverty datum line" kan leef, kan aanvaar word dat onder die gesinne in geheel geneem, daar 'n groter voorkoms onder die „poverty datum line" sal wees as onder ons monstergroep.

Daar kan wel sekere kritiek teen hierdie formule ingebring word. Daar word bv. nie voorsiening gemaak vir inkomste in natura van trek-arbeiders nie, asook nie van die onwettige inkomste wat 'n baie groot persentasie van die bewoners wel het nie. Geen navorser sal ooit hierdie inkomste kan bepaal nie. Ook is twee paar skoene per man per jaar seker minder noodsaaklik as byvoorbeeld mediese onkoste wat tog af en toe noodsaaklikerwys aangewend moet word. Tog kan hierdie formule as 'n handige maatstaf dien om die bevolking van Hovesground in inkomstegroepe in te deel, aangesien die foute in die formule in die geheel waarskynlik alle gesinne gelyk sal tref.

Om die gesinne in ons monstergroep dan in vier inkomstegroepe in te deel, sal ons vervolgens die formule as volg aanwend: nadat die gesinne ingedeel is in dié gesinne wie se inkomste benede die minimum standaard val, en dié wie se inkomste daarbo val, kan ons ieder van die twee groepe verder verdeel deur sub-groepe te maak van die gesinne by wie die verskil tussen die werklike inkomste en die minimum inkomste meer is as helfte van die minimum inkomste. Op ons monstergroep toegepas, is dit dan as volg:

263/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



<u>Indeling van 22 gesinne in 4 inkomstegroepe</u>.

<table>
<tr><td rowspan="2">Aantal gesinne met 'n inkomste laer as die minimum inkomste.</td><td rowspan="2">10</td><td>4</td><td>Bedrag onder minimum meer as helfte van die minimum inkomste.</td><td>A</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Bedrag onder minimum minder as helfte van die minimum inkomste.</td><td>B</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Aantal gesinne met 'n inkomste hoër as die minimum inkomste.</td><td rowspan="2">12</td><td>8</td><td>Bedrag oor minimum minder as helfte van die minimum inkomste.</td><td>C</td></tr>
<tr><td>4</td><td>Bedrag oor minimum meer as helfte van die minimum inkomste.</td><td>D</td></tr>
</table>

Groep A sou dan beskryf kan word as 'n <u>sub-sub-ekonomiese</u> groep, groep B as 'n <u>sub-ekonomiese</u> groep, C as 'n <u>ekonomiese</u> groep en D as 'n <u>hoër-ekonomiese</u> groep. In ons monstergroep val daar dan 18.2% in groep A, 27.2% in groep B, 36.4% in groep C en 18.2% in groep D.

Om die geldigheid van hierdie groepering te toets, is 'n lys van die 22 gesinne opgestel en aan 'n paar inwoners gevra om hulle volgens rykdom te klassifiseer. Met uitsondering van 3 gevalle waar gesinne in groepe B en C verkeerd geklassifiseer is, is al die ander gesinne in korrekte volgorde geplaas.

Een opvallende eienskap van die klassifikasie is dat al die gesinne in groep D eienaar-gesinne is, terwyl daar in groep A geen eienaars voorkom nie. Die klaarblyklike verklaring is dat eienaargesinne oor die algemeen langer in die stadsgebied woonagtig is en deur ondervinding en 'n hoër mate van skoling beter besoldigde betrekkings verwerf. Bykomstig ook is dit waar dat hulle ook 'n inkomste verkry uit die onder-verhuur van kamers.

Oor die algemeen kan gekonstateer word dat jonger mense en weduwees in die laer inkomstegroepe val, terwyl middeljarige en ouer mense in die hoër inkomstegroepe leef.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Behuising.

Van al die swak toestande in Hovesground, is die behuising sekerlik die ergste. Op 'n paar uitsonderinge na, sàl die meeste huise of krotjies nie voldoen aan die normale minimum vereistes wat konstruksie, lig, lug en vloeroppervlakte per persoon betref nie.

Soos reeds in die inleiding beskryf, het Hovesground sy ontstaan gehad deurdat 'n Bantoe-sindikaat die stuk grond gekoop het, waarvan elke aandeelhouer eiendomsreg op 'n perseel verkry het waarop hy sy eie huis kon bou. Later is die grond deur die Stadsraad van Pretoria oorgeneem en is persele van vyftig voet vierkant rondom hierdie huise afgepen. Namate die Bantoebevolking van Pretoria vermeerder het, het die huis-eienaars onder-huurders begin inneem, aanvanklik deur kamers in hulle eie huise te verhuur, maar later is ander vertrekke op die persele vir die doel aangebring.

Die aanvanklike eienaars het hulle huise gebou sonder dat daar enige beperkinge betreffende minimum standaarde opgelê is. Nadat die grond deur die Stadsraad oorgeneem is, was daar 'n wetlike vereiste dat vir alle aanbouings of buitekamers, die planne eers goedgekeur moes word. Aan hierdie vereiste is egter nooit voldoen nie, en kon die bewoners ongehinderd bou soos dit hulle gepas het. Deur hierdie verloop van omstandighede het die huidige benarde posisie ontstaan. Op iedere perseel staan een redelike groot huis, feitlik almal omring deur 'n hele boel krotjies waarin, naas sommige kamers in die huis self, die onderhuurders woon.

In totaal is daar 1033 vertrekke in die hele Hovesground, versprei oor die 151 persele. Teen die totale bevolking van 3,275 persone gee dit dus 'n bewoningsdigtheid van 3.17 persone per vertrek, of gesien teen die 725 gesinne, 'n gemiddelde van 1.42 vertrekke per gesin met 'n gemiddelde gesinsgrootte van 4.5. Die aantal vertrekke bewoon deur die gesinne, gesien teen die grootte van die gesinne, word deur die volgende tabel weergegee.

265/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grootte van gesinne per aantal vertrekke bewoon.

| Aantal persone per gesin. | Aantal vertrekke waarin gesin woon. | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | |
| 1 | 126 | 4 | 1 | - | - | - | - | - | 131 |
| 2 | 41 | 23 | 6 | 3 | - | - | - | - | 73 |
| 3 | 56 | 28 | 4 | 1 | 1 | - | - | - | 90 |
| 4 | 49 | 31 | 7 | 5 | 2 | 1 | - | 1 | 96 |
| 5 | 54 | 35 | 6 | 3 | 1 | 2 | - | - | 101 |
| 6 | 33 | 24 | 12 | 4 | 2 | 3 | - | - | 78 |
| 7 | 21 | 27 | 6 | 3 | 1 | 1 | - | - | 59 |
| 8 | 12 | 14 | 3 | 1 | 3 | - | 1 | - | 34 |
| 9 | 6 | 12 | 2 | 2 | 1 | 2 | - | - | 25 |
| 10 | 2 | 5 | - | 4 | 1 | 1 | - | - | 13 |
| 11 | 1 | 2 | 2 | - | 1 | 1 | - | - | 7 |
| 12 | 1 | 1 | 2 | - | - | 1 | - | - | 5 |
| 13 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | 4 |
| 14 | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 2 |
| 15 | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 3 |
| 16 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 17 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 2 |
| 18 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 19 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| Totaal | 403 | 209 | 54 | 29 | 16 | 12 | 1 | 1 | 725 |

Dit beteken dat daar 233 gevalle is waar kamers gedeel word deur twee of meer gesinne of gedeeltes van gesinne. Veral enkellopende mans deel dikwels kamers, maar daar is etlike gevalle waar groter gesinne kamers deel, ongeag geslagsverskille. Die geweldige en ongesonde digtheid van bewoning spreek duidelik uit die syfers, en dit is uidelik dat hierdie toestand 'n lae sedelikheidspeil in die hand moet werk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gemiddeld is daar 6.8 vertrekke per perseel, wat varieer vanaf 2 persele met 2 vertrekke elk, tot een perseel met 14 vertrekke. Die aantal vertrekke per perseel word deur die volgende tabel weergegee:

Voorkoms van aantal vertrekke per perseel.

| Aantal vertrekke per perseel. | Aantal persele. | Aantal vertrekke. |
|---|---|---|
| 1 | 0 | 0 |
| 2 | 2 | 4 |
| 3 | 4 | 12 |
| 4 | 17 | 68 |
| 5 | 23 | 115 |
| 6 | 32 | 192 |
| 7 | 19 | 133 |
| 8 | 20 | 160 |
| 9 | 14 | 126 |
| 10 | 6 | 60 |
| 11 | 9 | 99 |
| 12 | 2 | 24 |
| 13 | 2 | 26 |
| 14 | 1 | 14 |
| Totaal | 151 | 1,033 |

Die basiese materiaal van die vertrekke is òf sink, òf grondsteen (gebakte of gewone grondsteen) òf gewone klip. Alhoewel baie vertrekke uit meer as een van die materiale vervaardig is, kan gestel word dat die basiese boumateriaal van die verskillende vertrekke die volgende is:

901 - Sinkvertrekke.
71 - Grondsteenvertrekke.
61 - Klipvertrekke.

In die oorspronklike huise van die eienaars is in alle gevalle die huise volgens Blanke patroon gebou. Twee huise in Hovesground staan uit bo al die ander. Hulle is albei gebou van

267/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bakstene, en voldoen aan alle vereistes wat deur Blanke.gesinne in 'n Blanke voorstad van Pretoria gestel sal word. Hulle het albei ruim eet-, sit- en slaapvertrekke plus 'n kombuis en spens en is goed gebou met voldoende deure en vensters. Hierdie huise, wat altwee aan handelaars behoort, word goed onderhou en is altyd netjies en skoon. Die ander huise van eienaars val almal vêr benede hierdie peil. Hoofsaaklik van sink gebou, staan hulle nou al vir veertig jaar en meer en is almal in 'n verwaarloosde toestand. Sonder uitsondering lek hierdie huise almal en lyk die vertrekke na reën feitlik onbewoonbaar. Deurgaans het die huise almal sinkdakke en houtvloere. Gewoonlik is daar in iedere vertrek 'n venster, maar dié word selde of ooit oopgemaak. Dikwels is die ruite stukkend, en is die openinge toegemaak met karton of hout. Die netheid van die huise verskil baie, en terwyl die groot meerderheid vuil, donker en somber is, is daar sommige wat baie netjies en skoon onderhou word.

Die buitekamers staan meestal apart, los van mekaar, maar soms word twee of meer in 'n ry teenmekaar gebou om 'n tipe skakelhuis te vorm. In teenstelling tot die eienaar-huise, het hierdie vertrekke almal grond- of misvloere. Terwyl die boumateriaal ook aansienlik verskil, het hulle egter ook almal sinkdakke. Hierdie buite-vertrekke is dikwels gebou van materiaal wat die eienaars, of die onder-huurders self, optel of verniet gekry het. Gevolglik bestaan hulle uit 'n lapwerk van sink en stene, met dikwels hout, sak en karton tussenin. Die meerderheid het nie ruite nie, maar slegs luike wat oopgemaak kan word - iets wat selde gedoen word.

Op iedere perseel is daar een of meer latrines - die aantal word bepaal deur die aantal bewoners op die perseel. Die latrine-geboutjies, wat almal van sink gemaak is met 'n houtbank en meestal baie lamlendig is, funksioneer op die emmerstelsel, en die nagvuil word tweemaal per week verwyder. Ook bestaan daar 'n stelsel van vuilgoedverwydering, en word as en

268/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander afval gereeld deur die Stadsraad verwyder. Op verskeie punte in die gebied is waterkrane aangebring waar die inwoners kan water tap soveel hulle benodig. Geen water is aangelê na die huise nie, met die gevolg dat die mense hulle moet was uit die waterkanne wat hulle aandra. In alle strate is elektriese ligte aangebring, terwyl die gesinne wat daarvoor vra en die koste van installering kan betaal, elektriese geleiding in hulle huise kan kry. In die meerderheid van huise bestaan daar elektriese beligting in die huise van eienaars, maar nie in die buitevertrekke nie, en maak dié inwoners gebruik van kerse en paraffienlampe vir beligting. Die huur-gelde is reeds bespreek, en bedra gemiddeld £1.1.6 per maand vir eienaars en £1.5.0 per maand vir onder-huurders.

In slegs twee van die huise, die bespreekte twee wat aan Blanke standaarde voldoen, is daar voorsiening gemaak vir kaggels om verwarming te verskaf gedurende die wintermaande. Al die ander gesinne maak gebruik van emmers of klein dromme waarin gate in die sykante aangebring is, en waarin koolvure gemaak word. Wanneer die vure goed brand, word die „kaggels" in die huis ingedra en sit die gesinslede daarom. Hierdie gevaarlike vorm van verwarming word algemeen aangetref onder die Bantoe van Suid-Afrika, en is daar jaarliks 'n groot getal sterfgevalle as gevolg van koolstofmonoksied vergiftiging.

Die leefwyse tussen die huisbewoners en die buitekamer bewoners verskil aanmerklik. Die meeste huis-eienaars het woonvertrekke waar die gesinslede hul aande kan deurbring, en waar die vroue ook soms bedags sit as hulle naaldwerk doen. Die agterkamerbewoners, wat gewoonlik net een vertrek per gesin het, bou gewoonlik 'n klein afskorting van pale met 'n dak oor buite die kamer waar hulle 'n groot gedeelte van hulle tyd tuis deurbring. Die tradisionele Bantoegebruik om 'n lapa, of 'n ommuurde werf te bou, word egter nog in die oorgrote meerderheid van gevalle aangetref - gewoonlik agter die huis van die eienaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hier bring die mense die grootste gedeelte van die dag deur en is dit die algemene vergaderplek van al die bewoners van die perseel.

In slegs die twee reeds genoemde gevalle, is daar huise met kombuise. Deur die ander gesinne word voedsel buite gekook en voorberei in spesiale afskortingkies in die lapa, terwyl die agterkamerbewoners kook in die afskortingkies wat hulle by hulle kamers aanbring.

Die voorkoms van meubels en ander gebruiksvoorwerpe varieer besonder baie. Die volgende tabel gee die persentasie voorkoms van sekere artikels weer:

Voorkoms van sekere meubels en gebruiksvoorwerpe.

| Aard van voorwerpe | % voorkoms by gesinne. |
|---|---|
| Sitkamerstelle ... | 15.0 |
| Eetkamerstelle ... | 37.7 |
| Slaapkamerstelle . | 7.2 |
| Kombuismeubels ... | 0.2 |
| Elektriese stowe . | 0.2 |
| Koolstowe ........ | 39.3 |
| Yskaste .......... | 0.1 |
| Draadlose ........ | 12.0 |
| Grammofoons ...... | 19.9 |
| Naai-masjiene .... | 21.3 |

Hieruit blyk duidelik die, verhoudingsgewyse, groot voorkoms van luukse-artikels soos draadlose en grammofoons teenoor meer belangrike meubels.

Gesinne wat nie stowe het nie, kook dikwels op primus-stowe, of anders maak hulle vuur in 'n blik of op die grond. Die meeste gesinne het een of meer beddens, alhoewel gewoonlik nie genoeg vir al die gesinslede nie en die kinders meestal op die vloer slaap.

270/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die huis-eienaars het byna almal in die woonvertrek 'n tafel, 'n paar stoele en 'n vertoonkas waarin 'n paar koppies, borde, glase en waterbekers gehou word. Tapyte word selde aangetref. Deurdat die huiseienaars gewoonlik meer kamers bewoon as die huurders, het hulle oor die algemeen heelwat meer meubels as die onder-huurders. Wat kook- en eetgerei betref, is die gesinne oor die algemeen redelik goed voorsien, en het almal 'n paar kookpotte, messe, vurke, lepels, borde en koppies. Die voorkoms van tradisionele Bantoegebruiksvoorwerpe is laag, met die uitsondering van kookgereedskap waar heelwat tradisionele hout- en vlegwerk aangetref word.

Daar is 'n besliste korrelasie tussen die inkomstegroep en die vorm van behuising en besit van meubels en gebruiksvoorwerpe. Die eienaar-gesinne, wat verreweg die beste behuising het, val meestal in groepe D en C, terwyl daar geen eienaars in groep A aangetref word nie. Ook persone wat sitkamerstelle en eetkamerstelle besit, val meestal in groepe C en D, en besit al die gesinne in groep D sulke stelle. Die besit van naai-masjiene draadlose en grammofoons word egter ook in groep A aangetref. Daar bestaan egter weinig korrelasie tussen netheid en inkomstegroep. Alhoewel persone in groep D meestal netjies op hulle huise is, vind mens van die skoonste huise of kamers by groep A, en van die vuilste onder groep C.

(c) Kleding.

Oor die algemeen dra die Bantoe van Hovesground Blanke klere. Onder die Shangaan en Venda vroue is daar 'n betreklike hoë persentasie wat nog die tradisionele klere dra, maar onder die ander etniese groepe dra die vroue almal Blanke klere, terwyl alle mans Blanke klere dra.

In die geheel is die kleding eenvoudig en selfs verwaarloos. Daar word nie gereeld klere gekoop nie, en wanneer daar op uitgawes besnoei moet word, is klere gewoonlik die eerste

271/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



item wat ten koste van voedsel prysgegee moet word. Daar word dus gewoonlik slegs klere gekoop wanneer daar 'n bietjie geld oorskiet. Dit veroorsaak vanselfsprekend dat gesinne in die hoër inkomstegroepe meer aan klere kan bestee as persone in die laer inkomstegroepe. Die klere van jong kinders van alle inkomstegroepe is karig. Seuntjies dra dikwels net 'n hemp of anders net 'n hemp en 'n broek, terwyl dogtertjies net 'n rokkie dra. Sodra kinders begin skoolgaan, begin hulle meer netjies aantrek, en dra die kinders wie se ouers dit kan bekostig 'n skool-uniform. Dikwels gaan hulle egter nog kaalvoet.

By volwassenes bestaan daar 'n besliste korrelasie tussen geslag en kleding. Oor die algemeen is mans baie netjieser gekleed as die vroue. Daar bestaan ook 'n verdere korrelasie tussen ouderdom en kleding, en jonger volwassenes, veral die mans, probeer altyd sover hulle vermoë dit toelaat, om baie netjies en volgens die nuutste modes gekleed te gaan. Daar bestaan selfs 'n neiging onder jongmans om geld te bestee aan klere ten koste van voedsel en ander noodsaaklike uitgawes. 'n Derde korrelasie is dié tussen kleding en beroep. Mans wat handearbeid verrig of ongeskoolde nywerheidswerkers bestee relatief minder aan hul kleding as kantoor of klerikale werkers.

Oor die algemeen dra mans skoene, minder dikwels kouse, 'n langbroek en 'n baadjie of 'n pak klere en soms 'n „overall" 'n hemp en soms 'n das, en byna altyd 'n hoed of 'n pet. Vroue dra gewoonlik 'n eenvoudige rok en skoene, asook wanneer hulle uitgaan 'n kopdoek of 'n baret, of soms 'n hoed. Onder sommige jonger vroue, van die sogenaamde „social set" is daar tans 'n neiging om baie netjies aan te trek met, benewens 'n netjiese rok of baadjie-pak, sykouse en grimering.

Alhoewel, soos reeds gesê, persone van laer inkomstegroepe minder geld kan bestee aan klere as persone van die hoër inkomstegroepe, is persone in groep D, nie die besgeklede lede van die gemeenskap nie. Gewoonlik bestee hulle 'n redelike be-

272/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drag aan klere, maar is, alhoewel netjies gekleed, betreklik konserwatief en besit nie so baie klere nie. Persone in groep B, en veral in groep C bestee die meeste aan klere, besit meer klere as persone in die ander inkomstegroepe, en is geneig om meer belang te stel in die nuwere, Amerikaanse, modes en kleredrag. Dit is dan veral onder die jongmans van hierdie groep waar die meeste geld aan kleding bestee word.

(d) Vryetydsbesteding.

Op vryetydsbesteding word 'n minimum van geld deur die inwoners bestee. Die enigste vorme van vryetydsbesteding wat geld kos is bioskoop, drank en leesstof. Dit is dus moontlik vir inwoners van alle inkomstegroepe om hul vrye tyd te bestee op min of meer dieselfde wyse as die res van die gemeenskap. Daar bestaan dus weinig korrelasie tussen die vorm van vryetydsbesteding en die inkomstegroep, maar wel tussen vryetydsbesteding en ouderdom en geslag.[1)]

Daar bestaan 'n besliste groep onder die jonger volwassenes, wat bekend staan as die „social set" of die „smarter set" wat graag deelneem aan sosiale funksies, danse en tennis en gholf speel. Hoofsaaklik bevind hierdie groep hulle egter nie in inkomstegroep D nie, maar veral in groep C, asook in groep B. Ook word die meeste bioskoopgangers onder hierdie groepe aangetref. Mans uit groep D koop egter meer gereeld koerante as enige ander groep, terwyl die minste koerantkopers onder groep A aangetref word. Wat die gebruik van drank betref, wil dit voorkom asof die korrelasie omgekeerd is. Die grootste drankverbruik kom voor in groepe B en C, terwyl daar 'n groter mate van drankverbruik in groep A as in groep D is. Aangesien bier nog as 'n vorm van kos beskou kan word, en nie bloot as 'n drank nie, word daar nie op hierdie uitgawe bespaar terwille van voedsel nie, en bly die uitgawe aan bier deurgaans konstant.

273/ .....

1) Sien Hoofstuk IV.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Vervoer.

Uitgawe aan vervoer, van en na die werksplek, vorm vir die gemiddelde stedelike Bantoe 'n aansienlike persentasie van die maandelikse inkomste. Hierdie uitgawe is vir die inwoners van Hovesground egter relatief baie laag omdat die lokasie so dig by die middestad van Pretoria geleë is. Tewens, toe die verskuiwing van die inwoners na 'n beter beplande en goedgeboude lokasie ter sprake gekom het, was hulle aanvanklike beswaar dat hulle nie verder van die middestad wou gaan woon nie, vanweë die lae vervoerkoste. Met die uitwerk van die teoretiese minimum uitgawe vir alle inwoners van Hovesground gesamentlik, is reeds vasgestel dat die totale minimum uitgawe £9,823.16.9 bedra, terwyl die uitgawe aan vervoer maar £393.10.0 of slegs 4.0% hiervan beloop. Hierdie vorm dus maar 'n geringe deel van die maandelikse uitgawe.

Skoolgaande kinders in die laerskole loop almal skooltoe, aangesien die skole almal in Bantule geleë is. Weens die nabyheid van hulle wonings aan hulle werksplekke, besit 'n goeie 60% van die mans fietse, waarmee hulle daagliks na en van hulle werk ry, sodat hulle net die aanvanklike kapitale uitgawe moet maak om vir hulle fietse te koop. Hoofsaaklik ry die orige mans en die werkende vroue per bus, wat 3d. per rit tot in die middestad kos, of 2s.6d. tot 3s. per week, wat bepaal word deurdat hulle 'n vyf- of ses-dag werksweek werk. Daar is ook 'n spoorweghalte by Bantule met 'n gereelde treindiens van en na die hoofstasie in Pretoria. Enkel ritte kos 6d., maar maandkaarte is teen 13s. 9d. verkrygbaar. Aangesien die stasie in Pretoria dikwels verder van die werksplek geleë is as Hovesground self, maak maar 'n geringe persentasie van die inwoners gebruik van hierdie diens. Slegs drie inwoners van Hovesground besit motorkarre, en hulle is almal handelaars wat nie daagliks na die stad hoef te ry nie.

Die enigste korrelasie tussen vervoer en inkomstegroep,

274/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is dat mans uit groep D nie per fiets ry nie, maar die busvervoer verkies, terwyl gemiddeld meer mans uit groep C per bus ry as wat die geval met mans uit groep B is, en slegs in enkele gevalle mans uit groep A bus ry.

(f) Diëet.

Gedurende Julie en Augustus 1956 is daaglikse state van die inkomste en uitgawes van elf gesinne uit die monstergroep aangeteken. Julie-maand is gebruik om die gesinne op te lei, en die werklike inkomste- en uitgawestate wat hier gebruik word, is dan die van Augustus. Gedurende hierdie maand was daar vier Sondae, sodat daar 27 dae was waarin gekoop kon word. Die uitgawes aan voedsel van die gesinne was die volgende:

Gesin Nr. 1. Inkomstegroep B.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis .......................... | 3 | 5 | 6 |
| Vis .......................... | 0 | 12 | 10 |
| Mieliemeel .......................... | 1 | 9 | 0 |
| Stamp-mielies .......................... | 0 | 2 | 0 |
| Mielierys .......................... | 0 | 2 | 0 |
| Boermeel .......................... | 0 | 1 | 0 |
| Kafferkoring .......................... | 0 | 4 | 0 |
| Brood (wit) .......................... | 0 | 8 | 7½ |
| Brood (bruin) .......................... | 1 | 1 | 0 |
| Melk (vars) .......................... | 0 | 1 | 2 |
| Melk (blik) .......................... | 0 | 3 | 6 |
| Suiker .......................... | 0 | 7 | 0 |
| Tee .......................... | 0 | 2 | 3 |
| Aartappels .......................... | 0 | 5 | 6 |
| Tamaties .......................... | 0 | 4 | 0 |
| Uie .......................... | 0 | 3 | 0 |
| Kool .......................... | 0 | 2 | 0 |
| Beet .......................... | 0 | 0 | 3 |
| Asyn .......................... | 0 | 0 | 6 |
| Vet .......................... | 0 | 0 | 6 |
| | £8 | 15 | 10½ |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die skaal van minimum uitgawes, is die minimum uitgawe aan kos vir die gesin £10.13.10, sodat die gesin £1.17.11½ minder aan kos bestee het as die berekende minimum.

Gesin Nr. 2. Inkomstegroep C.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis ............................ | 3 | 12 | 6 |
| Vleis (blik) ..................... | 0 | 3 | 0 |
| Eiers ............................ | 0 | 3 | 0 |
| Mieliemeel ....................... | 1 | 5 | 0 |
| Meelblom ......................... | 0 | 4 | 0 |
| Rys .............................. | 0 | 7 | 8 |
| Kafferkoring ..................... | 0 | 3 | 6 |
| Brood (wit) ...................... | 0 | 17 | 8 |
| Brood (bruin) .................... | 0 | 4 | 1 |
| Melk (blik) ...................... | 0 | 13 | 9 |
| Suiker ........................... | 0 | 11 | 6 |
| Bruinsuiker ...................... | 0 | 1 | 6 |
| Tee .............................. | 1 | 0 | 3 |
| Aartappels ....................... | 0 | 7 | 6 |
| Tamaties ......................... | 0 | 9 | 5 |
| Uie .............................. | 0 | 4 | 9 |
| Kool ............................. | 0 | 3 | 6 |
| Beet ............................. | 0 | 1 | 0 |
| Piesangs ......................... | 0 | 1 | 0 |
| Pynappel ......................... | 0 | 2 | 6 |
| Sout ............................. | 0 | 2 | 5 |
| Asyn ............................. | 0 | 1 | 2 |
| Bakpoeier ........................ | 0 | 0 | 9 |
| Pastrine ......................... | 0 | 2 | 0 |
| | £11 | 3 | 5 |

Die minimum berekende uitgawe aan voedsel vir hierdie gesin is £10.8.2, sodat die minimum in dié geval met 15s. 3d. oorskry is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesin Nr. 3. Inkomstegroep A.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis | 2 | 12 | 6 |
| Mieliemeel | 1 | 5 | 6 |
| Mielierys | 0 | 1 | 6 |
| Kafferkoring | 0 | 2 | 0 |
| Melk (vars) | 0 | 0 | 7 |
| Suiker | 0 | 9 | 6 |
| Tee | 0 | 6 | 3 |
| Aartappels | 0 | 5 | 0 |
| Tamaties | 0 | 4 | 9 |
| Kool | 0 | 1 | 6 |
| Uie | 0 | 0 | 6 |
| Pampoen | 0 | 0 | 6 |
| Atjar | 0 | 0 | 7 |
| | £5 | 10 | 8 |

Die minimum uitgawe aan voedsel is in hierdie geval £14.6.2 sodat £8.15.6, of meer as die helfte minder van hierdie bedrag bestee is.

Gesin Nr. 4. Inkomstegroep B.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis | 2 | 8 | 0 |
| Biltong | 0 | 2 | 0 |
| Mieliemeel | 1 | 15 | 0 |
| Rys | 0 | 3 | 0 |
| Boermeel | 0 | 10 | 0 |
| Kafferkoring | 0 | 4 | 3 |
| Vetkoek | 0 | 0 | 3 |
| Melk (vars) | 0 | 1 | 2 |
| Melk (blik) | 0 | 2 | 4 |
| Suiker | 0 | 7 | 10 |
| Tee | 0 | 11 | 6 |
| Kool | 0 | 1 | 0 |
| Wortels | 0 | 0 | 6 |
| Aartappels | 0 | 8 | 3 |
| Tamaties | 0 | 2 | 6 |
| Uie | 0 | 1 | 1 |
| Lekkergoed | 0 | 1 | 0 |
| Sout | 0 | 0 | 8 |
| Bier | 0 | 12 | 0 |
| | £7. | 12. | 4 |

277/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die minimum uitgawe aan voedsel vir die gesin is bereken op £7.4.4, sodat die minimum oorskry is met 8s.

Gesin Nr. 5. Inkomstegroep C.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis | 4 | 3 | 9 |
| Vis | 0 | 9 | 6 |
| Mieliemeel | 0 | 3 | 6 |
| Meelblom | 1 | 14 | 0 |
| Mielierys | 0 | 2 | 6 |
| Kafferkoring | 0 | 2 | 4 |
| Rys | 0 | 3 | 3 |
| Brood (wit) | 0 | 2 | 4½ |
| Brood (bruin) | 0 | 7 | 7 |
| Melk (blik) | 0 | 8 | 2 |
| Suiker | 0 | 11 | 0 |
| Tee | 0 | 7 | 4 |
| Aartappelskyfies | 0 | 2 | 0 |
| Aartappels | 0 | 13 | 6 |
| Tamaties | 0 | 12 | 3 |
| Patats | 0 | 0 | 6 |
| Uie | 0 | 8 | 9 |
| Piesangs | 0 | 0 | 3 |
| Botter | 0 | 3 | 4 |
| Vet | 0 | 14 | 0 |
| Olie | 1 | 9 | 9 |
| Bakpoeier | 0 | 2 | 6 |
| Sout | 0 | 2 | 4 |
| Asyn | 0 | 1 | 3 |
| Jellie | 0 | 1 | 2 |
| Vlapoeier | 0 | 2 | 1 |
| Konfyt | 0 | 3 | 0 |
| Atjar | 0 | 1 | 9 |
| Hoenderkos | 0 | 4 | 9 |
| | £13. | 18. | 5½ |

278/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die minimum uitgawe aan voedsel is in die geval met £10.8.2½ oorskry. Hier moet daar egter op gewys word dat die vrou vetkoeke vir verkoop maak, en alhoewel hulle self daarvan eet, die uitgawe aan olie, meelblom, vet en bakpoeier grotendeels nie die diëet van die gesin toegekom het nie.

Gesin Nr. 6. Inkomstegroep C.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis | 2 | 18 | 0 |
| Sout-vis | 0 | 9 | 0 |
| Weense worsies | 0 | 2 | 6 |
| Mieliemeel | 0 | 12 | 0 |
| Rys | 0 | 6 | 10 |
| Kafferkoring | 0 | 3 | 0 |
| Brood (wit) | 0 | 12 | 8 |
| Brood (bruin) | 0 | 1 | 2 |
| Melk (blik) | 0 | 9 | 4 |
| Suiker | 1 | 1 | 3 |
| Tee | 0 | 13 | 4 |
| Tamaties | 0 | 1 | 10 |
| Uie | 0 | 1 | 9 |
| Aartappels | 0 | 2 | 9 |
| Wortels | 0 | 2 | 0 |
| Groenbone | 0 | 0 | 9 |
| Blomkool | 0 | 0 | 6 |
| Ertjies | 0 | 0 | 6 |
| Knoffel | 0 | 0 | 3 |
| Vrugte (blik) | 0 | 3 | 0 |
| Sout | 0 | 1 | 10 |
| Olie | 0 | 6 | 0 |
| Botter | 0 | 1 | 3 |
| Peper | 0 | 0 | 8 |
| Kerriepoeier | 0 | 1 | 6 |
| Gemmer | 0 | 0 | 3 |
| Konfyt | 0 | 2 | 6 |
| Milo | 0 | 4 | 6 |
| Atjar | 0 | 0 | 7 |
| | £9 | 1 | 6 |

279/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die berekende minimum uitgawe aan voedsel was in dié geval £13.9.7, sodat £4.8.1 minder aan kos bestee is as die minimum.

Gesin Nr. 7. Inkomstegroep D.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis ........................... | 3 | 1 | 0 |
| Vleis (blik) .................... | 0 | 3 | 6 |
| Vis ............................. | 0 | 8 | 6 |
| Mieliemeel ...................... | 0 | 5 | 0 |
| Mielierys ....................... | 0 | 1 | 0 |
| Rys ............................. | 0 | 5 | 9½ |
| Meelblom ........................ | 0 | 4 | 6 |
| Kafferkoring .................... | 0 | 6 | 9 |
| Brood (wit) ..................... | 0 | 7 | 11 |
| Melk (vars) ..................... | 0 | 2 | 4 |
| Melk (blik) ..................... | 0 | 17 | 6 |
| Suiker .......................... | 1 | 6 | 6 |
| Tee ............................. | 1 | 1 | 6 |
| Koffie .......................... | 0 | 0 | 6 |
| Tamaties ........................ | 0 | 1 | 6 |
| Uie ............................. | 0 | 0 | 6 |
| Knoffel ......................... | 0 | 0 | 9 |
| Kool ............................ | 0 | 1 | 6 |
| Aartappels ...................... | 0 | 4 | 0 |
| Pampoen ......................... | 0 | 4 | 6 |
| Wortels ......................... | 0 | 3 | 4 |
| Grondbone ....................... | 0 | 1 | 9 |
| Groenbone ....................... | 0 | 1 | 9 |
| Ertjies ......................... | 0 | 1 | 0 |
| Blomkool ........................ | 0 | 1 | 0 |
| Vrugte (blik) ................... | 0 | 3 | 0 |
| Sultanas ........................ | 0 | 0 | 7 |
| Baba-kos (Incumbe) .............. | 0 | 9 | 0 |
| Koek ............................ | 0 | 8 | 0 |
| Lekkers ......................... | 0 | 1 | 6 |
| Koeldrank ....................... | 0 | 0 | 6 |
| Olie ............................ | 0 | 9 | 0 |
| Botter .......................... | 0 | 3 | 6 |
| Jellie .......................... | 0 | 0 | 7 |
| Vla-poeier ...................... | 0 | 3 | 0 |
| Kerriepoeier .................... | 0 | 0 | 6 |
| Vrugtesout ...................... | 0 | 4 | 6 |
| Bakpoeier ....................... | 0 | 0 | 9 |
| | £11. | 18. | 3½ |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die minimum berekende uitgawe aan voedsel is met £7.6.6½ oorskry.

Gesin Nr. 8. Inkomstegroep C.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis ........................... | 4 | 1 | 6 |
| Mieliemeel ...................... | 1 | 2 | 0 |
| Kafferkoring .................... | 0 | 6 | 6 |
| Rys ............................. | 0 | 4 | 3 |
| Melk (blik) ..................... | 0 | 8 | 2 |
| Suiker .......................... | 0 | 10 | 6 |
| Tee ............................. | 2 | 3 | 0 |
| Aartappels ...................... | 0 | 2 | 9 |
| Tamaties ........................ | 0 | 3 | 6 |
| Uie ............................. | 0 | 1 | 3 |
| Kunsbotter ...................... | 0 | 6 | 8 |
| Sout ............................ | 0 | 2 | 11 |
| Kerriepoeier .................... | 0 | 2 | 6 |
| Bier ............................ | 1 | 2 | 6 |
| | £10. | 18. | 0 |

In hierdie geval, is die minimum uitgawe aan voedsel oorskry met 9s.11d.

Gesin Nr. 9. Inkomstegroep D.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis ........................... | 3 | 6 | 0 |
| Vis ............................. | 0 | 3 | 6 |
| Mieliemeel ...................... | 1 | 11 | 8 |
| Stampmielies .................... | 0 | 0 | 6 |
| Mielierys ....................... | 0 | 1 | 0 |
| Meelblom ........................ | 0 | 2 | 0 |
| Boermeel ........................ | 0 | 5 | 9 |
| Brood (wit) ..................... | 0 | 15 | 10 |
| Melk (vars) ..................... | 0 | 15 | 2 |
| Melk (blik) ..................... | 0 | 8 | 2 |
| Oorgedra .... | £7 | 9 | 7 |

281/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Oorgebring .................. | 7 | 9 | 7 |
| Suiker ......................... | 0 | 8 | 10 |
| Tee ............................ | 0 | 13 | 6 |
| Tee en toebroodjies (middagete man) | 0 | 14 | 2 |
| Aartappels ..................... | 0 | 4 | 9 |
| Wortels ........................ | 0 | 2 | 9 |
| Tamaties ....................... | 0 | 3 | 9 |
| Uie ............................ | 0 | 2 | 3 |
| Groenbone ...................... | 0 | 1 | 6 |
| Kool ........................... | 0 | 1 | 6 |
| Ertjies ........................ | 0 | 1 | 0 |
| Pampoen ........................ | 0 | 2 | 6 |
| Bone ........................... | 0 | 1 | 0 |
| Piesangs ....................... | 0 | 2 | 0 |
| Lemoene ........................ | 0 | 2 | 6 |
| Vet ............................ | 0 | 1 | 0 |
| Bakpoeier ...................... | 0 | 1 | 4 |
| Asyn ........................... | 0 | 0 | 6 |
| Lekkergoed ..................... | 0 | 2 | 0 |
| Jellie ......................... | 0 | 1 | 4 |
| Vlapoeier ...................... | 0 | 3 | 0 |
| Koeldrank ...................... | 0 | 3 | 0 |
| Sout ........................... | 0 | 1 | 0 |
| Kerriepoeier ................... | 0 | 1 | 6 |
| | £11 | 6 | 3 |

Die minimum uitgawe is in dié geval oorskry met £1.4.2.

282/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesin Nr. 10. Inkomstegroep A.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis .............................. | 3 | 2 | 0 |
| Mieliemeel .......................... | 3 | 5 | 9 |
| Mielierys ........................... | 0 | 12 | 0 |
| Kafferkoring ........................ | 0 | 2 | 6 |
| Brood (wit) ......................... | 0 | 3 | 2 |
| Brood (bruin) ....................... | 0 | 7 | 0 |
| Melk (blik) ......................... | 0 | 17 | 6 |
| Suiker .............................. | 2 | 4 | 10 |
| Tee ................................. | 1 | 6 | 7 |
| Aartappels .......................... | 0 | 3 | 0 |
| Tamaties ............................ | 0 | 2 | 0 |
| Uie ................................. | 0 | 1 | 0 |
| Kool ................................ | 0 | 2 | 0 |
| Sout ................................ | 0 | 3 | 0 |
| Atjar ............................... | 0 | 0 | 8 |
| | £12. | 13. | 0 |

In hierdie geval is £11.15.8 minder as die minimum berekende uitgawe aan voedsel bestee.

Gesin Nr. 11. Inkomstegroep B.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis .............................. | 3 | 1 | 6 |
| Vis ................................ | 0 | 8 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 2 | 1 | 0 |
| Mielierys .......................... | 0 | 11 | 0 |
| Boermeel ........................... | 0 | 7 | 3 |
| Kafferkoring ....................... | 0 | 5 | 3 |
| Melk (blik) ........................ | 0 | 4 | 8 |
| Suiker ............................. | 0 | 12 | 6 |
| Tee ................................ | 0 | 5 | 9 |
| Aartappels ......................... | 0 | 3 | 6 |
| Tamaties ........................... | 0 | 3 | 0 |
| Beet ............................... | 0 | 1 | 6 |
| Uie ................................ | 0 | 1 | 0 |
| Sout ............................... | 0 | 0 | 10 |
| Koeldrank .......................... | 0 | 0 | 6 |
| Koek ............................... | 0 | 1 | 6 |
| Bakpoeier .......................... | 0 | 2 | 6 |
| | £8 | 11 | 3 |

283/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In hierdie geval is £6.13.0 minder as die berekende minimum uitgawe aan voedsel bestee.

Dit is moeilik om presies aan te dui wat die hoeveelhede van die verskillende items is wat gekoop is. Alle inwoners van Hovesground koop iedere dag, uitgesonderd Sondae, feitlik al die eetware vir die dag. Op dié wyse word klein hoeveelhede gekoop, en weet die kopers self nie wat die gewig of maat is nie. Wanneer hulle koop vra hulle dan ook nie byvoorbeeld vir een pond suiker nie, maar vir 6d. suiker, of vir welke bedrag hulle dan ook wil koop. Een weeklikse staat van voedselinkope van Gesin Nr. 1 sal hierdie koopmetode beter illustreer.

Gesin Nr. 1. Maandag 6 Augustus.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis .............................. | 0 | 3 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 0 | 1 | 0 |
| Brood (wit) ........................ | 0 | 0 | 9½ |
| Melk (blik) ........................ | 0 | 1 | 2 |
| Aartappels ......................... | 0 | 0 | 6 |
| Uie ................................ | 0 | 0 | 3 |
| **Dinsdag 7 Augustus.** | | | |
| Vleis .............................. | 0 | 3 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 0 | 1 | 0 |
| Brood (bruin) ...................... | 0 | 1 | 2 |
| Suiker ............................. | 0 | 1 | 0 |
| **Woensdag 8 Augustus.** | | | |
| Vleis .............................. | 0 | 2 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 0 | 3 | 0 |
| Tamaties ........................... | 0 | 0 | 3 |
| Uie ................................ | 0 | 0 | 3 |
| **Donderdag 9 Augustus.** | | | |
| Vleis .............................. | 0 | 3 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 0 | 2 | 0 |
| Aartappels ......................... | 0 | 0 | 6 |

284/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vrydag 10 Augustus.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vis ................................. | 0 | 3 | 0 |
| Brood (bruin) ..................... | 0 | 1 | 2 |
| Tamaties .......................... | 0 | 0 | 3 |
| Uie ................................. | 0 | 0 | 3 |

Saterdag 11 Augustus.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vleis ................................ | 0 | 4 | 0 |
| Vis .................................. | 0 | 4 | 0 |
| Mieliemeel ......................... | 0 | 3 | 0 |
| Brood (wit) ........................ | 0 | 0 | 9½ |
| Brood (bruin) ..................... | 0 | 1 | 2 |
| Aartappels ......................... | 0 | 0 | 6 |
| Tamaties ........................... | 0 | 0 | 6 |
| Uie .................................. | 0 | 0 | 3 |
| | £2 | 2 | 9 |

Die gemiddelde pryse wat deur winkels in Hovesground gevra word vir verskillende voedsel-items is die volgende:

| | |
|---|---|
| Vleis ................. | 2s. per pond. |
| Vis ................... | 7d. per stuk |
| Mieliemeel ........... | 1s. vir 2 pond 6 onse. |
| Meelblom ............. | 1s. vir 2 pond 1 ons. |
| Stampmielies ......... | 6d. vir 1 pond 15 onse. |
| Rys .................. | 11½d. per pond. |
| Brood (wit) .......... | 9½d. per brood. |
| Brood (bruin) ........ | 7d. per brood. |
| Melk (vars) .......... | 7d. per pint. |
| Melk (blik) .......... | 1s. 2d. per blik. |
| Suiker ............... | 6d. vir 1 pond 2 onse. |
| Tee .................. | 2s. 3d. per ¼ pond. |
| Koffie ............... | 1s. per ¼ pond. |
| Aartappels ........... | 6d. per pond. |
| Tamaties ............. | 6d. per pond. |
| Uie .................. | 6d. per pond. |

285/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vrugte ................ 6d. per pond.

Sout .................. 6d. per pond.

Vet ................... 1s. per ½ pond.

Bakpoeier ............. 1½d. per pakkie.

Olie .................. 3s. per bottel.

Konfyt ................ 1s. tot 3s. per blik.

Atjar ................. 1d. per skeppie.

Dit is egter duidelik dat al die winkels aan die kopers onder-gewig verkoop, en veral die koopwyse van klein-maat te koop, baie uitbuit. Op dié wyse word olie byvoorbeeld teen 6d. per halfkoppie verkoop, sodat die winkelier minstens 4s. per bottel olie kry instede van 3s. Dit sal dus nie heeltemaal korrek wees om die prys wat betaal is aan voedsel te meet teen die pryse wat hier vir die verskillende items aangegee is nie.

Dit is duidelik dat daar 'n besliste korrelasie bestaan tussen die uitgawe aan voedsel en die inkomstegroep van die gesin. Die volgende opsommende staat, vergelyk verskillende items tussen die vier inkomstegroepe.

Verg lyking van uitgawes van inkomstegroepe aan sekere voedsel-items.

| | Groep A. | | Groep B. | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Gesinne Nrs. | | Gesinne Nrs. | | |
| | 3 | 10 | 1 | 4 | 11 |
| | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
| Uitgawe aan voedsel ... | 5 10 8 | 12 13 0 | 8 15 10½ | 7 12 4 | 8 11 3 |
| Minimum berekende uitgawe ...... | 14 6 2 | 24 8 8 | 10 13 10 | 7 4 4 | 15 4 3 |
| Bedrag onder minimum ... | 8 15 6 | 11 15 8 | 1 17 11½ | - | 6 13 0 |
| Bedrag oor minimum ... | - | - | - | 0 8 0 | - |
| Vleis ....... | 2 12 6 | 3 2 0 | 3 5 6 | 2 8 0 | 3 1 6 |
| Mieliemeel .. | 1 5 6 | 3 5 9 | 1 9 0 | 1 15 0 | 2 1 0 |
| Brood (wit) . | - | 0 3 2 | 0 8 7½ | - | - |
| Brood (bruin) | - | 0 7 0 | 1 1 0 | - | - |
| Melk (vars) . | 0 0 7 | - | 0 4 0 | 0 1 2 | - |
| Melk (blik .. | - | 0 17 6 | 0 3 6 | 0 1 2 | 0 4 8 |
| Groente ..... | 0 12 3 | 0 8 0 | 0 15 0 | 0 12 4 | 0 9 0 |
| Vrugte ...... | - | - | - | - | - |
| Aantal verskillende items ...... | 13 | 15 | 20 | 19 | 17 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | GROEP C. | | | | GROEP D. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 5 | 6 | 8 | 7 | 9 |
| | £ s. d | £ s. d. | £ s. d | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
| Uitgawe aan voedsel .. | 11. 3.5 | 13.18.5½ | 9. 1.6 | 10.18. 0 | 11.18. 3½ | 11. 6. 3 |
| Minimum berekende uitgawe .. | 10. 8.2 | 3.10.3 | 13. 9.7 | 10. 8. 1 | 4.11. 9 | 10. 2. 1 |
| Bedrag onder minimum ...... | - | - | 4. 8.1 | - | - | - |
| Bedrag oor minimum .. | 0.15.3 | 10. 8.2½ | - | 0. 9.11 | 7. 6. 6½ | 1. 4. 2 |
| Vleis ..... | 3.12.6 | 4. 3.9 | 2.18.0 | 4. 1. 6 | 3. 1. 0 | 3. 6. 0 |
| Mieliemeel. | 1. 5.0 | 0. 3.6 | 0.12.0 | 1. 2. 0 | 0. 5. 0 | 1.11. 8 |
| Brood (wit) | 0.17.8 | 0. 2.4½ | 0.12.8 | - | 0. 7.11 | 0.15.10 |
| Brood(bruin) | 0. 4.1 | 0. 7.7 | 0. 1.2 | - | - | - |
| Melk (vars) | - | - | - | - | 0. 2. 4 | 0.15. 2 |
| Melk (blik) | 0. 3.9 | 0. 8.2 | 0. 9.4 | 0. 8. 2 | 0.17. 6 | 0. 8. 2 |
| Groente ... | 1. 6.2 | 1.17.0 | 0.10.4 | 0. 7. 6 | 1. 1. 7 | 1. 0. 0 |
| Vrugte .... | 0. 3.6 | 0. 0.3 | 0. 3.0 | - | 0. 3. 0 | 0. 4. 6 |
| Aantal verskillende items .... | 24 | 29 | 29 | 14 | 38 | 33 |

Dit blyk duidelik uit hierdie staat dat onder die laer inkomstegroepe die neiging bestaan om minder geld te bestee as wat die berekende minimum uitgawe is, terwyl onder die hoër inkomstegroepe meer op voedsel bestee word. Albei die gesinne in groep A het baie minder op voedsel bestee as die berekende minimum, terwyl albei gesinne in groep D, meer bestee het as die minimum. In groep B het twee uit die drie groepe minder, en in groep C weer, het drie uit die vier gesinne meer as die berekende minimum uitgawe op voedsel bestee.

Die uitgawe op vleis is in al vier die groepe hoog, en ook ongeveer 'n gelyke persentasie van die totale bedrag bestee

287/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan voedsel. By die hoër inkomstegroepe vind ons egter dat benewens die vleis, ook vis, wors, ingelegde vleis en eiers gekoop word, wat nie in die laer inkomstegroep voorkom nie. Wat mieliemeel betref, koop die hoër inkomstegroepe relatief minder mieliemeel as die laer inkomstegroepe, en tref mens 'n groter uitgawe op ander styselkosse soos mielierys, meelblom en boermeel onder die hoêr inkomstegroepe aan. Onder die hoër inkomstegroepe word meer witbrood gekoop en word ook meer bestee aan melk en groente as die geval by die laer inkomstegroepe, terwyl vrugte alleen onder groepe C en D voorkom.

Die mees kenmerkende verskil is die verskil in verskeidenheid van voedselsoorte wat gekoop word. Met die uitsondering van een gesin in groep C, styg die aantal voedsel-items per gesin aanmerklik met die styging in inkomstegroepe. Die gemiddelde aantal voedsel-items per gesin in die verskillende inkomstegroepe is dan ook as volg:

Groep A - 14
Groep B - 19
Groep C - 24
Groep D - 35

Agt items is deur iedere gesin gekoop, naamlik vleis, mieliemeel; een of ander vorm van melk; suiker; tee; aartappels; tamaties en uie. Ander items wat ook dikwels voorkom is: mielierys; meelblom; kafferkoring; brood; kool; sout; vet; atjar (stukkies sterk gekerriede mango wat baie gewild is, veral onder kinders. Dit is Indies van oorsprong).

Gesinne in die laer inkomstegroepe eet gewoonlik twee maaltye per dag, terwyl in die hoër inkomstegroepe gewoonlik drie maaltye per dag geëet word.

By die laer inkomstegroepe bestaan ontbyt gewoonlik uit pap of brood en tee. Die mees algemene hoofmaaltyd, wat saans genuttig word, is 'n bredie van vleis, aartappels, tamaties en uie, waarby stywe mieliepap geëet word.

Onder die hoër inkomstegroepe word ook gewoonlik pap of brood met tee geëet vir ontbyt, soms met konfyt by die brood.

288/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die middagete bestaan meestal ook uit brood en tee, terwyl die aandete baie varieer van gesin tot gesin, en in die gesinne self ook afgewissel word. Bredie met stywe **pap** word ook geëet, maar vleis en groentes, voorberei soos by Blankes, kom ook dikwels voor.

Een item wat besondere vermelding nodig het, is tee. Gesinne van alle inkomstegroepe drink tee in geweldige hoeveelhede. Die hoogste uitgawe aan tee was £2.3.0 by 'n gesin in groep C, wat 20% van die hele voedsel-uitgawe uitgemaak het. Selfs in groep A het een gesin £1.6.7 of ongeveer 11% van sy voedsel-uitgawe aan tee bestee. Teen 9s. per pond tee, is dit duidelik dat die gebruik van tee oormatig buite verhouding tot die hele diëet is. Gesamentlik het die elf gesinne £8.11.3 aan tee bestee, of gemiddeld 15s. 6d. per gesin.

(g) Uitgawe-State.

Die volledige uitgawe-state van die elf gesinne was as volg:

Gesin Nr. 1. Inkomstegroep B.

Totale inkomste ................. £16.15.0.

Beraamde minimum uitgawe ........ £17.14.0.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur .............................. | 0 | 18 | 0 |
| Kerse .............................. | 0 | 12 | 0 |
| Kole .............................. | 0 | 3 | 10 |
| Hout .............................. | 0 | 1 | 0 |
| Vuurhoutjies .................... | 0 | 1 | 4 |
| Vervoer .......................... | 0 | 9 | 6 |
| Belasting ........................ | 2 | 0 | 0 |
| Tabak .............................. | 0 | 6 | 3 |
| Bioskoop ......................... | 0 | 4 | 10 |
| Stokfele .......................... | 0 | 15 | 0 |
| Fah-fee ........................... | 0 | 3 | 4 |
| | 5 | 15 | 1 |
| Voedsel ........................... | 8 | 15 | 10½ |
| | £14 | 10 | 11½ |

289/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie gesin het £3.3.½ minder uitgegee as die beraamde minimum uitgawe, terwyl die uitgawes £2.4.½ minder was as die totale inkomste.

Gesin Nr. 2. Inkomstegroep C.

Totale inkomste ................ £18. 0. 0.

Beraamde minimum uitgawe ....... £15. 0.10.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur ............................ | 1 | 2 | 6 |
| Kerse ........................... | 0 | 3 | 0 |
| Hout ............................ | 0 | 4 | 9 |
| Kole ............................ | 0 | 8 | 8 |
| Vuurhoutjies .................... | 0 | 0 | 6 |
| Paraffien ....................... | 0 | 5 | 1 |
| Blouseep ........................ | 0 | 7 | 10 |
| Rinso ........................... | 0 | 4 | 2 |
| Blousel ......................... | 0 | 0 | 6 |
| Toiletseep ...................... | 0 | 0 | 11 |
| Vloerpolitoer ................... | 0 | 4 | 0 |
| Klere (vrou) .................... | 2 | 13 | 3 |
| Rokmateriaal .................... | 4 | 18 | 4 |
| Bu Tone (gesigroom) ............. | 0 | 5 | 0 |
| Vaseline ........................ | 0 | 1 | 6 |
| Begrafnisvereniging ............. | 0 | 5 | 6 |
| Bougenootskap ................... | 3 | 12 | 6 |
| Vervoer ......................... | 0 | 15 | 0 |
| Bioskoop ........................ | 0 | 3 | 1 |
| Koerante ........................ | 0 | 4 | 3 |
| Stokfele ........................ | 0 | 12 | 6 |
| Fah-fee ......................... | 0 | 7 | 1 |
| | 17 | 0 | 3 |
| Voedsel ......................... | 11 | 3 | 5 |
| | £28. | 3. | 8. |

Hierdie gesin het £13.2.10 meer uitgegee as die berekende minimum uitgawe. Ook was die uitgawe £10.3.8 meer as die inkomste. Die hoë uitgawe aan materiaal is daaraan te wyte dat die vrou rokke maak vir verkoop, wat 'n aansienlike bydrae tot die gesinsinkome bied.

290/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



STEWIGE TIPE KLIP-WONING.



SLEGS VOETGANGERS KAN VAN HIERDIE "STRAAT" GEBRUIK MAAK.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesin Nr. 3. Inkomstegroep A.

Totale inkomste .................. £11.0.0.

Berekende minimum uitgawe ........ £24.0.7.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur ............................ | 0 | 14 | 0 |
| Kole ............................ | 1 | 0 | 8 |
| Kerse ........................... | 0 | 4 | 6 |
| Tabak ........................... | 0 | 6 | 8 |
| Stokfele ........................ | 0 | 10 | 0 |
| Fah-fee ......................... | 0 | 1 | 5 |
| | 2 | 17 | 3 |
| Voedsel ......................... | 5 | 10 | 8 |
| | £8 | 7 | 11 |

Hierdie gesin het £15.2.8 minder as die berekende minimum uitgawe bestee, en ook £2.12.1 minder uitgegee as die totale inkomste.

Gesin Nr. 4. Inkomstegroep B.

Totale inkomste .................. £ 9. 0. 0.

Beraamde minimum uitgawe ......... £11. 1.11.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur ............................ | 1 | 17 | 2 |
| Kole ............................ | 0 | 18 | 6 |
| Kerse ........................... | 0 | 3 | 9 |
| Vuurhoutjies .................... | 0 | 0 | 3 |
| Blouseep ........................ | 0 | 3 | 0 |
| Toiletseep ...................... | 0 | 1 | 1 |
| Rok (vrou) ...................... | 0 | 10 | 0 |
| Gare ............................ | 0 | 1 | 0 |
| Materiaal (gordyne) ............. | 0 | 19 | 0 |
| Materiaal (rok) ................. | 0 | 10 | 0 |
| Onderklere (man) ................ | 0 | 5 | 6 |
| Begrafnisvereniging ............. | 1 | 4 | 6 |
| Tabak ........................... | 0 | 4 | 2 |
| Sigarette ....................... | 0 | 1 | 6 |
| Stokfele ........................ | 0 | 12 | 6 |
| Fah-fee ......................... | 0 | 3 | 2 |
| | 7 | 15 | 1 |
| Voedsel ......................... | 7 | 12 | 4 |
| | £15 | 7 | 5 |

291/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In dié geval is £4.5.6 meer as die beraamde minimum uitgawe bestee. Ook is die uitgawe £6.7.5 meer as die totale inkomste.

<u>Gesin Nr. 5. Inkomstegroep C.</u>

Totale inkomste .................. £10.5.0.

Beraamde minimum uitgawe ......... £ 9.2.6.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur ............................ | 1 | 12 | 9 |
| Kole ............................ | 1 | 0 | 6 |
| Hout ............................ | 0 | 7 | 6 |
| Kerse ........................... | 0 | 0 | 6 |
| Blouseep ........................ | 0 | 9 | 11 |
| Blousel ......................... | 0 | 0 | 9 |
| Toiletseep ...................... | 0 | 1 | 1 |
| Kasterolie ...................... | 0 | 0 | 6 |
| Vervoer ......................... | 0 | 7 | 9 |
| Koerante ........................ | 0 | 5 | 0 |
| Stokfele ........................ | 1 | 0 | 0 |
| Fah-fee ......................... | 0 | 3 | 9 |
| | 5 | 10 | 0 |
| Voedsel ......................... | 13 | 18 | 5½ |
| | £19 | 8 | 5½ |

Die gesin het dus £10.5.11½ meer bestee as die beraamde minimum uitgawe, terwyl die uitgawes die inkomste ook met £9.3.5½ oorskry het.

292/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesin Nr. 6. Inkomstegroep C.

Totale inkomste .................. £27.11. 3.

Beraamde minimum uitgawe .......... £23.18.11.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur ............................ | 1 | 4 | 0 |
| Kole ............................ | 1 | 10 | 10 |
| Kerse ........................... | 0 | 8 | 6 |
| Hout ............................ | 0 | 5 | 6 |
| Vuurhoutjies .................... | 0 | 0 | 6 |
| Blouseep ........................ | 0 | 3 | 0 |
| Rinso ........................... | 0 | 0 | 10 |
| Blousel ......................... | 0 | 0 | 3 |
| Vloerpolitoer ................... | 0 | 2 | 0 |
| Herstel van skoene .............. | 0 | 3 | 9 |
| Droogskoonmaker ................. | 0 | 5 | 6 |
| Broek (man) ..................... | 1 | 12 | 6 |
| Kouse (man) ..................... | 0 | 8 | 11 |
| Onderklere (man) ................ | 0 | 5 | 10 |
| Vervoer ......................... | 0 | 17 | 6 |
| Stokfele ........................ | 0 | 15 | 0 |
| Fah-fee ......................... | 0 | 11 | 0 |
| | 8 | 15 | 5 |
| Voedsel ......................... | 9 | 1 | 6 |
| | £17 | 16 | 11 |

In hierdie geval is £6.2.0 minder uitgegee as die beraamde minimum uitgawe, terwyl die inkomste £9.14.4 meer was as die uitgawe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gesin Nr. 7. Inkomstegroep D.

Totale inkomste .................. £25. 0. 0.

Beraamde minimum uitgawe ......... £ 8. 4.10.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur | 2 | 1 | 0 |
| Kole | 0 | 11 | 6 |
| Hout | 0 | 0 | 6 |
| Kerse | 0 | 8 | 9 |
| Paraffien | 0 | 4 | 0 |
| Vuurhoutjies | 0 | 1 | 4 |
| Blouseep | 0 | 2 | 1 |
| Rinso | 0 | 0 | 10 |
| Meubelpolitoer | 0 | 4 | 6 |
| Vernis | 0 | 5 | 3 |
| Babadoeke | 1 | 15 | 0 |
| Droogskoonmaker | 0 | 5 | 9 |
| Herstel van skoene | 0 | 10 | 6 |
| Skoene (man) | 0 | 12 | 6 |
| Knope | 0 | 0 | 6 |
| Drukknope | 0 | 1 | 6 |
| Onderklere (vrou) | 0 | 15 | 0 |
| Rokmateriaal | 1 | 6 | 3 |
| Sokkies | 0 | 4 | 6 |
| Kinderklere | 2 | 16 | 0 |
| Babapoeier | 0 | 1 | 7 |
| Besoek van medikus | 1 | 10 | 0 |
| Medisyne | 0 | 7 | 6 |
| Meubels | 6 | 0 | 0 |
| Bioskoop | 0 | 2 | 5 |
| Sigarette | 0 | 11 | 6 |
| Kerk | 0 | 10 | 6 |
| Koerante | 0 | 6 | 9 |
| Fah-fee | 0 | 2 | 6 |
| | 22 | 0 | 0 |
| Voedsel | 11 | 18 | 3½ |
| | £33 | 18 | 3½ |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die uitgawe was dus £25.13.5½ meer as die beraamde minimum, terwyl die uitgawe die inkomste oorskry met £8.18.3½.

Gesin Nr. 8. Inkomstegroep C.

Totale inkomste .................. £27.0.0.

Beraamde minimum uitgawe.......... £19.3.7.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur | 0 | 14. | 0 |
| Kole | 0 | 15 | 5 |
| Hout | 0 | 10 | 0 |
| Vuurhoutjies | 0 | 2 | 3 |
| Kerse | 0 | 6 | 9 |
| Blouseep | 0 | 5 | 3 |
| Toiletseep | 0 | 2 | 0 |
| Vloerpolitoer | 1 | 12 | 8 |
| Rok (vrou) | 0 | 4 | 6 |
| Sigarette | 1 | 19 | 10 |
| Stokfele | 0 | 15 | 0 |
| Fah-fee | 0 | 6 | 5 |
| | 7 | 14 | 0 |
| Voedsel | 10 | 18 | 0 |
| | £18 | 12 | 0 |

Die uitgawe was dus 11s. 7d. minder as die beraamde minimum, terwyl dit ook £8.8.0 minder was as die totale inkomste.

Gesin Nr. 9. Inkomstegroep D.

Totale inkomste .................. £28.18.0

Beraamde minimum uitgawe .......... £17. 7.8

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur | 1 | 16 | 7 |
| Paraffien | 0 | 0 | 6 |
| Blouseep | 0 | 6 | 3 |
| Toiletseep | 0 | 1 | 9 |
| Blousel | 0 | 0 | 8 |
| Oorgedra ........ | £ 2 | 5 | 9 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Oorgebring ..................... | 2 | 5 | 9 |
| Rinso ............................ | 0 | 2 | 5 |
| Stysel ........................... | 0 | 0 | 9 |
| Benzine .......................... | 0 | 0 | 6 |
| Brasso ........................... | 0 | 2 | 9 |
| Stoofpolitoer ..................... | 0 | 0 | 10 |
| Skoenpolitoer ..................... | 0 | 0 | 9 |
| Vloerpolitoer ..................... | 0 | 2 | 0 |
| Klere (man) ....................... | 1 | 0 | 3 |
| Skoene (dogter) ................... | 1 | 10 | 0 |
| Klere (vrou) ...................... | 1 | 0 | 0 |
| Klere (baba) ...................... | 0 | 7 | 6 |
| Baba-doeke ........................ | 0 | 15 | 0 |
| Bril .............................. | 2 | 10 | 0 |
| Baba-poeier ....................... | 0 | 1 | 6 |
| Medisyne .......................... | 1 | 12 | 6 |
| Vaseline .......................... | 0 | 1 | 0 |
| Toiletpapier ...................... | 0 | 1 | 6 |
| Meubels ........................... | 2 | 2 | 6 |
| Gloeilampe ........................ | 0 | 2 | 4 |
| Fiets ............................. | 2 | 11 | 11 |
| Koeverte .......................... | 0 | 0 | 6 |
| Bougenootskap ..................... | 2 | 7 | 0 |
| Begrafnisgenootskap ............... | 0 | 13 | 0 |
| Terugbetaling van lening .......... | 0 | 10 | 0 |
| Vervoer ........................... | 0 | 12 | 9 |
| Koerant ........................... | 0 | 7 | 3 |
| Tabak ............................. | 0 | 7 | 10 |
| Kerk .............................. | 0 | 8 | 6 |
| Telefoon-rekening ................. | 1 | 11 | 9 |
| Fah-fee ........................... | 0 | 2 | 1 |
| | 23 | 12 | 5 |
| Voedsel ........................... | 11 | 6 | 3 |
| | £34 | 18 | 8 |

296/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie geval is £17.11.0 meer bestee as die berekende minimum uitgawe, terwyl die inkomste oorskry is met £6.0.8

Gesin Nr. 10. Inkomstegroep A.

| | |
|---|---|
| Totale inkomste .................... | £18. 0. 0 |
| Beraamde minimum uitgawe .......... | £39.10.11 |

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur .............................. | 1 | 1 | 0 |
| Kole .............................. | 1 | 14 | 5 |
| Hout .............................. | 1 | 1 | 4 |
| Paraffien ......................... | 0 | 18 | 6 |
| Kerse ............................. | 0 | 14 | 9 |
| Blouseep .......................... | 0 | 11 | 6 |
| Vervoer ........................... | 0 | 4 | 6 |
| Bioskoop .......................... | 0 | 6 | 2 |
| Stokfele .......................... | 0 | 10 | 0 |
| Fah-fee ........................... | 0 | 5 | 6 |
| | 7 | 7 | 8 |
| Voedsel ........................... | 12 | 13 | 0 |
| | £20 | 0 | 8 |

In hierdie geval is die uitgawe £19.10.3 minder as die beraamde minimum uitgawe, terwyl die inkomste oorskry is met £1.19.4.

Gesin Nr. 11. Inkomstegroep B.

| | |
|---|---|
| Totale inkomste .................... | £15. 0. 0 |
| Beraamde minimum uitgawe .......... | £26. 4. 3 |

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Huur .............................. | 1 | 5 | 0 |
| Kole .............................. | 1 | 0 | 0 |
| Hout .............................. | 0 | 7 | 6 |
| Kerse ............................. | 0 | 11 | 0 |
| Paraffien ......................... | 0 | 1 | 0 |
| Vuurhoutjies ...................... | 0 | 1 | 4 |
| Blouseep .......................... | 0 | 2 | 0 |
| Rok (dogter) ...................... | 0 | 11 | 0 |
| Broek (man) ....................... | 1 | 1 | 0 |
| Onderklere (man) .................. | 0 | 5 | 9 |
| Oorgedra ........................ | £ 5 | 5 | 7 |

296/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Oorgebring .................. | 5 | 5 | 7 |
| Tabak ........................... | 0 | 11 | 1½ |
| Sigarette ........................ | 0 | 2 | 1 |
| Begrafnisvereniging .............. | 0 | 4 | 6 |
| Stokfele ......................... | 0 | 10 | 0 |
| Fah-fee .......................... | 0 | 3 | 7 |
| | 6 | 16 | 10½ |
| Voedsel .......................... | 8 | 11 | 3 |
| | £15 | 8 | 1½ |

Die uitgawe is dus £10.16.1½ minder as die beraamde minimum, alhoewel dit die inkomste oorskry het met 8s. 1½d.

Dit is duidelik dat ook wat die inkope en uitgawes in geheel betref, daar ook bepaalde verskille op te let is tussen die verskillende inkomstegroepe. Oor die geheel bestee die laer inkomstegroepe minder as die berekende minimum uitgawe, terwyl die hoër inkomstegroepe hierdie teoretiese minimum in 'n stygende mate oorskry.

Ook is die verskeidenheid van items, ander dan voedsel, by die laer inkomstegroepe veel laer as by die hoër inkomstegroepe. Die gemiddelde getal items waarop geld bestee is, is by die verskillende inkomstegroepe as volg:

Groep A - 8
Groep B - 14
Groep C - 21
Groep D - 32

Die gemiddelde aantal items by groep D is dus presies viermaal soveel as by groep A die geval is, 'n baie groter verskil as by voedsel-items, waar die gemiddelde items by groep D effens meer as tweemaal dié in groep A is. Dit blyk dan ook dat die grootste verskil wat uitgawes betref tussen die verskillende inkomstegroepe, lê in die, verhoudingsgewyse, veel hoër besteding aan items ander dan voedsel by die hoër inkomstegroepe, terwyl die uitgawes aan voedsel, tussen die inkomste-groepe nie so 'n groot verskil toon nie.

298/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Besonder opmerklik is dat by sewe uit die elf gesinne die uitgawes die totale inkomste oorskry het, en wel met bedrae wat wissel vanaf 8s. 1½d. tot soveel as £10.3.8. Dit is welbekend in Hovesground dat by een van hierdie gesinne vier dogters 'n bestaan maak uit prostitusie. Aangesien dit nie waarskynlik lyk dat na so 'n lang, intensiewe bearbeiding, alle wettiglike inkomste nie aangeteken is nie, kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hierdie tekorte aangevul is uit bierverkope en ander onwettige praktyke.

Die uitgawes aan verskillende kategorieë deur die vier inkomstegroepe, is as volg:

<u>Vergelyking van uitgawes deur die inkomstegroepe in sekere kategorieë.</u>

| Inkomstegroep | Gesin Nr. | Brandstof en beligting. | Skoonmaakmiddels. | Vervoer | Ontspanning. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. | £ s. d. |
| A | 3 | 1 5 2 | - | - | 0 8 1 |
| | 10 | 4 9 0 | 0 11 6 | 0 4 6 | 0 11 8 |
| B | 1 | 0 18 2 | - | 0 9 6 | 0 14 5 |
| | 4 | 1 2 6 | 0 4 1 | - | 0 8 10 |
| | 11 | 2 0 10 | 0 2 0 | - | 0 16 10½ |
| C | 2 | 1 2 0 | 1 7 5 | 0 15 0 | 0 14 5 |
| | 5 | 1 8 6 | 0 11 9 | 0 7 9 | 0 8 9 |
| | 6 | 2 5 4 | 0 6 1 | 0 17 6 | 0 11 0 |
| | 8 | 1 14 4 | 1 19 11 | - | 2 6 3 |
| D | 7 | 1 6 1 | 0 12 8 | - | 1 7 2 |
| | 9 | 0 0 6 | 0 18 8 | 0 12 9 | 0 17 2 |

Onder brandstof en beligting is items soos kole, hout, vuurhoutjies en paraffien bereken. Elektrisiteit is nie hierby ingesluit nie. Een gesin in groep D gebruik 'n elektriese verwarmer, vandaar sy lae uitgawe in dié kategorie. Origens blyk

299/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die uitgawe min of meer eenvormig onder die verskillende inkomstegroepe. Die hoë uitgawe in die kategorie word verklaar deur dat die opname in die winter gemaak is.

Skoonmaakmiddels sluit verskeie seepsoorte, politoer en benzine in. Daar is 'n duidelike styging van die uitgawe in die styging van inkomstegroepe te bespeur, alhoewel die hoogste uitgawe onder gesinne in Groep C voorkom.

Wat vervoer betref moet aangetoon word dat by een gesin in groep D, die gesinshoof 'n winkelier in Hovesground is, en dus nie van vervoer na sy werk gebruik hoef te maak nie. Origens styg die uitgawe ooreenkomstig die inkomstegroepe.

Onder ontspanning is benewens koerante, bioskoop en die dobbelspel fah-fee, waaraan alle gesinne deelneem, ook tabak en sigarette ingesluit. Die uitgawe in die kategorie styg ook ooreenkomstig die inkomstegroepe, behalwe dat in groep C die gemiddelde uitgawe min of meer gelyk is aan dié in D.

Dit is nie moontlik om ander items, soos klere te vergelyk nie, aangesien hierdie items nie gereeld maandeliks gekoop word nie. Dit is egter net opmerklik dat die twee gesinne in groep D, relatief hoër uitgawes aan klere en meubels het as enige ander gesinne.

Die koopgewoontes is in die geheel dieselfde as by voedsel. Alle gesinne koop min of meer iedere dag kole, hout, kerse, vuurhoutjies, tabak en so meer. In gevalle waar meubels gekoop is, word dit op 'n maandelikse afbetalingstelsel gekoop. Alle ander items word kontant gekoop.

Oor die algemeen is die Bantoe van Hovesground baie swak besparingsbewus. Normaalweg word alle inkomste maandeliks weer uitgegee. Een besparingsvorm is egter redelik algemeen, naamlik die belegging by 'n begrafnisvereniging. Vier van die elf gesinne het volgens die uitgawe-state by begrafnisverenigings belê. Nog ses ander behoort egter by derglike vereniging, maar het net nie gedurende die opname hulle betalings gedoen nie.

300/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook het twee gesinne, een uit groep C en een uit groep D, by Bougenootskappe geld op 'n spaarrekening belê.

Een besondere vorm van besparing of vorm van koop is die stokfele-organisasies. Uit ons uitgawe-state blyk dat al die gesinne, uitgesonderd die twee in groep D, aan stokfele-organisasies behoort. Hierdie organisasies bestaan uit 'n groep mans of vroue, of mans en vroue saam, wat gereeld weekliks of maandeliks 'n vasgestelde bedrag stort, wat dan om die beurt een van die lede toekom. Hierdie organisasies word dikwels op 'n etniese basis gevorm, alhoewel dit soms net uit vriende bestaan. Iedere stokfele-organisasie het 'n sekretaris wat noukeurig boekhou van die fondse. Maandeliks word deur so 'n organisasie 'n party gereël waar tee en koek of bier en ander drank bedien word, tydens welke geleentheid iedere lid sy geld „oorgooi" aan die besondere lid wie se beurt dit is. Die belangrikheid van die partytjie wissel van organisasie tot organisasie. Veral die vroue-organisasies laat groot klem op die partytjie val, terwyl sommige kleiner mans-organisasies gladnie partytjies reël nie.

Die hoeveelheid geld wat die lid wat aan die beurt is ontvang, hang af van die grootte van die organisasie, en die grootte van die gereelde bydrae, wat wissel vanaf 10s. per maand, tot soveel as £3 per maand per lid. Hierdie organisasies kan nie beskryf word as besparings-klubs nie, aangesien die lid wat die maand die geld ontvang gewoonlik dadelik weer alles uitgee. Gewoonlik maak hulle van die geleentheid gebruik om sekere items soos meubels, 'n fiets of 'n draadloos te koop, items wat hulle nie anders kan verkry nie.[1)]

301/ .....

1) 'n Waardevolle artikel waarin stokfele-organisasies beskryf word is Kuper, Hilda en Kaplan, Selma. Voluntary Associations in an Urban Township. In Africa, Vol.III, 1944, p.178 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## D. Samevatting en Evaluering.

Daar bestaan waarskynlik geen aspek van die sosiaal-kulturele lewe waar 'n stedelike Bantoegemeenskap soos dié in Hovesground so 'n omwenteling ondergaan het as in hulle ekonomiese lewe nie. Tot 'n mate is dit 'n gedwonge omwenteling aangesien die Suid-Afrikaanse Bantoe as gevolg van sekere faktore wat gelei het tot 'n beperkte „lebensraum" in hulle tuisgebiede, noodwendig moes toetree tot die Blanke ekonomiese stelsel. Dit ontken nie die feit nie dat die Bantoe in meerdere of mindere mate self tot die Blanke ekonomie wil toetree om daardeur die Blanke leefwyse deelagtig te word. Alhoewel die doelbewuste poging van die Blankes om Bantoe as arbeiders te werf noodwendig tot gevolg sal hê dat groot groepe Bantoe na die Blanke stede sal gaan, bly dit nog altyd 'n vrywillige verplasing. Dit is dan ook duidelik dat die meerderheid van die Bantoe in Hovesground daarheen getrek het omdat dit voldoen het aan 'n begeerte. Die feit dat die grootste persentasie van die inwoners òf permanent òf voornemend permanent dáár gevestig is, en dat nie slegs die arbeiders nie, maar in die meeste gevalle ook hulle gesinne vir hulle in die stadsgebied bevind, getuig van hierdie behoefte en staaf die bewering.

Feit is dat die inwoners van Hovesground doelbewus na die Blanke stadsgebied getrek het om tot die Blanke ekonomie toe te tree, dat dit die enigste bestaansreg van Hovesground is, en dat Hovesground geheel-en-al afhanklik is van die Blanke stad Pretoria. Dit is dus duidelik dat hierdie noue ekonomiese verbondenheid nie alleen 'n totale omwenteling in die ekonomiese lewe van die inwoners van Hovesground moes meebring nie, maar ook 'n direkte invloed op die hele sosiaal-kulturel lewe gehad het.

Ons merk dat die tradisionele Bantoe-ekonomie gekenmerk word as 'n eenvoudige bestaansekonomie waarin elke gesin as

302/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afsonderlike ekonomiese eenheid bestaan, waarin die besittinge en vermoëns van alle gesinne ongeveer dieselfde is en elke gesin, met die uitsondering van enkele spesialiste dieselfde bedryfsvorme beoefen. In direkte teenstelling hierteen het die Bantoe van Hovesground tot die hoogs-gespesialiseerde Blanke ekonomie toegetree waarin 'n groot verskeidenheid van bedryfsvorme bestaan en die indiwidu se besittinge en vermoëns hoofsaaklik afhang van omstandighede en sy eie vermoë.

Waar gekonstateer kan word dat die Bantoevrou onder tradisionele gemeenskappe tot 'n groot mate die gesin onderhou het, deurdat sy in hoofsaak verantwoordelik was vir die voedselvoorsiening terwyl die man nie so ekonomies gebonde kon wees nie omdat hy as krygsman beskikbaar moes wees in tye van oorlog, en ook 'n groot deel van sy tyd aan stamsake moes afstaan, word verwag dat die mans in Hovesground nou hulle gesinne moet onderhou deur, deur middel van arbeid 'n geldelike verdienste te verkry. In die Blanke ekonomie bestaan daar 'n veel groter behoefte aan manlike Bantoe werkers as vir vroue, en is die gemiddelde verdienste van mans ook veel hoër as die van dié vroue wat wel werk. In hoofsaak werk vroue dan ook slegs om die verdienste van hul mans aan te vul. In die normale verdeling van arbeid is die vrou se werk dan ook hoofsaaklik gesentreer om die gesin, met andere woorde die versorging van die huishouding en die kinders - take wat sy onder veranderde omstandighede ook tradisioneel voor verantwoordelik was benewens die ander take van die landbou en dies meer. In die uitvoering van hierdie take ontvang die dogter nog informele opleiding van haar moeder. Dit blyk dus duidelik dat die ekonomiese verhouding binne die gesin in Hovesground 'n algehele verandering ondergaan het. Terwyl die man 'n totaal nuwe ekonomiese terrein betree, beoefen die vrou slegs 'n gedeelte van haar tradisionele ekonomiese taak, en wel binne die raamwerk van die nuwe ekonomiese stelsel.

Ook het die beskouing ten opsigte van ekonomiese akti-

303/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



witeite 'n algehele verandering ondergaan. Waar tradisioneel die verskillende bedryfsvorme nou verbonde was aan die geloof in die super-naturalistiese en rituele handelinge aangewend is om sukses te verseker, is die Bantoe-arbeider in Hovesground se ekonomiese bestaan slegs afhanklik van sy arbeidsvermoë. Wanneer 'n Bantoe-arbeider by 'n Blanke werkgewer in diens tree, word sy geldelike inkomste wetlik verseker. Indien die bedryf van die werkgewer misluk of hy om een of ander rede uit die diens van die werkgewer tree, is daar vir hom genoegsame ander arbeidsgeleentheid om sy ekonomiese voortbestaan te verseker. Die onstabiele aard van die arbeider het dan ook duidelik in Hovesground geblyk. Alhoewel daar 'n duidelike neiging bestaan om die strewe tot sekere arbeidsvorme, verander die gemiddelde arbeider dikwels van werk en verwissel ook snel in die kategorie van arbeid.

Waar so 'n groot verskeidenheid van arbeids- en ander bedryfsvorme beoefen word, en die ekonomiese sukses van die individu afhang van sy arbeidsvermoë en verskeie ander faktore soos opvoeding, ondervinding, bekwaamheid en geleentheid, vind ons 'n groot verskil in inkomstegroepe. Deur die aanwending van 'n formule kon die gesinne in vier inkomstegroepe verdeel word, naamlik 'n sub-sub-ekonomiese groep waarin 18.2% van die gesinne voorkom, 'n sub-ekonomiese groep met 27.2% van die gesinne, 'n ekonomiese groep met 36.4% van die gesinne en 'n hoër ekonomiese groep met 18.2% van die gesinne. Dit beteken dat ongeveer die helfte van die gesinne 'n laer inkomste het as die teoretiese minimum. Die groot verskeidenheid in inkomstegroepe blyk duidelik uit hierdie opname. Dit is duidelik dat die veranderde ekonomiese lewe nie net 'n verandering in die bedryfsvorme meegebring het nie, maar dat die hele sosiaal-kulturele lewe daardeur beïnvloed is. Die verskille in rykdom en die stratifikasie wat daarmee gepaard gaan, bring 'n totale verandering in die persoonlike verhoudinge mee.

304/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie verandering word verder beklemtoon deur die feit dat daar 'n besliste korrelasie merkbaar is tussen inkomstegroepe en vereenselwiging met die Blanke leefwyse, sodat die stratifikasie in rykdom ooreenstem met die mate van aanvaarding van die Blanke leefwyse. Hierdie samehang kan toegeskryf word aan verskeie faktore, naamlik dat rykdom tot 'n groot mate afhang van Blanke onderwys, ondervinding van Blanke bedryfsvorme en lengte van verblyf in die stadsgebied - almal faktore wat 'n direkte invloed het op die mate van vereenselwiging met die Blanke leefwyse. Ook bring rykdom mee dat 'n groter mate van uiterlik waarneembare kultuurgoedere van die Blankes bekom kan word.

Die verkryging van die uiterlik waarneembare vorme van die Blanke sosiaal-kulturele lewe, blyk 'n strewe te wees van alle inwoners in Hovesground. Feitlik alle gebruiksvoorwerpe wat aangetref word is van Blankes oorgeneem, met enkele uitsonderinge word Blanke klere deurgaans gedra, in die behuising word die Blanke vorm nageboots, en selfs in die voedselsoorte word die tradisionele geregte deur Blanke geregte vervang. In die verkryging van hierdie voorwerpe blyk die swak waardebepaling om te diskrimineer tussen essensiële en luukse goedere duidelik uit die relatief groot voorkoms van draadlose en grammofoons in vergelyking tot meer praktiese meubelstukke. Hierdie feit beklemtoon die strewe na uiterlike waardes. Hierteenoor vind ons die behoud van tradisionele vorme met 'n diepere betekenis soos die <u>lapa</u> wat deurgaans aangetref word en 'n dieper sosiale funksie in die lewe van die Bantoe vervul het.

Ons kan dus konkludeer dat die inwoners van Hovesground toegetree het tot die Blanke ekonomie om tweërlei redes. Eerstens noodsaak die beperkte „lebensraum" in die Bantoegebiede, wat ontstaan het om verskeie redes, dat die Bantoe in meerdere of mindere mate tot die Blanke ekonomie moet toetree. Tweedens bestaan daar die behoefte om deur middel van die Blanke ekonomie

305/ .....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vereenselwig te word met die Blanke leefwyse, en so vestig Bantoe, soos dié in Hovesground, hulle om die rede in groot getalle in of digby Blanke stede. Die noue kontak met, en direkte afhanklikheid van die Blanke ekonomie waarin die inwoners van Hovesground hulle bevind, veroorsaak 'n totale omwenteling in hulle ekonomiese lewe, wat ook noodwendig die ander aspekte van hulle sosiaal-kulturele lewe beïnvloed. Wat die ekonomiese bedryfsvorme en die materiële kultuur betref, vind ons dan ook feitlik 'n algehele aanvaarding van die Blanke vorme vir sover dit in hulle vermoë is.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K VII.

## EVALUERING VAN DIE SOSIAAL-KULTURELE LEWE IN HOVESGROUND.

### A. Die Begrip Akkulturasie.

#### (a) Historiese oorsig.

Volgens die Britse bioloog en skrywer, Julian Huxley

> "..... a study of the mechanism of cultural transmission and variation may be as important for anthropology as the study of genetics has been for biology."[1]

Die studie van kultuurverandering- en ontwikkeling beklee reeds sedert die vroeë jare van die wetenskap 'n belangrike posisie in die Volkekundige literatuur.[2] Aanvanklik het die Volkekunde as selfstandige wetenskap kultuur bestudeer vanuit 'n evolusionistiese oogpunt.[3] Veral as gevolg van die werk van mense soos Boas, Kroeber, Pitt-Rivers, Ratzel en andere, het volkekundiges, veral teen die begin van die huidige eeu, tot die besef gekom dat kulture as aparte eenhede beskou moet word, elk met sy eie ontwikkelingsgang. Dit het spoedig gelei tot belangstelling in die interne ontwikkeling van kulture, asook die verandering van kulture as gevolg van kontak met ander kulture. Hierdie belangstelling het gelei tot die kultuurhistoriese gedagterigtinge of skole, veral van Duitsland, Engeland, Oostenryk en Amerika.[4] As gevolg, hoofsaaklik van die behoeftes van die Britse koloniale besture, veral in Afrika, asook in Amerika van die bestaan van enkele Rooihuidstamme, is belangstelling gewek vir die bestudering

307/ ......

---

1) Huxley, Julian: Biological Evolution and Human History; in American Anthropological Association News Bulletin, 1952, Vol. VI, p.16.

2) Vergelyk: Penniman, T.K.: A Hundred Years of Anthropology, 1952; Lowie, Robert, H. : The History of Ethnological Theory, 1937; Mühlman: Geschichte der Anthropologie, 1948.

3) Sien Bidney, David: Theoretical Anthropology, 1953, p.223.

4) Vergelyk: Penniman, T.K. 1952, a.w.; Lowie, Robert, H. 1937, a.w.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die aard van kontaksituasies tussen verskillende kulture en die gevolglike prosesse van kultuurverandering. Dit het dan aanleiding gegee tot die studie van akkulturasie - 'n studierigting wat, alhoewel wetenskaplik gesproke nog maar 'n resente ontwikkeling, reeds 'n indrukwekkende bydrae tot die Volkekundige literatuur gelewer het. Daar bestaan onder volkekundiges egter, soos op talle ander terreine van die wetenskap, nog nie eensgesindheid wat betref die gebruik of toepassing van die term of die metodiek van die studie en die verwerking van gegewens nie. Dit is daarom noodsaaklik dat hier kortliks 'n uiteensetting gegee word van die verskillende interprestasies van die studierigting en die ontwikkeling van die gedagterigting.

Die term akkulturasie word algemeen as van Amerikaanse oorsprong beskou. In Engeland, waar belangstelling in hierdie studierigting min of meer gelyktydig ontwikkel het, word voorkeur verleen aan die term culture change. Herskovits meld dan ook die vroegste gebruik van die term deur die Amerikaner J.W. Powell in 1880 waar hy praat van „The force of acculturation under the overwhelming presence of millions has wrought great changes."[1)]

Daar is egter ook tekens van 'n vroeë gebruik van die term in Duitsland. In 1910 gebruik die skrywer Walter Krickeberg reeds die term Akkulturation.[2)] Herskovits meld ook nog 'n vroeëre gebruik deur die Duitse skrywer Ehrenreich wat in 1905 reeds skryf van „Akkulturationsgebieten" en „Akkulturationsverhältnis".[3)]

Hierdie is egter nog slegs sporadiese gebruike van die term en daar kan nog nie gepraat word van 'n sistematiese studie nie. Ook kom die gebruik van die term nie ooreen met die huidige

308/ .......

1) Powell, J.W.: Introduction to the study of Indian Languages. 1880, p.46, aangehaal uit Herskovits, M.J.: Acculturation. 1938, p.3.

2) Krickeberg, W. in Buschan, G.: Illustrierte Völkerkunde. 1910, p.97.

3) Ibid, p.3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanwending nie. Powell definieër die term in 1900 byvoorbeeld as volg:

„The process of culture ..... is by invention and acculturation. The invention is at first individual, but when an invention is accepted and used by others it is accultural....."[1]

Alhoewel Amerikaanse skrywers die Britse etnoloë ten laste lê dat hulle in die studie van akkulturasie te veel gemoeid is met die oplossing van praktiese probleme,[2] het die spoedige opkoms van hierdie studierigting in die twintiger en dertiger jare van hierdie eeu in sowel Engeland as Amerika, asook elders, die oplossing van praktiese probleme ten grondslag. So skryf Beals,[3] ook 'n Amerikaner hieroor as volg:

„The beginnings of interest in contact situations in Great Britain, France and Holland coincided with the rise of a new sence of responsibility toward colonial peoples, while in the United States the great development of acculturation studies coincided with the depression era and its accompanying widespread concern with social problems. External cultural forces, then, may well have played an important part in the rise of acculturation studies."

In Engeland ontwikkel die studie van culture change veral onder leiding van Malinowski, binne die dissipline van die funksionele skool.[4] In 1929 skryf Malinowski[5]:

„A new branch of anthropology must sooner or later be started: The anthropology of the changing Native."

309/ .....

1) Aangehaal uit Herskovits, M.J. 1938, a.w., p.4.

2) Herskovits, M.J.: Man and his Works, 1948, p.p.528-529 skryf onder andere „Malinowski's preoccupation with administrative problems led him to overemphasize the weakness of African ways of life in the face of the impact of European culture ....... It is this same preoccupation, too, that caused him to neglect the phenomenon of interchange of cultural elements under contact."

3) Beals, R.: Acculturation. In Kroeber, A.L.: (ed) Anthropology Today, 1953, p.622.

4) Vir 'n bespreking van die Britse funksionele skool, sien Penniman, a.w., p.329; en Lowie, a.w., p.228.

5) Malinowski, B.: Practical Anthropology. In Africa, Vol.II, 1929, p.22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie pleidooi word in 1932 gevolg deur 'n Five Year Plan of Research in die tydskrif Africa.[1] Alhoewel die term „culture change" nie hierin voorkom nie, dui die verslag duidelik op die behoefte om 'n oplossing te vind vir sekere administratiewe probleme wat ontstaan as gevolg van die invloed van die Westerse kultuur in Afrika. Voortvloeiende uit hierdie werk verskyn 'n reeks artikels in „Africa" wat in 1938 saamgeval word in Memorandum XV van die International Institute of African Languages and Cultures.[2] Hierdie werk, met 'n inleiding deur Malinowski, het die basis gevorm vir die studie van „culture change" deur die volgelinge van die funksionele skool, en het aanleiding gegee tot 'n hele reeks van belangwekkende werke. Ten slotte word die Britse standpunt deur Malinowski saamgeval in sy laaste werk „Dynamics of Culture Change."[3]

In Amerika is op die gebied van akkulturasie, die toon aangegee deur veral Herskovits, asook Redfield en Linton. Aangesien hulle, hoewel hulle ook vooraanstaande volkekundiges is, nie so 'n leidende posisie teenoor hulle kolegas ingeneem het as Malinowski onder Britse volkekundiges nie, was daar nie so 'n eenvormige aanvaarding van die begrip akkulturasie nie. Trouens die American Anthropological Association het nog so onlangs as 1936 die wenslikheid van die insluiting van akkulturasie studies in hulle blad bespreek. Die redakteur van die American Anthropologist het in sy jaarverslag die probleem as volg gestel:

> „It is maintained on the one hand that studies of such hybrid cultures are best left to sociological or other journals concerned with aspects of modern life; on the other hand that they belong in the American Anthropologist."

Hierop besluit die vereniging toe as volg:

310/ .....

---

1) Africa, Vol. V, No.1, 1932.

2) International Institute of African Languages and Cultures: Memorandum XV. Methods of Study of Culture Contact in Africa. 1938.

3) Malinowski, B.: The Dynamics of Culture Change. 1945.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> „It is the sense of the American Anthropological Association that papers in the field of acculturation lie within the interests of anthropology, and that, at the Editors discretion, they may not be discriminated against in the American Anthropologist."[1]

Voor hierdie datum verskyn daar egter in Amerika verskeie artikels van belang met akkulturasie-temas, asook referate voor die „American Anthropological Association." So lewer Herskovits in 1928 'n referaat oor „The Coto-Missies of Suriname: A study in Acculturation." Referate word ook gelewer deur Redfield (1929); Leslie Spiers (1929) en Beals (1932). Beals[2] meld dat Spier as redakteur van die American Anthropoligist gedurende die jare 1929-38 in die indeks van die blad onderwerpe van kontak tussen skriflose kulture met Europese kulture onder acculturation klassifiseer, terwyl kontak tussen skriflose kulture onderling onder culture contact geklassifiseer word.

Gedurende 1932 verskyn ook 'n belangwekkende artikel van Richard Thurnwald, 'n wetenskaplike wat gewoonlik tot die funksionele skool gereken word. In hierdie artikel, The Psychology of Acculturation [3] word vir die eerste maal die aandag gevestig op die sielkundige probleme onderliggend aan die proses van akkulturasie, en is ook die eerste poging tot 'n sistematiese analise van die begrip akkulturasie en die daarmee gepaardgaande prosesse.

In 1935 verskyn 'n gesmentlike werk van Redfield, Linton en Herskovits, Memorandum for the Study of Acculturation in die tydskrif Man. Hierdie memorandum word in 1936 ook in die American Anthopologist[4] gepubliseer, asook in Africa en Oceania.

311/ .....

---

1) Proceedings of the American Anthropological Association for 1936, p.322.

2) Beals, a.w., p.624.

3) Thurnwald, R: The Psychology of Acculturation. In American Anthropologist, Vol. XXXIV, 1932.

4) Redfield, R.; Linton, R; and Herskovits, M.J.: Memorandum for the Study of Acculturation. In American Anthropologist, Vol. XXXVIII, 1936.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie werk word die begrip akkulturasie gedefiniëer, asook 'n metode neergelê vir die studie van die probleem. Later verskyn egter werke van twee van hierdie skrywers waarin hulle gedeeltelik hulle standpunte wysig. Eerstens verskyn van Herskovits die werk Acculturation[1] en later van Linton, Acculturation in Seven American Indian Tribes.[2] In hierdie twee werke, gesamentlik met die vroeëre memorandum, word die basis van die Amerikaanse rigting neergelê.

(b) Verskille ten opsigte van Definisie.

(i) Funksionele skool.

Ten einde die begripsformulering van die toonaangewende Malinowski en ander volkekundiges van die funksionele skool ten opsigte van culture change in sy regte perspektief te sien, is dit nodig om enkele basiese beginsels van die funksionele skool te begryp wat hulle standpunt teenoor hierdie begrip beïnvloed het.

Penniman[3] beskryf die basis van die skool as 'n

> ".... attempt to describe cultures as integral wholes, with regard to the proper inter-relations of all parts."

Grondliggend aan die hele beskouing van die funksionele skool is hulle begrip van kultuur. Malinowski het by verskeie geleenthede sy gedagtes geformuleer. Een van die bondigste uiteensettings is die volgende:

> "Culture is an integral composed of partly antonomous, partly coördinated institutions. It is integrated in a series of principles such as the community of blood through procreation; the contiguity in space related to coöperation; the specialisation in activities; and last but not least, the use of power in political organisation. Each culture ows its completeness and self-sufficiency to the fact that it satisfies the whole range of basic, instrumental and integrative needs."[4]

312/ .....

1) a.w., 1938.

2) Linton, R.: (ed) Acculturation in Seven North American Indian Tribes, 1940.

3) a.w., p.329.

4) Malinowski, B.: A Scientific Theory of Culture and other Essays. 1944, p.40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy sien dus 'n kultuur as 'n selfstandige, selfversorgende eenheid wat 'n funksionele geheel ontwikkel as gevolg van basies biologiese en sekondêre behoeftes.

Malinowski was nie die eerste persoon om kultuur as 'n funksionele eenheid te beskou nie. Hieroor sê Lowie[1]:

> „Malinowski is hardly the father or the sole exponent of functionalism. We gladly hail him as its most articulate, its most persuasive herald. Others have either preached or practiced the faith; he has done both."

Ten opsigte van metode stel Malinowski dit as volg:[2]

> „The scientific field-worker should study the culture of his tribe in its own right so to speak, and as a self-contained reality. The comparative work, as well as reconstructive speculations on his material can be done later on from the armchair. The observations on what exist, on how it works, and what it means to the natives - the full reality of culture as it works in full swing - this has to be seized and related by the man in the field. No one will be able to accomplish it after he has left his tribe, not even the man himself."

Malinowski neem dus met sy formulering standpunt in teen vergelykende studies, asook teen historiese rekonstruksie. Selfs sy formulering skep probleme, aangesien sosiale gebruik verskil, selfs van gesin tot gesin, sodat dit nie duidelik is waar die geslote eenheid begrens moet word nie.

Lowie[3] som die Amerikaanse kritiek teenoor die teorieë van Malinowski op in die volgende sin: „others will do well to follow what he does rather than what he prescribes." - verwysende blykbaar na Malinowski se byna ongeewenaarde monografieë van die Trobiand-eilanders teenoor sy minder geprese teorieë.

Malinowski se standpunte skep vir hom onmiddelik probleme wanneer hy die begrip <u>culture change</u> binne hierdie raamwerk wil inpas. Hy definieer dit as volg:

> „.....<u>culture change</u> is the process by which the existing order of a society, that is, its social, spiritual, and material civilization, is transformed from one type to another..... In the widest sense of the term, culture change is a permanent factor of human

313/ .....

1) a.w., p.240

2) Malinowski, B. <u>The Sexual Life of Savages.</u> (Derde Uitgawe) 1932, p. xxxi.

3) a.w., p.239.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> civilization; it goes on everywhere and at all times. It may be induced by factors and forces spontaneously arising within the community, or it may take place through the contact of different cultures. In the first instance it takes the form of independent evolution; in the second it constitutes that process which in anthropology is usually called diffusion." 1)

Hy begrens sy studieveld egter deur sy behoefte aan 'n praktiese wetenskap. Hieroor sê hy:

> „It is the duty of the ethnologist, as a chronicler of contemporary events, to describe and analyse one of the most significant phases in human history, that is the present westernization of the world." 2)

en verder;

> „The field of culture change is one in which it is impossible to keep apart the theoretical and practical issues involved." 3)

Malinowski en sy volgelinge formuleer dan hulle hele begrip van culture change in Afrika, waar administrators, sendelinge en andere, praktiese probleme ervaar wat ontstaan as gevolg van die aanraking tussen die skriflose kulture in Afrika en die Westerse kultuur. Ten einde hierdie probleme op te los beskou Malinowski dit dan as die taak van die Volkekunde om die prosesse van die aanraking te bestudeer.

Ten einde hierdie begrip aan te pas by die basiese funksionalisme, sien sommige volgelinge van Malinowski, soos Schapera en Fortes, die hele kontaksituasie as een integrale geheel wanneer hulle byvoorbeeld skryf: „Contact agents can be treated as integrally part of the community."4) Malinowski besef egter dat hierdie toestand te simplisties gestel is. Hy probeer die probleem dan te oorbrug deur sy stelling van die Three orders of reality, wat hy as volg stel:

> „The impact of the higher culture; the substance of Native life on which it is directed; and the phenomena

314/ .....

1) Malinowski, B. a.w., 1945, p.1.
2) Ibid, p.3.
3) Ibid, p.6.
4) Fortes, M: Culture Contact as a Dynamic Process. In International Institute of African Languages, a.w. p.62.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> of autonomous change resulting from reaction between the two cultures. Only by analysing each problem under these three headings, and then confronting the column of European influence with that of Native responses, and of the resulting change, do we arrive at the most useful instruments of research."[1]

Dit is duidelik dat Malinowski culture change alleen sien as die verandering van die skriflose kultuur as gevolg van aanraking met die Westerse kultuur. Hy sê dan ook self:[2]

> „The conception of culture change as the impact of Western civilisation and the reaction thereto of indigenous cultures is the only fruitful approach."

Hierdie stelling is duidelik die gevolg van Malinowski se behoefte aan 'n praktiese volkekunde. Alhoewel daar aanvaar kan word dat die kultuurverandering, in soverre dit gemeet kan word, 'n groter omvang aanneem en groter implikasies inhou vir die skriflose kultuur as vir die Westerse kultuur, is dit tog duidelik dat ook die Westerse kultuur sekere veranderinge sal ondergaan as gevolg van die aanraking.

In antwoord hierop het Ortiz die begrip transculturation geformuleer, wat hy as volg uiteensit:

> „I am of the opinion that the word transculturation better expresses the different phases of the process of transition from one culture to another because this does not consist merely in acquiring another culture, which is what the English word acculturation really implies, but the process also necessarily involves the loss or uprooting of a previous culture which could be defined as deculturation. In addition it carries the idea of the consequent creation of a new cultural phenomena, which would be called neoculturation."[3]

Malinowski het in sy voorwoord tot hierdie werk die term deur Ortiz voorgestel sterk gesteun. Dit het egter nooit enige invloed op sy standpunt gehad nie, waarvan hy dan ook nie afgewyk het nie.

315/ ......

---

1) Malinowski, B. a.w., 1945, p.26.

2) Ibid, p.17.

3) Ortiz, F: Cuban Counterpoint: Tobacco and Sugar. 1947, p. 102.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Amerikaanse Gedagterigting.

Aanvanklik het Amerikaanse skrywers wat die begrip akkulturasie gebruik het selde 'n definisie gewaag, alhoewel hulle gebruik van die term gewoonlik duidelik was. Die eerste sistematiese definisie wat gepoog het om die begrip duidelik te omlyn ten einde eenvormigheid van gebruik in die hand te werk, was die van Redfield, Linton en Herskovits. Dit lui as volg:

> „Acculturation comprehends those phenomena which result when groups of individuals having different cultures come into continuous firsthand contact with subsequent changes in the original culture patterns of either or both groups." 1)

Tot hierdie definisie word 'n nota bygevoeg om die term acculturation te onderskei van die terme culture change, assimilation en diffusion.

Ten spyte van kritiek van verskeie volkekundiges, waaronder later twee van die opstellers self,2) is die definisie basies betreklik wyd aanvaar. Geen noemenswaardige definisie van Amerikaanse kant het sedertdien na vore gekom nie, en is slegs deur verskeie skrywers standpunte geformuleer ten opsigte van sekere onduidelikhede in hierdie definisie. Die vernaamste punte waaroor daar onduidelikhede bestaan het, was die volgende: wat word verstaan onder continuous first-hand contact?; wat word verstaan onder groups of individuals?; wat is die verhouding van die begrip acculturation teenoor culture change, diffusion en assimilation?; is akkulturasie 'n proses of 'n toestand?

Die probleem ontstaan byvoorbeeld waar 'n sendeling sporadiese besoeke bring aan 'n anders geïsoleerde skriflose kultuur-gemeenskap, dit dus nie as „continuous first-hand contact" beskou kan word nie, terwyl die sendeling tweedens ook nie 'n „group of individuals" vorm nie. Ten opsigte van die derde vraag word algemeen aanvaar dat akkulturasie 'n spesiale vorm van kultuur-verandering is, maar die probleem ontstaan om te

316/ .......

---

1) Redfield, R.: Linton, R; and Herskovits, M.J. a.w. 1936.

2) Herskovits, M.J. a.w., 1938, p.10 e.v.; Linton, R. a.w., 1940, p.464 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderskei tussen akkulturasie en diffusie waar albei aanvaar word as kultuurverandering as gevolg van die verwisseling van kultuur-elemente tussen twee groepe. Herskovits meen ten slotte die oplossing van hierdie probleme te vind deur die volgende bepaling:

> " ..... diffusion .... is the study of achieved cultural transmission; while acculturation is the study of cultural transmission in process." 1)

Hierdie stelling word verder aangevul deur as akkulturasie-studies te beskou daardie gevalle waar kultuurverandering deur etnohistoriese metodes vasgestel kan word, terwyl in gevalle van diffusie kultuurverandering histories deur deduksie of metodes van afleiding vasgestel moet word.[2] Uit hierdie stelling word die oplossing van die laaste probleem ten opsigte van die basiese definisie ook duidelik. Daar word dan ook algemeen deur volkekundiges, insluitende die funksionaliste, aanvaar dat akkulturasie as 'n dinamiese proses beskou moet word.

Ten opsigte van die verskil tussen akkulturasie en assimilasie is daar nog nie heeltemaal duidelikheid nie. Beals[3] wys daarop dat daar algemeen onderskei word tussen degrees of acculturation en tussen partially or wholly acculturated individuals. In laasgenoemde geval is dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n voltooide proses, met ander woorde 'n toestand, wat ook weinig verskil van die sosiologiese gebruik van die term „assimilation". In die aanvullende nota tot hulle definisie tref Redfield, Linton en Herskovits die volgende onderskeid:

> „Acculturation is to be distinguished from .... assimilation, which is at times a phase of acculturation."

Na assimilasie word dus verwys as die toestand waar 'n groep indiwidue, na 'n proses van akkulturasie, hulle eie kultuur

317/ .......

---

1) Herskovits, M.J. a.w., 1948, p.525.

2) Ibid, p.526.

3) a.w., p.627.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vervang het deur 'n ander. Hier is egter nog heelwat onduidelikheid van begrip, veral wanneer gepraat word van 'n „wholly acculturated individual" wat nog lid vorm van 'n groep wat in 'n proses van akkulturasie staan. So 'n posisie blyk nie moontlik te wees nie, aangesien derglike indiwidue stellig nog in 'n stryd of ander prosesse betrokke raak wanneer hulle optree binne hulle eie groep en dus self nog 'n dinamiese proses ondergaan.

(c) Verskil in Metodiek.

Alhoewel die verskeie definisies uiterlik aansienlik van mekaar verskil, en daar wel sekere standpunte geformuleer is waar volkekundiges dit nie met mekaar eens is nie, is daar tog 'n basiese ooreenstemming daarin dat almal die noodsaaklikheid sien van die studie van die prosesse wat ontstaan wanneer twee of meer kulture in kontak met mekaar kom. Wanneer mens egter op die terrein van metodiek en aanwending kom, is dit duidelik dat daar aanmerklike verskille bestaan tussen die benaderingswyse van die funksionaliste en die Amerikaanse wetenskaplikes, asook interne verskille binne hierdie dissiplines. Hierdie verskille kan as volg saamgeval word;

(i) Verskillende studie-skemas.

Verskeie volkekundiges het skemas uitgewerk wat hulle aanbeveel vir die studie van akkulturasie. Aan funksionele kant bied Malinowski[1] 'n skema aan wat basies bestaan uit drie hoofde waaronder die gegewens ingedeel moet word. Die skema motiveer hy as volg: „We have found that the two cultural orders African and European, in their original state entirely independent, and still largely retaining their cultural determinism, meet, impinge on each other, and produce a third cultural reality. Diagramatically, we shall remain true to this principle in projecting every one of our arguments into three columns."[2] Die

318/ .....

1) a.w., 1945, p.73.
2) Ibid, p.73.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



V. The results of acculturation.

A. Acceptance.

B. Adaptation.

C. Reaction."

Ander studie-skemas is ook voorgelê deur Thurnwald, Bateson en Linton.[1)]

(ii) Verskil ten opsigte van praktiese toepassing.

Daar is reeds aangetoon[2)] dat Malinowski sy studieveld begrens deur sy behoefte aan 'n praktiese volkekunde. Vir hom is die doel van studies van culture change om aan administrators en sendelinge leiding te gee in verband met probleme wat ontstaan as gevolg van die koms van die Westerse kultuur in Afrika. Alhoewel skrywers soos Herskovits nie standpunt inneem teen 'n toegepaste wetenskap nie, is die praktiese toepassing vir hulle nie primêr nie. In sy kritiek teen Malinowski val Herskovits hom dan ook sterk aan op hierdie punt, en so skryf hy sekere stellinge waarmee hy nie kan saamstem nie, toe aan „Malinowski's preoccupation with administrative problems."[3)]

(iii) Tipe en aard van kontak-situasies bestudeer.

Vir Malinowski het daar net een tipe kontaksituasie bestaan wat die onderwerp van sy studie vorm, naamlik waar 'n Europees-westerse kultuur in aanraking kom met 'n skriflose kultuur. Hy stel dit as volg:

> "... an impact of a higher, active culture upon a simpler, more passive one."

en verder:

> „The conception of culture change as the impact of Western civilization and the reaction thereto of the indigenous cultures is the only fruitful approach."[4)]



1) Thurnwald, R. a.w., 1932; Bateson, G: Culture Contact and Schimogenesis. In Man, 1935; Linton, R. a.w., 1940.

2) Sien p. 313.

3) Herskovits, M.J. a.w., 1948, p.528.

4) Malinowski, B. a.w., 1945, p.p. 15 en 17.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierteen neem Herskovits sterk standpunt in. Eerstens wys hy daarop[1] dat in die kontaksituasie tussen die Westerse en die skriflose kultuur, laasgenoemde meestal ook die Westerse kultuur beïnvloed, en dat hierdie vorm van kultuur-verandering ook bestudeer moet word. Hierby moet egter gevoeg word dat in praktyk Amerikaanse volkekundiges by hoë uitsondering enige aandag geskenk het aan hierdie aspek van akkulturasie, alhoewel hulle dit teoreties almal erken.

Tweedens[2] wys Herskovits daarop dat in Afrika, die studieveld van Malinowski op hierdie gebied, daar ook kontaksituasies bestaan tussen skriflose kulture onderling, en die ook bestudeer moet word.

Derdens[3] maak hy 'n ernstige aanval op, wat hy noem Malinowski se etnosentrisme wat hom lei „to over emphasize the weakness of African ways of life in the face of the impact of European culture." Hy maak ook beswaar teen die gebruik van die term „higher culture" en verkies om te praat van „a dominant group."

Herskovits gaan dan voort om verskeie tipes kontaksituasies te definieer:

> „Types of contact between people differ in many respects. They can occur between entire populations, or substantial segments of these populations, or they may arise from contact between smaller groupings or even individuals... Contacts are also to be classified as friendly or hostile."[4]

Voorts onderskei hy tussen drie tipes van kontak:

> „One is where contacts are between groups about equal in size, or where groups are of different sizes. Another is where groups differ markedly in the complexity of their material or nonmaterial culture, or both; or where cultures are of an equal degree of intensity. Finally we encounter those situations where a group having one way of life comes into the habitat of another, or where the achieving group achieves its contact with the new culture in the new habitat.[5]

321/ ......

1) Herskovits, M.J. a.w. 1948, p.527.
2) Ibid, p.527.
3) Ibid, p. 528.
4) Ibid, p. 530.
5) Ibid, p. 532.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten slotte onderskei Herskovits in die geaardheid van die kontak-situasie:

> „The first kind of situation to be envisaged is where elements of culture are forced on a people, or where acceptance is voluntary. The second situation is where no social or political inequality exists between groups. In the third situation, three alternatives are presented - that is, where there is political dominance but not social; where dominance is both political and social; and where social superiority of one group over another is recognised, without there being political dominance."[1]

(iv) Die gebruik van historiese gegewens en -benadering.

Oor die algemeen is alle volkekundiges, ook die meerendeel van die funksionaliste, dit eens dat 'n historiese benadering en die gebruik van historiese gegewens van belang is in die studie van akkulturasie. Hunter, Mair, Fortes, Schapera en Wagner is dit almal eens dat 'n historiese rekonstruksie nodig is.[2] Hunter sê byvoorbeeld:

> „Any culture can only be fully understood in its historical context."[3]

Malinowski self vind dit egter moeilik om sy funksionalisme hierby aan te pas. Alhoewel hy in sy skema 'n kolom het vir reconstructed past, sien hy dit egter eerder as die past remembered.[4] In sy motivering van hierdie kolom is hy dan ook baie huiwerig om die wetenskaplike waarde van hierdie gegewens te aanvaar. Hy sê daarvan onder meer:

> „.... it is important to realise that it can never be the result of actual observation, and that the validity of the data, there presented is of an entirely different order from that of the other three columns."[5]

Vir hom

> „What matters for the future and even for the present is what is still alive and not what is dead."[6]

322/ .....

1) Ibid, p.533.
2) Sien hulle bydraes in: International Institute of African Languages and Cultures, a.w., 1938.
3) Ibid, p.336.
4) Malinowski, B. a.w., 1945, p.29.
5) Ibid, p.76.
6) Ibid, p.29.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In sy bespreking van die zero point of change wat Mair voorgestel het as 'n bruikbare gerekonstrueerde stadium van 'n kultuur voordat die kontak-situasie met 'n ander kultuur plaasgevind het, is Malinowski ook traag om hierdie begrip te aanvaar. Waar hy dit wel doen, vind hy dat dit net onder sekere omstandighede gebruik kan word en visualiseer hy die begrip ook as die stadium waarna verandering as gevolg van die kontak-situasie plaasgevind het. By implikasie beskou hy dus die skriflose kulture as staties totdat die kontak met die Westerse kultuur plaasgevind het.[1)]

In teenstelling tot Malinowski is Amerikaanse volkekundiges in teorie en in praktyk uitgesproke ten gunste van die aanwending van 'n historiese benadering by die bestudering van akkulturasie. So skryf Beals[2)] van die Amerikaanse benadering:

> „.... historical data are used whenever possible. The approach of Herskovits and others .... makes the fullest possible use of historical materials."

(v) Atomistiese - teenoor funksionele benadering.

Die benadering van funksionliste behels vanselfsprekend dat hulle ook in die studie van akkulturasie die skriflose kultuur wat in 'n proses van akkulturasie staan, as integrale geheel bestudeer. Malinowski benader dan ook sy three orders of reality as die aanslag van die „higher culture" op die geheel van die skriflose kultuur, waarna die prosesse van verandering bestudeer word.

Die Amerikaanse studente beweer egter dat 'n kultuur, vir metodologiese doeleindes, opgedeel kan word in sekere aspekte waarop die prosesse van akkulturasie as sodanig dan bestudeer kan word. Hieroor sê Herskovits:

> „The ideal of studying the results of contact between peoples in terms of whole cultures, is, without doubt, well worth pursuing. The principal difficulty in this approach lies in the fact that workable methods of

323/ .....

1) Ibid, p. 27 e.v.

2) Beals, R. a.w., p. 632.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



achieving it have as yet to be devised. On the contrary the really significant studies of culture contact have been those where one aspect, even one trait, has been taken at a time, perhaps to be combined later into a comprehensive portrayal of the results of acculturative experience."[1]

(vi) Die rol van die indiwidu en die sielkundige benadering.

Op hierdie aspek is daar ook twee verskillende wyses van benadering. In die eerste geval word, in die studie van die proses van akkulturasie klem gelê op die rol van indiwidue van beide kulture. Hunter[2] bespreek byvoorbeeld die belangrikheid van 'n deeglike begrip van die contact agents en hulle persoonlikhede.

Hierteenoor staan die studies van persoonlikheidsstruktuur en die verandering van persoonlikheid in verband met akkulturasie. In hierdie verband is veral die werk van Hallowell van belang.[3] Hierdie tipe studie is baseer op die hele formulering van 'n sogenaamde „basic personality construct" soos, onder meer, uiteengesit deur Linton.[4]

(vii) Die identifisering van die prosesse van akkulturasie.

Die bepaling van die presiese aard van die prosesse wat plaasvind wanneer kultuurkontak plaasvind, is waarskynlik die uiteindelike teoretiese doelstelling van die studie van akkulturasie. Daar is egter nog weinig werk in dié verband gedoen aangesien volkekundiges oor die algemeen toegespits het op die beskrywing van veranderde kulture as gevolg van aanraking met ander kulture.

324/ .....

1) Herskovits, M.J. a.w., 1948, p. 535.

2) Hunter, M.: Methods in the study of culture contact. In Africa, 1934, Vol. VII, pp. 347-49

3) Hallowell, A.: Socio-psychological Aspects of Acculturation. In Linton, R.: (ed) The Science of Man in the World Crisis. 1945.

4) Linton, R.: The Cultural Background of Personality. 1947.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar daar wel gepoog is tot identifisering en verklaring van sulke prosesse, is dit meestal deur Amerikaanse volkekundiges gedoen. Die meeste volkekundiges van die funksionele skool volg die standpunt van Hunter waar sy sê:

> „My interest in culture contact is primarily practical ...... The nature and extent of the changes taking place in the Bantu community are my first concern, the mechanism of change a secondary one." 1)

Vry algemeen word die term acceptance gebruik wanneer kultuur-elemente sonder enige verandering of hervorming oorgeneem word. Gewoonlik lei dit tot algehele assimilasie van die nuwe kultuur.

Teenoor „acceptance" staan die term reaction waarmee 'n verset van een kultuurgroep teen die, gewoonlik dominerende, kultuur waarmee in aanraking gekom word. In hierdie verband formuleer Herskovits die begrip van kontra-akkulturasie wat hy as volg stel:

> „It is essentially out of contacts involving dominance of one people over another that contra-acculturative movements arise - those movements wherein a people come to stress the values in aboriginal ways of life, and move aggressively, either actually or in phantasy, towards the restoration of those ways, even in the face of obvious evidence of their impotence to throw off the power that restricts them."2)

Soortgelyk hieraan is die wyd-aanvaarde term syncretism - die aanpassing van elemente uit 'n ander kultuur aan die bestaande kultuur, of andersom die aanpassing van die eie kultuur aan elemente van die ander kultuur. Hierbinne val die sogenaamde nativistic en revivalistic bewegings. Herskovits3) sien sinkretisme as een vorm van die hele proses van cultural reinterpretation wat 'n kenmerk is van alle kultuurverandering. Waar sinkretisme net voorkom by akkulturasie, is reinterpretation die wyer term wat ook insluit die aanpassing van ou kultuurvorme by



1) Hunter, M. a.w., 1934, p. 335.

2) Herskovits, M.J. 1948, p. 531.

3) Ibid, p. 553 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nuwe kultuurvorme, of omgekeerd, wanneer interne kultuurverandering of ontwikkeling plaasvind. Gepaard hiermee formuleer Herskovits[1)] die begrip cultural focus waarmee hy daardie neiging in 'n kultuur aandui om groter klem te lê op een of meer aspekte van die kultuur. Dit is dan volgens Herskovits dikwels hierdie aspekte wat her-interpreteer word by „reinterpretation", insluitende sinkretisme.

'n Verdere begripsformulering van Herskovits ten opsigte van akkulturasie is die van selectivity[2)] waarmee hy verklaar dat in die oorname van kultuur-elemente, sekere aspekte aanvaar word en ander aspekte van die nuwe kultuur verwerp word.

Bidney formuleer ook die begrip the crisis of acculturation[3)] wat hy as volg stel:

> „For many native peoples brought involuntarily and reluctantly into contact with Western civilization, acculturation is all to often 'deculturation', since the old, partially discarded cultural forms and institutions are not superseded by functional new forms. Such cultural crises may be regarded as the product of cultural inertia and of the withering away of native institutions when brought into contact with alien patterns of culture which they can neither resist nor assimilate. More often, however, an axiological crisis is the product of a negative reaction of active resistance to some of the socio-cultural changes brought about by the introduction of new industrial techniques."

## B. Die Aard en Gevolge van die Kultuurkontak in Hovesground.

### (a) Die aanraking tussen Blank en Bantoe in Suid-Afrika.

Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie verslag 'n oorsig te gee van die hele ontwikkeling van die aanraking tussen die Blankes, as draers van die Westerse kultuur, en die Bantoe nie. Tog is dit van belang om te weet dat die inwoners

326/ .......

1) Ibid, p. 542 e.v.

2) Ibid, p. 537 e.v.

3) Bidney, D. a.w., p. 360 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Hovesground nie vir die eerste maal in Hovesground in kontak met die Westerse kultuur gekom het nie, maar dat hierdie proses reeds vir etlike geslagte aan die gang is.

Dit is reeds bykans tweehonderd jaar gelede dat die Bantoe in Suidelike Afrika vir die eerste maal in kontak gekom het met die Blankes wat vir hulle aan die suidpunt van die kontinent kom vestig het. Die eerste aanraking tussen Blanke jagekspedisies en die Xhosa wat die voorpunt van die Bantoetrek vanuit die noorde gevorm het, was omstreeks 1730.[1] Die aanvanklike kontak was sporadies en gering. Pioniers, jagters en reisigers het van tyd tot tyd die Bantoegebiede binnegedring en die kultuurkontak daargestel. Sendelinge het gevolg om die Christelike boodskap te dra, later gevolg deur handelaars en amptenare.[2]

Die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika[1] beskryf die proses van aanraking as bestaande uit vier fases, naamlik:

i) 'n Prekontakfase waartydens Blanke pioniers, jagters en reisigers sporadies met Bantoe-groepe in aanraking kom en geen ingang bewerkstellig van die Blanke se kultuurgoedere op die lewensfeer van die Bantoe nie.

ii) 'n Verstedelikingsfase. As gevolg van die beïnvloeding van die Bantoekultuur, ontstaan daar 'n behoefte aan Blanke

327/ .....

1) Sien: Unie van Suid-Afrika. Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. 1955, U.G. 61/1955, p. 4.

2) Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie onderwerp, kan die volgende bronne geraadpleeg word: Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie in die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika - Ongepubliseerde Verslag, Boekdeel I, Vol.I, Hoofstukke 2 en 3; Van Biljon, P. a.w., 1947; Brookes, E.H.: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day. 1924; Schapera, I (ed) a.w., 1934.

3) Ongepubliseerde Verslag, a.w. Boekdeel I, Vol.I, Hoofstuk 2, pp. 131-135.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kultuurgoedere wat hoofsaaklik nie in die Bantoegebiede te vinde is nie. Hiertengevolge ontstaan daar 'n uitstroming van Bantoe uit die Bantoegebiede na die Blanke gebiede. Weens die kulturele afstand tussen die Blanke en die Bantoe, weier die Blanke om die Bantoe in te laat tot die kern van sy lewensfeer en word die Bantoe 'n „plakker" in die Blankegebied, van wie hy afhanklik bly.

iv) 'n Reaksiefase wat volg op die weiering van die Blanke om die Bantoe te laat deurdring tot die kern van sy lewensfeer en lei tot frustrasie by die Bantoe, waaraan drie reaksiewyses ontspring:

(a) Pogings tot indringing;

(b) Nasionalistiese bewegings;

(c) Ontvlugtings.

Hierdie fases kan nie as opeenvolgende periodes gestel word wat kronologies op mekaar volg nie, en oorvleuel die fases mekaar wat tydperke betref.

Die afsonderingsbeleid van die Blankes, vandag genoem die apartheidsbeleid, is tot 'n groot mate op gebruik gevestig, maar is ook van tyd tot tyd bekragtig deur enkele Wette, Proklamasies en Ordonansies. Die belangrikste daarvan is die volgende:

i) Die Naturellen Grond Wet, 1913 (Wet Nr. 27 van 1913). Deur hierdie Wet is die beginsel van gebiedskeiding en tuislande vir die Bantoe vasgelê, en bestaande Bantoereservate en gronde is herbevestig.

ii) Die Naturelletrust- en grond Wet, 1936 (Wet Nr. 18 van 1936) het die beginsel in 1913 vasgelê en herbevestig deur voorsiening te maak vir die uiteindelike opsystelling van 'n bykomende $7\frac{1}{4}$ miljoen morg grond vir uitsluitlike Bantoe bewoning. Hierdie twee wette maak gesamentlik voorsiening vir die uitsluitlike besit- en okkupasiereg van die Bantoe van hulle eie tuisgebiede en reserveer tergelykertyd die Blanke gebiede vir Blanke besit en okkupasie.

328/ ......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iii) Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945. (Wet Nr. 25 van 1945) bepaal die voorwaardes waaronder Bantoe in Stedelike Blankegebiede mag kom.

iv) Die Naturelle-verteenwoordigingswet, 1936 (Wet Nr. 12 van 1936). Hiervolgens word Bantoe, wat voorheen slegs beperkte stemreg in die Kaap gehad het, op 'n aparte kieserslys geplaas, waardeur hulle Blankes kan benoem om hulle in die Hoër en Laer Huis van die Suid-Afrikaanse Parlement te verteenwoordig.

v) Die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet Nr. 38 van 1927) maak voorsiening vir die aanstelling, en omskryf die magte en pligte van Blanke amptenare in die Departement van Naturellesake, wat met Unifikasie tot stand gekom het, om die administrasie van gebiede waar daar 'n saamtrekking van Bantoe is, te behartig. Ook word bepaal welke regstelsel op die Bantoe van toepassing sal wees.

vi) Die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet Nr. 68 van 1951). Hierdie wet maak voorsiening vir die erkenning en aanstelling van die tradisionele Bantoe owerhede, aan wie sekere bevoegdhede verleen word om die ontwikkeling van hulle eie gebiede te behartig.

vii) Die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959. (Wet Nr. 46 van 1959)[1)]

Hierdie Wet maak voorsiening vir die geleidelike ontwikkeling van selfbesturende Bantoevolkseenhede, en is in die opsig 'n uitbreiding op die Wet op Bantoe-owerhede. Ook word voorsiening gemaak vir die Bantoevolkseenhede om verteenwoordigers in die stadsgebiede te benoem, sodat statutêre erkenning in stadsgebiede verleen word aan die tradisionele stamgesag. Verder word voorsiening gemaak vir regstreekse oorlegpleging tussen die Unieregering en die Bantoevolkseenhede deur Kommissarissegeneraal ten opsigte van daardie eenhede aan te stel. Uit

329/ ......

---

1) Hierdie Wet was ten tyde van die opname nog nie van toepassing nie, en sy uitwerking kon dus nog nie bepaal word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie meer effektiewe vorm van raadpleging, asook die bevordering van selfbestuur onder Bantoegemeenskappe, lei dan ook ten slotte die herroeping van die Naturelle-verteenwoordigingswet en daardeur die beëindiging van die uitgediende Naturelleverteenwoordiging in die Blanke Parlement.

Die aanraking tussen Blanke en Bantoe, die vaspenning van die semi-nomadiese Bantoe se woongebiede en die beïnvloeding van die Bantoe-kultuur deur die meer dinamiese Blanke kultuur het nie sonder verset van die Bantoe plaasgevind nie. Aanvanklik het hierdie verset die vorm aangeneem van oorloë tussen die Blankes en die Bantoe.1) Namate die Bantoe meer kennis gekry het van Blanke politieke organisasies, en aangewakker deur Blanke negrofiliste, liberaliste en Kommuniste, is oorgegaan tot die stigting van organisasies met 'n politieke inslag soos die African National Congress, die Industrial and Commercial Worker's Union en die All African Convention, wat die Bantoe opgehits het tot verskeie versetbewegings.2)

Die hele patroon van die kultuurkontak tussen Blank en Bantoe in Suid-Afrika word deur die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika as volg saamgevat:3)

> „Dit was noodwendig dat die Blankes en die Bantoe vroeër of later met mekaar in aanraking sou kom, en dat daar wederkerige beïnvloeding sou wees. Die Blanke is egter die draer van 'n meer dinamiese kultuur as die Bantoe en om dié rede het die beïnvloeding hoofsaaklik net in een rigting gegaan, naamlik van die Blanke op die Bantoe. Hierdie beïnvloeding is versterk deur 'n doelbewuste strewe, van groter of kleiner omvang, om die Bantoe deelagtig te maak aan die beskawings- en kultuurgoedere van die Blanke. Dit is gedoen deur die Bantoe in aanraking te bring met 'n Westerse onderwysstelsel, die Christelike godsdiens en die Christelike lewenswyse, Westerse politieke begrippe en 'n Westerse lewensbeskouing. Daarby is die Bantoe ook in die ekonomiese

330/ .....

---

1) Unie van Suid-Afrika, 1955, a.w., pp. 5-6.

2) Vergelyk Roux, Edward: <u>Time Longer than Rope</u>. 1948.

3) Ongepubliseerde Verslag, a.w., Hoofstuk 2, p.2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TIPIESE LATRINE.



'n PAAR "LODGER"-WONINGS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewe van die Blanke ingeskakel. Deur die werking van hierdie verskeie faktore is al die terreine van die Bantoe se kultuur in minder of meerdere mate beïnvloed. Van 'n blote geografiese kontak in die begin, het die aanraking tussen die Blanke en die Bantoe gaandeweg dus tot alle terreine van die materiële en geestelike lewe deurgedring."

(b) Die Aard van die Kontaksituasie in Hovesground.

Die kontaksituasie in Hovesground is nie enkelvoudig van aard nie, maar bevat 'n verskeidenheid van fasette wat duidelikheidshalwe moontlik ten beste puntsgewyse aangestip kan word.

i) Die Verstedelikingsproses.

'n Proses van verstedeliking is in sigself reeds 'n akkulturasieproses. Beals[1] skryf hieroor:

"..... rural-urban acculturation and cross-cultural acculturation differ only in degree and do not represent substantially different processes of change."

Dat die verhuising van 'n indiwidu of 'n groep persone van 'n landelike omgewing na 'n stedelike omgewing binne dieselfde kultuurverband 'n groot verandering in lewenswyse verg, word algemeen aanvaar. Dit word ook gestaaf deur Beals:[2]

"....... in most acculturation studies .... we are dealing with changes occuring in an existing and continuing social group whereas the migrant into the urban area comes as an individual uprooted from his original social group and cultural context."

Ook kan Wirth[3] in hierdie verband aangehaal word:

"The anomalous situation symbolic of urban life consists in the presence of close physical proximity coupled with vast social distances of men. This has profoundly altered the basis of human association and has subjected the traits of human nature as moulded by simpler social organisations to severe strain."

331/ ......

1) Beals, Ralph, L.: Urbanism, Urbanization and Acculturation. In American Anthropologist, 1951, Vol.53, No.1, p.7.

2) Ibid, p. 7.

3) Wirth, Louis: The Urban Society and Civilization. In American Journal of Sociology, 1940, Vol.65, No.5. Aangehaal uit Beals, Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir die Bantoe verg 'n verstedelikingsproses 'n veel groter aanpassing. Eerstens bestaan daar in die Bantoe tuisgebiede geen stede soos ons hulle in die moderne Westerse samelewing ken nie.[1] 'n Proses van verstedeliking vorm in sigself dus nie deel van die kultuurpatroon van die Bantoe nie, en is die blote trek na 'n stadsgebied reeds 'n verandering in die kultuurpatroon. Tweedens word die Bantoe nie verplaas van sy eie landelike kultuur-omgewing na 'n stad binne dieselfde kultuurpatroon nie, maar na 'n stad waar 'n dominerende vreemde kultuur oorheers.

ii) <u>Die Aard van die kulture</u>.

Daar is reeds gestel[2] dat die Blankes die draers is van 'n meer dinamiese kultuur, waardeur die beïnvloeding hoofsaaklik in een rigting gaan, naamlik van die Blanke op die Bantoe, 'n verloop wat verder versterk word deur 'n doelbewuste strewe om die Bantoe deelagtig te maak aan die kultuurgoedere van die Blankes.

iii) <u>Die Gebied van aanraking</u>.

Die kultuurkontak tussen die inwoners van Hovesground en die Blankes van Pretoria, vind plaas in die kultuurgebied van die Blankes. Waar die Blanke kultuur voorheen tot die Bantoe gekom het binne die sfeer van sy eie kultuurgebied, het hy hom nou afgesonder van die behoudende invloed van sy omgewing en die Blanke lewensfeer binnegedring. Die ontvangende groep bevind hom dus nou binne die nuwe omgewing van die dominerende groep.

iv) <u>Die Aard van die groepe</u>.

Die kultuurkontak vir die inwoners van Hovesground is hoofsaaklik met die inwoners van Pretoria. Vir beide groepe is dit dus hier net gedeeltes van die bevolking wat met mekaar in aanraking kom, alhoewel verspreid oor die land die twee bevol-

332/ ......

1) Vergelyk die beskrywing van Bantoe-statte in die Inleiding, p. 9.

2) Sien pp. 329-330.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kingsgroepe in geheel met mekaar in aanraking is. Tweedens is die inwoners van Hovesground wat getalsterkte betref veel kleiner as die Blankes van Pretoria. Die gehele Bantoebevolking in en om Pretoria is egter ongeveer gelyk in grootte aan die Blankes in Pretoria. Oor die gehele land egter is die verhouding van Bantoe teenoor Blankes ongeveer drie teen een.

v) Politieke en sosiale verhouding.

Alhoewel daar wetlik geen politieke of sosiale ongelykheid tussen Blanke en Bantoe in die Unie bestaan nie, en die beginsel van die aanvaarde apartheidsbeleid aparte, maar gelykwaardige ontwikkeling van die twee rassegroepe elk in sy eie gebied, voorstaan, bestaan daar wel politieke ongelykheid tussen Blank en Bantoe in die Blanke stadsgebied, en 'n heersende gevoel van sosiale en politieke ongelykheid tussen die dominerende Blankes en die Bantoe.

vi) Etniese verskille.

Die Bantoe van Hovesground vorm nie 'n homogene groep nie, en bestaan uit verskillende etniese groepe en stamme[1], waartussen daar kulturele- en taalverskille bestaan. Dit volg dus noodwendig dat daar ook kulturele beïnvloeding tussen hierdie groepe moet bestaan. Aangesien die kulture van hierdie groepe gelyksoortig en gelykwaardig is, en die Noord-Sotho groep wat getalsterkte betref oorheersend is, is die kulturele beïnvloeding hoofsaaklik van die Sotho op die ander. Vergelyk byvoorbeeld die gesegde, wat deur alle etniese groepe gebruik word wanneer gepraat word van 'n Bantoe-gewoonteregtelike huwelik, dat hulle „met die Sotho getrou is."[2] Die proses van akkulturasie tussen verskillende Bantoegroepe neem die vorm van assimilasie aan. Hierdie proses word in Hovesground gesien by die BaHwaduba-stamlede, 'n Ndebele-stam wat vir jare in Noord-Sotho gebied woonagtig is en die hele kultuur en taal van die Noord-

333/ .......

1) Sien Hoofstuk II, p.105.

2) Sien Hoofstuk I, p.80.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sotho geassimileer het.[1)]

vii) Verskillende stadia van akkulturasie.

Daar is reeds op gewys[2)] dat die inwoners van Hovesground, wat betref hulle verblyf daar, in drie groepe ingedeel kan word, naamlik die permanente bewoners, die voornemend permanente bewoners en die trek-arbeiders. Daar bestaan dus 'n verskil in die tydperk van verblyf in die Blanke stadsgebied. Sommige inwoners is in Hovesground gebore, sommige woon al vir etlike jare daar, sommige het nog maar vir 'n kort periode in Hovesground gewoon en kom van Blanke plase af of van die Bantoe tuisgebiede.[3)] Dit is duidelik dat die aard en graad van beïnvloeding verskil van indiwidu tot indiwidu. Dit volg dus dat daar kulturele beïnvloeding moet plaasvind tussen die indiwidue of groepe wat in verskillende stadia van die akkulturasieproses verkeer. Sekere Bantoe het reeds ten opsigte van sommige aspekte, draers geword van die Blanke kultuur, alhoewel soms in 'n gewysigde vorm. Ook is daar reeds Bantoe onderwysers, handelaars en kerkleiers, wat doelbewus poog om hulle mede-Bantoe deelagtig te maak aan die Westerse en Christelike lewenswyse.

viii) Verskil in aard van kontak tussen indiwidue.

Uit die aard van hulle werksomstandighede volg dit dat die graad van beïnvloeding verskil tussen inwoners van Hovesground Daar is reeds aangetoon[4)] dat 'n groter persentasie van die mans in Hovesground by Blankes werksaam is as die geval met vroue. Dit beteken dat volwasse mans oorwegend daagliks in noue kontak is met Blankes, terwyl 'n groot persentasie vroue as huisvroue binne Hovesground hulle dag deurbring. Tweedens is dit ook duidelik dat 'n nywerheidswerker in intieme aanraking kom met

334/ .....

1) Sien Hoofstuk II, p.105.

2) Sien Hoofstuk VI, p.242.

3) Vergelyk Hunter, Monica, a.w., 1936 vir die verskil in die beïnvloeding van Bantoe in die stede, op Blanke plase en die tuisgebiede.

4) Sien Hoofstuk VI, pp.232-233.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Blanke ekonomiese lewe, maar dat 'n huisbediende in nouer aanraking kom met die daaglikse leefwyse van 'n Blanke gesin.

ix) Sosiale verband in Hovesground.

Die inwoners van Hovesground is òf as gesinne, òf as enkellopende indiwidue daar gevestig. Dit is duidelik dat die gesinsverband 'n behoudende faktor is wat vir die enkellopendes nie bestaan nie.

x) Kontak met ander kultuurgroepe.

Benewens die aanraking met die Blankes, kom die inwoners van Hovesground ook in aanraking met Asiate, en in 'n mindere mate ook met Kleurlinge, welke groepe ook 'n invloed moet hê op die lewenswyse van die Bantoe. Voorbeelde van hierdie beïnvloeding sien ons in die spel fah-fee[1)] wat van Sjinese oorsprong is, asook die voorliefde vir atjar en kerrie[2)] en ander Oosterse speserye.

C. Die Gevolge van die Kontaksituasie op die Sosiaal-kulturele lewe in Hovesground.

Dit is nie die doel van hierdie ondersoek om 'n vergelyking te tref tussen die sosiaal-kulturele lewe van die inwoners van Hovesground, die Bantoe in die tuisgebiede en die Bantoe op die Blanke platteland nie. Ook word nie beoog om 'n vergelyking te tref met enige vorige stadium in die ontwikkeling van die akkulturasieproses nie. Die taak is hier om die sosiaal-kulturele lewe van 'n Bantoegroep in 'n Blanke stadsgebied te evalueer, teen die maatstaf van die sosiaal-kulturele lewe van tradisionele Bantoegemeenskappe, met ander woorde in sulke omstandighede waar die mees gekonsentreerde beïnvloeding van die Bantoe-kultuur verwag kan word. Daar sal dus vervolgens gepoog word om in breë trekke aan te dui hoe die kultuur van die gemeen-

335/ ......

1) Sien Hoofstuk II, p.120.
2) Sien Hoofstuk VI, p.274.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skap in Hovesground verander het. Waar hierdie bespreking om metodologiese redes in aspekte onderverdeel word, moet in gedagte gehou word dat kultuurveranderinge op een aspek ook die ander aspekte beïnvloed.

1. Die Sosiale aspek.

(i) Die sosio-familiale sfeer.

Die sosio-familiale verhoudinge en gebruike het groot veranderinge ondergaan as gevolg van die intieme aanraking met die Blanke kultuur. Veral die basis van die sosio-familiale reeling, die verwantskapsgroepe wat as residensiële eenhede saamgewoon het, het deur die verstedelingsproses heeltemaal gedisintegreer. Die grootste verwantskapsgroep wat ons in Hovesground vind, is die gesin. Origens woon die verwante oor die hele land verspreid, sodat die invloed van die sosiale struktuur prakties uitgeskakel is.

Ook die basis van die gesinstruktuur, die huwelik, het wesenlike veranderings ondergaan. So merk ons dat, alhoewel dit deur die inwoners as 'n ongesonde toestand beskou word, die huwelik nie meer essensieel is vir kindergeboorte nie, en kinders ook nie meer nodig is vir die huwelik nie.[1] Uit 'n monstergroep het geblyk dat 22.3% van die ongetroude vroue kinders het.[2] Hierdie toestand het sodanig ontwikkel dat 'n jong meisie wat geen kinders het nie, as onvrugbaar beskou word.[3] Die gevolge van die buite-huwelikse geslagsomgang is dan ook dat die huwelik gewoonlik bevestig word nadat sy vernaamste funksies reeds vir etlike jare vervul is.[4]

Wat die wyse van huweliksluiting betref, is daar 'n

336/ ......

---

1) Sien Hoofstuk I, p.63.

2) Sien Hoofstuk I, p.67.

3) Sien Hoofstuk I, p.38.

4) Sien Hoofstuk I, p.69.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groot verskeidenheid van gebruike en slegs 14% uit 'n monstergroep het volgens Bantoe-gebruik plaasgevind, terwyl die orige huwelike òf kerklik òf siviel van aard is.[1] Dit is egter belangrik om daarop te let dat in 96% van die huwelike daar oordrag van lobolo was,[2] sodat by verre die grootste persentasie van huwelike, kerklike en siviele huwelike ingesluit, hierdie belangrike element behoue gebly het. In die keuse van 'n huweliksmaat, word die verbode huwelike redelik algemeen erken, maar die voorkeur huwelike het feitlik geheel-en-al verval.[3]

In die ontwikkeling van die indiwidu het heelwat van die tradisionele Bantoegebruike en -taboes behoue gebly.[4] Tog is daar egter ook groot veranderinge en aanpassings by die nuwe omstandighede. So sien ons byvoorbeeld dat 'n vrou gedurende swangerskap nie mag skrik of iets afgrysliks mag sien nie. By hierdie Bantoegebruik is egter nou twee Blanke elemente betrek wat vermy moet word, naamlik bioskope en sirkusse.[5] Die grootste verandering sien ons egter by die bereiking van puberteit. Onder tradisionele Bantoegemeenskappe het hierdie oorgangsfase gepaard gegaan met besonder belangrike seremonies. Hierdie seremonies word tans òf nie meer onderhou nie, òf sodanig afgewater dat hulle geheel van karakter verander het.[6]

In die sosiale lewe van die Bantoe van Hovesground word die navorser veral getref deur die absolute sosiale verval van die gemeenskap. Oormatige gebruik van drank, dobbelary, prostitusie, misdaad en die vorming van jeugbendes[7] het al

337/ .....

---

1) Sien Hoofstuk I, p.79.

2) Sien Hoofstuk I, p.79

3) Sien Hoofstuk I, p.72.

4) Sien Hoofstuk I, p.38 e.v.

5) Sien Hoofstuk I, p.41.

6) Sien Hoofstuk I, pp. 56 e.v.

7) Sien Hoofstuk II, pp. 116 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



feitlik deel geword van die daaglikse lewe, en raak byna iedere inwoner van die gebied.

ii) Die sosio-politiese sfeer.

Die politieke leiers en verteenwoordigers van tradisionele Bantoegemeenskappe hang nou saam met die sosiale struktuur van die gemeenskappe.[1] Die disintegrasie van die sosiale struktuur bring dus noodwendig die disintegrasie van die politieke struktuur mee.

Daar bestaan onder die Bantoe van Hovesground 'n besliste neiging tot etniese groepering.[2] Hierdie neiging kan egter nie beskryf word as 'n behoefte om die sosiale en politieke struktuur te probeer herstel nie. Beals wys daarop[3] dat dit 'n algemene eienskap van stadsbewoners is om hulle te vestig onder hulle eie mense. 'n Groot persentasie van die inwoners weet egter nog wie hulle stamhoof in die Bantoegebied is, en ken ook die polities-senior persoon van hulle stam in die stad.[4] Weens die distansie tussen die indiwidu in Hovesground en die stamhoof in die tuisgebied, asook die feit dat hierdie gesag in die stadsgebied geen statutêre erkenning geniet nie, funksioneer hierdie gesag hoegenaamd nie meer nie.

Teenoor die gebrek aan tradisionele politieke beheer, bestaan daar by die Bantoe van Hovesground 'n besliste behoefte om die politieke struktuur van die Blankes binne te dring, alhoewel die neiging by sommige inwoners sterker ontwikkel is as by ander. Hierdie behoefte word bevredig deur lidmaatskap van en

338/ .....

---

1) Vergelyk: Bruwer, J.a.w.p.187.

2) Sien Hoofstuk II, p.113

3) Beals, R.L. a.w., 1951, p.7. Sommige skrywers beskou hierdie spontane etniese groepering as 'n vorm van sinkretisme. Hiermee kan nie saamgestem word nie. Vergelyk bv. Potgieter, E.F.: 'n Volkekundige Ondersoek na die proses van Integrasie van die Bantoe by die Blanke ekonomiese struktuur in Suid-Afrika. Ongepubliseerde Proefskrif. 1954, p.241.

4) Sien Hoofstuk II, p. 113.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deelname aan die aktiwiteite van adviesrade en Bantoe-nasionalistiese bewegings. Persone wat 'n leidende aandeel in hierdie organisasies neem, geniet ook heelwat aansien in die gemeenskap.[1)]

iii) <u>Die Opvoedkundige sfeer</u>.

Die opvoeding van die jeug in tradisionele Bantoegemeenskappe was nou verbonde aan die sosiale en politieke struktuur van die gemeenskap.[2)] Aangesien die struktuur op 'n verwantskapsbasis berus wat in Hovesground, met die uitsondering van die gesin, nie aanwesig is nie, het hierdie gemeenskapsopvoeding feitlik totaal verval. Die jeug in Hovesground aanvaar van die gemeenskap wat hom pas, en verwerp die orige.[3)] Die opvoedkundige funksie van die stamskool, wat 'n belangrike deel van die gemeenskapsopvoeding gevorm het, bestaan byna ook nie meer nie.[4)]

Die informele opvoeding wat die jeug in gesinsverband ontvang het, bestaan vanselfsprekend nog. Die waarde van hierdie opvoeding lei egter gebrek by die verlies aan ouerlike kontrole.[5)] Een belangrike onderdeel van die informele gesinsopvoeding, die opleiding in die ekonomiese lewe, het vir die seuns egter verval aangesien die vaders nie hulle seuns na die werksplekke kan neem nie.[6)]

Naas die informele opvoeding van die jeug, het nou ook die formele Blanke onderwysstelsel bygekom. Alhoewel die Wet op Bantoe-onderwys[7)] die beheer van skole nou in die hande van Bantoe-ouers geplaas het, bestaan die nuwe stelsel nog te kort vir

339/ .....

1) Sien Hoofstuk II, p.111.
2) Sien Hoofstuk V, pp. 194-196.
3) Sien Hoofstuk V, p.201.
4) Sien Hoofstuk I, p.58 e.v.
5) Sien Hoofstuk II, p.108.
6) Sien Hoofstuk V, p.201.
7) Wet op Bantoe-onderwys, 1953. (Wet Nr. 47 van 1953)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie ouers om enige wesenlike verandering in die onderwys te-weeg te bring. Die leerplanne word ook nog deur Blankes opgestel en in sy wese is die onderwys dus 'n doelbewuste poging om die Bantoe jeug die Blanke lewenswyse deelagtig te maak.

2. Religieuse aspek.

Van die Bantoe in Hovesground behoort 44.94% aan Blank-beheerde Kerke en 49.62% aan Separatiste Kerke, 'n totaal dus van 94.56% van alle inwoners wat aan een of ander Christelike Kerk behoort. Hierteenoor handhaaf slegs 5.13% die tradisionele Bantoe-religie, terwyl 0.31% geen geloof het nie.[1] Die geloofsvorm van die meerderheid van die Separatiste Kerke[2] gepaard met die groot rol wat magie nog speel in die lewe van die meerderheid van inwoners[3], dui egter daarop dat die kerstening van die Bantoe tot 'n groot mate 'n oppervlakkige proses was. Sundkler skryf ook dat:

> „The syncretistic sect becomes the bridge over which Africans are brought back to heathenism."[4]

Die geloof en rites van die Separatiste Kerke is dan ook 'n mengsel tussen die Christelike geloof en die tradisionele Bantoe-religie.[5] Dit wil dan ook voorkom of die gemeende snelle kerstening van die Bantoe tot 'n groot mate op misverstand berus het.

In die Sotho vertalings van die Bybel, word God met Modimo vertaal - die oorspronklike Sothowoord vir 'n god. Die Bybelse Godheid word dan verwar met Sotho gode, 'n begripsverwarring wat dadelik lei tot 'n totaal verkeerde interpretasie van die Bybel deur die Bantoe. Derglike verwarrings het gelei tot 'n snelle aanvaarding van die uiterlike vorm van die Christe-

340/ ......

---

1) Sien Hoofstuk III, p.151.

2) Sien Hoofstuk III, pp. 164-168.

3) Sien Hoofstuk III, pp. 169-172.

4) Sundkler, B.G.M. a.w., p.297.

5) Sien Hoofstuk III, p.165.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like leerstellinge met behoud van wesenlikke begrippe en gebruike van die tradisionele Bantoe-religie.

3. Ekonomiese aspek.

Die Bantoe van Hovesground het die Blanke gebied binnegekom met die primêre doel om die Blanke ekonomiese struktuur binne te dring, en die wat hier gebore en grootgeword het, moes vir hulle daarin 'n heenkome soek. Op hierdie aspek tref ons dan ook die grootste kultuurverandering aan. Die eenvoudige bestaansekonomie is feitlik geheel-en-al vervang deur nuwe bedryfsvorme, waar hulle as arbeiders, en in 'n mindere mate ook as ondernemers, 'n kontant inkomste verkry.[1] Slegs 'n geringe persentasie van die inwoners, die trek-arbeiders,[2] is nog ekonomies verbonde aan die Bantoegebiede of Blanke plase waar hulle die tradisionele landbouvorme kan voortsit. Die orige bevolking het die laer lae van die Blanke ekonomiese struktuur volkome hulle eie gemaak.

Die materiële kultuurvorme van die Bantoe is in hoofsaak vervang deur Blanke vorme. Die huise word op Blanke patroon gebou, die kleding is, met enkele uitsonderinge dié van die Blankes en die meubels en feitlik alle gebruiksvoorwerpe is ook deur Blanke vorme vervang.[3]

Die diëet, alhoewel mieliemeel nog vir die meeste gesinne die basiese voedselsoort is, toon 'n baie groter verskeidenheid, en 'n hoë mate van gebruik van Blanke goedere.[4] Ook die gebruik van bier het sy sosiale en voedende karakter verloor

341/ .......

1) Sien Hoofstuk VI, pp. 232-241.

2) Sien Hoofstuk VI, p. 242.

3) Sien Hoofstuk VI, pp. 264-272.

4) Sien Hoofstuk VI, pp. 274-286.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en heeltemaal kommersieel geword.[1]

Alhoewel die styging in inkomstegroepe tot 'n groot mate saamhang met die opvoedkundige standaard en lengte van verblyf in die Blanke gebied, is dit egter duidelik dat die hoër inkomstegroepe relatief nader aan die Blanke lewensstandaard staan.[2]

4. Linguistiese aspek.

Die huistale van die inwoners is in hoofsaak nog die Bantoetale.[3] Opmerklik is die neiging om by huwelike tussen verskillende etniese groepe, die taal van die vrou as huistaal oor te neem.[4]

Daar bestaan 'n besliste en toenemende neiging van 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor die eie taal, en word daar, veral onder die jonger geslag, baie Engels of Afrikaans gepraat. Engels het tot 'n groot mate die omgangstaal van die jeug en die sogenaamde „social set" geword.[5]

5. Die Spel-aspek.

Die Bantoe van Hovesground het in hulle vryetydsbesteding die Blanke vorme oorgeneem. Lees, bioskoop, draadloos en spele soos sokker, boks en andere oorheers die vryetydsbesteding. Hierbenewens het die vryetydsbesteding ook 'n algehele indiwidualistiese karakter verkry.[6]

C. Die Prosesse van Akkulturasie in Hovesground.

Die proses van akkulturasie in 'n stedelike Bantoegebied soos Hovesground het klaarblyklik die stadium bereik waar

342/ ......

1) Sien Hoofstuk II, pp. 115 e.v.
2) Sien Hoofstuk VI, pp. 298-299.
3) Sien Hoofstuk II, p.105.
4) Sien Hoofstuk II, p.105.
5) Sien Hoofstuk II, p.106.
6) Sien Hoofstuk IV, p.188.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar 'n duidelike behoefte by die Bantoe bestaan om die Blanke kultuur te assimileer. Dit blyk duidelik byvoorbeeld uit die neiging om in die omgang, selfs met stamgenote, Engels of Afrikaans te wil praat en neer te sien op hulle eie taal.[1)]

Dit wil egter voorkom of die assimilasie van 'n hoogsgediferensieerde kultuur wat oor 'n tydperk van eeue ontwikkel het, nie so 'n gemaklike proses skyn te wees nie. Die oppervlakkige en uiterlik waarneembare vorme van die kultuur word geredelik maklik oorgeneem. So sien ons dan ook dat die materiële kultuur van die Bantoe in Hovesground feitlik heeltemaal vervang is deur Blanke vorme.[2)] Ook hier geld dit slegs die uiterlike vorm. Die Bantoe kan baie maklik Blanke gebruiksvoorwerpe koop, maar hierdie oorgenome voorwerpe vorm nog nie deel van hulle kultuur nie. Hulle weet nie hoe om daarmee om te gaan en dit in stand te hou nie. In Hovesground tref mens byvoorbeeld in feitlik alle huise 'n klok aan, maar in nege uit die tien gevalle loop dit nie. Ook die Blanke kledingstukke wat gekoop word, word nie behoorlik in stand gehou nie en gaan gou stukkend. In die hoë persentasie besit van draadlose[3)] wat gekoop word ten koste van meer noodsaaklike gebruiksvoorwerpe, blyk dit dat die waardebepaling van die Blanke kultuur ook oppervlakkig is.

Teen 'n groot mate van assimilasie van die materiële kultuur, die ekonomiese lewe[4)] en die spel-aspek[5)] van die Blanke kultuur, merk ons dat by die meer innerlike en geestelike waardes van die sosiaal-kulturele lewe, die Bantoe moeiliker afstand doen van sy eie bekende vorme. Wanneer die lewe en

343/ .....

1) Sien Hoofstuk II, p.160
2) Vergelyk p. 340.
3) Sien Hoofstuk VI, p.269
4) Vergelyk p. 340.
5) Vergelyk p. 341.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voortbestaan van 'n persoon in terme van die tradisionele kultuur gevaar loop, is dit moeilik om die beskermende elemente van die kultuur prys te gee vir die onbekende nuwe vorme. By die belangrike oorgangsfases in die lewe van die indiwidu, is dit byvoorbeeld moeilik om af te sien van die taboes wat die indiwidu beskerm het[1)] terwille van uiterlik waarneembare maar innerlik onbekende lewensvorme. Hierdie tweestryd tussen die oue en die nuwe skep vir die Bantoe geweldige probleme. Aan die een kant kan hy die Blanke kultuur moeilik ontkom. Aan die ander kant is dit vir hom moeilik om die bekende en beproefde lewensvorme te verwerp. Hierdie tweestryd moet noodwendig tot <u>konflik</u> lei.

In hierdie stryd tussen assimilasie en behoud van die oue, word dikwels 'n tweestryd binne die gesinne aangetref. Aangesien die mans in Hovesground deur hulle werksomstandighede meer intiem in aanraking kom met die Blanke lewenswyse as die vroue,[2)] vind ons betreklik algemeen dat die mans die Blanke kultuur tot 'n groter mate geassimileer het as die vroue. Hierdie verskil het daartoe gelei dat die vrou in 'n mate 'n behoudende invloed ten opsigte van die tradisionele kultuur uitoefen. Dit word byvoorbeeld gesien in die feit dat by huwelike tussen twee etniese groepe, die huistaal dié van die vrou word.[3)] Hierdie teenstelling word verskerp deurdat in die patriargale samelewing, meer bestee word aan die ontwikkeling aan die mans as die vroue, met die aksent in ontwikkeling op die assimilasie van Blanke lewensvorme.

In die reaksie teen die assimilasie van die Blanke kultuur tref ons etlike <u>nativisties-sinkretistiese</u>[4)] vorme aan. Die

344/ ......

---

1) Sien Hoofstuk I, pp. 38 e.v.

2) Sien Hoofstuk VI, p. 233.

3) Vergelyk p. 341.

4) Sien p. 324.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitstaande voorbeeld hiervan vind ons in die Separatiste-kerk beweging waar die Christelike geloofsvorme aangepas word by die tradisionele Bantoe-religie.[1] 'n Ander moontlike vorm hiervan vind ons in die <u>tsotsi</u>-bendes. Alhoewel jeugbendes met 'n kenmerkende taalgebruik en kleredrag vandag in die meeste Westerse lande aangetref word, blyk dit egter dat die taal van Amerikaanse jeugbendes byvoorbeeld, meer 'n vorm van ge-ykte uitdrukkinge en plattetaal is.[2] Onder tsotsi-bendes is daar egter duidelik sprake van 'n geheim-taal,[3] iets wat kenmerkend was van die stamskole in tradisionele Bantoegemeenskappe. Dit wil voorkom dat daar moontlik 'n sinkretistiese verband bestaan tussen tsotsi-bendes en stamskole, veral as in gedagte gehou word dat jong Bantoeseuns in stede, wat nie deur stamskole was nie, heelwat spot van die ouer mans moet verduur[4], en daar geen tsotsis is wat in stamskole was nie.

Alhoewel daar nie van ander sinkretistiese bewegings gepraat kan word nie, is daar talle voorbeelde wat aantoon dat nuwe elemente aangepas word by bestaande lewensvorme. So kan ons byvoorbeeld aantoon dat in 'n kraamkamer alle spieëls omgedraai word[5], dat alle knope tydens 'n bevalling vermy word, wat nou ook insluit dasse en kruisbande.[6] Ook in die huwelik is daar 'n vermenging tussen die oue en die nuwe, deurdat siviele of kerklike huwelike gepaard gaan met die oordrag van lobolo.[7] Hierdie is dus ook alles voorbeelde van sinkretisme.

345/ ......

1) Sien p. 339.
2) Vergelyk Bothma, C.V. a.w., p.74.
3) Sien Hoofstuk II, p.128.
4) Sien Hoofstuk I, p.58.
5) Sien Hoofstuk I, p.46.
6) Sien Hoofstuk I, p.42.
7) Sien Hoofstuk I, p.79.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die belangrikste gevolg van die stryd tussen behoud van die eie lewensvorme en assimilasie van nuwe lewensvorme, is die disintegrasie van die sosiale struktuur van die Bantoe, en die vervanging daarvan deur 'n toenemende mate van indiwidualisme wat ons in die hele sosiale verkeer van die Bantoe van Hovesground aantref.[1)] Daar is reeds gewys op die verval van die sosiale en politieke struktuur van die Bantoegemeenskap.[2)] Dit is duidelik dat wanneer die hiërargie van die beheerstruktuur verbreek word, sy komponente onderdele ook daaronder moet lei.[3)] Die gevolg hiervan is dat die interne gemeenskapsbeheer geheel verval het en dat ook binne die gesin die ouerlike kontrole in 'n toenemende mate verswak.

Volgens die tradisionele stamstruktuur van die Bantoegemeenskap is alle mans van dieselfde generasie as 'n persoon se vader, ook as vaders aangespreek, en het ook die pligte van 'n vader teenoor so 'n persoon gehad, en kon hom straf waar hy hom aantref as hy 'n oortreding begaan.[4)] Hierdie gemeenskapsbeheer het totaal verval. Mens sien byvoorbeeld dikwels in Hovesground dat jong kinders in die straat rook, en alhoewel alle inwoners dit betreur, sal niemand daarteen optree nie. Op hierdie wyse het die hele interne beheer van die gemeenskap op die indiwidue in die gemeenskap geheel ondoeltreffend geword. Die gevolg is dan ook die in die ooglopende sosiale verval in Hovesground. Die verval van die huwelik, die oormatige drankgebruik, prostitusie, jeugbendes, misdaad, die gebruik van verdowingsmiddele en dobbelary volg almal op die gebrek aan gemeenskaplike kontrole. Dit is dus duidelik dat die Bantoegemeenskap van Hovesground 'n <u>crisis of acculturation</u> ervaar, soos deur Bidney geformuleer.[5)] Die ou, gedeeltelik verworpe kultuurvorme is nie vervang deur funksionele nuwe kultuurvorme nie.

346/ .....

1) Sien Hoofstuk II, pp.107. Vergelyk ook Hoofstuk IV, p.188.
2) Vergelyk p. 337.
3) Vergelyk: Phillips, Ray, a.w., p.101 e.v.
4) Vergelyk: Haerulé, A.W.: Social Organization. In Schapera, I. (ed). a.w. 1937, p.67 e.v. Vergel. ook Hoofstuk II.
5) Sien p. 325.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



D. Samevatting en Gevolgtrekking.

Dit blyk duidelik dat die stedelike Bantoegemeenskap van Hovesground in die proses van akkulturasie, in hoofsaak slegs die uiterlike waarneembare vorme uit die Westerse lewenswyse assimileer. Hierdie gedeeltelike assimilasie van die nuwe kultuur, tesame met die behoud en aanpassing van die bestaande lewensvorme het daartoe gelei dat die kultuur van die gemeenskap nie meer 'n funksioneel, integrerende geheel vorm nie. Die lewenswyse van die gemeenskap het nie meer 'n rasionele, harmonieuse verband nie. Gemeet aan die standaard van rasionele funksie is die lewenswyse van die gemeenskap in Hovesground dus minderwaardig aan beide die Westerse sowel as die tradisionele Bantoe-kultuur.

Radcliffe-Brown onderskei tussen harmonieus-funksionerende kulture en kulture waarvan die verskillende onderdele nie 'n harmonieus-funksionerende geheel vorm nie. Hy stel dit as volg:[1)]

„We distinguish in an organism what we call health and disease. The Greeks of the fifth century B.C. thought that one might apply the same notion to society, to the city-state, distinguishing from conditions of eunomia, good order, social health, from dysnomia disorder, social ill-health..... They conceived the health of an organism and the eunomia of a society as being in each instance a condition of the harmonious working together of its parts. Now this, where society is concerned is the same thing as what was considered above as the functional unity or inner consistency of a social system, and it is suggested that for the degree of functional unity of a particular society it may be possible to establish a purely objective criterion ..... so that it may be that we should say that, while an organism that is attached by a virulent disease will react thereto and, if its reaction fails, will die, a society that is thrown in a condition of functional disunity or consistency (for this we now provisionally identify with dysnomia) will not die, except in such comparatively rare instances as an Australian tribe overwhelmed by the white man's destructive force, but will continue towards some sort of eunomia, some kind of social health, and may in the course of this, change its structural type. This process it seems the 'functionalist' has ample opportunities of observing at the present day, in native peoples subjected to the domination of civilised nations, and in those nations themselves."

347/ ........

1) Radcliffe-Brown, A.R.: Structure and Function in Primitive Society, 1952. pp.182-3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is duidelik dat in die proses van akkulturasie deur die Bantoegemeenskap van Hovesground 'n krisis ervaar word wat gelei het tot 'n kulturele disnomie. Wat hierdie toestand vererger is die feit dat hierdie gemeenskap uit hulle eie gebiede na die gebied van die dominerende kultuur getrek het, en hulle dus afgesonder is van die beheerstruktuur van hulle eie maatskappy. Sonder hierdie beheerstruktuur is dit moeilik te sien hoe hierdie gemeenskap die krisis en gevolglike disnomie kan weerstaan en hulle weer kan ontwikkel na 'n toestand van eunomie.

Indien 'n kultuur en die gemeenskap wat hom dra 'n akkulturasie-krisis tegemoetgaan sonder die behoudende en beherende faktore in daardie kultuur, moet so 'n kultuur en die gemeenskap ten gronde gaan. Indien verwag word dat 'n stedelike Bantoegemeenskap soos dié in Hovesground weer moet terugkeer na 'n toestand van eunomie, is dit noodsaaklik dat sy tradisionele stamgesag en beheerstruktuur statutêr erken moet word sodat hierdie gesag interne beheer kan uitoefen op die gemeenskap en sodoende die akkulturasie-krisis kan te bowe kom.

- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNELYS.

Ashton, H. ........... : The Basuto. London, 1952.

Barnes, T.A. ......... : Marriage in a Changing Society. London 1952.

Bateson, G. .......... : Culture Contact and Schimogenesis. In Man, 1935.

Batson, E. ........... : The Poverty Line in Cape Town: The Social Survey of Cape Town. Series of Reports on a Survey of Greater Cape Town. S.S. 3.

Batten, T.R. ......... : Problems of African Devlopment. Part I: Land and Labour. London, 1954.

Beals, Ralph. L. ..... : Urbanism, Urbanization and Acculturation. In Am. Anthr. Vol.53, 1951.

Bidney, David ........ : Theoretical Anthropology. N.Y., 1953.

Botha, J.H. .......... : Die Arbeidsvraagstuk in Suid-Afrika. Amsterdam, 1928.

Bothma, C.V. ......... : 'n Volkekundige Ondersoek na die Aard en Ontstaanoorsake van Tsotsi-groepe en hulle Aktiwiteite in die Stedelike Gebied Pretoria. Verhandeling: M.A. Pretoria, 1951.

Brookes, E.H. ........ : The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day. Pretoria, 1927.

Bruwer, J. ........... : Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg, 1956.

Bryant, A.T. ......... : The Zulu People. Pietermaritzburg, 1949.

Buell, R.L. .......... : The Native Problem in Africa. N.Y., 1929.

Buschan, G. .......... : Illustrierte Völkerkunde. Stuttgart, 1910.

Coertze, P.J. ........ : Dolosgooiery in Suid-Afrika. In Annale van die Univ. Stellenbosch. Nr. XI, Reeks B, Afl. 2, 1931.

: Die Sluiting van 'n Huwelik by die Ba Moletse. Tydskr. vir Hed. Rom. Holl. Reg. Vol. 3, Nr. 4, 1939.

: Die Huwelik by die Bakoni. Tydskr. vir Hed. Rom. Holl. Reg. Vol. 6, Nr. 4, 1942; Vol. 7, Nr. 1, 1943; Vol. 7, Nr. 3, 1943.

Comhaire, J.L.L. ..... : Aspects of Urban Administration in Tropical and Southern Africa. Sch. for Afr. Studies, Cape Town. 1953.

Cook, P.A.W. ......... : The Education of a South African Tribe. Cape Town, 1934.

: The Transvaal Native Teacher. Pretoria, 1939.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Departement van Naturellesake ............... : Leerplan vir die Laer Primêre Skool. Pretoria, 1956.

Eiselen, W.M. .......... : Stamskole in Suid-Afrika. Pretoria, 1929.

Fick, M.L. ............. : The Educability of the South African Native. Pretoria, 1939.

Fourie, H.C.M. ......... : Amandebele van Fene Mahlangu en hun Religieus-Sociaal Leven. Zwolle, 1921.

Gist, N.P. and Halbert, L.A. ................. : Urban Society. N.Y., 1945.

Harries, C.L. .......... : The Laws and Customs of the BaPedi and Cognate Tribes of The Transvaal. Johannesburg, 1929.

Hellmann, Ellen ........ : Rooiyard. A Sociological Survey of an Urban Native Slum. Livingstone, 1948.

: Problems of Urban Bantu Youth, Johannesburg, 1940.

: Methods of Urban Field Work. In Bantu Studies Vol.IX, 1935.

Hellmann, Ellen and Abrahams, Leah ....... : (ed) Handbook of Race Relations in South Africa. Oxford, 1949.

Herskovits, M.J. ....... : Acculturation. N.Y., 1938.

: Man and His Works. N.Y., 1948.

Hoffmann, C ............ : Sotho Texte aus dem Holzbuschgebirge in Transvaal. Z. Eingeb. Spr. Vols. 18, 19, 21, 22, 23, en 28. 1927 - 1938.

Houghton, D.H. and Walton, E.M. ............ : The Economy of a Native Reserve. Keiskammahoek Rural Survey, Vol. II, Pietermaritzburg, 1952.

Hunt, D.R. ............. : An Account of the Bapedi. Bantu Studies, Vol. V., 1931.

Hunter, Monica ......... : Methods in the Study of Culture Contact. In Africa, Vol. VII, 1934.

: Reaction to Conquest. London, 1936.

Huxley, Julian ..........: Biological Evolution and Human History. In Am. Anthr. Assn. News. Bulletin, Vol. VI, 1952.

International Institute of African Languages and Cultures .............. : Memo XV. Methods of Study of Culture Contact in Africa. London, 1938.

Junod, H.A. ............ : The Life of a South African Tribe. (2nd Ed.) 2 Vols. London, 1927.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Krige, E.J. ............ : The Social System of the Zulus. London, 1936.

: Changing Conditions in Marital Relations and Parental Duties among Urbanized Natives. In Africa, Vol.IX, Nr. 1, 1936.

Krige, E.J. and J.D. ... : The Realm of a Rain Queen. Oxford, 1943.

Kroeber, A.L. .......... : (ed) Anthropology Today. Chicago, 1953.

Kuper, Hilda and Kaplan, Selma ................ : Voluntary Associations in an Urban Township. In Africa Vol. III, 1944.

Lea, Rev. A. ........... : The Native Separatist Church Movement in South Africa. Cape Town, 1926.

Levin, Ruth ............ : Marriage in Langa Native Location. Sch. of Afr. Studies, No.17, Cape Town 1947.

Linton, R. ............. : (ed) Acculturation in Seven North American Indian Tribes. Appleton, 1940.

: (ed) The Science of Man in the World Crisis.NY. 1945.

: The Cultural Background of Personality. London, 1947.

Longmore, Laura ........ : A Study of Fah-fee. In S.A. Journ. of Sci. Vol. 52, No.12, 1956.

Loram, C.T. ............ : The Education of the South African Native, London, 1917.

Lowie, R.H. ............ : The History of Ethnological Theory. N.Y., 1937.

Malinowski, B. ......... : Practical Anthropology. In Africa, Vol. II, 1929.

: The Sexual Life of Savages (3rd Ed.) Routledge, 1932.

: A Scientific Theory of Culture and other Essays. N.Y. 1944.

: The Dynamics of Culture Change. London, 1945.

Mocké, Wm. C. .......... : Site and Service Schemes. In Bantoe Vol. II, No. 9, 1955.

Mühlman ................ : Geschichte der Anthropologie. Bonn, 1948

Nasionale Behuisings- en Plannekommissie ....... : Minimum Standaarde van Wonings vir Nie-Blankes. Pretoria, 1951.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nasionale Bounavorsingsinstituut ............. : Final Report of the Socio-Economic Survey at Payneville Location, Springs. Undertaken to Collect Necessary Data for the Design of the New Native Township of Kwa-Thema. Pretoria, 1953.

: Research Studies on the Cost of Urban Bantu Housing. Pretoria, 1954.

Ortiz, F ............... : Cuban Counterpoint: Tobacco and Sugar. N.Y., 1947.

Peacock, Robert ........ : Die Geskiedenis van Pretoria, 1855 - 1902. Proefskrif: D.Phil. Pretoria, 1955.

Penniman, T.K. ......... : A Hundred Years of Anthropology. (2nd Ed.) London, 1952.

Phillips, Ray E......... : The Bantu in The City. Lovedale.

Potgieter, E.F. ........ : 'n Volkekundige Ondersoek na die Proses van Integrasie van die Bantoe by die Blanke Ekonomiese struktuur in Suid-Afrika. Proefskrif: D. Phil., Pretoria, 1954.

: Enkele Voorbeelde van Spontane Etniese Groepering onder stedelike Bantoe in Pretoria en aan die Rand. In SABRA Nr. 1, Vol. 7, 1955.

Radcliffe-Brown, A.R. .. : Structure and Function in Primitive Society. London, 1952.

Redfield, R; Linton, R; and Herskovits, M.J. .. : Memorandum for the Study of Acculturation. In Am. Anthr. Vol. XXXVIII, 1936.

ux, Edward ........... : Time Longer than Rope. London, 1948.

S apera, I. ........... : Pre-marital Pregnancy and Native Opinion. In Africa, Vol. VI, 1933.

: (ed) Western Civilization and the Natives of South Africa. London, 1934.

: (ed) The Bantu Speaking Tribes of South Africa. London, 1937.

: Migrant Labour and Tribal Life. London, 1947.

Stayt, H.A. ........... : The Bavenda. London, 1931.

Sundkler, Bengt. G.M. .. : Bantu Prophets in South Africa. London, 1948.

Thurnwald, R. .......... : The Psychology of Acculturation. In Am. Anthr. Vol. XXXIV, 1932.

Tinley, J.M. ........... : The Native Labor Problem of South Africa. North Carolina, 1942.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Universiteit van Stellenbosch .............. : Opname van die Naturellebevolking van die Paarl en Omgewing. 1948.

Van Biljon, P. ......... : Grensbakens Tussen Blank en Swart in Suid-Afrika. Kaapstad, 1947.

Van der Horst, Scheila,T. : Native Labour in South Africa, Cape Town, 1942.

Van Zyl, H.J. .......... : Some of the Commonest Games Played by the Sotho People of Northern Transvaal. In Bantu Studies Vol. XIII No.4, 1939.

VERSLAE:

Commission Appointed to Inquire into the Operation of Bus Services for Non Europeans. 1944, U.G. 31/1944.

Inter-Departmental Committee on The Social, Health and Economic Conditions of Urban Natives. Pretoria, 1945.

Naturellewette-Komissie, 1946-48, U.G. 28/1948.

Departmental Committee Appinted to Concider the Future of Alexandra Township and the Control of Native Townships and Settlements. 1949. Ongep.

Kommissie insake die Lone van Naturellemynwerkers op die Witwatersrand. 1943. U.G. 21/1944.

Native Economic Commission, 1930-1932. U.G. 22/1932.

Heald, C.A. ............ : Report on an Inspection of the Pretoria Urban Area, Carried out during the Period 28th September 1942 to 1st. October 1942. Ongep.

Komitee insake Streeksbeplanning van Woongebiede vir Naturelle in Pretoria en Omgewing. 1952. Ongepubliseerd.

City Council of Pretoria : Annual Reports of the Medical Officer of Health, 1951-52; 1952-53; 1953-54; 1954-55.

Die Naturelle Kerke Kommissie. U.G. 39/1925.

Kommissie vir die Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, 1955. Ongep. Verslag, asook verkorte, gepubliseerde Verslag U.G. 61/1955.

Naturelle-onderwyskommissie, 1949-51. U.G. 53/1951.

Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-Onderwys, 1935-36. U.G. 29/1936.

Social and Economic Planning Council: The Economic and Social Conditions of the Racial Groups in South Africa. Report No. 13. U.G. 53/1948.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Walk, L. ............... : Die ersten Lebensjahre des Kindes in Südafrika. In Anthropos, Vol. XXIII. Nos. 1-2, 1928.

Welsh, A.S. ............ : The Law Relating to Natives in Urban Areas. Johannesburg, 1946.

Wette, Proklamasies, Ordonnansies, Regulasies en Goewermentskennisgewings soos aangehaal, gelees met wysiginge indien enige.

White, G. ............... : Bantoebehuising in Stedelike Gebiede. In Bantoe, Vol. I, No. 7, 1954.

Wirth, Louis ........... : The Urban Society and Civilization. In Am. Journ. of Sociology. Vol. 65, No. 5, 1940.

Wix, Ethel ............. : The Cost of Living, August-December 1950. S.A. Inst. ofRace Relations.

Young, P.V. ............ : Scientific Social Surveys and Research. N.Y. 1939.


- oOo -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# KAART 1
# LIGGINGSPLAN VAN BANTULE LOKASIE

SKAAL: 1:100,000




Munisipale grens van PRETORIA _______ - - _______ - -


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KAART 2

# BANTULE LOKASIE

SKAAL: 1"= 200 voet





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KAART 3

# HOVESGROUND

SKAAL: 1" = 100 voet




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022